UNIVERSITEIT
STELLENBOSCH
UNIVERSITY

# UNIVERSITEIT STELLENBOSCH JAARVERSLAG 2012

## DIE UNIVERSITEIT STELLENBOSCH SE STRATEGIESE FOKUSSE

- DIE BEHOUD EN UITBOU VAN SY KUNDIGHEIDSBASIS
- DIE BEVORDERING VAN STUDENTESUKSES
- DIE VERBREDING VAN PERSONEEL- EN STUDENTEDIVERSITEIT
- DIE BEVEILIGING VAN SY SISTEMIESE VOLHOUBAARHEID AS INSTELLING

# INHOUD


Boodskap van die Kanselier 5

Verslag van die Voorsitter van die Universiteitsraad 7

Die Universiteitsraad soos op 29 April 2013 9

Bestuurspan van die Rektor (2012) 10

13

## Verslag van die Rektor en Visekanselier

Hoogtepunte 14
- Innoverende navorsing en die verdere vestiging van US se navorsingstatuur 14
- Tegnologies gemedieerde leer en onderrig 14
- Aanwending van die wetenskap vir volhoubare oplossings van gemeenskapsvraagstukke 15
- Gemeenskapsinteraksie gemik op ontwikkeling van mensepotensiaal 16

Institusionele aangeleenthede 16
- Transformasie en diversiteit 16
- Toeganklikheid en meertaligheid 18
- 21ste-eeuse infrastruktuur en fasiliteite 18

Finansiële oorsig 19
- Verslagdoeningstandaarde 19
- Inkomste 20
- Uitgawes 21
- Beskikbare fondse 22
- Beleggings in ongenoteerde filale en geassosieerde maatskappye 23

Nuwe visie in vooruitsig gestel 25

27

## Verslae van die Rektor se Bestuurspan

Verslag van die Viserektor (Leer en Onderrig) 29
- Studentesukses en die in-klas-ervaring 29
- Studentesukses en die buite-klas-ervaring 30
- Administratiewe, finansiële en professionele ondersteuning aan studente 31
- Monitering van studentevordering en -sukses 32

Verslag van die Viserektor (Navorsing en Innovasie) 35
- Behoud en verbreding van ons institusionele kundigheidsbasis 35
- Transformasie en diversiteit van personeel en studente 37
- Studentesukses 37
- Sistemiese volhoubaarheid 37

Verslag van die Viserektor (Gemeenskapsinteraksie en Personeel) 39
- Gemeenskapsinteraksie 40
- Menslike Hulpbronne 40
- Sport 41
- Regsdienste 41
- Kampusgesondheidsdiens 41

Verslag van die Uitvoerende Direkteur: Bedryf en Finansies 43
- Finansies 44
- Telematiese Dienste 45
- InnovUS Tegnologie-Oordrag (Edms) Bpk 46
- Fasiliteitsbestuur 47
- Informasietegnologie 48
- Afdelings skep waarde universiteitswyd 49

Verslag insake risikoblootstelling, -evaluering en -bestuur 50

51 Senaatsverslag aan die Raad

52 Fakulteitsverslae

Fakulteit AgriWetenskappe 53
Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe 54
Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe 55
Fakulteit Ingenieurswese 56
Fakulteit Krygskunde 57
Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe 59
Fakulteit Natuurwetenskappe 60
Fakulteit Opvoedkunde 61
Fakulteit Regsgeleerdheid 62
Fakulteit Teologie 64

Verslag van die Institusionele Forum 66
Samestelling 66
Werksaamhede 66

67 Die Institusionele Forum

Eerbewyse deur die Universiteit 68
Eregrade 68
Kanseliersmedalje 69
Universiteit Stellenbosch vereer uitstygers 69

71 Verslag oor die gekonsolideerde finansiële jaarstate 2012




"Every time a student walks past a really urgent, expressive piece of architecture that belongs to his college, it can help reassure him that he [too has] that mind [and] that soul."

*Louis Kahn*
*Amerikaanse professor in argitektuur*

# BOODSKAP VAN DIE KANSELIER

## DR JOHANN RUPERT

'Bou', 'voortbou', 'uitbou' en verwante woorde is kenmerkend vir die Universiteit Stellenbosch se 2012-jaarverslag. Vir die sleutelwoord 'bou', kort soos hy is, gee die WAT (Woordeboek van die Afrikaanse Taal) 'n rykdom aan verklarings: 'oprig', 'maak', 'laat rus op', 'reken' en 'vas vertrou', maar ook 'samestelling', 'geaardheid', 'raamwerk'.

Aan die betekenis van die kort woordjie 'bou' kleef daar twee belangrike eienskappe. Een hiervan is die veronderstelling dat daar reeds iets – 'n basis, fondament, grondslag of voetstuk – bestaan waarop gebou kan word. Die ander is die suggestie dat om te bou 'n sterk positiewe handeling is. Dieselfde geld by samestellings met 'bou'.

Die feit dat die Universiteit Stellenbosch (US) vir die derde agtereenvolgende jaar alle ander Suid-Afrikaanse universiteite uitgestof het met sy navorsingsuitsette; weer internasionale ranglyste vir universiteite gehaal het; in 2012 die meeste doktorsgrade nog in een akademiese jaar toegeken het; entrepreneurskap onder studente beloon; met die tweedegrootste aantal NNS-geëvalueerde wetenskaplikes kan spog; reeds besig is met akademiese innovasies soos die telematiese platform en 'n onderrigsimulator; en dinamiese studentegemeenskappe soos die amaMaties-klusterdorpie ontwikkel, is maar enkele van die maniere waarop die US voortbou op die fondament wat ek vroeër genoem het.

Wanneer die US sê dat hy nuwe kampusfasiliteite oprig, of voortbou op sy tradisie van akademiese uitnemendheid, of sy kundigheidsbasis en diversiteit uitbou, gee hy iets belangriks te kenne oor sy siening van sy toekomstige rol as skepper van HOOP in Afrika.

Met sulke, en nog baie ander, prestasies in 2012 en met positiewe mediadekking, veral oor denkleierskap en akademiese kundigheid, teen 'n geraamde advertensiewaarde van meer as R15 miljoen, is dit vir 'n instansie maklik genoeg om 'n positiewe toekomsbeeld te hê. Maar dit beteken nie dat die Universiteit lugkastele bou nie. Deur sy vier strategiese fokusse te kies (kyk voorin), struktureer die Universiteit sy optrede in die wêreld van vandag. 'n Wêreld van groot ekonomiese en omgewingsdruk, van versnellende tegnologiese ontwikkeling – wat 'n mens onwillekeurig aan die Japannese koeëltrein (Shinkansen) laat dink – en van veranderinge in die hoër onderwys wat die personeel- en fasiliteitsbehoeftes ingrypend raak, maak dit in die eerste plek noodsaaklik om op sistemiese volhoubaarheid te fokus. Die US se kompeterende voordeel berus in hoë mate op die kundigheid van sy personeel en sy studente se akademiese sukses. Die behoud en uitbou van sy kundigheidsbasis en die bevordering van studentesukses is daarom 'n tweede en derde fokus. Vandag se demokratiese bestel eis van die US ten vierde die verbreding van diversiteit onder sowel sy personeel as sy studente.

Hierdie verslag beskryf die Universiteit Stellenbosch se fondament soos dit tot 2012 vorm aangeneem het, maar via die gekose fokusse en die HOOP Projek is dié fondament ook toekomsgerig: dit behels wat nodig is om die instelling op te bou tot 'n volwaardige universiteit van die 21ste eeu.

Dit was vir die US 'n rekordjaar vir die bou van infrastruktuur. Ses moderne geboue, die meeste met talle 'groen' elemente, is in 2012 voltooi. Soos die vier strategiese fokusse saam die grondslag vir die Universiteit se transformasie bied, so gee die argitektoniese style uit verskillende tydperke op ons kampusse saam uitdrukking aan 'n genuanseerde ingesteldheid vir die toekoms – om voort te bou op die akademiese suksesse wat oor jare gevestig is, maar om 'n eietydse en 'n toekomstige relevansie te verseker sowel in ons strategiese denke as in ons kampusmilieu.

Dit herinner my aan 'n uitspraak van Louis Kahn (links bo), een van die invloedrykste argitekte van die 20ste eeu. Hy was 'n Amerikaanse professor in argitektuur en argitektoniese ontwerpkritikus. Sy uitspraak verwoord die siening dat geboue nie bloot kil strukture van stene en glas is nie. Universiteitsgeboue vergestalt die wêreld van leer en kennis en ontdekking, van vorming en debatvoering, van vryheid van uitdrukking en 'n rykdom aan geleenthede.

OU HOOFGEBOU

# VERSLAG VAN DIE VOORSITTER VAN DIE UNIVERSITEITSRAAD

## MNR GEORGE STEYN

Waar 'n jaarverslag normaalweg rapporteer oor 'n tydperk wat reeds verby is, is dit opvallend dat die Universiteit Stellenbosch (US) se 2012-verslag 'n toekomsperspektief laat deurskemer – en met goeie rede. In sekere sin was 2012 'n oorgangsjaar; nie net het prof Russel Botman, Rektor en Visekanselier, sy eerste ampstermyn afgesluit nie, maar gelyktydig met die afronding van die doelwitte van die US se Visie 2012, moes hy die grondslag lê vir 'n nuwe visie vir sy volgende termyn. Ook die Rektor se Bestuurspan het vernuwing ondergaan. Die twee nuwe viserektore is prof Arnold Schoonwinkel as Viserektor (Leer en Onderrig) en prof Eugene Cloete as Viserektor (Navorsing en Innovasie).

In die jongste jare het die US se posisionering vir die toekoms al hoe meer spesifiek geword; in 2012 is, as't ware, die voorbereidingsfase hiervan afgesluit. Maar hoe gaan die Universiteit Stellenbosch van die toekoms lyk?

- Danksy die uitbreiding van die telematiese platform kragtens nuwe vennootskappe met skole en departemente van onderwys, en danksy die uitbreiding van SciMathUS na Worcester, staan skoolverlaters 'n beter kans op universiteitsukses.
- Die Eerstejaarsakademie, die eerstegenerasie-inisiatiewe en ander ondersteuningstelsels het meegebring dat meer nuwe studente hul eerste studiejaar slaag en hul graad binne die minimum tydperk voltooi.
- Die toename in universiteitshuisvesting en die oprigting van moderne fasiliteite soos die Leersentrum in die Biblioteek en die amaMaties-klusterdorpie integreer ons studente se akademiese, sosiale en leefwêrelde beter en skep 'n verwelkomende kultuur vir almal.
- Die kampusmeesterplan, die mobiliteitsplan en ander 'groen' inisiatiewe help ondersteun 'n volhoubare kampus en dorp.
- Die opleidingsimulator Den Bosch en die Mellon-ontwikkelingsprogram vir akademiese personeel bou ons kundigheidsbasis uit en verbreed ons personeeldiversiteit.
- Navorsingsverslae toon die sukses van ons parallelmedium-onderrig in groot fakulteite en van ons akademiese tolking. Dié maatreëls bou enersyds Afrikaans as wetenskapstaal uit, en bied andersyds aan nie-Afrikaanssprekers die geleentheid om ook aan die US te studeer.
- Voorlopertegnologie soos die telematiese platform dra daartoe by om die teiken van 60% nagraadse teenoor 40% voorgraadse studente te haal omdat werkende mense hul poste kan behou terwyl hulle verder studeer.
- Deur die HOOP Projek se benadering van 'wetenskap vir 'n beter wêreld' kry die US erkenning vir sy wetenskapsgefundeerde, volhoubare, oplossings vir party van Afrika en Suid-Afrika se grootste uitdagings. Byvoorbeeld, die Ukwanda Landelike Kliniese Skool help om meer plattelandse dokters en beter gesondheidsorg te verskaf.

Hierdie voorbeelde is 'n samevatting van inisiatiewe wat in 2012 vorm gekry het of voltooi is, en wat 'n beduidende uitwerking sal hê op hoe die US van die toekoms sal lyk. Hieroor word in die bestuursverslae breedvoerig gerapporteer. Elke voorbeeld ondersteun een of meer van die US se strategiese fokusse:

- die uitbou van sy kundigheidsbasis;
- die bevordering van studentesukses;
- die verbreding van personeel- en studentediversiteit; en
- die beveiliging van sy sistemiese volhoubaarheid as instelling.

Kortom, hierdie verslag is tegelyk 'n nabetragting van die jaar wat verby is en 'n vooruitskouing na 2016 – na die US van die toekoms, gebou op die fondasie van 2012. Transformasie is reeds 'n paar jaar gelede as 'n sleuteldoelwit geïdentifiseer, en met die aanwys van drie taakspanne het die nodige prosesse in 2012 nuwe momentum verkry.

Dit was vir my as pas verkose Raadsvoorsitter 'n voorreg om saam met my mederaadslede die werksaamhede van die US te help ondersteun. Om te midde van die besonder hoë eise aan die tersiêre onderwyssektor die oog te hou sowel op onmiddellike behoeftes as op toekomsverwagtinge verg in die huidige ekonomiese klimaat visioenêre leierskap.

Ek gee graag erkenning aan dr Paul Cluver, my voorganger as Raadsvoorsitter tot 1 April 2012, vir sy leiding en diens aan die Universiteit. Dit was 'n voorreg om bykans twee jaar lank as Raadslid onder hom te dien. Aan my mederaadslede, my hartlike dank vir die vertroue wat hulle in my leierskap gestel het, en vir hulle ondersteuning gedurende die 2012-verslagjaar. Aan die einde van prof Botman se eerste ampstermyn spreek ek graag my waardering uit teenoor hom en sy Bestuurspan vir hul toewyding en hul doeltreffende werk.



**MNR GM STEYN**
VOORSITTER VAN DIE UNIVERSITEITSRAAD

# BYWONING VAN VERGADERINGS

## RAADSVERGADERINGS

Die Universiteitsraad van Stellenbosch (hierna die Raad genoem) het die grootste deel van 2012 uit 27 lede bestaan: vier was uitvoerende raadslede, 11 was onafhanklike nieuitvoerende raadslede, vyf was werknemers van die Universiteit, vyf is deur die regering aangewys en twee is deur die studente aangewys. (Kyk bladsy 9 vir raadslede.)

Die Raad het vyf maal gedurende die verslagjaar vergaderings gehou. Die Universiteit rapporteer met trots dat die gemiddelde bywoningskoers van raadsvergaderings gedurende die verslagjaar 93% was. Die laagste bywoningskoers was 85%.

## KOMITEES VAN DIE RAAD

Die Raad het agt komitees wat met verskillende intervalle vergader – sommiges vergader voor elke raadsvergadering, terwyl ander vergader soos wat die behoefte ontstaan.

Die belangrikste een is die Uitvoerende Komitee van die Raad. Hierdie Komitee, bestaande uit sewe lede in 2012, het vyf maal in die verslagjaar vergader. Daar is geen sake hangend op die agenda van die Komitee nie. Hangende sake op die agendas van ander komitees wat via die Uitvoerende Komitee aan die Raad rapporteer, sal uiteindelik op die agenda van die Uitvoerende Komitee verskyn – wat dan daardie sake sal hanteer.

Die bywoning van die Uitvoerende Komitee se vyf vergaderings was: ses lede teenwoording in Februarie, vier in April, sewe by elke vergadering in Mei en Augustus en ses in November – 'n bywoningskoers van 86%.

In die geheel gesien, is die vergaderings van raadskomitees goed bygewoon met 'n gemiddelde bywoningskoers van 92%.

# DIE UNIVERSITEITSRAAD SOOS OP 29 APRIL 2013

## REKTOR EN VISEKANSELIER

● ■ ◆ Prof HR Botman, *BA, LisTeol, MTh, DTh (UWK)*

## VISEREKTOR (GEMEENSKAPSINTERAKSIE EN PERSONEEL)

Prof JF Smith, *MA, SOD, DLitt (UWK)*

## VISEREKTOR (LEER EN ONDERRIG)

■ Prof A Schoonwinkel, *PrIng, MIng (Stell), MBA (UK), PhD (Stanford)*

## VISEREKTOR (NAVORSING EN INNOVASIE)

Prof TE Cloete, *MSc (UOVS), DSc (Pret)*

## UITVOERENDE DIREKTEUR: BEDRYF EN FINANSIES

● ◆ Prof L van Huyssteen, *MScAgric, PhD (Agric) (Stell)*

## DEUR DIE PERMANENTE AKADEMIESE PERSONEEL (NIESENAATSLEDE) BENOEM

Prof SS du Plessis, *MSc, MBA, PhD (Stell)*

## DEUR DIE PERMANENTE NIEAKADEMIESE PERSONEEL BENOEM

Mnr MC de Jongh, *NasDipMedLabTeg (SA) (Kaapse Technikon)*

## DEUR DIE INSTITUSIONELE FORUM BENOEM

*Vakant*

## DEUR DIE MINISTER VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING BENOEM

Prof A Keet, *MEd (UWK), PhD (UP)*
Prof PG Maré, *HonsBA (UN), HonsBA (Witw), PhD (UN)*
*Vakant*

## DEUR DIE KONVOKASIE BENOEM

Dr JP Bekker, *HonsBA (Stell), LLB (Witw), MBA (Columbia, VSA), DComm hc (Stell)*
Prof WAM Carstens, *HonsBA, MA, DLitt (Stell)*
● Dr GC du Toit, *MB, ChB, LKOG (SA), MMed (Stell), Subspesialis Ginekologiese Onkologie (RGSA)*
● Adv JC Heunis, *BA Regte, LLB (Stell), LLM, LLD (RAU), SC*
▼ ◆ Prof DP du Plessis, *BSc (UK), MBA (cum laude), DBA (Stell)*
Mnr PJ le Roux, *BComm, HonsBComm (Stell)*

## DEUR DIE SENAAT BENOEM

Prof NN Koopman, *BA, MTh, DTh (UWK)*
● Prof GF Lubbe, *BA, LLB (Stell), LLM (Yale)*
Prof JH Knoetze, *BIng, PhD (Ing) (Stell)*

## DEUR DIE MUNISIPALITEIT VAN STELLENBOSCH BENOEM

▼ Adv WJ Pretorius, *BComm (Stell), LLB (Pret), LLM (Amsterdam), HonsBComm FAPM (cum laude) (UK)*

## DEUR DIE DONATEURS BENOEM

● ■ Mnr GM Steyn, *BA Regte, LLB (Stell) (Voorsitter)*
● ■ Prof PW van der Walt, *BScBIng, MIng, PhD (Stell) (Ondervoorsitter)*
▼ ◆ Mnr JJ Durand, *HonsBRek, MPhil (Oxon), GR (SA)*

## DEUR DIE SAKESEKTOR IN DIE STELLENBOSCH-DISTRIK BENOEM

*Vakant*

## DEUR DIE WES-KAAPSE PROVINSIALE REGERING BENOEM

■ Mnr AP van der Westhuizen, *BComm, HOD, MEd (Stell)*

## DEUR VERTEENWOORDIGENDE LIGGAME VAN DIE BURGERLIKE SAMELEWING BENOEM

Mev E le Roux, *BMaatsW (UOVS), MMaatsk Werk (Stell)*
Mnr J van der Westhuizen, *BComm, HOD (UPE), HonsBEd (Unisa)*

## DEUR DIE STUDENTERAAD BENOEM

Mnr C du Preez
Me Z Stuurman, *BA (Stell)*

## DIE VOLGENDE NIERAADSLEDE IS DEUR DIE RAAD BENOEM AS ADDISIONELE LEDE IN DIE OUDIT- EN RISIKOKOMITEE

▼ Mnr JP Bester, *HonsBComm (Rek) (Stell), HonsBComm (Bestuursrek), HonsBComm (Inligtingstelsels) (UK), GR (SA)*
▼ Mnr BHJ Wessels, *BCompt (Unisa), GIA (SA)*
▼ Prof CJ van Schalkwyk, *HonsBRek, MComm (Stell), GR (SA)*

## DIE VOLGENDE NIERAADSLEDE IS DEUR DIE RAAD BENOEM IN DIE BELEGGINGSKOMITEE

◆ Mnr GT Ferreira, *BComm, HonsBB en A, MBA (Stell)*
◆ Mnr JF Mouton, *HonsBComm, STR (Stell)*
◆ Mnr PG Steyn, *BComm, LLB (Stell)*
◆ Mnr MM du Toit, *BScAgric, MBA (Stell)*

● LEDE VAN DIE UITVOERENDE KOMITEE VAN DIE RAAD
▼ LEDE VAN DIE OUDIT- EN RISIKOKOMITEE VAN DIE RAAD
■ LEDE VAN DIE MENSLIKE HULPBRONNEKOMITEE VAN DIE RAAD
◆ LEDE VAN DIE BELEGGINGSKOMITEE VAN DIE RAAD

# BESTUURSPAN VAN DIE REKTOR (2012)

**Rektor en Visekanselier:** Prof Russel Botman | **Viserektor (Leer en Onderrig):** Prof Arnold Schoonwinkel
**Viserektor (Navorsing en Innovasie):** Prof Eugene Cloete | **Viserektor (Gemeenskapsinteraksie en Personeel):** Prof Julian Smith
**Uitvoerende Direkteur: Bedryf en Finansies:** Prof Leopoldt van Huyssteen

# ONDERSTEUNENDE PERSONEEL

**Hoofdirekteur: Strategiese Inisiatiewe en Menslike Hulpbronne:** Prof Tobie de Coning
**Senior Direkteur: Kommunikasie en Skakeling:** Mnr Mohamed Shaikh | **Direkteur: Projekte:** Dr Barbara Pool
**Direkteur: Regsdienste:** Mnr Gerhard Lipp | **Registrateur:** Mnr Johann Aspeling
**Studentedekaan:** Dr Llewellyn MacMaster | **Uitvoerende Assistent van die Rektor:** Prof Monique Zaahl

# ’N KAMPUS VIR DIE 21STE EEU

## ‘DAGTUISTE’ VIR PENDELSTUDENTE

Die amaMaties-naaf, die eerste klusterdorpie op die Stellenbosch-kampus, bestaan uit twee wyke vir privaat studente, drie vrouekoshuise en ’n manskoshuis. Vir pendelstudente is dit ’n ‘dagtuiste’ waar hulle – deur webgebaseerde tegnologie en saam met koshuisstudente – toegang het tot die beste leermateriaal en kan deelneem aan groepbesprekings en mentorprogramme. Dit kan ’n hoër deursetkoers vir dagstudente verseker.

## SIMULATOR HELP DOSENTE TRED HOU

Den Bosch, ’n opleiding-simulator wat in 2012 in gebruik geneem is, is ’n lokaal waar dosente byderwetse leer- en onderrigtegnologie kan uittoets en hul kundigheidsbasis kan uitbrei. Dit is noodsaaklik want terwyl die dosentekorps aan die voorpunt van tegnologies gesteunde leer en onderrig moet wees, is studente dikwels hul dosente tegnologies ver vooruit.

## MEER DOKTERS VIR PLATTELAND OPGELEI

Die opening van die Ukwanda Landelike Kliniese Skool op die Worcester-kampus is ’n mylpaal vir landelike opleiding in gesondheidsorg in Suid-Afrika. Dié nuwe kampus spog met ’n omgewingsvriendelike akademiese gebou en studentekoshuis én ’n gevorderde telematiese infrastruktuur.

## WERKPLEK VAN DIE TOEKOMS

Minimalisme, volhoubaarheid, energiebesparing én ŉ onbelemmerde uitsig kenmerk die nuwe Fasiliteitsbestuurgebou as weerspieëling van die 21ste-eeuse werkplek. Dit huisves al Fasiliteitsbestuur se onderafdelings en ’n wêreldklas operasionele sentrum, vanwaar straat- en gebouekameras, alarmstelsels, noodkragopwekkers, lugreëlingstelsels en die sentrale energiebestuur gemonitor en ’n 24- uur hulptoonbank bedryf word.

“Imagine the future and rethink the present.”

# VERSLAG VAN DIE REKTOR EN VISEKANSELIER

## PROF RUSSEL BOTMAN

Die bekende beginsel by strategiese beplanning op die teenblad lê aan die hart van die Universiteit Stellenbosch (US) se kernbedrywighede vir 2012. Enersyds kon ek my eerste termyn as rektor van hierdie uitmuntende instansie afsluit deur afronding te help gee aan die doelwitte wat ons kragtens Visie 2012 nagestreef het en, andersyds, deur die grondslag te help lê vir 'n nuwe posisionering van die US as volwaardige 21ste-eeuse universiteit.

Vir die US as akademiese leier bring hierdie beginsel 'n wesenlike uitdaging mee: om in sy toekomsgerigte posisionering sy reputasie vir uitnemendheid te handhaaf en om dit te doen ondanks die behoefte aan toegang tot hoër onderwys vir beduidend meer jongmense wie se hoërskole deur bepaalde agterstande en gebreke gekenmerk word, en wie se kanse op suksesvolle studie op universiteit verseker moet word.

In die moderne hoëronderwysmilieu is die oplossing hiervoor om visioenêr te dink oor leer en onderrig en om, vanuit sulke denke, die voordele van die elektroniese kommunikasierevolusie innoverend aan te wend sowel binne as buite die formele klaskamer. Só kan die US groei, ontwikkeling en volhoubaarheid onderling versoen op 'n manier wat met sy strategiese doelwitte belyn kan word en wat die toon aangee in die 21ste eeu.

Prof Russel Lincoln Ackoff (1919–2009), dosent by die Whartonskool, Universiteit van Pennsilvanië, en pionier op die terrein van die organisatoriese bedryf, sistemiese denke en bestuurswetenskappe, onderskei tussen groei en egte ontwikkeling: "Development is not growth. Organisations and societies may grow even while they are destroying their development capacity. Garbage heaps grow, cemeteries grow, the number of houses and townships in an urban area may grow, but the growth of such may be an indicator of decline – not development. Development is the increase in the desire (motivation) and the capacity/capability of the members of a society (or organisation) to satisfy their own legitimate objectives and needs as well as those of other members of the organisation or society while also contributing to the context of their existence."

By wyse van egte ontwikkeling, soos Ackoff dit sien, het die US hom in 2012 sterk vir tegnologiese vernuwing beywer, maar terselfdertyd die grondslag gelê vir doelgerigte ontwikkeling op die onderskeie terreine van sy vier institusionele fokusse: die behoud en uitbou van sy kundigheid, die bevordering van studentesukses, die verbreding van personeel- en studentediversiteit en die beveiliging van sy sistemiese volhoubaarheid as instelling.

### TABEL 1: BEREKENDE WAARDES VIR DIE US SE STRATEGIESE BESTUURSAANWYSERS, 2007 EN 2012

| Fokus | Strategiese bestuursaanwysers | 2007 | 2012 | % verandering 2007/2012 |
|---|---|---|---|---|
| Kundigheidsbasis | Publikasie-uitsette van onderrig-/navorsingspersoneel | 0,87 | 0,91 | 4,6% |
| | Gedoktoreerde permanente onderrig-/navorsingspersoneel (%) | 61,62 | 61,34 | -0,5% |
| | Permanente NNS-geëvalueerde onderrig-/navorsingspersoneel (%) | 28,57 | 32,91 | 15,2% |
| | Nagraadse studente (%) | 22,03 | 27,90 | 26,6% |
| | Nagraadse kwalifikasies toegeken | 1,03 | 1,38 | 34,0% |
| | Gemeenskapsinteraksiepunt | 4,28* | 6,80 | 58,9% |
| Studentesukses | Sukseskoers van voorgraadse studente | 80,84 | 82,27 | 1,8% |
| Diversiteit | Diversiteit van onderrig-/navorsingspersoneel (%) | 48,98 | 52,08 | 6,3% |
| | Diversiteit van nagraadse studente (%) | 43,25 | 46,39 | 7,3% |
| | Diversiteit van nuweling-eerstejaarstudente (%) | 21,08 | 25,90 | 22,9% |
| | Nagraadse studente uit ander Afrika-lande (%) | 9,67 | 13,54 | 40,0% |
| | Gevestigde vennootskappe in Afrika | 0,34 | 0,27 | -20,6% |
| Volhoubaarheid | Benutting van onderrig-/navorsingspersoneel | 47,07 | 54,09 | 14,9% |
| | Derdegeldstroominkomste | 86,52 | 141,86 | 64,0% |

* 2009 in plaas van 2007 se waarde word getoon omdat die meting van gemeenskapsinteraksie eers in 2009 gestabiliseer het.

Oorhoofs het ons voortgebou volgens die rigsnoere van die herposisioneringstrategie wat reeds in 2011 ingestel is:

- fokus op akademiese innovasie;
- spits die akademiese programme toe op die aanwending van die wetenskap om volhoubare oplossings te vind vir van die grootste uitdagings van ons land en die kontinent; en
- skoei die program van gemeenskapsbetrokkenheid en -interaksie op grondige akademiese en navorsingswerk wat ingespan word om gemeenskappe te ontwikkel.

Dat hierdie rigsnoere met mekaar verweef is, spreek bykans vanself. Institusioneel plaas dié verweefdheid ons egter voor die uitdaging om die US se akademiese uitnemendheid te handhaaf, en sy volhoubaarheid as universiteit te verseker, deur middel van geïntegreerde beplanning en bestuur. Juis deur puik akademiese leierskap, en deur ons kernbedrywighede op 'n multidissiplinêre en intradissiplinêre grondslag te benader, kon ons in die afgelope jaar reusetreë vooruit gee – nie net op die terrein van sinvolle koördinering van ons bedrywighede nie, maar ook op die terrein van effektiewer sinergie by die aanwending van ons hulpbronne.

Hierdie verslag met sy verskeie rapporte van omgewingshoofde weerspieël die mate waarin elke omgewing se geïntegreerde sakeplan in 2012 'n stewige basis help vestig het vir die US se gekose strategiese rigting as 21ste-eeuse universiteit. Die verslae toon ook die onderskeie entiteite se belyning met die US se institusionele fokusse.

Ek rapporteer vervolgens oor 'n paar hoogtepunte van die verslagtydperk.

## HOOGTEPUNTE

### Innoverende navorsing en die verdere vestiging van US se navorsingstatuur

In 2011 het die amptelike navorsingsuitsetdata vir 2010 soos ontvang van die Departement Hoër Onderwys en Opleiding (DHOO) weer die US se status as die mees navorsingsproduktiewe akademiese instelling op nasionale vlak bevestig. Die geweegde navorsingsuitset per voltydse personeellid (publikasies en nagraadse studente) was 2.37 – die hoogste van al die universiteite in die land vir die derde agtereenvolgende jaar. Die US het hom weer tussen die 300 voorstes bevind in die *Times Higher Education* se wêreldranglys vir universiteite, en tussen die 450 voorstes in die QS- wêreldwye ranglys.

In 2012 is altesaam 696 navorsingskontrakte deur die Universiteit se Afdeling Navorsingsontwikkeling (ANO) verwerk. Die Universiteit se derdegeldstroominkomste vir 2012 bedra R531,6 miljoen. Ons navorsingsvennootskappe met die industrie is verder versterk ooreenkomstig die Program vir Tegnologie en Menslike Hulpbronne in die Nywerheid (THRIP). Danksy 'n sukseskoers van 89,3%, het 56 befondsingsaansoeke 'n bykomende R16,7 miljoen vir hierdie projekte vanuit THRIP opgelewer.

Die Europese Unie se uiters mededingende befondsingsprogram vereis sterk internasionale navorsingsvennootskappe; in 2012 het die ANO die voorlegging by die Europese Unie van meer as 40 nuwe aansoeke om befondsing gefasiliteer. Vanweë onbetwiste kundigheid en leierskap op die gebiede van biomediese tuberkulose, wynbiotegnologie, veekundige wetenskappe en wiskundige biowetenskappe het die US in 2012 nog vier leerstoele bekom. Dit bring die getal SARChI-leerstoele aan die US op 18 te staan. Voorts huisves die US en die Universiteit van Venda nou 'n nuwe gesamentlike SARChI-leerstoel in indringerbiologie.

Die US het die tweedegrootste aantal NNS-geëvalueerde wetenskaplikes in die land – 306 in 2012. Altesaam 168 nadoktorale navorsingsgenote was in 2012 aan die US gehuisves.

### Tegnologies gemedieerde leer en onderrig

Tegnologies gemedieerde leer en onderrig is 'n kenmerk van die moderne universiteit. Al hoe meer internasionaal gerekende instansies in hoër onderwys soos Harvard en die MIT het in die jongste tyd begin om nuut te dink oor die invloed en aanwending van tegnologie in die leer- en onderrigmetodiek van die toekoms. Die Universiteit Stellenbosch is hierin geen uitsondering nie. By sy Institusionele Beplanningsforums van 2012 het ons akademiese leierskap grondig besin oor onder meer die volgende vrae:

- Met die tegnologiese omwenteling in webgebaseerde leer, is kontaklesings se dae getel?
- As kontaklesings voortbestaan, wat is die mees waarskynlike vorm wat dit sal aanneem?
- Hoe gaan die studente van die toekoms leer?
- Watter implikasies hou dít vir universiteite in?
- Watter veranderings moet universiteite vandag maak om gerat te wees vir die akademiese uitdagings van die toekoms?

Nuwe opvoedkundige benaderings word genoodsaak deur die groeiende 'digitale generasie'. Die internet- en IT-gebaseerde studieprogramme van die nabye toekoms moet ingestel wees op studentgesentreerde leer. En wat hierdie programme die student moet leer, is kritiese, innoverende en kreatiewe denkvaardighede – vaardighede wat onontbeerlik is vir die globale kennisekonomie.

Teen hierdie agtergrond het die US in die verslagjaar betekenisvolle stappe gedoen om sy plek as akademiese leier in die toekoms te handhaaf. Dié stappe word geskets onder die eersvolgende vyf hoofde.

**SAMESTELLING VAN TAAKSPAN VIR INFORMASIE- EN KOMMUNIKASIETEGNOLOGIE (IKT) IN LEER EN ONDERRIG**

'n Taakspan vir IKT in Leer en Onderrig onder leiding van die Viserektor (Leer en Onderrig) is in die lewe geroep om 'n aksieplan te formuleer vir die aanwending van voorpunttegnologie in die US van die toekoms. 'n Hoëvlakondersoek na fasiliteite vir moderne en toekomsgerigte onderrigmetodiek en -tegnologie is in 2012, afgehandel; die aksieplan kom binnekort in werking.

**INRIGTING VAN OPLEIDINGSIMULATOR VIR DOSENTE**

Deur die baanbrekerswerk van die Sentrum vir Onderrig en Leer (SOL) – in noue samewerking met die Sentrum vir Studentevoorligting en -ontwikkeling, en die Afdelings Informasietegnologie en Fasiliteitsbestuur – is 'n lokaal as opleidingsimulator ingerig. Hier kan dosente nuwe toerusting, en in die besonder nuwe leer- en onderrigtegnologie, op die proef stel. Deesdae, wanneer studente dikwels die dosente op tegnologiese gebied ver vooruit is, is dit gebiedend dat die dosentekorps aan die voorpunt van die tegnologie en die tegnologies gesteunde leer en onderrig moet wees. Die lokaal, bekend as Den Bosch (kyk bladsy 11), is reeds die afgelope jaar met groot vrug vir 'n verskeidenheid opleidingsdoeleindes aangewend.

**AANWENDING VAN TELEMATIESE ONDERRIG**

Hierdie tegnologies gesteunde toegang tot die Universiteit laat vervaag die tradisionele skeiding tussen kontakleer en afstandsleer en verminder die beperkings wat dikwels deur plek en tyd gestel word. 'n Ontleding toon dat die nagraadse studente op die telematiese platform gedurende die afgelope vier jaar tussen 16% en 21% van die Universiteit se nagraadse studente uitgemaak het.

Om sy toeganklikheid te verhoog, het die Universiteit in 2012 in samewerking met 'n paar onderwysdepartemente die fasiliteite van die Afdeling Telematiese Dienste aangewend om die artikulasie tussen skoolonderwys en hoër onderwys te verbeter. Sowat 150 uur

se intydse interaktiewe satelliet-uitsendings in sewe vakke is na 145 skole in die Wes-Kaap gebeeldsend. Ongeveer 20 000 graad 11- en 12-leerders het aan die projek deelgeneem. Hierdie inisiatiewe spruit uit die Universiteit se fokus op 'n beter voorbereiding van skoolleerders vir die hoër onderwys.

**BOU VAN LANDELIKE KLINIESE SKOOL OP WORCESTER**
Die ingebruikneming van die Universiteit Stellenbosch se ultramoderne Ukwanda Landelike Kliniese Skool (LKS) in 2012 op die Worcester-kampus verteenwoordig 'n mylpaal in Suid-Afrika vir landelike opleiding in gesondheidsorg (kyk bladsy 11). Die Skool sal die Universiteit se Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe in staat stel om meer mediese praktisyns op te lei om die kritieke tekort aan dokters in die land te help verlig, veral in die landelike streke.

Altesaam 22 finalejaarstudente het in 2012 hul kliniese opleiding by die landelike fasiliteit deurloop, maar hierdie nuwe fasiliteit sal na verwagting uiteindelik tot 30 finalejaarstudente jaarliks huisves. In 2012 was daar 38 236 dokters in Suid-Afrika geregistreer, maar na raming praktiseer omtrent net die helfte van hulle in die land. Die tekort word vererger deurdat die dokters nie eweredig deur die land versprei is nie; die meeste is in stedelike gebiede gebaseer.

Die Ukwanda LKS, een van die Universiteit Stellenbosch se HOOP Projek-inisiatiewe, maak werk van hierdie nasionale uitdagings. Ten eerste, die fasiliteit stel die Universiteit in staat om meer mediese studente by sy program in te sluit. Ten tweede, dit is 'n bewese feit dat indien studente met die landelike lewenswyse vertroud raak, meer gegradueerdes besluit om in landelike gemeenskappe te gaan werk.

Die Ukwanda LKS lê hom daarop toe om studente uit landelike gebiede te werf. Maar hy werk ook daaraan om hindernisse vir die landelike studente uit die weg te ruim, byvoorbeeld deur akademiese vakke in te sluit waarmee hulle hul kanse kan verbeter om tot mediese en aanvullende gesondheidsberoepe toe te tree. Met Ukwanda sal die Universiteit Stellenbosch 'n aansienlike bydrae tot menslike ontwikkeling lewer; met Ukwanda ondersteun die Universiteit die Wes-Kaapse regering ten opsigte van kapasiteitsbou, naamlik deur die gesondheidsorg te verbeter; met Ukwanda brei die Universiteit sy voetspoor in landelike gemeenskappe uit. Die LKS is 'n innoverende krag; tegelykertyd is dit bloot die eerste tree op die pad na die vestiging van 'n sterk multidissiplinêre landelike teenwoordigheid vir die Universiteit.

**OPRIGTING VAN AMAMATIES-NAAF**
Hierdie leergeoriënteerde 'dagtuiste' vir pendelstudente is die eerste in sy soort in Suid-Afrika (kyk bladsy 11). Enersyds bied dit 'n innoverende platform vanwaar hulle toegang het tot die beste leermateriaal via webgebaseerde tegnologie; andersyds bied dit 'n ruimte sowel vir interaktiewe leer binne portuurgroepe as vir begeleide leer danksy senior studente en mentors.

Dit versterk die klusterinisiatief waardeur sowel koshuis- as privaat studente al hoe meer geïntegreer word in studentegemeenskappe in die buite-klas-omgewing. Terselfdertyd word die studente se buite-klas-belewenis al hoe meer met hulle in-klas-ervaring geïntegreer. Internasionaal is daar bewyse dat 'n hegter integrasie tussen die leer- en die leefomgewing groter studentesukses meebring.

## Aanwending van die wetenskap vir volhoubare oplossings vir gemeenskapsuraagstukke

In my 2011-verslag het ek uitvoerig gerapporteer oor die vordering met die HOOP Projek waardeur, die US die wetenskap aanwend om volhoubare oplossings te vind vir van die grootste uitdagings in ons land. Vervolgens rapporteer ek graag oor 'n paar mylpale van hierdie inisiatief, en oor ons benadering van "Hoop aan die werk" in die 2012-verslagperiode.

**ONTWIKKELING EN UITBREIDING VAN DIE ISHACK-SISTEEM**
Die iShack-sisteem is die uitkoms van 'n transdissiplinêre navorsingprojek deur die Universiteit se TsamaHub en die Volhoubaarheidsinstituut by Lynedoch buite Stellenbosch, in samewerking met die Stellenbosse Munisipaliteit. Die "i" staan vir *improved*, oftewel verbeterde, sinkhutte wat in ontwikkelende lande die wêreld oor benut word.

Die iShack-sisteem, 'n vindingryke benadering wat deur die US se nagraadse studente ontwikkel is en die lewensomstandighede van die inwoners van informele nedersettings op eenvoudige dog betekenisvolle maniere verbeter, is uitgebrei danksy 'n toekenning van die Bill en Melinda Gates-Stigting.

Die toekenning dek 'n twee jaar lange loodsprojek in Enkanini, Stellenbosch, met die oog daarop om die sisteem na die res van die land en verder te versprei. Tussen 40 en 100 sinkhutte sal met 'n basiese sonkragsisteem toegerus word en aan die binnekant geïsoleer word met gebruikte Tetra Pak-houers en kartondose om die inwoners teen uiterste temperature te beskerm.

Uit bogenoemde navorsing sal 'n reeks handleidings ontwikkel word; die loodsprojek sal opleidingskursusse insluit. Die doelwit is 'n verfynde eindproduk teen 'n prys wat die iShack-sisteem binne bereik plaas vir diegene wat dit die nodigste het in ontwikkelende lande.

**STELLENBOSCH AS VOLHOUBARE DORP**
As weerspieëling van die uiteenlopende denke vanuit verskillende vakdissiplines oor hoe 'n dorp soos Stellenbosch herontwerp kan word met die oog op die toekoms, het 'n groep akademici aan die US in November 2012 die boek *Sustainable Stellenbosch – Opening Dialogues* bekend gestel.

Die inhoud daarvan is gegrond op navorsing wat ondersteun is deur die Nasionale Navorsingstigting en die TsamaHub, 'n inisiatief van die US se HOOP Projek. Die ontledings deur 50 voorste navorsers handel oor 'n groot verskeidenheid onderwerpe, van energie, water, riolering, vaste afval en mobiliteit, tot biodiversiteit, openbare gesondheid, stadsbeplanning, behuising, maatskaplike ontwikkeling, landbou en kulturele transformasie.

Die boek spruit uit die Stellenbosse Rektor-Burgemeester-forum wat in 2005 tot stand gebring is as platform vir gesprekke tussen die US en die Munisipaliteit oor die infrastrukturele en sosio-ekonomiese uitdagings waarmee die dorp en sy onmiddellike omgewing te kampe het en oor die aanwending van die wetenskap om sommige van hierdie uitdagings die hoof te bied.

**AFRIKA SENTRUM VIR MIV- EN VIGSBESTUUR**
Die US het in Junie 2012 die eerste universiteit in Afrika geword wat 'n ooreenkoms met 'n organisasie van die Verenigde Nasies (VN) sluit. Kragtens dié ooreenkoms sal die Afrika Sentrum vir MIV- en Vigsbestuur namens die Universiteit ontwikkelingswerk in 46 lande doen vir die VN se Bevolkingsfonds (UNFPA).

UNFPA is 'n internasionale ontwikkelingsagentskap wat hom beywer vir die herstel van menseregte in Afrika met die klem op individue se reg om 'n gesonde lewe met gelyke geleenthede te geniet.

Die Afrika-sentrum vir MIV- en Vigsbestuur (kyk bladsy 65) is die grootste inisiatief in sy soort ter wêreld. Sedert sy ontstaan in 2003 het hy meer as 3 000 graduandi uit 48 lande opgelewer en meer as 250 000 mense bereik met sy opvoerings, wat gemik is op MIV- en vigsbewusmaking.

Die ontwikkelingswerk wat in die ooreenkoms in die vooruitsig gestel word, sal fokus op bevolkingsontwikkeling en op reproduktiewe gesondheid. Voorrang sal verleen word aan:

- beter toegang tot en gebruik van goeie dienste ter voorkoming van geslagtelik oordraagbare infeksies, veral vir jongmense en adolessente;
- beter toegang tot reproduktiewegesondheidsdienste en geslagsvoorligting vir jongmense en adolessente; en
- beter toegang tot en gebruik van goeie gesondheidsdienste vir en deur moeders met pasgeborenes.

**DESMOND TUTU SENTRUM VIR TUBERKULOSENAVORSING**

Tuberkulose (TB) is een van die grootste oorsake van sterftes in Suid-Afrika, veral onder mense met MIV. Daarom streef die Universiteit Stellenbosch (US) se Desmond Tutu TB-sentrum daarna om kwesbare groepe se gesondheid te verbeter en ook om beleid en praktyk te beïnvloed.

Die Sentrum is 'n akademiese navorsingsfasiliteit van die Departement Pediatrie en Kindergesondheid in die US se Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe. In 'n toonaangewende inisiatief van die HOOP Projek werk die Sentrum ten nouste saam sowel met die nasionale, provinsiale en plaaslike gesondheidsdepartemente as met die plaaslike gemeenskappe. Een van die Sentrum se take is opleiding aan akademiese personeel en gesondheidsdienstepersoneel.

Die kern van die Sentrum se werk is om die navorsingsresultate terug te ploeg in die gemeenskappe onder wie bepaalde studies uitgevoer is. Dit wil sê, om die pas verworwe kennis – ook van plaaslike tendense – direk aan te wend in 'n voorkomingstrategie vir dié gemeenskappe. Die sukses tot dusver met die voorkoming van TB bewys dat suksesvolle behandeling in klinieke, in gesondheidsentrums en selfs in mense se huise nie los staan van hoopgewende navorsing nie.

## Gemeenskapsinteraksie gemik op ontwikkeling van mensepotensiaal

**SKOLEVENNOOTSKAPPE (HOPE@MATIES)**

*Hope@Maties* is 'n vernuwende projek vir topmatrikulante. Verskeie US-rolspelers het kragte saamgesnoer om die projek te laat vlot in nie minder nie as agt sentrums in die Wes-Kaap. Die plattelandse sentrums is in Villiersdorp (Overberg), Malmesbury (Weskus) en Worcester (Wynland); die stadsentrums is in Elsiesrivier, Mitchells Plain, Atlantis, die Paarl en Stellenbosch. Die program het twee kernoogmerke: om die vaardighede te help ontwikkel wat vir akademiese voortreflikheid nodig is en om lede van die aangewese groepe as gegradueerdes te help lewer.

Vir uitgesoekte matrieks met die potensiaal om suksesvol op tersiêre vlak te studeer, bied *Hope@Maties* 'n bykomende leerplan ná skooltyd, oor die naweke en in skoolvakansies. Die doel is om dié jongmense akademies gereed te kry met behulp van 'n voogdyskapsprogram. Die program lê die klem op toelatingsvakke; gee die jongmense 'n besef van dié studieprogram- en loopbaanmoontlikhede wat by hul vakkeuse aansluit; stel hulle aan die kampuslewe (die universiteitservaring) bloot; haal die ouers of familie ter ondersteuning van die jongmense by en moedig waar nodig, die 'ouer garde' aan; begelei die jongmense deur die Universiteit se toelatingsprosedure en help hulle om finansiële steun te verkry.

Uit 2012 se program het 104 as studente geregistreer, van wie 81 werwingsbeurse gekry het.

**SCIMATHUS OP WORCESTER**

SciMathUS (*Science and Mathematics at Stellenbosch*), die eenjarige oorbruggingsprogram vir Wiskunde en óf Fisiese Wetenskappe óf Rekeningkunde by die Universiteit Stellenbosch, funksioneer met sukses op die hoofkampus. Talle leerders uit onderrigbenadeelde omgewings – wat aanvanklik nie vir hoër onderwys sou kwalifiseer nie – kry deur dié program toegang tot universiteitsonderrig en verwesenlik só hul drome van professionele loopbane. Baie SciMathUS-leerders het al dokters, rekenmeesters, ingenieurs en onderwysers geword.

In die verslagjaar is SciMathUS op die Universiteit se Worcester-kampus met 50 leerders begin. Die uitbreiding op Worcester beteken dat meer landelike leerders nader aan hulle woonplekke toegang het tot hierdie voorbereidingsprogram vir verdere universiteitstudie.

**GEMEENSKAPSPROFIELE**

Die US se Afdeling Gemeenskapsinteraksie onderneem die analitiese profilering van gemeenskappe in samewerking met akademiese departemente soos Sosiologie en Sosiale Antropologie, en Sielkunde. Die oogmerk is om hulp te verleen aan akademici wat gemeenskapsgebaseerde navorsing wil doen, diensleer wil aanbied of wil deelneem aan ander inisiatiewe van die Afdeling. Die profiele is ook beskikbaar vir die gebruik van gemeenskapsvennote.

In 2012 is profiele vir Kayamandi, Cloetesville en Klapmuts opgestel. Dié vir Railton (Swellendam) en Avian Park (Worcester) is in die vorige jaar afgehandel. Sulke profiele verteenwoordig grootliks die stem van gemeenskapslede; dit verskaf 'n blik op hoe hierdie mense sélf hul leefwêreld en konteks definieer. Aan akademici en aan ons vennote bied dit 'n geleentheid om die betrokke gemeenskappe met die nodige sensitiwiteit te benader en om 'n vennootskapsgrondslag vas te lê vir navorsing, vir onderrig en leer en vir gemeenskapsgebaseerde inisiatiewe.

# INSTITUSIONELE AANGELEENTHEDE

## Transformasie en diversiteit

In die loop van 2012 het die US se erns met transformasie en diversiteitsbevordering nuwe momentum gekry. Die US se rasse- en demografiese samestelling is juis dié aspek van transformasie ten opsigte waarvan hy met sy konkurrente vergelyk word, veral in die konteks van die eise van die demokratiese samelewing waarin ons ons bevind.

In Tabel 2 word die vordering met studentediversiteit sedert 2008 aangedui. Die persentasie voorgraadse bruin, swart en Indiër-studente was 26% in 2012. Dit is 2,1 persentasiepunte hoër as die 23,9% van 2008. Wat die diversiteitsprofiel van die studentekorps in sy geheel betref, dit was 1,8 persentasiepunte hoër in 2012 as in 2008.

## TABEL 2: BRUIN, SWART EN INDIËR-STUDENTE BY STELLENBOSCH AS PERSENTASIE PER FAKULTEIT EN VAN ALLE STUDENTE, 2008–2012

| Persentasie bruin, swart en Indiër-studente per fakulteit | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Fakulteit** | **Voorgraadse studente** | | | | | **Alle studente in fakulteit** | | | | |
| | **2008** | **2009** | **2010** | **2011** | **2012** | **2008** | **2009** | **2010** | **2011** | **2012** |
| AgriWetenskappe | 16,9 | 17,7 | 18,3 | 19,1 | 17,2 | 20,4 | 21,3 | 21,1 | 22,5 | 21,3 |
| Ekonomiese en Bestuurswetenskappe | 17,9 | 16,9 | 17,3 | 17,3 | 17,4 | 29,6 | 30,2 | 30,4 | 30,2 | 30,2 |
| Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe | 43,9 | 43,8 | 44,0 | 44,3 | 46,8 | 47,3 | 48,2 | 49,7 | 48,5 | 49,2 |
| Ingenieurswese | 12,3 | 13,2 | 13,8 | 15,3 | 16,4 | 14,2 | 15,0 | 15,7 | 17,2 | 18,5 |
| Krygskunde | 83,9 | 88,2 | 90,9 | 87,2 | 85,4 | 80,2 | 85,5 | 88,9 | 86,1 | 84,2 |
| Lettere en Sosiale Wetenskappe | 21,5 | 20,2 | 22,4 | 24,4 | 23,9 | 25,3 | 24,1 | 26,9 | 29,1 | 31,0 |
| Natuurwetenskappe | 29,1 | 30,4 | 31,5 | 32,1 | 31,7 | 31,1 | 32,0 | 33,5 | 33,9 | 33,7 |
| Opvoedkunde | 17,5 | 17,4 | 19,5 | 22,1 | 24,4 | 46,4 | 50,7 | 45,7 | 44,2 | 41,9 |
| Regsgeleerdheid | 22,5 | 22,8 | 24,2 | 29,9 | 31,8 | 20,9 | 23,2 | 24,5 | 24,5 | 26,0 |
| Teologie | 26,2 | 25,4 | 25,6 | 32,9 | 39,0 | 40,5 | 43,5 | 44,9 | 45,1 | 47,7 |
| **Persentasie bruin, swart en Indiër-studente van alle universiteitstudente** | | | | | | | | | | |
| Bruin | 16,6 | 16,0 | 16,2 | 16,4 | 16,1 | 16,1 | 16,5 | 16,3 | 15,8 | 15,5 |
| Swart | 5,9 | 6,2 | 6,8 | 7,6 | 8,2 | 13,2 | 13,9 | 14,6 | 15,0 | 15,5 |
| Indiër | 1,4 | 1,5 | 1,5 | 1,6 | 1,7 | 2,0 | 1,9 | 2,0 | 2,1 | 2,1 |
| **% bruin, swart en Indiër** | **23,9** | **23,7** | **24,5** | **25,6** | **26,0** | **31,3** | **32,3** | **32,9** | **32,9** | **33,1** |
| **Studentetal** | **15 219** | **15 869** | **16 524** | **17 051** | **16 932** | **24 686** | **26 243** | **27 694** | **28 193** | **27 823** |

## TABEL 3: MINISTERIËLE INSKRYWINGS- EN EFFEKTIWITEITSTEIKENS VIR 2013

| | **Ministeriële teiken** | **US in 2011** | **US in 2012** |
|---|---|---|---|
| Koptelling | 25 693 in 2009 moet vermeerder tot 27 639 in 2013, 'n jaarlikse verhoging van 1,8% tussen 2009 en 2013 | 27 266 | 27 510 |
| Voltyds-ekwivalente studente | 20 668 in 2009 moet tot 21 806 in 2013 vermeerder, 'n jaarlikse verhoging van 1,3% tussen 2009 en 2013 | 22 188 | 22 193 |
| Befondsde onderriginset-eenheid-totaal vir 2015/2016 | 65 800 | 68 534 | 71 598 |
| Voorgraadse nuweling-eerstejaars in 2013 | 4 489, 'n gemiddelde jaarlikse verhoging van 1,5% vanaf 4 234 in 2009 | 4 535 | 3 936 |
| Breë studierigting in 2013: | | | |
| Wetenskap, ingenieurswese en tegnologie | 45,1% | 45,6% | 47,9% |
| Besigheid en bestuur | 19,1% | 22,9% | 21,6% |
| Opvoedkunde | 5,4% | 5,9% | 5,7% |
| Geesteswetenskappe | 30,4% | 25,6% | 24,8% |
| Studievlakke: | | | |
| Voorgraads | 59,3% in 2013 | 61,0% | 60,0% |
| Nagraads onder magister | 14,5% in 2013 | 13,6% | 13,2% |
| Magister | 18,6% in 2013 | 19,3% | 18,4% |
| Doktoraal | 4,1% in 2013 | 4,5% | 4,8% |
| Spesiale studente | 3,5% in 2013 | 1,6% | 3,6% |
| **Totale aantal gegradueerdes** | **Moet van 6 766 in 2009 vermeerder tot 7 570 in 2013** | **7 179** | **7 680** |
| Gegradueerdes in skaars vaardighede: | | | |
| Ingenieurswese | 370 in 2013 | 382 | 447 |
| Lewens- en fisiese wetenskappe | 261 in 2013 | 439 | 464 |
| Diere- en menslike gesondheidswetenskappe | 327 in 2013 | 293 | 304 |
| Aanvanklike onderwyseronderrig | 391 in 2013 | 375 | 441 |
| Gegradueerdes op verskillende vlakke: | | | |
| Honneurs | 1 347 in 2013 | 1 244 | 1 158 |
| Navorsingsmagister | 672 in 2013 | 615 | 939 |
| Doktoraal | 192 in 2013 | 150 | 240 |
| US se proporsionele bydrae tot die nasionale lewering van gegradueerdes in skaars vaardighede: | | | |
| Ingenieurswese | 3,3% in 2014 | | |
| Lewens- en fisiese wetenskappe | 4,8% in 2014 | | |
| Diere- en menslike gesondheidswetenskappe | 3,3% in 2014 | | |
| Aanvanklike onderwyseronderrig | 2,7% in 2014 | | |
| Teiken vir sukseskoers | 84,5% in 2013, op vanaf 83,8% in 2009 | 83,4% | 84,9% |

In Figuur 1 word die vordering met studentediversiteit sedert 2011 gemeet aan die Raad se teikens vir groei. Uit die tendense oor die afgelope aantal jare (sedert 2008) is dit duidelik dat die persentasie bruin, swart en Indiër-studente van jaar tot jaar wissel. Die beplande groei vir 2011 is byna verwesenlik, maar in 2012 is die teiken van 28% nie gehaal nie.

## FIGUUR 1: VOORGRAADSE DIVERSITEITSPROFIEL GEMEET AAN DIE RAADSTEIKEN VIR 2015




Die Bestuur het op sy Institusionele Beplanningsforum van 27 Julie 2012 verdere stappe gedoen om die dwingende transformasie-uitdagings die hoof te bied. Alle dekane en vise-dekane het daar hulle insette gelewer oor die toekomstige uitdagings vir die US en het voorts transformasieplanne opgestel wat alle relevante fasette van die institusionele kultuur dek – van uitgediende koshuis- en institusionele praktyke tot diskriminasie teenoor personeel en studente.

Die volgende taakgroepe is aangestel om die onderskeie aspekte van transformasie spoedeisend te pak: 'n Taakspan vir 'n Transformasieplan; 'n Taakspan vir die Ontwikkeling van 'n US 2030-visie; en 'n Taakspan vir die Ontwikkeling van 'n Verwelkomende Kultuur.

'n Gekonsolideerde verslag oor die werk van hierdie taakspanne sal op die Raad se eerste vergadering in April 2013 dien – 'n gekonsolideerde verslag wat oorhoofs deur 'n dinamiese Institusionele Plan gedryf word, gerugsteun deur sakeplanne uit die verskillende omgewings wat die transformasiemikpunte oor die volgende vyf jaar (2013–2018) moet verwesenlik.

In 2012 is die proses van interne konsultasie oor die grondige hersiening van die US se Koshuisplasingsbeleid verder gevoer en die finale konsep, vir besluitneming deur die Raad, afgerond. Die hersiene Koshuisplasingsbeleid het as rigsnoer "Uitnemendheid deur diversiteit" en maak, ná akademiese meriete, voorsiening vir vyf diversiteitskriteria wat die toegang vir bruin, swart en Indiër-studente tot universiteitshuise en -huise aansienlik sal uitbrei. Die betrokke faktore behels:

- Suid-Afrikaanse burger of internasionale student;
- voorkeurtaal (Afrikaans, Engels of ander);
- etnisiteit (bruin, swart, Indiër of wit);
- eerste- of nie-eerstegenerasiestudent; en
- ekonomiese klas (vir studente wat finansiële ondersteuningsbeurse nodig het en op grond van 'n middeletoets wel vir die ondersteuning kwalifiseer).

Die hersiene beleid neem ook faktore in ag soos die kwesbaarheid van eerstegenerasiestudente, die behoeftes van studente in die verlengde graadprogramme en die behoeftes van studente met leergestremdhede. Voorts fasiliteer die beleid die aanbeweeg van senior studente na senior koshuise en privaat akkommodasie om meer plek vir nuwelingstudente te maak.

Danksy die verdere implementering van die pendeldiens (wat die kampus makliker bereikbaar maak) en danksy die doelgerigte werwingsaksies wat met fyn inskrywingsbestuur vir die onderskeie akademiese programme gepaard gaan, sal die US se demografiese profiel in die kort tot medium termyn na verwagting wesenlik verander – in ooreenstemming met die transformasieteikens oor die volgende vyf jaar.

Op 'n ander vlak sal die groter aanbod van tegnologies gemedieerde programme nuwe markte onder die werk-en-leer-sektor ontsluit – soos in die verslag van die Taakspan vir Informasie- en Kommunikasietegnologie uitgewys word – en sodoende nie net 'n nuwe inkomstebron ontgin nie, maar ook tot die Universiteit se diversiteitstrewes bydra. Bruin, swart en Indiër-studente maak immers reeds 81% uit van die studente wat tegnologies gemedieerde programme studeer (kyk bladsy 45).

### Toeganklikheid en meertaligheid

Taal as onderrigmedium kan die student se sukses bepaal; in die historiese konteks van die US is taal ook bepalend vir die soort studente wat die US lok. Daarom het die Universiteit hom in die verslagjaar weer eens op die doeltreffende bestuur van sy taalbeplanningsmaatreëls toegelê, met 'n spesiale fokus op die verbetering van die meertalige onderrigmodel.

By wyse van substantiewe monitering en gehalteversekering van die taalhandhawing by ons akademiese programme, is in die loop van 2012 twee belangrike navorsingsverslae gelewer. Uit 'n finale verslag oor die implementering van parallelmediumonderrig (PMO) het geblyk dat PMO in verskillende fakulteite doeltreffend werk en dat dit sonder twyfel groter toeganklikheid en groter studentesukses meebring.

Die ander verslag het gehandel oor die implementeerbaarheid van 'n opvoedkundige tolkstelsel. Met inagneming van die geïmplementeerde modelle by ander Suid-Afrikaanse universiteite en van al die tersaaklike akademiese faktore binne die US-konteks, het die verslag tot die gevolgtrekking gekom dat opvoedkundige tolking noodsaaklik en ook haalbaar is vir 'n beduidende gedeelte van die US se programaanbod. Die implementering is reeds in 2012 deels begin met die oog daarop om dit in die komende jaar beduidend uit te brei. Deur die Meertaligheidsmodel te verstewig sal die tolkstelsel ongetwyfeld die aantreklikheid van die US as hoëronderwysinstelling verhoog onder bruin, swart en Indiër-studente wat andersins nie die US as opsie vir verdere studie sou oorweeg het nie.

### 21ste-eeuse infrastruktuur en fasiliteite

In die verslagjaar is doelgerig aandag gegee aan die infrastruktuur en fasiliteite van die US wat sy toekomstige posisionering en volhoubaarheid moet rugsteun. Op die oog af is die meeste geboue op die sentrale kampus in 'n goeie toestand; maar met die uitdagings van die toekoms in gedagte, moet 'n mens die vraag vra of die fasiliteite doelgeskik is.

Dit is teen hierdie agtergrond dat die US berekend aandag bestee het aan toekomsbeplanning binne 'n groter Kampusontwikkelingsmeesterplan waarin nie net 'n Mobiliteitsmeesterplan vir die uitbreiding van pendeldienste, parkering, en fietsry en voetgangersplanne nie, maar

ook inisiatiewe vir die volhoubaarheid van die omgewing, ingebed is. Dit is ons oortuiging dat 'n wêreldklas- 21ste-eeuse universiteit gekenmerk word deur 'n omgewingsvriendelike fisiese infrastruktuur, ekologies verantwoordbare bedryfspraktyke, 'n volhoubare begroting en voorpunttegnologie en -kommunikasiestelsels.

In die verslagtydperk is ses nuwe geboue ter waarde van R229 miljoen voltooi en in gebruik geneem. Hierdie geboue word gekenmerk deur moderne afwerkings, voorpunttegnologie en doelgerigte aanwendings van omgewingsvriendelike tegnologie – 'groen tegnologie' soos byvoorbeeld herwinbare materiale, gevorderde omgewingsvriendelike lugreëlingstegnologie en energiebesparende beligting (kyk bladsy 11 en 65).

'n Hoëvlakondersoek na fisiese fasiliteite vir moderne en toekomsgerigte onderrigmetodiek en -tegnologie is in 2012 gedoen; die aanbevelings sal in die kort tot medium termyn uitgevoer word.

## FINANSIËLE OORSIG

Die Universiteit Stellenbosch (US) is tot strategiese finansiële beplanning en bestuur met die oog op die langtermyn finansiële volhoubaarheid van die instelling verbind. Juis sulke beplanning word gerig deur die Raad se mandaat aan die Rektor en sy Bestuurspan vir die volgende vyf jaar, met sistemiese klem op die vier strategiese fokusse en gepaardgaande doelwitte van die Universiteit as dryfvere vir volhoubaarheid (kyk voorin).

Die US het daarin geslaag om die 2012 finansiële jaar suksesvol af te sluit te midde van verskeie faktore wat gelei het tot finansiële uitdagings wat die hoof gebied moes word. Sommige van hierdie faktore was onder meer die volatiliteit van internasionale ekonomieë en die impak daarvan op wisselkoerse en derdegeldstroominkomste, die druk waaronder die Suid-Afrikaanse ekonomie verkeer, die impak van die huidige ekonomiese toestand op studente se vermoë om studie- en inwoningsgelde te kan betaal en onverwagse veranderings aan sekere komponente van die berekening vir staatsubsidietoekennings. Dit het uiteindelik tot gevolg gehad dat die subsidie-inkomste vir 2012 laer was as wat begroot is, asook dat studentegetalle afgeneem het, wat meegebring het dat die werklike studiegeldinkomste vir 2012 ook minder was as wat aanvanklik begroot is.

Die vernaamste kenmerke vir die verslagjaar is:

- totale inkomstegroei van 5,7% (10,8% in 2011) tot R3 642 miljoen (R3 446 miljoen), terwyl uitgawes in 2012 met 15,5% (7,0% in 2011) tot R3 359 miljoen toegeneem het.
- inkomstegroei uit privaat skenkings, toekennings en navorsingskontrakte van 6,7% (11,6% in 2011) tot R1 057 miljoen (R991 miljoen in 2011).
- verhoogde befondsing vir steeds groeiende fasiliteits- en toerustingbehoeftes; en
- 'n totale surplus van R283 miljoen, teenoor die surplus van R538 miljoen vir 2011.

Altesaam R138 miljoen van bogemelde surplus bestaan uit onbeperkte Raadsfondse waaroor die Raad gedeeltelike diskresie het. Die res van hierdie surplus (ongeveer R144 miljoen) is toeskryfbaar aan beperkte fondse waaroor die Raad nie diskresie het nie. Die surplus van R138 miljoen kan toegeskryf word aan werklike inkomste wat die werklike uitgawes teenoor die US se hoofbegroting oortref, waar die inkomste uit die begroting vir staatsubsidie en studentegelde- en ander kleiner bydraes, soos 'n persentasie van die toeslagheffing op derdegeldstroominkomste, saamgestel word. Dié bedrag verteenwoordig ongeveer 8% van die totale inkomste wat as onbeperkte fondse gekategoriseer word. Hierdie surplus kan onder andere aan die hoër as begrote inkomste uit renteverdienste en gerealiseerde wins by die verkoop van beleggings toegeskryf word. Van die R138 miljoen is ongeveer R15 miljoen aan uitgawebesparings ten opsigte van institusionele onkoste soos munisipale dienste en posgeld toeskryfbaar. In 2012 het die US vanweë onsekerheid oor langtermyninkomsteverwagtings vir die US konserwatief bestee aan bedryfsuitgawes en salarisgroei beperk. Die subsidieformule vir hoër onderwysinstellings word tans hersien en toekomstige subsidietoedeling is dus onduidelik. 'n Verdere faktor wat tot die onsekerheid oor inkomste bygedra het, was die afname in studentegetalle. Met die 2012 finansiële beplanning is veronderstel dat voorgraadse voltyds ekwivalente studente gemiddeld met 2% gaan groei, terwyl die werklike studentegetalle vir 2012 in vergelyking met 2011 afgeneem het. Die afname in groei van inkomste uit privaat skenkings, toekennings en kontrakte (6,7% in 2012 teenoor 11,6% in 2011 en 15,9% in 2010) dra ook daartoe by dat besteding in 2012 meer konserwatief as in vorige jare was.

Hierdie resultaat is verder die gevolg van onder andere:

- konserwatiewe, geïntegreerde begrotingsbeplanning binne 'n aaneenlopende sesjaar finansiële plan, met inbegrip van 'n gebeurlikheidsreserwe om onvoorsiene gebeure te kan bestuur;
- die voortdurende herontwerp en belyning van bedryfsprosesse om groter kostedoeltreffendheid te verseker, veral op die gebied van fisiese geriewe; en
- die beskikbaarstelling van strategiese fondse ter ondersteuning van nuwe inisiatiewe wat op die realisering van die visie en doelwitte van die Universiteit gerig is.

Bogemelde suksesse bied 'n goeie basis vir voortgesette proaktiewe finansiële beplanning, vordering met die uitwissing van agterstande wat fisiese geriewe en die instandhouding daarvan betref, en die verfyning van die finansiële model wat die Universiteit se strategiese doelwitte en fokusse dien.

### Verslagdoeningstandaarde

Op 29 Augustus 2003 is die Regulasies vir Jaarlikse Verslagdoening deur Hoër Onderwysinstellings deur die Minister van Onderwys in die *Staatskoerant* gepubliseer, wat die rekeningkundige grondslae, praktyke en beleid, asook die formaat van verslagdoening, voorskryf. Hierdie gekonsolideerde finansiële jaarstate is vir die jaar geëindig 31 Desember 2012 in ooreenstemming met die regulasies opgestel. Ingevolge artikel 41(2) van die Wet op Hoër Onderwys, no. 101 van 1997 (soos gewysig tot en met die Regulasies vir Jaarlikse Verslagdoening vir Hoër Onderwysinstellings gedateer 1 Augustus 2007), is universiteite verplig om finansiële jaarstate aan die Departement van Onderwys voor te lê wat aan Suid-Afrikaanse Standpunte oor Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk voldoen. Die Universiteit het die keuse uitgeoefen om *International Financial Reporting Standards* (IFRS) toe te pas. Die oorgangsdatum na IFRS was 1 Januarie 2004.

Ingevolge artikel 4(3)(b) van die Wet op Openbare Oudit, no. 25 van 2004, kan die Ouditeur-Generaal enige instelling wat openbare befondsing ontvang, oudit. Die Ouditeur-Generaal het egter gekies om nie self die oudit van die Universiteit Stellenbosch uit te voer nie, maar het wel spesifieke bykomende opdragte wat aandag moet geniet, aan die Universiteit se aangestelde eksterne ouditeur, PricewaterhouseCoopers Geïnk., gegee. Hierdie bykomende opdragte sluit in die oudit van nakomingswetgewing wat op finansiële aangeleenthede, finansiële bestuur en ander verwante aangeleenthede van toepassing is, die oudit van belangebotsings van Raadslede en werknemers, asook die oudit van prestasie teenoor voorafbepaalde doelwitte, soos deur die Universiteit en die

Minister van Hoër Onderwys en Opleiding ooreengekom is. Vir die jaar onder oorsig was die ministeriële inskrywingsteikens soos in Tabel 3 op bladsy 17 aangedui word, die enigste gekontrakteerde doelwit met die Minister van Hoër Onderwys en Opleiding.

## Inkomste

Figuur 2 toon die groei in die Universiteit se totale inkomste en inkomste met uitsluiting van beleggingswins vir die tydperk van 2008 tot 2012.

### FIGUUR 2: TOTALE INKOMSTE 2008–2012 (RM)




Die samestelling van die Universiteit se inkomste per hoofkomponent, uitgedruk in waarde en na verhouding, verskyn in Figuur 3 en Tabel 4, met vergelykende syfers vir vorige jare.

### FIGUUR 3: TOTALE INKOMSTE PER HOOFKOMPONENT (R3 642M)




### TABEL 4: GROEI EN SAMESTELLING VAN INKOMSTE, TOTAAL EN PER HOOFKOMPONENT, 2008–2012

| | | 2008 | 2009 | Toename/ (Afname) 2008 / 2009 % | 2010 | Toename/ (Afname) 2009 / 2010 % | 2011 | Toename/ (Afname) 2010 / 2011 % | 2012 | Toename/ (Afname) 2011 / 2012 % |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Totale inkomste van herhalende aard, waarvan:** | **Rm** | **2 520** | **2 688** | 6,7 | **3 110** | 15,7 | **3 446** | 10,8 | **3 642** | 5,7 |
| Owerheidstoekennings | **Rm** | 846 | 955 | 12,9 | 1 112 | 16,4 | 1 249 | 12,3 | 1 300 | 4,0 |
| % van inkomste | % | 33,6 | 35,5 | | 35,7 | | 36,5 | | 35,8 | |
| Studente-, inwonings- en ander gelde | **Rm** | 499 | 587 | 17,6 | 682 | 16,1 | 786 | 15,3 | 863 | 9,8 |
| % van inkomste | % | 19,8 | 21,8 | | 21,9 | | 22,9 | | 23,8 | |
| Privaat skenkings, toekennings en kontrakte | **Rm** | 678 | 766 | 13,0 | 888 | 15,9 | 991 | 11,6 | 1 057 | 6,6 |
| % van inkomste | % | 26,9 | 28,5 | | 28,6 | | 28,9 | | 29,0 | |
| Verkope van dienste en produkte | **Rm** | 62 | 69 | 11,3 | 50 | (27,5) | 67 | 34,0 | 68 | 0,9 |
| % van inkomste | % | 2,5 | 2,5 | | 1,6 | | 2,0 | | 1,9 | |
| Gerealiseerde wins by vervreemding van beleggings | **Rm** | 182 | 108 | (40,7) | 186 | 72,2 | 136 | (26,9) | 132 | (3,0) |
| % van inkomste | % | 7,3 | 4,0 | | 6,0 | | 4,0 | | 3,6 | |
| Rente en dividende verdien | **Rm** | 213 | 189 | (11,3) | 189 | - | 196 | 3,7 | 214 | 9,2 |
| % van inkomste | % | 8,5 | 7,0 | | 6,1 | | 5,7 | | 5,9 | |

Soos blyk uit Tabel 4, het totale inkomste van 'n herhalende aard met 5,7% (2011: 10,8%) tot R3 642 miljoen (2011: R3 446 miljoen) toegeneem. Privaat toekennings, skenkings en kontrakte as persentasie van totale inkomste van herhalende aard het van 26,9% in 2008 tot 29,0% in 2012 toegeneem, terwyl owerheidsbydraes oor dieselfde tydperk van 33,6% tot 35,8% toegeneem het. Gegewe die onsekerhede rakende subsidie-inkomste is dit belangrik dat die inkomstestroom ten opsigte van privaat toekennings, skenkings en kontrakte oor tyd 'n groter bydrae tot die Universiteit se totale inkomste sal lewer.

Die laer persentasie groei in privaat skenkings, toekennings en kontrakte in 2012 (6,7% teenoor 11,6% in 2011 en 15,9% in 2010) kan hoofsaaklik aan 'n afname in inkomste uit navorsingskontrakte van 8% in 2012 teenoor groei van 4% in 2011 toegeskryf word. Verder het reële skenkings in 2012 ook teenoor 2011 afgeneem. Hoewel die persentasie afname betreklik klein is (-0,5%), beloop die afname in randwaarde ongeveer R0,8 miljoen. Die uitwerking van die huidige globale ekonomiese toestand blyk duidelik uit die afname in inkomste.

Verder toon Tabel 4 dat die groei in die totale inkomste van 'n herhalende aard in 2012, vergeleke met 10,8% in 2011, laer is (5,7%), wat ook laer as die 6,7%-toename van 2009 is. Die totale inkomste het in nominale terme met 44,5% – van R2 520 miljoen in 2008 tot R3 642 miljoen in 2012 – gegroei.

Inkomste uit studente- en ander[1] gelde het vanaf 2011 met 9,8% toegeneem. Hierdie groei kan aan die algemene studentegeldeaanpassing van 9,5% en 'n aanpassing van 12,5% in huisvestingsgelde toegeskryf word. By die aanpassing van studente- en inwoningsgelde moes faktore soos die onlangse stygende koste van elektrisiteit, munisipale eiendomsbelasting en boukoste bo die normale verbruikersprysindeks (VPI) in ag geneem word. Ten spyte hiervan absorbeer die Universiteit steeds 'n groot deel van die kostedruk van verskeie dienste wat onvermydelik ingekoop moet word teen prysstygings wat dikwels die inflasiekoers oorskry. Hoewel die owerheidstoekenning steeds toeneem, was die persentasie toename in 2012 wesenlik laer as in 2011. Een van die redes hiervoor is die toekenning van die Nasionale Navorsingstigting (NNS) wat R31 miljoen minder as in 2011 is. Die verwagting is dan ook dat die owerheidstoekenning met 'n kleiner persentasie sal bly groei of selfs kleiner sal word, gegewe die beplanning vir twee bykomende universiteite asook die onsekerhede wat met die ontwikkeling van 'n nuwe befondsingsformule vir hoër onderwysinstellings gepaard gaan.

## Uitgawes

Figuur 4 toon die groei van totale uitgawes sedert 2008.

### FIGUUR 4: TOTALE UITGAWES 2008–2012 (RM)




Die samestelling van die Universiteit se uitgawes per hoofkomponent, uitgedruk in waarde en na verhouding, verskyn in Tabel 5 en Figuur 4, met vergelykende syfers vir vorige jare.

### TABEL 5: GROEI VAN TOTALE UITGAWES EN PERSONEELKOSTE, 2008–2012

| | | 2008 | 2009 | Toename/ (Afname) 2008 / 2009 % | 2010 | Toename/ (Afname) 2009 / 2010 % | 2011 | Toename/ (Afname) 2010 / 2011 % | 2012 | Toename/ (Afname) 2011 / 2012 % |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Totale uitgawes van herhalende aard, waarvan:** | **Rm** | **1 980** | **2 375** | 19,9 | **2 718** | 14,4 | **2 908** | 7,0 | **3 359** | 15,5 |
| Personeelkoste | **Rm** | 886 | 1 012 | 14,2 | 1 198 | 18,4 | 1 332 | 11,2 | 1 511 | 13,4 |
| % van uitgawes | % | 44,7 | 42,6 | | 44,1 | | 45,8 | | 45,0 | |

[1] Ander gelde sluit inwonings-, lidmaatskap- en klasnotagelde in, asook ander uitgawes wat teen studenterekenings gehef mag word, soos deur die Studentegeldekomitee goedgekeur.

## FIGUUR 5: TOTALE UITGAWES PER HOOFKOMPONENT (R3 359M)




Die totale uitgawes vir 2012 het met 15,5% (2011: 7,0%) tot R3 359 miljoen (2011: R2 908 miljoen) toegeneem. Die Universiteit se voortgesette vernuwing van begrotings- en bedryfsprosesse word op groter koste-effektiwiteit en verbeterde dienslewering gemik.

Die uitgawegroei ten opsigte van onbeperkte fondse was slegs 10,4% teenoor totale uitgawegroei van 15,5%. Hierdie effens laer besteding kan toegeskryf word aan meer konserwatiewe besteding teen die hoofbegroting (hoofsaaklik befonds uit subsidie- en studentegeldinkomste) as gevolg van onsekerhede ten opsigte van langertermyninkomsteverwagtings om redes wat reeds vroeër in hierdie oorsig aangedui is.

Die toename in personeelkoste kan onder andere aan 'n salarisaanpassing van 8,5% in 2012 vir alle personeel wat kwalifiseer, en 6% gemiddelde groei in die getal voltydse permanente personeel toegeskryf word. Verdere personeelkostegroei kan toegeskryf word aan 'n toename in betalings aan tydelike personeel, wat met die styging in derdegeldstroominkomste verband hou. In Figuur 6 hieronder word 'n vergelyking tussen die groei in personeelkoste teenoor die groei in ander bedryfsuitgawes oor die afgelope vyf jaar getref.

## FIGUUR 6: VERGELYKING VAN PERSONEELKOSTE MET BEDRYFSUITGAWES, 2008–2012 (RM)




### Beskikbare fondse

Die Universiteit Stellenbosch bestuur sy fondse om te verseker dat hy as lopende saak sal voortbestaan. Fondse bestaan uit beperkte en onbeperkte fondse. Beperkte fondse bestaan uit bedryfs-, lenings-, skenkings- en vastebate-fondse met bepaalde voorwaardes vir aanwending. Onbeperkte fondse is daardie fondse wat die Raad diskresionêr kan aanwend. Binne die poel onbeperkte fondse is fondse wat vir spesifieke doeleindes geoormerk is en dus nie sonder meer aangewend kan word vir ander doeleindes as waarvoor dit geoormerk is nie. 'n Voorbeeld hiervan is onder andere die US se Versekeringsreserwefonds waarvoor 'n afsonderlike reglement bestaan wat die aanwending daarvan bepaal, asook die Strategiese Fonds van die Universiteit en die balansfondse van omgewings wat ooreenkomstig goedgekeurde omgewingsplanne vir strategiese en bedryfsdoelwitte geoormerk is. Tabel 6 hieronder toon die groei in beskikbare fondse en langtermynbeleggings oor die afgelope vyf jaar.

## TABEL 6: BESKIKBARE FONDSE EN LANGTERMYNBELEGGINGS, 2008–2012

| | | 2008 | 2009 | Toename/ (Afname) 2008 / 2009 % | 2010 | Toename/ (Afname) 2009 / 2010 % | 2011 | Toename/ (Afname) 2010 / 2011 % | 2012 | Toename/ (Afname) 2011 / 2012 % |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Fondse beskikbaar, waarvan:** | **Rm** | **6 166** | **6 736** | 9,2 | **7 227** | 7,3 | **7 805** | 8,0 | **8 534** | 9,3 |
| Langtermynbeleggings | **Rm** | 2 399 | 2 883 | 20,2 | 3 217 | 11,6 | 3 492 | 8,6 | 4 930 | 41,2 |
| as % van fondse beskikbaar | % | 38,9 | 42,8 | | 44,5 | | 44,7 | | 57,8 | |

Die netto toename van R729 miljoen in beskikbare fondse van 2011 tot 2012 verteenwoordig 'n afname van R13 miljoen in onbeperkte fondse, 'n toename van R296 miljoen in beperkte fondse en 'n toename van R446 miljoen in die billikewaarde-reserwe. Die besluit van die US Beleggingskomitee in 2012 om 'n bedrag van R750 miljoen uit die korttermynkontantbeleggingsfondse (geldmark) van die US na die langtermynbeleggingsfondse van die US te skuif het onder meer tot die groei in die billikewaarde-reserwe bygedra. Beperkte en onbeperkte fondse beskikbaar word teen boekwaarde in die staat van finansiële posisie getoon. Die markwaarde van die fondse beskikbaar, die herwaardasiereserwe uitgesluit, indien die billikewaarde-reserwe toegedeel word, is soos volg:

| | 2012 R000 | 2011 R000 |
|---|---|---|
| Beperkte fondse | 4 963 306 | 4 398 553 |
| Onbeperkte fondse | 1 032 124 | 867 342 |
| Geoormerkte reserwes | 515 166 | 495 400 |
| Ongeoormerkte reserwes | 516 958 | 371 942 |
| Fondse teen markwaarde beskikbaar | 5 995 430 | 5 265 895 |

Die Universiteit se beskikbare fondse en netto batewaarde het toegeneem en is finansieel gesond, maar daar is ook bepaalde risiko's wat in ag geneem moet word. Van die belangrikste risiko's wat geïdentifiseer is, is die onbekende uitwerking wat die verwagte verandering in die subsidieformule op die Universiteit se eerste geldstroom sal hê, die impak van die swak globale ekonomiese toestande op inkomste uit skenkings en navorsingskontrakte, asook studente se vermoë om rekeningverpligtings na te kom. Die Universiteit sal hierdie uitdagings deur sy strategiese benadering tot finansiële beplanning en bestuur aanpak.

## Beleggings in ongenoteerde filale en geassosieerde maatskappye

Hieronder volg 'n skematiese voorstelling van die Universiteit Stellenbosch se groepstruktuur.



Die Universiteit het soos op 31 Desember 2012 die volgende beleggings in ongenoteerde filiale gehad:

| | |
|---|---|
| **Naam van maatskappy:** | InnovUS Tegnologie Oordrag (Edms) Bpk |
| **Aard van aktiwiteite:** | Kommersialisering van intellektuele eiendom en bronne van die Universiteit Stellenbosch vir navorsing, opleiding en gemeenskapsinteraksie |
| **Effektiewe aandelebesit:** | 100% |
| **Boekwaarde van belang:** | |
| **- Aandele** | R1 000 |
| **- Lening** | R2 322 886 |

| | |
|---|---|
| **Naam van maatskappy:** | Unistel Eiendomme (Edms) Bpk |
| **Aard van aktiwiteite:** | Dormant |
| **Effektiewe aandelebesit:** | 100% |
| **Boekwaarde van belang:** | |
| **- Aandele** | R1 000 |
| **- Lening** | Nul |

Die gekonsolideerde finansiële jaarstate sluit soos op 31 Desember 2012 die volgende trusts in:

| | |
|---|---|
| **Naam van trust:** | Stellenbosch Trust |
| **Aard van aktiwiteite:** | Fondswerwing en belegging van skenkingsfondse |
| **Lening aan trust:** | Nul |

| | |
|---|---|
| **Naam van trust:** | Die Stellenbosch Ontwikkelingstrust |
| **Aard van aktiwiteite:** | Belegging in eiendom vir onderrig- en navorsingsaktiwiteite |
| **Lening aan trust:** | Nul |

| | |
|---|---|
| **Naam van trust:** | US Beleggingstrust |
| **Aard van aktiwiteite:** | Aanwending van die kennisbasis van die Universiteit vir beleggings tot voordeel van die Universiteit se doelwitte |
| **Boekwaarde van belang:** | |
| **- Belegging** | R100 |
| **- Lening** | Nul |

Die Universiteit het soos op 31 Desember 2012 die volgende beleggings in 'n geassosieerde maatskappy gehad:

| | |
|---|---|
| **Naam van maatskappy:** | USB Bestuursontwikkeling Bpk |
| **Aard van aktiwiteite:** | Ontwikkeling en aanbieding van bestuursontwikkelingprogramme en verskaffing van konsultasiedienste |
| **Effektiewe aandelebesit:** | 48,8% |
| **Boekwaarde van belang:** | |
| **- Belegging** | R7 524 000 |
| **- Lening** | Nul |

Die US Beleggingstrust, waarvan die Universiteit die alleenbegunstigde is, het soos op 31 Desember 2012 die volgende beleggings in ongenoteerde filiale en geassosieerde maatskappye gehad:

| | |
|---|---|
| **Naam van maatskappy:** | Aquastel (Edms) Bpk |
| **Aard van aktiwiteite:** | Ontginning van akwakultuurtegnologie |
| **Effektiewe aandelebesit:** | 100% |
| **Boekwaarde van belang:** | |
| **- Belegging** | R1 000 |
| **- Lening** | Nul |

| | |
|---|---|
| **Naam van maatskappy:** | Sun Media Stellenbosch (Edms) Bpk |
| **Aard van aktiwiteite:** | Uitgewery en drukdienste |
| **Effektiewe aandelebesit:** | 55% |
| **Boekwaarde van belang:** | |
| **- Belegging** | R1 000 |
| **- Lening** | Nul |

| | |
|---|---|
| **Naam van maatskappy:** | Sun Space and Information Systems (Edms) Bpk |
| **Aard van aktiwiteite:** | Ontwikkeling en vervaardiging van mikrosatelliete en satellietsubstelsels Die maatskappy ondergaan tans besigheidberedding. |
| **Effektiewe stemreg:** | 26% |
| **Boekwaarde van belang:** | |
| **- Belegging** | Nul |
| **- Lening** | Nul |

| | |
|---|---|
| **Naam van maatskappy:** | Unistel Geneeskundige Laboratoriums (Edms) Bpk |
| **Aard van aktiwiteite:** | Verskaffing van genetiese, diagnostiese en toetsingsdienste vir mense en diere |
| **Effektiewe stemreg:** | 35% |
| **Boekwaarde van belang:** | |
| **- Belegging** | R2 784 000 |
| **- Lening** | Nul |

InnovUS Tegnologie Oordrag (Edms) Bpk, 'n volfiliaal van die Universiteit, het op 31 Desember 2012 die volgende beleggings in ongenoteerde filiale gehad:

| | |
|---|---|
| **Naam van maatskappy:** | Unistel Tegnologie (Edms) Bpk |
| **Aard van aktiwiteite:** | Ontginning van die Hysucat®- en Hysuwac®-handelsmerk en -waterfiltreerstelsel |
| **Effektiewe aandelebesit:** | 100% |
| **Boekwaarde van belang:** | |
| **- Belegging** | R1 000 |
| **- Lening** | R4 970 143 |

| | |
|---|---|
| **Naam van maatskappy:** | Stellenbosch Universiteit Sportprestasie-instituut (Edms) Bpk |
| **Aard van aktiwiteite:** | Verskaffing van sportverwante dienste (kommersialisering van sportbates) |
| **Effektiewe aandelebesit:** | 100% |
| **Boekwaarde van belang:** | |
| **- Belegging** | R1 000 |
| **- Lening** | R6 945 000 |

InnovUS Tegnologie Oordrag (Edms) Bpk, 'n volfiliaal van die Universiteit, het op 31 Desember 2012 die volgende beleggings in ongenoteerde geassosieerde maatskappye gehad:

| | |
|---|---|
| **Naam van maatskappy:** | Stellenbosch Nanofiber Company (Edms) Bpk |
| **Aard van aktiwiteite:** | Kommersialisering van nanoveseltegnologie |
| **Effektiewe aandelebesit:** | 45% |

| | |
|---|---|
| **Naam van maatskappy:** | Stellenbosch Wind Energy Technologies (Edms) Bpk |
| **Aard van aktiwiteite:** | Kommersialisering van windenergiegenereringstegnologie |
| **Effektiewe aandelebesit:** | 40% |

## NUWE VISIE IN VOORUITSIG GESTEL

Die verslagjaar was vir die US 'n tyd van uitmuntende prestasie ook op die gebied van die akademie. Gesamentlik het die US se prestasies ons in staat gestel om aan die begin van my tweede termyn reeds die kontoere te trek van 'n nuwe visie vir die US as moderne universiteit en akademiese leier op weg na 2018 – ons eeufeesjaar. Daarvoor moet ek die toegewyde personeel en die uitsonderlike studentekorps bedank. My opregte dank ook aan ons alumni, wie se onbaatsugtige betrokkenheid by en finansiële investering in ons HOOP Projek-inisiatiewe in 2012 duidelik hulle trots op hul alma mater en hul verbintenis tot haar gedemonstreer het.

**PROF HR BOTMAN**
REKTOR EN VISEKANSELIER

amaMATIES
bemagtiging deur vriendskap
empowerment through friendship

# VERSLAE VAN DIE REKTOR SE BESTUURSPAN

Die Universiteit Stellenbosch se institusionele bestuurspan – algemeen bekend as die Rektor se Bestuurspan – bestaan uit die Rektor, en uit die drie viserektore en die Uitvoerende Direkteur wat elkeen 'n bepaalde oorkoepelende verantwoordelikheidsentrum bestuur.

Die Rektor se kantoor is verantwoordelik vir strategiese boodskappe en vir die Institusionele Plan. Ook is dit die plek waar die integrasie tussen die Institusionele Plan en die oorkoepelende HOOP Projek plaasvind. Die vyf ontwikkelingstemas van die HOOP Projek, die goedgekeurde inisiatiewe daarvan en die strategiese fokusse word naamlik by die Universiteit se kernaktiwiteite – leer en onderrig, navorsing en innovasie, en gemeenskapsinteraksie en personeel – geïntegreer. Hierdie geïntegreerde geheel verskaf die raamwerk waarbinne die verskillende verantwoordelikheidsentra op hulle beurt hulle geïntegreerde omgewingsplanne opstel en op grond waarvan, sover prakties moontlik, die brontoedelings bepaal word.

In 2012 is twee nuwe viserektore aangestel en die onderskeie portefeuljes is terselfdertyd aangepas. Prof Arnold Schoonwinkel is aangestel as Viserektor (Leer en Onderrig), en prof Eugene Cloete as Viserektor (Navorsing en Innovasie). Aangesien die Senaat grootliks die Universiteit se akademiese belange verteenwoordig, is daar in 2012 besluit dat die dekane van die tien fakulteite voortaan aan die Rektor, wat die Voorsitter van die Senaat is, moet rapporteer en nie meer soos in die verlede aan die Viserektor (Onderrig) nie.

Prof Magda Fourie-Malherbe se termyn as Viserektor (Onderrig) het in Februarie 2012 verstryk. Sy geniet wye erkenning vir haar puik bydraes in die Suid-Afrikaanse hoëronderwyssektor en binne die US is daar ook groot waardering vir haar toewyding aan die akademieskap van leer en onderrig. Prof Wynand van der Merwe het as viserektor waargeneem totdat prof Schoonwinkel op 1 September 2012 diens aanvaar het. Prof Eugene Cloete het op dieselfde dag in sy viserektorspos begin. Prof Doug Rawlings het as Viserektor (Navorsing) waargeneem na prof Arnold van Zyl (vorige Viserektor (Navorsing)) vroeg in 2012 by Chemnitz Universiteit in Duitsland die rektorspos aanvaar het.

Prof Julian Smith het die portefeulje van Viserektor (Gemeenskapsinteraksie en Personeel) onveranderd behou, en so ook prof Leopoldt van Huyssteen sy portefeulje as Uitvoerende Direkteur: Bedryf en Finansies.

In hierdie hoofstuk doen die lede van die Rektor se Bestuurspan uitvoerig verslag oor hulle onderskeie verantwoordelikheidsentra. Die verslae bied 'n uiteensetting van hoe hulle geïntegreerde planne en die sakeplanne van die entiteite onder hul bestuur 'n stewige platform gevestig het vir die strategiese rigting wat die US as 21ste-eeuse universiteit ingeslaan het. Dié rigting behels die volgende primêre strategiese fokusse:

- die behoud en uitbou van sy kundigheidsbasis;
- die bevordering van studentesukses;
- die verbreding van personeel- en studentediversiteit; en
- die beveiliging van sy sistemiese volhoubaarheid as instelling.

# VERSLAG VAN DIE VISEREKTOR
## (LEER EN ONDERRIG)

## PROF ARNOLD SCHOONWINKEL

Die verantwoordelikheidsentrum vir Leer en Onderrig is by uitstek toegespits op die akademiese sukses en persoonlike welwees van ons studente. Studentesukses en die lewering van gesogte graduandi kan by die US aan talle inisiatiewe toegeskryf word – soos verbeterde leer- en onderrigprosesse, finansiële en emosionele ondersteuning, taalondersteuning, loopbaan- en leierskapsontwikkeling, gemeenskapsbetrokkenheid en integrasie tussen dagstudente en koshuisbewoners. In 2012 is besondere klem op die integrasie tussen studente se in-klas- en buite-klas-ervaring gelê danksy die eerste klusterdorpie.

Baie van dié geslaagde inisiatiewe is tegelykertyd sleutels tot die transformasie van die kampusgemeenskap, met inbegrip van groter diversiteit onder ons studente. Nuwe maatreëls in 2012 om diversiteit te bevorder was kampusbesoeke vir top- swart leerders, die eerste kamp vir eerstegenerasiestudente, wysigings in die programaanbod, inskrywingsbeplanning, die tredhoustelsel en die beskikbaarstelling van meer beurse naas die Werwingsbeursprojek.

Die US steun noodwendig op die fondswerwingsinisiatiewe van die HOOP Projek om sy beursaanbod volhoubaar te bestuur en selfs uit te bou, en om voorlopertegnologie en -fasiliteite te ontwikkel ter wille van studente- en personeelsukses. (kyk bladsy 11 en 65)

Die Afdeling vir Studente- en Akademiese Steun (SAS), en veral sy Sentrum vir Onderrig en Leer, speel 'n sleutelrol in die opleiding van dosente en in akademiese innovasie. Dit sluit ten nouste aan by die eerste fokus – die uitbou van die kundigheidsbasis – en by die vierde fokus – sistemiese volhoubaarheid.

SAS, wat 'n groot verskeidenheid dienste aan ons studente en dosente lewer, is in 2012 ekstern geëvalueer. Die verslag loof die professionele kundigheid wat in die verskeie sentrums opgebou is en beaam dat veel hiervan die beste praktyke in akademiese steun en ontwikkeling beliggaam. Die verslag maak ook enkele aanbevelings oor SAS se herposisionering, byvoorbeeld vir 'n beter eenstopdiens aan voornemende studente.

Die veranderings wat die US se uitvoerende bestuur ten opsigte van die verantwoordelikheidsentrum vir Leer en Onderrig aanbeveel het, sal, danksy gepaste leer- en onderrigprosesse, die US goed posisioneer as 21ste-eeuse universiteit. Hierdie prosesse lewer 'n deurslaggewende bydrae tot studente se akademiese sukses, wat een van die Universiteit se vier strategiese fokusse vir die volgende vier jaar is. Naas die formele onderrig-en-leer-situasie, werk ook ander faktore op studentesukses in. Oor al hierdie faktore word vervolgens verslag gedoen.

### STUDENTESUKSES EN DIE IN-KLAS-ERVARING

Die tien fakulteite is direk vir ons studente se in-klas-ervaring verantwoordelik – deur die verskaffing van onderrig- en leergeleenthede. Verskeie steundiensafdelings lewer egter daarnaas veelvuldige indirekte bydraes tot die vernuwing en verbetering van studente se in-klas-ervaring (kurrikulêre ervaring). Byvoorbeeld, die Sentrum vir Onderrig en Leer (SOL), wat op oorkoepelende leer- en onderrigaangeleenthede fokus, het die afgelope jaar belangrike bydraes gelewer deur werksaamhede soos dié hieronder aangestip:

- In gesprekke oor 'n profiel vir ons graduandi is 'n hoë mate van konsensus bereik oor die gewenste eienskappe by die tipiese US-graduandus: 'n ondersoekende gees, 'n betrokke burger, 'n dinamiese beroepsmens en 'n afgeronde individu.
- Leiding is gegee in 'n taakspan wat begin het met die ontwikkeling van 'n nuwe institusionele strategie vir onderrig en leer.
- Die Direkteur het nasionaal en in ons eie geledere die leiding geneem vir die erkenning van uitnemendheid in onderrig. Een van die vyf nasionale HELTASA/Raad vir Hoër Onderwys-pryse vir uitnemende onderrig is aan 'n US-dosent, prof Geo Quinot, toegeken.
- Die taakspan verantwoordelik vir die Assesseringsbeleid het 'n dinamiese en buigsame assesseringsisteem op 'n proefbasis geloods.

- In noue samewerking met verskeie fakulteite, veral Natuurwetenskappe en Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, is innoverende benaderings ontwikkel om studentebetrokkenheid in groot klasse te bevorder.
- In noue samewerking met fakulteite is die R4 miljoen wat die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding vir onderrigontwikkeling toegeken het, sinvol en betyds aangewend.
- In noue samewerking met die Sentrum vir Studentevoorligting en -ontwikkeling en met die Afdelings Informasietegnologie en Fasiliteitsbestuur is 'n lokaal, bekend as Den Bosch, as opleidingsimulator ingerig. Hier kan dosente nuwe toerusting, en in die besonder nuwe leer- en onderrigtegnologie, uittoets.
- SOL het die mees suksesvolle interne konferensie nog oor die Akademieskap van Onderrig en Leer aangebied, waar akademici uit al die fakulteite mekaar se beste praktyke kon leer ken tot voordeel van die dosentegemeenskap.

Taal as onderrigmedium kan die student se sukses bepaal. Die Taalsentrum, wat sy tiende bestaansjaar in die verslagjaar gevier het, het weer eens omgesien na die effektiewe bestuur van die Universiteit se taalbeplanningsmodel, met die fokus steeds op die versterking van die meertalige onderrigmodel.

In die loop van die jaar is twee belangrike navorsingsverslae gelewer. 'n Finale verslag oor parallelmedium-onderrig (PMO) het aangetoon dat dit in verskeie fakulteite doeltreffend beoefen word en dat dit sonder twyfel tot toeganklikheid en studentesukses bydra. Die tweede verslag, oor die implementeerbaarheid van 'n opvoedkundige tolkstelsel, het 'n duidelike slotsom bereik: so 'n stelsel is noodsaaklik en ook haalbaar. Die daaropvolgende voorlegging aan die Rektor se Bestuurspan is aanvaar, en die proses om 'n opvoedkundige tolkstelsel in te bring is aan die gang. Dit demonstreer die Universiteit se verbintenis tot die vestiging van 'n effektiewe meertalige taalbeplanningsmodel.

Die gebruiklike taalsteun in fakulteite is voortgesit en, trouens, verder verfyn. Die taalspesifikasies word grootliks konsekwent toegepas. 'n Verslag onder leiding van SOL is uitgebring na aanleiding van die studente se antwoorde oor taal in die terugvoervraelys; die resultate dui op 'n breë basis van steun en tevredenheid.

Die Taalsentrum het in sy tiende bestaansjaar weer 'n reeks beduidende dienste gelewer, waaronder:
- taalsteun aan nagenoeg 2 500 studente in kredietdraende taalmodules (taalverwerwing en akademiese geletterdheid);
- kortkursusse in Afrikaans, Engels en Xhosa;
- skryfkonsultasies vir ongeveer 3 900 studente;
- meer as 50 werkswinkels vir ongeveer 1 100 nagraadse studente;
- taaldienste soos vertaling, tolking en redigering;
- taaltoetsing van ongeveer 4 500 nuwelingstudente;
- die ontwikkeling van drietalige terminologielyste en van 'n databasis vir terminologie; en
- die bekendstelling van 'n e-leerprogram, Dinklees met 'n Plan: Kursus in Gevorderde Leesvaardighede.

Die feesjaar van die Taalsentrum is gekenmerk deur 'n reeks gaslesings, werkswinkels, kompetisies vir studente en twee simposia (oor meertaligheid en die bevordering van die Afrikatale).

## STUDENTESUKSES EN DIE BUITE-KLAS-ERVARING

Verskeie omgewings in die Leer en Onderrig-portefeulje het in die verslagjaar meegewerk aan studentesukses met die fokus op die buite-klas-ervaring (ko-kurrikulêre ervaring).

Die Sentrum vir Studentegemeenskappe (SSG) bevorder studentesukses deur onder andere die organisatoriese en fisiese strukture te beplan en te verskaf vir 'n omgewing waarin studente kan gedy en sukses behaal. Die amaMaties-klusterdorpie is vanjaar gevestig met die inwyding van die amaMaties-naaf (of *Hub*) en amaMaties Deli wat tot 02:00 oop is (kyk bladsy 11). Die planne vir die vestiging van die tweede klusterdorpie is afgehandel; die bouwerk het reeds begin. Die klusterinisiatief beoog om koshuis- en privaat studente al hoe meer te integreer in studentegemeenskappe in die buite-klas-omgewing. Terselfdertyd word die studente se buite-klas-belewenis al hoe meer met die in-klas-ervaring geïntegreer. Die bouwerk aan die uitbreiding van verskeie koshuise het uiteindelik begin en sal in 2014 'n verdere 772 beddens beskikbaar stel.

Die mentorstelsel is steeds een van die dryfkragte vir eerstejaars se suksesvolle inskakeling en aanpassing, asook vir die mentors se eie ontwikkeling. In 2012 is die stelsel hersien sodat dit ook op die studente se ontwikkeling fokus, nie bloot op hulle probleme of gebreke nie.

Die Sentrum vir Studentesake (SSS) het voortgewerk om sy aktiwiteite op drie hoofterreine te konsolideer en uit te bou, naamlik studentewelwees en algemene ondersteuning, gemeenskapsbetrokkenheid, en leierskapsontwikkeling en ondersteuning aan studentebestuurstrukture (*governance*).

Die Frederik van Zyl Slabbert Instituut vir Studenteleierskaps-ontwikkeling het met rasse skrede gegroei en talle studente het by die Instituut se werksaamhede ingeskakel. Meer as 250 studente en fasiliteerders het kortkursusse en programme aan die Instituut voltooi.

Matie Gemeenskapsdiens (MGD) bied aan studente uitstekende geleenthede om betrokke te wees by gemeenskapsinteraksie. Die verslagjaar was die geboortejaar van MAL² – Maak Ander Lewens Makliker viA Liefdadigheid (*MAD² – Make A Decision to Make A Difference*), wat die ou JOOL vervang het. Ten spyte van geweldige uitdagings, het ons studente met baie inisiatief, met groot entoesiasme en toewyding en met harde werk daarin geslaag om byna R600 000 vir MGD in te samel. Die grootste gedeelte van die opbrengs word, soos gebruiklik, via MGD se Eenstopdiens teruggeploeg in meer as 40 gemeenskapsinteraksie-studenteprojekte.

Die aanstelling van ’n maatskaplike werker het baie gehelp om seker te maak dat studente met maatskaplike behoeftes ondersteun word en nie onnodig hul studie staak of akademies agter raak nie. Die verskaffing van basiese toiletware aan ongeveer 80 studente met die hulp van die organisasie *Gift of the Givers*, asook die Werkstudieprogram, het deel uitgemaak van die verlening van noodsaaklike hulp aan behoeftige studente. Die maatskaplike werker is lid van ’n multiprofessionele span van die Universiteit wat ál ons studente ter beskikking staan.

Die ko-kurrikulêre transkrip, wat die formele erkenning van hul prestasies in ko-kurrikulêre aktiwiteite weerspieël ten einde aan ons studente ’n kompeterende voordeel bo dié van ander universiteite te gee, is deur die Rektor se Bestuurspan goedgekeur. Dié inisiatief is die afgelope twee jaar sterk deur die Studenteraad, en veral die voorsitters van die Akademiese Belangeraad, gedryf.

Die Sentrum vir Voornemende Studente (SVS) streef daarna om tot studentesukses by te dra deur gefokusde inisiatiewe soos *Careers@Maties*, ’n gemeenskapsdiensprojek wat beroepsassessering en inligting oor studiemoontlikhede aan topleerders uit voorheen benadeelde skole bied; loopbaankeuse- en vakkeuse-assessering deur geregistreerde sielkundiges; gesprekke tussen adviseurs, voornemende studente en hul ouers; loopbaanuitstallings; en ’n diens aan kampusbesoekers. In 2012 het die SVS, vir die eerste keer, ’n kamp vir eerstegenerasiestudente aangebied.

Terselfdertyd dra die SVS tot die bereiking van die US se transformasie- en diversiteitsdoelwitte by deur verskeie inisiatiewe, waaronder besoeke aan skole; die werwing van bruin, swart en Indiër-kandidate via die Werwingsbeursprojek; kampusbesoeke vir uitgesoekte swart leerders danksy die *Visit@Maties*-projek en vir leerders van uitgesoekte skole op *’n Dag in die Lewe van ’n Matie*; Rektorsetes met toppresteerders; en die Matrikulant van die Jaar-wedstryd.

## ADMINISTRATIEWE, FINANSIËLE EN PROFESSIONELE ONDERSTEUNING AAN STUDENTE

Die Sentrum vir Studentevoorligting en -ontwikkeling (SSVO) het die afgelope jaar weer ’n hoogs beduidende rol aan ons Universiteit vervul deur akademiese voorligting en loopbaanontwikkeling, deur onontbeerlike ondersteuning aan al ons studente met spesiale leerbehoeftes (gestremdhede), deur noodsaaklike psigoterapeutiese dienste, en deur ’n 24-uur-Krisisdiens, ontwikkelingswerkswinkels en ondersteuningsgroepe. Deur aksies soos dié hieronder, het SSVO bygedra tot al vier die institusionele fokusse:

- Studentewelwees en -sukses is die Sentrum se primêre diensfokus in sowel die terapeutiese as die voorligtings- en ontwikkelingsomgewing. Die positiewe uitkomste hiervan kan vanuit impakstudies geïllustreer word. Innoverende, doeltreffender, maniere om hulp aan die studente te verleen word tans oorweeg. Die 24-uur-Krisisdiens, wat in 2012 dwarsoor die kampusse en in ’n groot verskeidenheid van komplekse situasies beskikbaar was, lewer ondersteuning by fisiese, emosionele en seksuele trauma.
- Die Sentrum het sy kundigheidsbasis verder uitgebou deur middel van strategiese aanpassings van en vernuwings aan die *Psychology CPD Well*-program vir voortgesette professionele ontwikkeling (waarby hy 1 351 sielkundiges, verteenwoordigend vir alle registrasiekategorieë in Suid-Afrika en internasionaal, betrek het). Terselfdertyd het die Sentrum se geakkrediteerde intern-opleidingsprogram bykomende geleenthede vir netwerkskakeling met sowel die Beroepsraad vir Sielkunde as die medewerkende akademiese departemente aan die Universiteit meegebring.

- Gregg Ricks, voormalige Studentedekaan van Stanford Universiteit in die VSA, het 'n personeelontwikkelingsessie met transformasie en diversiteit as tema in die Sentrum gefasiliteer.
- Ten einde volhoubaarheid te help verseker, het die Sentrum vanjaar meegewerk aan die ontwerp en inrig van 'n leer- en onderrigsimulator (Den Bosch) en aan 'n omvattende navorsingsprojek om studentementors as welweesfasiliteerders op te lei. 'n Navorsingsprojek is ook onderneem om die oorskakeling in 2013 na 'n meer voorkómende model vir akademiese voorligting en ontwikkeling te fasiliteer.

Die Afdeling Akademiese Administrasie (Registrateursafdeling, Kliëntedienssentrum en Beurse en Lenings), wat oor drie kampusse versprei is en uit 19 onderafdelings bestaan, het weer eens 'n effektiewe diens aan die publiek, die personeel van die US, en die studente en hulle ouers gelewer. Slegs enkele aktiwiteite word hier uitgelig.

Die Kliëntedienssentrum het weer eens meegewerk om die Afdeling se diens vinnig en doeltreffend te laat verloop. Die Sentrum het byvoorbeeld 66% van die 170 485 telefoniese navrae gehanteer sonder om dit na 'n volgende afdeling hoef te herlei.

'n Aanbevelingsverslag oor 'n geïntegreerde strategiese plan vir beurse en lenings vir die tydperk 2013 tot 2017 is deur die Rektor se Bestuurspan aanvaar. Die doel met dié plan is om akademiese uitnemendheid uit te bou, diversiteit te verbreed en behoeftigheid te verlig deur die optimale aanwending van die beskikbare finansiële bronne. In 2012 is daar aan beurse en lenings vir voorgraadse studente altesaam R288,1 miljoen uitbetaal. Dít verteenwoordig sowat 50% van die bedrag wat aan klasgeld gehef is.

Ten slotte, die Afdeling het meegewerk om die US se komplekse stelsel van inskrywingsbeplanning en -bestuur vlot te bedryf. Vir 2012 het meer as 80% van die voornemende studente die hoogs doeltreffende studente-inligtingstelsel op die internet gebruik om elektronies aansoek om toelating te doen.

## MONITERING VAN STUDENTEVORDERING EN -SUKSES

Deur middel van onder meer 'n tredhoustelsel moniteer die Universiteit die vordering van sy studente deurlopend ten einde dié wat akademies onderpresteer en spesiale ondersteuning nodig het, vroegtydig te identifiseer en toepaslike ondersteuning vir hulle aan te bied. Met die tredhoustelsel grootliks webgebaseerd, kan akademiese bestuurders vinniger en effektiewer besluite neem.

Belangrike temas by die Tredhou-Eenheid se navorsing is die invloede op studenteprestasie, met inbegrip van betroubare voorspellings daaroor. In hierdie navorsing maak ons gebruik van byvoorbeeld insigte uit internasionale navorsing oor die positiewe sielkunde en die welwees- en stereotipebedreigingsbenadering, en van die Grit-vraelys, ontwerp vir die meet van deursettingsvermoë. Ons navorsing werp lig op die faktore wat ons studente se prestasie die sterkste beïnvloed en bied só 'n basis vir ondersteunings- en ontwikkelingsaksies om hul sukses te vergroot.

Die Afdeling Institusionele Navorsing en Beplanning (INB) versamel, ontleed en interpreteer inligting oor die Universiteit Stellenbosch, en oor hoër onderwys in die algemeen, ten einde getuienisgebaseerde besluitneming aan die Universiteit te help bevorder. INB het ook tot taak om die Universiteit se akademiese beplanningsprosesse en studieprogramme, sy inskrywingsbeplanning en sy gehalteversekering te ondersteun en om ons amptelike inligting aan die owerheid (subsidiehalwe) en aan ander belanghebbers te rapporteer.

Gedurende 2012 het die Afdeling INB verskeie inisiatiewe onderneem om die datakwaliteit, en die middele vir die inligtingsonttrekking (byvoorbeeld die US-Inligtingskafeteria), nog verder te verbeter. In die vooruitsig van nuwe nasionale wetgewing oor toegang tot inligting en oor die beskerming van persoonlike inligting, is daar goed gevorder met die opstel van 'n oorhoofse inligtingbestuursbeleid vir die Universiteit.

Dit is Universiteitsbeleid dat alle departemente, afdelings, sentrums, buro's en institute ten minste een maal in ses jaar deur eksterne deskundiges geëvalueer moet word. Daarnaas is beleid ontwikkel vir die selfevaluering van ons bestuursliggame, waaronder die Raad. Teen 2012 was dit 'n goed gevestigde praktyk dat die Raad 'n selfevaluering doen aan die hand van 'n vraelys wat al sy lede invul. Die Universiteit se beleidsraamwerk vir die evaluering van akademiese departemente en steundiensafdelings is vanjaar hersien en verfyn. Twee steundiensafdelings en 13 akademiese departemente in ses verskillende fakulteite is geëvalueer.

In 2012 het die Universiteit klaargemaak met die proses om sy programaanbod in ooreenstemming te bring met die vereistes van die nuwe Hoëronderwys-kwalifikasieraamwerk. Byvoorbeeld, alle gestruktureerde tweejarige magisterprogramme waarvoor studente direk na voltooiing van 'n driejarige baccalaureusgraad kon inskryf, moes omgeskakel word in 'n alleenstaande nagraadse diploma of honneursgraad gevolg deur 'n alleenstaande magistergraad wat vir ten minste 33% uit navorsing bestaan. Die proses het egter nie net ingehou dat daar oor alle programme deeglik besin is nie, en dat party daarvan plek moes maak vir nuwes nie. Dit het ook ingehou dat 25 geheel nuwe programme ontwikkel en deur die interne goedkeuringsprosesse en eksterne akkrediteringsproses gevoer is met die oog op aanbieding vanaf 2013.

## SAMESTELLING VAN STUDENTEKORPS VOLGENS STUDIEVELDE EN VLAKKE, 2012

| Vlakke per fakulteit | Studentetal | Vlakke per fakulteit | Studentetal |
|---|---|---|---|
| **AgriWetenskappe** | **1 708** | **Lettere en Sosiale Wetenskappe** | **4 968** |
| Voorgraadse studente | 1 259 | Voorgraadse studente | 3 154 |
| Nagraadse studente | 407 | Nagraadse studente | 1 522 |
| Spesiale studente | 42 | Spesiale studente | 292 |
| **Ekonomiese en Bestuurswetenskappe** | **7 545** | **Natuurwetenskappe** | **2 876** |
| Voorgraadse studente | 4 265 | Voorgraadse studente | 1 993 |
| Nagraadse studente | 3 038 | Nagraadse studente | 797 |
| Spesiale studente | 242 | Spesiale studente | 86 |
| **Geneeskunde en Gesondheids-wetenskappe** | **3 861** | **Opvoedkunde** | **1 758** |
| Voorgraadse studente | 1 999 | Voorgraadse studente | 813 |
| Nagraadse studente | 1 594 | Nagraadse studente | 934 |
| Spesiale studente | 268 | Spesiale studente | 11 |
| **Ingenieurswese** | **3 366** | **Regsgeleerdheid** | **816** |
| Voorgraadse studente | 2 531 | Voorgraadse studente | 396 |
| Nagraadse studente | 759 | Nagraadse studente | 408 |
| Spesiale studente | 76 | Spesiale studente | 12 |
| **Krygskunde** | **424** | **Teologie** | **501** |
| Voorgraadse studente | 376 | Voorgraadse studente | 146 |
| Nagraadse studente | 47 | Nagraadse studente | 347 |
| Spesiale student | 1 | Spesiale studente | 8 |
| | **Totaal** | | **27 823** |

## SAMESTELLING EN GROOTTE VAN STUDENTEKORPS VOLGENS GESLAG, 2012

| Geslag | Studentetal | % |
|---|---|---|
| Manlik | 13 711 | 49,3 |
| Vroulik | 14 112 | 50,7 |
| **Totaal** | **27 823** | **100** |

## KWALIFIKASIES TOEGEKEN VOLGENS TIPE, 2012

| Tipe kwalifikasie | Studentetal | % |
|---|---|---|
| Kortkursusse | 2 756 | 32,6 |
| Voorgraadse diplomas en sertifikate | 66 | 0,8 |
| Algemene eerste baccalaureusgrade | 2 091 | 24,8 |
| Professionele eerste baccalaureusgrade | 1 109 | 13,1 |
| Nagraadse diplomas en sertifikate | 742 | 8,8 |
| Nagraadse B-grade | 70 | 0,8 |
| Honneursgrade | 897 | 10,6 |
| Magistergrade | 609 | 7,2 |
| Doktorsgrade | 111 | 1,3 |
| **Totaal** | **8 451** | **100** |

## SAMESTELLING EN GROOTTE VAN STUDENTEKORPS VOLGENS RAS, 2012

| Ras | Studentetal |
|---|---|
| Bruin | 4 318 |
| Swart | 4 324 |
| Indiër | 579 |
| Wit | 18 602 |
| **Totaal** | **27 823** |

## SAMESTELLING EN GROOTTE VAN STUDENTEKORPS VOLGENS HUISTAAL, 2012

| Huistaal | Studentetal | % |
|---|---|---|
| Afrikaans | 12 843 | 46,2 |
| Engels | 10 313 | 37,0 |
| Afrikaans/Engels | 1 483 | 5,3 |
| Xhosa | 769 | 2,8 |
| Ander amptelike SA tale | 1 191 | 4,3 |
| Ander tale | 1 224 | 4,4 |
| **Totaal** | **27 823** | **100** |

## SAMESTELLING EN GROOTTE VAN STUDENTEKORPS VOLGENS GEOGRAFIESE HERKOMS, 2012

| Geografiese herkoms | Studentetal | % | % |
|---|---|---|---|
| **Suid-Afrika** | **25 421** | | **91,4%** |
| Wes-Kaap | 17 596 | 69,2% | |
| Noord-Kaap | 659 | 2,6% | |
| Oos-Kaap | 1 591 | 6,2% | |
| Vrystaat | 392 | 1,5% | |
| KwaZulu-Natal | 1 340 | 5,3% | |
| Mpumalanga | 480 | 1,9% | |
| Limpopo | 375 | 1,5% | |
| Gauteng | 2 787 | 11,0% | |
| Noordwes | 201 | 0,8% | |
| **Totaal** | | **100%** | |
| **Ander lande** | **2 402** | | **8,6%** |
| Botswana | 55 | 2,3% | |
| Lesotho | 27 | 1,1% | |
| Namibië | 560 | 23,3% | |
| Swaziland | 34 | 1,4% | |
| Zimbabwe | 141 | 5,9% | |
| Elders | 1 585 | 66,0% | |
| **Totaal** | | **100%** | |
| **Totaal** | **27 823** | | **100%** |

# VERSLAG VAN DIE VISEREKTOR
## (NAVORSING EN INNOVASIE)

## PROF EUGENE CLOETE

Die Universiteit Stellenbosch geniet reeds 'n groot mate van erkenning as 'n uitnemende akademiese instelling, onder meer vanweë vele navorsingsprestasies. In die verantwoordelikheidsentrum vir Navorsing en Innovasie is die aktiwiteite rondom die vier strategiese fokusse (kyk voorin) baie nou met mekaar verweef. Navorsingskontrakte, die Biblioteek se omvattende dienste en derdegeldstroombefondsing is byvoorbeeld vereistes vir sistemiese volhoubaarheid. Terselfdertyd dra hulle by tot die Universiteit se kundigheidsbasis en studentesukses, juis omdat nagraadse studente 'n institusionele prioriteit is. Doktorale en nadoktorale studie onder universiteitspersoneel en die gepaardgaande navorsingsuitsette versterk die Universiteit se kundigheidsbasis verder en verbeter volhoubaarheid.

Die US-navorsingsgemeenskap se beduidende bydraes tot die vier fokusse – kundigheidsbasis, studentesukses, diversiteit, en sistemiese volhoubaarheid – sou nie moontlik gewees het sonder die professionele ondersteuningsdienste van die Afdeling Navorsingsontwikkeling (ANO), die Biblioteek- en Inligtingsdiens en die Nagraadse en Internasionale Kantoor (NGIK) nie. In dié verslag word hierdie afdelings se 2012-uitsette en prestasies uiteengesit aan die hand van die vier genoemde strategiese fokusse.

Die Universiteit Stellenbosch (US) stel hom ten doel om die leier te word onder die voorste navorsingsintensiewe hoëronderwysinstansies in Afrika. Ons sal dit bereik deur ondernemendheid, innovering en selfvernuwing; deur toepaslikheid van die wetenskap op die behoeftes van die samelewing soos vergestalt in die HOOP Projek; en deur op die voorpunt te bly in ons gekose fokusareas vir navorsing, met navorsingsuitsette wat aan die US nasionale en internasionale aansien verleen.

Die amptelike navorsingsuitsetdata vir 2011 soos van die Departement Hoër Onderwys en Opleiding (DHOO) ontvang, bevestig weer die US se status as die mees navorsingsproduktiewe akademiese instelling op nasionale vlak. Die geweegde navorsingsuitset per voltydse personeellid (publikasies en nagraadse studente) was 2.37 in 2010 – die hoogste van al die universiteite in die land vir die derde opeenvolgende jaar. Die US het hom weer tussen die 300 voorstes bevind in die *Times Higher Education* se wêreldranglys vir universiteite, en tussen die 450 voorstes in die QS- wêreldwye ranglys.

### BEHOUD EN VERBREDING VAN ONS INSTITUSIONELE KUNDIGHEIDSBASIS

Die belangrikste bydraes vanuit die omgewing van die Viserektor (Navorsing en Innovasie) tot hierdie fokus sluit die volgende in:

- die fasilitering van toegang tot hulpbronne om navorsing en nagraadse opleiding te ondersteun;
- die ontwikkeling en bestuur van strategiese vennootskappe met die industrie en die regering; en
- die bou van internasionale akademiese netwerke.

Hierdie bydraes is ook onlosmaaklik verbind met die institusionele fokus op volhoubaarheid en studentesukses, veral op nagraadse vlak.

#### Navorsingshulpbronne en -vennootskappe

Die ANO is verantwoordelik vir die bestuur van navorsingsbefondsingsprogramme, alle navorsings- en navorsingsverwante kontrakte, sowel as formele vennootskappe met nasionale regeringsagentskappe en die wetenskapsrade. Altesaam 696 navorsingskontrakte is in 2012 verwerk. Die derdegeldstroominkomste van die Universiteit het in hierdie

jaar R531,6 miljoen bedra. Ons navorsingsvennootskappe met die industrie is verder versterk deur THRIP (die Program vir Tegnologie en Menslike Hulpbronne in die Nywerheid) met die voorlegging van 56 befondsingsaansoeke. Dit het gelei tot 'n voorleggingsukseskoers van 89,3%, en die toekenning van 'n bykomende R16,7 miljoen aan hierdie projekte.

Die ANO het ook die voorlegging van meer as 40 nuwe aansoeke om befondsing by die Europese Unie (EU) gefasiliteer, wie se uiters mededingende befondsingsprogram sterk internasionale navorsingsvennootskappe vereis. US-navorsers was in 2012 by altesaam nege nuut goedgekeurde EU-toekennings betrokke (voortspruitend uit aansoeke wat in 2011 voorgelê is), wat 'n gesamentlike monetêre waarde van ongeveer R11 miljoen beloop.

Ses nuwe navorsingsleerstoele is in 2012 deur die *South African Research Chairs Initiative* (SARChI) van die Nasionale Navorsingstigting (NNS) aan die Universiteit toegeken, wat deur die Departement van Wetenskap en Tegnologie befonds word. Die fokusterreine van hierdie leerstoele sluit biomediese tuberkulose, wynbiotegnologie, veekundige wetenskappe en wiskundige biowetenskappe in. Dit bring die totale getal SARChI-leerstoele aan die US op 18 te staan. Hierbenewens huisves ons saam met die Universiteit van Venda 'n nuwe gesamentlike SARChI-leerstoel op die terrein van indringerbiologie.

Die US het die tweedegrootste getal NNS-geëvalueerde wetenskaplikes in die land – 306 in 2012. Altesaam 168 nadoktorale navorsingsgenote was in 2012 aan die US gehuisves. Twee van ons navorsers, proff Leon Dicks (Mikrobiologie) en Valerie Corfield (Molekulêre Biologie en Mensgenetika), het hoogaangeskrewe toekennings van die Nasionale Wetenskap- en Tegnologieforum ontvang. Proff Michael Samways (Bewaringsekologie en Entomologie) en Simon Schaaf (Pediatrie en Kindergesondheid) het elk in 2012 'n gesaghebbende A-evaluering van die NNS ontvang, wat beteken dat hulle as wêreldleiers in hul onderskeie vakgebiede beskou word. Hiermee kom ons A-geëvalueerde navorsers in 2012 op 11 te staan.

Die US se reputasie as 'n voorkeur-navorsingsvennoot word verbeter deur die doelmatige bemarking van sy navorsingskundigheid en -uitsette. *Research at Stellenbosch University*, die jaarlikse institusionele navorsingsverslag wat deur die ANO uitgegee word, het vir die derde opeenvolgende jaar by MACE (*Marketing, Advancement and Communication in Education*) se konferensie 'n uitnemendheidstoekenning ontvang.

Die vennootskap tussen die Universiteit en Elsevier, wat aanvanklik in 2009 onderteken is, is vir 2012 verleng. Hierdie vennootskap het die Universiteit van groter toegang tot aanlyn-inhoud, vaardigheidsopleiding en bedrewenheid met navorsingsprestasiebestuur voorsien. Die Biblioteek- en Inligtingsdiens het binne die bestek van die vennootskap verskeie opleidingswerksessies aangebied en ingeskryf op *Scival Spotlight*, *Experts* en *Strata* ten einde navorsingsevaluerings- en bestuurswerktuie en -deskundigheid tot die Universiteitsbestuur se beskikking te stel.

In 2012 het die Biblioteek goeie vordering gemaak met digitalisering en digitale dienste. Al die geïdentifiseerde spesiale en musiekversamelings waarvoor ons befondsing van die *Carnegie Corporation* van New York ontvang het, is gedigitaliseer. Personeel het daarin geslaag om metadata en werkvloeiprosesse vir digitalisering op te stel om die suksesvolle implementering en bekendstelling aanlyn van die Biblioteek se digitale versamelings in 2013 te verseker.

Die Biblioteek het die Ooptoegangfonds suksesvol ontwikkel en bekendgestel om die Universiteit se skrywers te ondersteun om in ooptoegang-vaktydskrifte te publiseer. Sedert 2011 het die Biblioteek deur middel van die Fonds 58 artikels ter waarde van ongeveer R560 000 befonds. Die Biblioteek bly steeds 'n kampvegter vir vrye toegang tot vakkundige en akademiese publikasies in Afrika. Die getal items in die *SUNScholar*-repositorium het toegeneem tot meer as 49 000, met net omtrent 30 ander instellings wêreldwyd wat soveel items in hul repositorium het. Hierbenewens het *SUNScholar* die 157ste plek in die *Webometrics Ranking of World Universities* (repositoriums) behaal, wat die groter sigbaarheid van die US-navorsingsuitset toon.

Sedert die bekendstelling van *SUNJournals* in Oktober 2011 het die Biblioteek die getal vaktydskrifte wat op die platform voorkom tot 19 titels uitgebrei, met twee verdere vaktydskrifte aan die kom. Die Biblioteek het die voortou geneem met die ontwikkeling van so 'n ooptoegang-vaktydskrifplatform en het sy ervarings en suksesse by konferensies en in geakkrediteerde publikasies, soos die *South African Journal of Library and Information Science*, met nasionale en internasionale gehore gedeel.

Die Universiteit Stellenbosch was in November 2012 bevoorreg om die eerste Afrika-instelling te wees om die Berlyn-ooptoegang-konferensie aan te bied. Die tema van die Konferensie was *Networked scholarship in a networked world: participation in Open Access*. Die Konferensie was daarop ingestel om die ontwikkelende wêreld, veral Afrika, na die middelpunt van die wêreld se kennisproduksie te trek, met die deel van vakkundige inhoud as die stukrag vir hierdie transformasie. Met Afrika se 'marginalisering' as 'n kennisgenereerder weens beperkte toegang tot navorsing, en die gebrek aan vaardighede en infrastruktuur om die deel van navorsingsuitset te fasiliteer, het die Universiteit platforms

(die Afrika-ooptoegangrepositorium-inisiatief, bestaande uit die repositoriumplatform en die publikasieplatform) as tussenkoms ontwikkel om die deel van Afrika-navorsers se uitset onder mekaar makliker te maak. Die aanbieding van die Konferensie en die bekendstelling van die platforms plaas die US aan die voorpunt van ooptoegang op die vasteland.

### Internasionale netwerke

In 2012 is die Nagraadse en Internasionale Kantoor (NGIK) hervestig in die Wilcocksgebou, wat na 'n brand weer opgeknap is. Die byeenbring van die verskillende onderafdelings het sinergie in die hoofwerksaamhede van die NGIK, te wete die ondersteuning van internasionale akademiese netwerke en mobiliteit, en die bevordering van nagraadse studie en nagraadse studentesukses, gebring.
Internasionale akademiese netwerke en mobiliteit is versterk deur:

- Nuwe ooreenkomste met onder andere: Beijing Jiaotong Universiteit, die Nasionale Taiwan Universiteit, Lund Universiteit (Swede), die Universiteit van Bath (VK), Babes-Bolyai Universiteit (Roemenië), Kenyatta Universiteit (Kenia), Eduardo Mondlane Universiteit (Mosambiek) en die Universiteit van Noord-Carolina, Greensboro (VSA).
- Die Erasmus Mundus Aksie 2-program, wat gelei het tot die toekenning van 20 mobiliteitsbeurse aan US-personeel en -studente uit 90 toekennings aan Suid-Afrikaners om aan Europese universiteite te studeer.
- Die bewerkstelliging van beduidende groei in die aantal inkomende niegraadstudente uit Noorweë, Frankryk en die VSA.
- Nuwe gesamentlike PhD-programme met die Karolinska Institutet (Swede), Makerere Universiteit (Uganda) en die VU Amsterdam (Nederland).
- Die toekenning van die eerste nagraadse beurse in die WNNR-Stellenbosch-beursprogram.
- Die integrasie van internasionale beurse vir internasionale studentemobiliteit by die NGIK se Nagraadse en Internasionale Studentebefondsing: oorsese konferensietoekenning vir PhD-studente, toekennings vir kort navorsingsbesoeke, uitruilbeurse en reisbeurse vir deelname aan oorsese somerskole.

Die US huisves ook die Confucius Instituut van die Universiteit Stellenbosch (CISU) en het in September 2012 die gesamentlike konferensie van Confucius-institute in Afrika aangebied. CISU is saam met die Afdeling Gemeenskapsinteraksie betrokke by die aanbieding van klasse in die Chinese taal en kultuur by 14 skole in en om Stellenbosch.

## TRANSFORMASIE EN DIVERSITEIT VAN PERSONEEL EN STUDENTE

Die Mellon-vroeë-navorsingsloopbaan-program (MERC), wat deur die ANO bestuur word, is in 2012 voortgesit. Hierdie program het 60 jong navorsers met toegewyde en ervare navorsingsmentors verbind. Die doel van hierdie program is die ontwikkeling van 'n volgende generasie navorsingsproduktiewe akademici wat meer verteenwoordigend van ons land se demografie sal wees. Drie toegewyde opleidingsgeleenthede is vir die navorsers en hul mentors aangebied. Die positiewe terugvoering wat van die jong navorsers in die MERC-program ontvang is, is bewys van die waarde wat hierdie program tot hul loopbaanontwikkeling toevoeg. 'n Addisionele Andrew W Mellon-toekenning van $200 000 (ongeveer R1,7 miljoen) is in 2012 aan die Universiteit gedoen om as die Mellon Akademiese Personeel (MACS)-ontwikkelingsprogram bestuur te word. Hieruit sal toekennings aan omtrent 30 jong akademiese personeellede in die sosiale wetenskappe gemaak word vir die voltooiing van hul doktorale kwalifikasies.

## STUDENTESUKSES

In die verslagjaar het die NGIK studentesukses sterk ondersteun deur die volgende inisiatiewe:

- Die ondersteuning van twaalf studente om die eerste kursus in wêreldburgerskap, *Global Citizenship*, in samewerking met die Frederik van Zyl Slabbert Instituut vir Studenteleierskapsontwikkeling (FVZS) te deurloop.
- Die konsolidering van nagraadse vaardigheidsontwikkeling met die klem op magisterstudente deur middel van 'n toegewyde webtuiste, byna 100 werksessies in samewerking met ander afdelings op die kampus (byvoorbeeld die Biblioteek en die Taalsentrum) en die aanlyn-ontwikkelingsplan bekend as *on.track* om studentevordering te moniteer.
- Die toekenning van nagraadse beurse ter waarde van R129 miljoen.

## SISTEMIESE VOLHOUBAARHEID

Benewens Navorsing en Innovasie se fokus op toegang tot navorsingshulpbronne, gee dit aandag aan bestuurs- en beleidsake wat nodig is om hierdie hulpbronne verantwoordelik te bestuur. 'n Nuwe institusionele Beleid vir die Bestuur van Konflik van Belange by die US is deur die ANO, in oorleg met Regsdienste en die fakulteite, opgestel. Hierdie beleid is in 2012 deur die Senaat goedgekeur. Die Universiteit speel ook steeds 'n leiersrol in die nasionale hoëronderwyssektor se gesprek oor die werklike koste van navorsing, soos deur die nasionale Wet op Intellektuele Eiendomsreg vereis.

LÜCKHOFF-
SKOOL

# VERSLAG VAN DIE VISEREKTOR
## (GEMEENSKAPSINTERAKSIE EN PERSONEEL)

PROF JULIAN SMITH

Die institusionele visie, die vier strategiese fokusse en die ontwikkelingsdoelwitte van die HOOP Projek waarkragtens die Universiteit Stellenbosch hom as 'n volhoubare 21ste-eeuse universiteit wil posisioneer, het in 2012 voldoende ruimte geskep vir elkeen van die samestellende omgewings in hierdie verantwoordelikheidsentrum om op innoverende wyse 'n bydrae te lewer. Die veranderende kontekste en die vordering op pad na die institusionele doelwitte het voorts sake vir implementering of strategiese aandag uitgewys.

Onder elkeen van die verantwoordelikheidsentrums se afdelings – Gemeenskapsinteraksie, Menslike Hulpbronne, Sport, Regsdienste, Kampusgesondheidsdiens – word daar omvattend verslag gedoen oor die talle inisiatiewe wat aansluit by die vier fokusse (kyk voorin). By Gemeenskapsinteraksie val die klem grootliks op die ontwikkeling van die US se kundigheidsbasis, die verbreding van studente se studie-ervaring en die vestiging van netwerke vir die wedersydse deel van kundigheid en sistemiese volhoubaarheid.

Sport en Kampusgesondheidsdiens speel 'n belangrike rol in studentesukses deur by te dra tot hul welwees en 'n verrykende kampuslewe. Daar is in 2012 begin met die grondige hersiening van die Sportplan van 2004 met die oog op die uitbou van die US se kundigheidsbasis en finansiële volhoubaarheid.

Diversiteit, die kundigheidsbasis en volhoubaarheid is die kernfokusse vir die Afdeling Menslike Hulpbronne, wat die strukture en prosesse in gereedheid moet bring om 'n standhoudende personeelkorps te verseker wat die strategiese posisionering van die Universiteit weerspieël. In 2012 is daar institusioneel aan hierdie verantwoordelikheidsentrum die verwagting gestel om 'n proses te loods wat in 2013 moet uitloop op die aanvaarding van 'n universiteitswye Transformasieplan.

Uiteraard is sommige omgewings (soos Gemeenskapsinteraksie en Menslike Hulpbronne) sentraal, maar ander (soos die Universiteitsmuseum) perifeer, tot die US se kernaktiwiteite. Die bydraes van al die omgewings is egter in die 2012-Omgewingsplan geïntegreer met 'n enkele doel voorop: om die Universiteit op 'n innoverende en koste-effektiewe wyse beduidend anders en beduidend beter te maak. Voorts het die steundiensomgewings hulle daarop toegelê om, naas die erkenning van uitnemende prestasie by die ontwikkeling, oordrag en toepassing van kennis, hierdie werksaamhede te fasiliteer op 'n wyse wat uitnemendheid bevorder deurdat dit toeganklikheid verruim, geleenthede help skep en help benut, en die kanse op sukses verhoog.

Oorsigtelik genome, is die werk van hierdie verantwoordelikheidsentrum in 2012 gekenmerk deur:

- die hoë gehalte van sowel dienslewering as innovering by die Afdeling Menslike Hulpbronne;
- die verdieping en verbreding van gemeenskapsinteraksie as akademiese kernaktiwiteit;
- die aansienlike uitbreiding van geformaliseerde strategiese vennootskappe; en
- die erkenning op streeks- en nasionale vlak van die besondere kundigheid en ervaring van verskeie kollegas.

Vervolgens word enkele sleutelbydraes uit spesifieke omgewings uitgewys.

## GEMEENSKAPSINTERAKSIE

Daar is in die verlede oor velerlei belangrike sake rakende Gemeenskapsinteraksie verslag gedoen. Hierdie verslag spits die aandag toe op samewerking en die bou en instandhouding van sterk verhoudinge met verskillende partye buite en in die Universiteit. Dit is belangrik dat partye buite die Universiteit die instelling op grond van die ingesteldheid en optrede van sy studente en personeel as inklusief, innoverend en relevant ervaar. Dis eweneens belangrik dat diegene binnekant die Universiteit die sinvolheid en opwinding daarvan kan meemaak om deel te wees van 'n dinamiese, uitnemende instelling – om tesame met andere deur jou dagtaak HOOP te skep en kennis-oplossings te vind in 'n wêreld vol komplekse uitdagings.

In 2012 kon die Afdeling Gemeenskapsinteraksie weereens goeie diens lewer aan eksterne gemeenskapsvennote op die dorp en in die streek. Hierdie vennote sluit munisipaliteite, nieregeringsorganisasies (NRO's) en veral skole in. Die samewerking met munisipaliteite word deur memoranda van verstandhouding (MVV's) gereël, ingevolge waarvolgens individuele projekte onderneem word wat peil trek op die Universiteit se kennisbasis. Soos in die verlede, het die afdeling gehelp om hierdie verhoudinge namens die Universiteit in stand te hou.

Die Afdeling het ook sy leierskapsrol voortgesit by die samewerking en bou van verhoudinge met plaaslike NRO's en ander gemeenskapsnetwerke. Die meeste plaaslike verhoudinge is met skole; hier het die Afdeling 'n belangrike koördinerings- en fasiliteringsrol gespeel rakende die Universiteit, die skole en die Onderwysdepartement. Byvoorbeeld, in samewerking met ander US-rolspelers is die innoverende *HOPE@Maties*-projek vir topmatrikulante in 2012 in agt sentrums oor die Wes-Kaap suksesvol geïmplementeer. Kortom, die afdeling het 'n plaaslike rol as 'makelaar van verhoudings' bly speel en as toetreepunt tot die Universiteit gedien vir diverse eksterne partye, wat hy voorts in aanraking kon bring met die kundigheidsterreine en akademici binne die US.

Die bestuur van die formele vennootskappe met die Departement van Gesondheid en die Departement van Verdediging en Militêre Veterane het besonder glad verloop, veral danksy die verbeterde verhoudings en meer effektiewe strukture en stelsels. Insgelyks is goeie verhoudinge met die kerklike Skakelraad en die Elsenburg Landboukollege tot voordeel van die betrokke fakulteite spesifiek, en die Universiteit in die algemeen, gehandhaaf.

Op streeksgrondslag is die Universiteit aansienlik gebaat deur die leidende rol van uitvoerende bestuurslede, sowel as die Afdeling Gemeenskapsinteraksie, in die *Cape Higher Education Consortium* (CHEC). Goeie geleenthede is só geskep vir die samewerking van kundiges met die Stad Kaapstad en met departemente van die Wes-Kaapse Provinsiale Administrasie.

Op nasionale en internasionale vlak speel lede van die Afdeling 'n rol as denkleiers deur hul deelname aan onder andere die *South African Higher Education Community Engagement Forum* (SAHECEF) en die internasionale *Talloires Network*. Die US se Kort Program in Diensleer en Gemeenskapsinteraksie is in 2012 vir 12 personeellede van die Mangosuthu Universiteit van Tegnologie aangebied. Met die ander drie Kaapse universiteite is reeds kontrakte gesluit vir 2013.

Die Afdeling word gereeld genooi om by ander SA universiteite se gemeenskapsinteraksie-konferensies referate te lewer. As deelnemer aan die *Talloires Network* het hy toegang tot die voorste internasionale denke oor byvoorbeeld gemeenskapsinteraksie en befondsingsbronne. Sulke nasionale en internasionale betrokkenheid help profileer die Universiteit Stellenbosch as tegelyk relevant en uitnemend.

Ook na binne kon die Afdeling in 2012 goeie diens aan die fakulteite en ander afdelings lewer. Beter samewerking met hulle is moontlik gemaak deur: 'n gepaste, nuwe beleidsraamwerk; 'n institusionele databasis waarop GI-projekte deurlopend geregistreer kan word; 'n dinamiese webblad; opleidings- en kapasiteitsbougeleenthede; gespreksforums; praktykgemeenskappe; die befondsing van vlagskip- en ontluikende projekte; die koördinering van soortgelyke en aanvullende GI-projekte; voorgraadse en nagraadse onderrig; en navorsing.

Op 6 September het die Afdeling 'n simposium aangebied oor die tema *Conceptualising community interaction for a 21st-century university*, met vooraanstaande akademici as die sprekers. Hierdie geslaagde GI-simposium is deur 110 akademici, steundienspersoneellede, studente en verteenwoordigers van gemeenskapsvennote bygewoon. Die Afdeling se betrokkenheid as outeurs by hoogs invloedryke publikasies (bv. *Sustainable Stellenbosch: Opening Pathways* en *Curriculum Inquiry in South African Higher Education*) verdien spesiale vermelding.

Kortom, die Universiteit het in 2012 nader beweeg aan die implementering van gemeenskapsinteraksie as 'n akademiese kernfunksie en sodoende beduidend gevorder met die verwesenliking van sy institusionele doelwitte. Bogenoemde prestasies sou nie moontlik gewees het sonder die merkwaardige samewerking, netwerke en verhoudings nie.

## MENSLIKE HULPBRONNE

Tot steun van die Universiteit se kundigheidsbasis het hierdie Afdeling hom in 2012 nog sterker toegespits op die geïntegreerde bestuur van menslike hulpbronne. Dít het enersyds gestalte gevind in omvattende beplanning vir al die interne omgewings – met inbegrip van strategiese werwing, prestasiebestuur, opvolgbeplanning, en verpersoonlikte ontwikkeling vir alle personeellede – en, andersyds, in die ontwikkeling en uitvoering van mentorskapprogramme om doelmatige kennisoordrag en kontinuïteit in die Universiteit te verseker. Tot steun van hierdie veeleisende aksies, op hulle beurt, ontwikkel en valideer die Afdeling in sowel akademiese as steundiensomgewings takseersentrums wat veral op die bemagtiging van bestuurders let, maar wat dit doen deur die spesifieke konteks steeds in ag te neem.

Wat opleiding en ontwikkeling betref, is 'n groot verskeidenheid van intervensies gedurende die jaar onderneem waarby beduidende getalle US personeellede baat gevind het. Verder is dit verblydend dat die meerderheid van hierdie intervensies uit fondse van die Sektorale Onderwys- en Opleidingsowerheid (SOOO) bekostig kon word. Die Universiteit het dan ook eksterne erkenning ontvang vir sy nougesette voldoening aan die owerheid se rapporterings- en ander vereistes vir SOOO-befondsing.
Die welwees van die hele US-personeel het soos in vorige jare prioriteitsaandag geniet. Daar is sistemies gefokus op hul algehele welwees, nie net hul fisiese welwees nie. Anders as in vorige jare is verskeie gedesentraliseerde welweesaksies in die interne omgewings onderneem – met positiewe resultate.

Die bestuur van menslike hulpbronne het as basiese boublok personeeladministrasie. Nougesette aandag hieraan het meegebring dat 2012 geen noemenswaardige gevalle

opgelewer het waar die gestelde standaarde nie óf nagekom óf gehandhaaf is nie. Die vergoedingsadministrasie was foutvry en die algemene personeeladministrasie was uitmuntend. Daarmee is die basis verskaf vir betroubare en tydige menslike-hulpbronbestuurslinligting gedurende die jaar; inligting wat die lynbestuurders in staat gestel het om op hul onderskeie vlakke en in hul onderskeie omgewings ingeligte en toepaslike besluite oor menslike hulpbronaangeleenthede te neem.

Die bevordering van diversiteit is, soos in vorige jare, as hoë prioriteit beskou. Die diensbillikheidsfunksie – eers onlangs gevestig – het in groter mate tot sy reg gekom. In die proses is die *Legacy*-fonds besonder effektief benut en het die Oorkoepelende Diensbillikheidsforum weer 'n meer betekenisvolle rol begin speel.

Opsommenderwys kan die Afdeling Menslike Hulpbronne, in die lig van die Universiteit se Institusionele Plan, terugkyk op 'n jaar van effektiewe werkverrigting ten opsigte van al die gestelde doelwitte. 'n Stewige grondslag vir 2013 en daarná is aldus gelê.

## SPORT

Terwyl uitnemende individuele en spanprestasies steeds onder sy toesig behaal is, het Maties Sport in 2012 sy ondersteunende rol vir navorsing en kennisontwikkeling voortgesit. Individuele klubs het as uitvloeisel hiervan verhoudings met 'n verdere verskeidenheid van akademiese departemente gevestig. Dié samewerking het nuwe navorsingsgeleenthede vir personeellede en nagraadse studente meegebring.

Voorts het die Afdeling groter aandag bestee aan gehalte by afrigting. 'n Interne program van forums is ingestel, met elke forum 'n platform waarop akademiese en professionele kundiges hul kennis aan afrigters en sportlui kan oordra en aktuele kwessies saam met hulle kan probeer uitpluis. Breër gestel, die doel met die forums is om wetenskap om te sit in heilsame aksies binne sportkontekste.

Toereikende en geloofwaardige diversifisering in al die sportkodes en op alle vlakke bly vir Maties Sport 'n deurlopende uitdaging. Die Afdeling is terdeë bewus van die institusionele diversiteitsdoelwitte vir 2015 en poog elke jaar om 'n beduidende bydrae te lewer tot die verandering van die diversiteitsprofiel. In dié verband is daar sukses behaal veral met betrekking tot gestremdheid, 'n dikwels afgeskeepte saak.

Die investering in sport vir gestremdes, tesame met die talent in die *Maties Helderberg Disability Sport Club* (opgerig in 2004), het uitgeloop op besondere prestasies by die Paralimpiese Spele. Klublede het gesorg vir 59% van die 29 medaljes wat die nasionale span verwerf het. Dat sowel studente as gemeenskapslede met fisiese en sensoriese gestremdhede aan sportvereistes kan voldoen, is in 2012 bo alle twyfel bewys.

Maties Sport poog om deurlopend tot die sistemiese volhoubaarheid van die Universiteit by te dra en het hom in 2012 weer deur die Omgewingsplan laat rig. Aan verskeie aksies ingevolge dié plan is besondere aandag bestee:

- die vergroting van die derdegeldstroominkomste;
- die ontwikkeling en opgradering van sportfasiliteite;
- die ontwikkeling van sport vir mense met gestremdhede;
- die bevordering van uitnemendheid in sport; en
- die bestuur van veiligheids- en bestuursuitdagings.

## REGSDIENSTE

In 2012 het hierdie afdeling, wat relatief nuut is en waaroor daar onlangs nuut besin is, voortgewerk om die doelwitte soos in die vorige jaar gestel, te verwesenlik. Die werksaamhede was gemik op die verdere uitbouing van die regsfunksie en van drie verantwoordelikheidsgebiede, naamlik regsadvies- en ondersteuningsdienste, wetlike nakoming en studentedissipline. Onder meer die volgende mylpale is bereik:

- 'n prosedure vir die afteken van kommersiële kontrakte is gefinaliseer en op die webblad geplaas;
- 'n skedule vir wetlike nakoming by die aanvaarding van rolle en verantwoordelikhede is gefinaliseer en goedgekeur;
- 'n prosedure vir aansoeke om dranklisensies, veral met inagneming van die nuwe Wes-Kaapse Drankwet, is ingestel;
- die interne rolle en verantwoordelikhede van die eksterne prokureurs, asook hulle eksterne rol en bystand, is uitgeklaar; en
- 'n program ter deurlopende oorweging en hersiening van die dissiplinêre kode vir studente is ontwerp en in werking gestel.

Die Afdeling het voorts bystand verleen by en/of vordering gemaak met onder meer die volgende: die opstel van 'n konsephandleiding oor die Verbruikersbeskermingswet; die opstel en goedkeuring van 'n Konflik van Belange-beleid; die nakoming van die nuwe Maatskappywet-vereistes deur universiteitsverbonde maatskappye; die verwagte Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting en die breër bestuur van inligting aan die US; die goedkeuring van 'n gepaste beleid oor en ondersteunende proses vir die *Safety in Sport and Recreational Events Act*; die onderhandeling oor en finalisering van 'n interuniversitêre ooreenkoms vir die vestiging van Varsity Sport; en die hersiening van die Universiteit se Sportplan.

## KAMPUSGESONDHEIDSDIENS

Hierdie kampuswye diens, ter beskikking van ons studente en ons personeellede, is nou goed gevestig. In institusionele belang het die Afdeling verskeie nuwe aksies aangepak. Party van die hoofkampusdienste is byvoorbeeld uitgebrei na die Tygerberg-kampus; nouer samewerking is bewerkstellig met die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe, vernaamlik met die Infeksiesiektesentrum, Fisioterapie, Dieetkunde en Interne Geneeskunde; die inwerkingstelling van 'n Besering aan Diens-protokol wat deur die afdeling geadministreer word, is afgehandel; gesondheids- en welweesbewustheidsaksies is onderneem; 'n sportbeseringskliniek is ingestel; uitvoerige navorsingsbystand is verleen; die beroepsgesondheidsprogram is gekonsolideer; en 'n papierlose kliniese rekordstelsel is in werking gebring.

Gedurende die jaar het nie net die afdeling as kundige eenheid nie, maar ook individuele kundiges, wesenlike nasionale en internasionale erkenning ontvang, veral vir mediese ondersteuning op sportgebied.

Gedurende 2012 kon die verantwoordelikheidsentrum van die Viserektor (Personeel en Gemeenskapsinteraksie), deur sy samestellende omgewings, 'n beduidende bydrae lewer tot die volhoubaarheid van die Universiteit as 'n uitnemende, toeganklike en goed toegeruste inrigting wat as nasionale bate gerespekteer word.

# VERSLAG VAN DIE UITVOERENDE DIREKTEUR:
## BEDRYF EN FINANSIES


## PROF LEOPOLDT VAN HUYSSTEEN


Belangrike steundienste in Bedryf en Finansies is as 'n verantwoordelikheidsentrum saamgevoeg, om die Universiteit se kernbesigheid te ondersteun. Die US se vier strategiese fokusse – kundigheid, transformasie en diversiteit, studentesukses en sistemiese volhoubaarheid – en hul gepaargaande strategieë en doelwitte staan uit 'n ondersteuningsperspektief nie net in verband met mekaar nie, maar vloei ook saam. 'n Uitmuntende, volhoubare steundiens skep dus deurentyd waarde vir die res van die Universiteit se genoemde vier fokusse en die HOOP Projek.

Die oorhoofse verantwoordelikheid vir sistemiese volhoubaarheid aan die Universiteit setel in dié verantwoordelikheidsentrum met sy strewe na die volhoubaarheid van die US as 'n 21ste-eeuse wêreldklas-universiteit – een wat onder meer gekenmerk word deur 'n omgewingsvriendelike fisiese infrastruktuur, ekologies verantwoordbare bedryfspraktyke, 'n volhoubare begroting asook voorpuntinformasie- en -kommunikasiestelsels. Dié kenmerke is 'n integrerende deel van die Universiteit se akademiese en gemeenskapsinteraksie-opdragte.

Bedryf en Finansies se onderskeie afdelingsverslae lê klem op, en demonstreer duidelik, die beduidende vordering met volhoubaarheid. Daar was ook goeie vordering met bedryfs- en finansiële doelwitte. Enkeles hiervan is:

**Omgewingsvriendelike infrastruktuur:** Ses nuwe geboue ter waarde van R229 miljoen, met verskillende grade van omgewingsvriendelike kenmerke, is opgerig (kyk bladsy 11 en 65). Die inhaal van instandhoudingsagterstande is voortgesit deurdat verskeie geboue, veral op die Tygerbergkampus, opgegradeer is. Die implementering van die Mobiliteitsmeesterplan, onder andere deur die instel van Matie-fietse en die begin van 'n kampuspendeldiens, help verder dat die beskikbare infrastruktuur en ruimte beter gebruik word.

**Ekologies verantwoordbare bedryfspraktyke:** Tot 50% van die US se afvalmateriaal word al herwin. Energiebesparing is ingestel en 'n algemene bewusmaking onder personeel en studente is uitgevoer.

**Volhoubare begroting:** Verskeie aksies oor die medium en langer termyn verseker finansiële volhoubaarheid. 'n Planmatige risikobestuurstelsel is gevestig. Beter sekuriteitsmaatreëls is getref deur nog meer sekuriteitskameras en beter sigbaarheid van beskermingsdienste op die kampus. Die derde geldstroom word versterk deur die inisiatiewe van die HOOP Projek en deur die verdere uitbouing van die Universiteit se portefeulje vir kopiereg en kortkursusse en die aankondiging van *InnovUS Instant Access™* -lisensiëring, 'n nuwe ontwikkeling vir SA universiteite en 'n unieke kortpad tot die ontsluiting van tegnologie. 'n Nuwe ideekompetisie (*Stellenbosch Idea Competition, SIC*) bevorder ook entrepreneurskap op die kampus.

**Gevorderde informasie- en kommunikasiestelsels:** Die Afdeling Informasietegnologie het 'n Netwerkmeesterplan vir die Universiteit ingestel en die telematiese platform is verder uitgebrei om die skoolonderwysstelsel te ondersteun en om met munisipaliteite saam te werk vir opleiding in gemeenskappe. Internettariewe is ook aansienlik verlaag en 'n gesofistikeerde

drukkerbestuurstelsel, wat druk-, kopieer- en faksdienste integreer en reeds tot groot besparings gelei het, is daargestel.

Hier is kort verslae uit dié verantwoordelikheidsentrum se onderafdelings:

## FINANSIES

As 'n instaatsteller van die US se kernaktiwiteite stel Finansies sy funksies deurlopend op mekaar in – om die Universiteit se institusionele doelwitte optimaal te help implementeer.

Die Universiteit se finansiële beplanning en bestuur berus op 'n stel finansiële bestuursbeginsels wat deur die Raad aanvaar is. Binne dié raamwerk is 'n omvattende stel finansiële beleide ontwikkel en in werking gestel. Die interne ouditeure gaan enige toevoeging tot of wysiging aan finansiële beleide na en rapporteer dit aan die Raad se Oudit- en Risikokomitee. Dié inligting is op aanvraag beskikbaar.

Die onderskeie verantwoordelikheidsentra se omgewingsplanne, met hul sesjaar- aaneenlopende termyne, dien as raamwerk vir die jaarlikse begroting. Die begrotingsmetodiek vir die jaarlikse begrotingstoedelings aan dié sentrums verseker dat die aanwending van bronne strook met die Universiteit se strategiese fokusse en verbandhoudende doelwitte.

'n Stel goedgekeurde strategiese bestuursaanwysers (Tabel 1, bladsy 13) wat sedert 2006 al in werking is en na gelang van behoeftes aangepas en uitgebrei word, word in omgewingsplanne gebruik om prestasie teenoor beplanning te evalueer. Die Ouditeur-Generaal stel ook sedert 2011 verdere vereistes vir voorafbepaalde doelwitte en vir die eksterne ouditering en statutêre verslagdoening daaroor.

Rakende die vier strategiese fokusse dra Finansies veral by tot sistemiese volhoubaarheid – deur ondersteuning aan fakulteite en ander steunomgewings, vir strategies gerigte en langtermyn-finansiële beplanning en begroting as 'n integrale deel van die US se besigheidsprosesse.

Om finansiële volhoubaarheid in die langtermynbeplanning na te streef, word die volgende onder meer gedoen:

- Realistiese inkomste- en uitgaweprojeksies, waaronder studentegeldverhogings wat, op enkele uitsonderings na, 9,5% vir 2012 beloop het en 8,5% vir 2013 beloop.
- Koppeling van die meerjarige studente-inskrywingsbeplanning met die inkomste-, uitgawe- en kapitaalbeplanning. Oor die medium tot lang termyn beplan die US vir matige groei in die studentetal, met groter groei by Ingenieurswese asook Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe.
- Voorsiening in die begroting vir elemente van 'n uitgebreide Meesterplan vir die fisiese fasiliteite, 'n Mobiliteitsplan (parkering, pendeldiens en toegangsbeheer) en 'n Studentehuisvestingsplan.
- Verdere implementering van die Beleid vir Bepaling van Volkoste vir Navorsing- en Navorsingsverwante kontrakte, wat daartoe sal lei dat die inkomste uit die derde geldstroom mettertyd sal verhoog tot die gewenste vlakke.
- Skep van addisionele ruimte in die hoofbegroting (2012: R64 miljoen) wat, veral as instaatstellende begroting, suksesvol vir verdere derdegeldstroominkomste aangewend word.
- Bestuur van die studentehuisvestingsbegroting, wat nou op 'n baie goeie Studentehuisvestingsplan gebaseer is – sodat dit oor die lang termyn selffinansierend kan raak en oor 'n vyfjaar-tydperk (waarvan 2012 die tweede jaar was) jaarliks R1,8 miljoen na die hoofbegroting kan skuif om die kruissubsidie vir instandhoudingskoste uit te skakel.
- Identifisering van verskeie aksies om volhoubare ruimte in die toekomstige begrotings te skep, byvoorbeeld vir die verhoging van die netto inkomste uit die HOOP Projek, vir beter kommersialisering van derdegeldstroom-geleenthede en vir die benutting van rustende bates.
- Voldoende voorsiening om die Taalbeleid volgens die huidige besluite toe te pas, met 'n bykomende R7 miljoen vir 2012 en met die bedoeling om die volle koste vir die huidige planne teen 2013 te voorsien.
- Nog R13,2 miljoen vir die instandhouding van geboue sodat 'n volhoubare vlak van voorsiening teen 2015 bereik kan word.
- 'n Bedrag gelykstaande aan 0,6% van die begrote jaarlikse inkomste aan 'n gebeurlikheidsreserwe is opsygesit om onvoorsiene uitgawes te bekostig. Net so word fakulteite en steundiensomgewings se balansfondse gebruik vir onvoorsiene uitgawes in daardie omgewings. Besparings op die jaarlikse begrotingstoekennings word na balansfondse oorgedra, wat voorkom dat onbestede fondse verkwis word.
- 'n Bedrag gelykstaande aan 2% van die begrote jaarlikse inkomste is aan 'n strategiese fonds toegedeel – sodat die Universiteitsbestuur strategiese inisiatiewe en die betrokke sakeplanne kan finansier. Dekane en ander omgewingshoofde

het aangedui dat hulle hul omgewings se balansfondse as hefboom vir addisionele aansprake en eksterne fondse sal gebruik. Projekte en aktiwiteite word net vir 'n beperkte tyd uit die strategiese fonds gefinansier en moet daarna uit die gewone begrotingsfondse bekostig word.

Die instandhouding en deurlopende ontwikkeling van doeltreffende rekeningkundige en bestuursinligtingstelsels ondersteun die uitvoering van bestuursverantwoordelikhede – sodat daar betyds (in samewerking met die Afdeling Informasietegnologie) geloofwaardige en geëvalueerde data beskikbaar gestel kan word.

## TELEMATIESE DIENSTE

Die telematiese platform ondersteun studentesukses, transformasie en institusionele volhoubaarheid deur vir studente uit alle gemeenskappe geleenthede te skep om die Universiteit se nagraadse akademiese aanbod te ontgin. As 'n 21ste-eeuse inrigting vir hoër onderwys moet die Universiteit voldoen aan studente se toenemende behoefte aan groter soepelheid deur 'enige tyd en plek' toegang tot nagraadse studie te bied.

Die Afdeling Telematiese Dienste verhoog die virtuele mobiliteit van studente wat 'n professionele beroep met verdere nagraadse studie wil kombineer, én van dié wat weens geografiese hindernisse van die US se akademiese aanbod uitgesluit word. Telematiese Dienste se tegnologieplatform bestaan uit 'n kombinasie van intydse interaktiewe televisie-uitsendings, en web- en selfoontoepassings. Dit oorbrug die tradisionele skeiding tussen kontak-onderwysgeleenthede asook dié weg van die kampus af, en verminder die beperkings wat dikwels deur plek en tyd gestel word.

'n Ontleding van 2012 se studente op die telematiese platform wys die volgende:

- dié nagraadse studente het in die afgelope vier jaar 16% tot 21% van die Universiteit se nagraadse studente uitgemaak;
- 81% van dié studente is generies swart en verteenwoordig sowat 29% van die bruin, swart en Indiër-studente wat by die Universiteit vir magister- en honneursgrade en nagraadse diplomas ingeskryf is; en
- 4 163 studente het in die afgelope vier jaar (2009–2012) deur Telematiese Dienste hul nagraadse kwalifikasies behaal.

Die telematies ondersteunde programaanbod dek kernareas wat strategies belangrik is vir die uitwissing van pandemiese armoede in die Suider-Afrikaanse samelewing:

- Die verskeidenheid nagraadse programme in Verpleegkunde en Voeding voorsien gespesialiseerde kundigheid wat noodsaaklik is vir die voortsetting van volhoubare gesondheidsdienste aan alle gemeenskappe.
- Die nagraadse programme in MIV/Vigsbestuur bemagtig studente om 'n kritieke rol te speel in die bestuur van organisasies en omgewings wat blootgestel is aan die verwoestende effek van die MIV/vigspandemie.
- Die nagraadse programme in Publieke Administrasie en Toekomsstudie berei mense voor wat 'n leiersrol kan vervul in die derdevlak-regeringstrukture, wat nie net wyd as 'n noodsaaklike voorvereiste vir die ontwikkeling van effektiewe plaaslike besture beskou word nie, maar ook as 'n elementêre noodsaaklikheid vir die ontwikkeling van 'n volhoubare demokrasie.
- Die nagraadse programme in Opvoedkunde dra by tot die vestiging van 'n korps van onderwysleiers wat in alle gemeenskappe kan help om die SA onderwysstelsel te ontwikkel sodat dit aan die basiese behoeftes van 'n ontwikkelende ekonomie kan voldoen.

Privaat maatskappye en semistaatsinstellings gebruik al hoe meer die Universiteit se telematiese fasiliteite om kostedoeltreffende en doelmatige kommunikasienetwerke in hulle onderskeie omgewings op die been te bring. Twee belangrike nuwe markte is die skoolonderwysstelsel, en gemeenskappe met die klem op munisipaliteite.

In die afgelope vier jaar is dié geriewe in medewerking met die Wes-Kaapse Departement van Onderwys gebruik om die artikulasie tussen skool- en hoër onderwys te verbeter. In 2012 is ongeveer 150 uur se intydse interaktiewe satellietuitsendings in sewe vakke na 145 Wes-Kaapse skole gebeeldsend. Ongeveer 20 000 graad 11- en 12-leerders het aan die projek deelgeneem.

Vanweë die program se sukses in die Wes-Kaap, het die Noord-Kaapse Onderwysdepartement in 2012 die nodige toerusting in 69 skole geïnstalleer om leerders tot die uitsendings toegang te gee. Drie Bloemfonteinse skole het ook in die tweede helfte van die jaar by die projek ingeskakel. Die resultate van die formele en informele impakstudies dui aan dat dié ondersteuning aan skole 'n positiewe verskil in die lewens van baie onderwysers en leerders maak. 'n Strategiese vennootskap met die Ontwikkelingsbank van Suider-Afrika maak die verdere opleiding van munisipale werknemers

met behulp van kortkursusse op die telematiese platform moontlik. Een projek wat in 2012 ingestel is se klem was op die opleiding van vroue as loodgieters, om by te dra tot die oplossing van die werkloosheidskrisis in die land. Deelnemers en ander rolspelers se terugvoering oor die koste- en tydeffektiewe opleidingsmetodologie was baie gunstig.

Dié inisiatiewe dien die Universiteit se strewe om:
- leerders op skoolvlak beter voor te berei vir hoër onderwys; en
- formele kwalifikasies vir die werk-en-leer-studentemark te bied, asook kortkursusse en werksessies ter ondersteuning van die Nasionale Ontwikkelingsplan (2012), die Konsepraamwerk vir Afstandsonderwys (2012) en die Groenskrif vir Naskoolse Onderwys en Opleiding (2012).

## INNOVUS TEGNOLOGIE-OORDRAG (EDMS) BPK

Soos die wêreld, en ook ons land, groot ekonomiese uitdagings in die verslagjaar moes trotseer, het ons by InnovUS verwante uitdagings met die werksverrigting van ons maatskappyegroep ondervind. Ten spyte daarvan het ons meer lisensie-ooreenkomste as in vorige jare aangegaan, waardeur die potensiële maatskappye in ons pyplyn vermeerder het.

In 'n poging om die Universiteit se volhoubaarheid te versterk, bly InnovUS verbind tot die voortsetting van suksesvolle nuwe inisiatiewe en beleggings om verdere ekonomiese geleenthede te stimuleer. Onder dié aktiwiteite is ons nuwe lisensiëringsaanbod, ons groter steun vir entrepreneurs en ons globale verruiming van InnovUS se netwerk.

### Tegnologie-oordrag

Ons het 41 bekendmakings ontvang, een afwentelmaatskappy geskep en nege handels-ooreenkomste met die volgende maatskappye onderteken:
- *Southern Mapping:* SUDEM (Stellenbosch Universiteit Digitale Elevasiemodel), geesteskind van prof Adriaan van Niekerk;
- *Namaqua Wyne (Edms) Bpk:* 'n fitoplasma- diagnostiese toets, uitvinding van prof Johan Burger;
- *Westcape Biotech (Edms) Bpk:* 'n wingerdviruskompleks-diagnostiese toets, uitgevind deur prof Johan Burger;
- *CiplaMedpro:* 'n wondverband wat nanovesels met antimikrobiese peptiede bevat, ontwikkel deur prof Leon Dicks;
- *Danstar:* 'n wyngis, ontwikkel deur prof Florian Bauer;
- *GknowMix (Edms) Bpk:* 'n patologie-gesteunde genetiese toets, die Demyelinating Diseases GeneScreen, vir die diagnose van 'n demiëlinerende siekte subtipe wat presenteer as veelvuldige sklerose, is ontwikkel deur prof Maritha Kotze in samewerking met prof S van Rensburg en Roberta Rooney en die neuroloog dr Peter Haug;
- *ISIS Space:* Die bemarking van nanosatellietkomponente, ontwikkel deur prof Herman Steyn en vervaardig deur die Universiteit se Elektroniese Stelsels Laboratorium; en
- *JVR Psychometrics:* Twee nuwe produkte is by die oorspronklike lisensieooreenkoms vir die *Leadership Behaviour Inventory* gevoeg naamlik: die *Ethical Leadership Questionnaire* (ELQ) en die *Performance Management Audit Questionnaire*, opgestel deur profs Herman Spangenberg en Callie Theron.

*GeoSUN Africa* (Edms) Bpk is in 2012 gestig en by die InnovUS-maatskappyegroep gevoeg, as 'n nuwe maatskappy van die Universiteit se Sentrum vir Hernubare en Volhoubare Energiestudies. *GeoSUN Africa* bied 'n verskeidenheid dienste rakende die sonenergiebedryf. Ondersteuningsdienste vir ontwikkelaars van groot sonenergie-installasies vorm 'n groot deel van *GeoSUN Africa* se werksaamhede. Ander dienste het te doen met dak- en alleenstaande fotovoltaïese installasies. InnovUS se maatskappyegroep steun die strewe na volhoubaarheid, het in 2012 'n gekombineerde omset van meer as R105 miljoen gehad en het werk aan 157 mense verskaf.

### InnovUS Instant Access™-lisensiëring

InnovUS kon in die verslagjaar met trots bekendmaak dat ons nou *InnovUS Instant Access™* -lisensiëring aanbied, wat maklike toegang tot geselekteerde voorpunt-tegnologieë in ons intellektuele eiendom-portefeulje bied. Hiermee bespoedig die Universiteit die lisensiëringsproses en voorsien privaatsektor-entiteite van 'n geleentheid om nuwe tegnologie met minimale inspanning en sonder enige aanvangskoste in hul sakeomgewing in te stel. Dit het plaaslik en internasionaal baie gunstige publisiteit ontvang en InnovUS word wêreldwyd as een van die toonaangewende universiteitstegnologie-oordragkantore beskou.

### Spesiale projekte

**Stellenbosch Idee-kompetisie (SIC):** Die eerste SIC, geïnisieer deur InnovUS en *Nucleus*, is 'n organisasie wat entrepreneurskap onder studente bevorder, en die 11 wenners is by 'n galageleentheid aangekondig. Die wenidees sluit 'n internet-snuffelaaraanwending in wat gebruikers in staat sal stel om kommentaar te lewer op enigiets wat hulle op die web vind. Daar was ook idees vir die gebruik van tablettoestelle om notas in die klas af te neem, 'n batterymoniteringstelsel en 'n organisasie wat plaaslike gemeenskappe sal leer om groen energie te produseer deur hul eie kragopwekkers te bou en in stand te hou.

Die kompetisie was oop vir alle studente en personeel en het 'n indrukwekkende 69 inskrywings gelok. Elke wenner het R10 000 aan prysgeld en mentortyd by plaaslike sakeleiers ontvang. Die SIC was so 'n sukses dat daar besluit is om dit 'n jaarlikse instelling te maak. Mentorskap van die SIC-wenners is goed onderweg en van hulle maak goeie vordering.

***Mavericks*-geleenthede:** Alumnus dr Japie van Zyl, mededirekteur van *Project Formulation and Strategy* by NASA se *Jet Propulsion Laboratory* en 'n lid van die span wat verantwoordelik was vir die *Curiosity Rover* se geslaagde landing op Mars, het studente en personeel in September toegespreek by 'n *Mavericks*-geleentheid wat goed bygewoon is. InnovUS het ook in 2012 verskeie *Mavericks*-opleidingsgeleenthede aangebied as deel van die reeks afrigtingswerksessies vir die Stellenbosch Idee-kompetisie.

**Kortkursusse:** Die getal kortkursusse by die Universiteit groei bestendig. Altesaam 460 kortkursusse is goedgekeur vir aanbieding in 2012. 'n Opgegradeerde kortkursus-registrasiestelsel integreer 'n voorgeskrewe begrotingstemplaat en finansiële werkvloeifunksie. Dié integrasie maak voorsiening vir volle finansiële verslagdoening deur elke kortkursus se voorgestelde begroting teenoor die werklike inkomste en uitgawes te toon.

**Kopiereg:** InnovUS bied 'n kopieregdiens aan en help Universiteitspersoneel en dié van SUN MeDIA Stellenbosch met kopiereg-vergunningsprosedures vir kursusmateriaal – en verseker só dat voldoen word aan die Universiteit se omvattende lisensie-ooreenkoms. Dié ooreenkoms – tussen die Universiteit en DALRO (Dramatiese, Artistieke en Letterkundige Regte-organisasie) – is vir drie jaar hernu. Die geslaagde implementering en administrasie daarvan beteken 'n jaarlikse besparing van sowat R600 000 vir die Universiteit.

## FASILITEITSBESTUUR

As instaatsteller van die US se kernbedrywighede het die Afdeling Fasiliteitsbestuur deur sy werksaamhede 'n invloed op akademiese én steundienspersoneel se werksplekke – wat saam met fasiliteite die regte omgewing skep om suksesvol en gelukkig te kan werk.

### Fasiliteite vir die uitbou van kundigheid

Fasiliteitsbestuur skep aktief nuwe, doelmatige fasiliteite én gradeer die uitgediendes op. In 2012 is daar byvoorbeeld ses nuwe geboue teen altesaam R229 miljoen voltooi – wat gekenmerk word deur moderne afwerkings, verskeie groen elemente asook pasgemaakte meubels en toerusting om aan werkplekvereistes vir die 21ste eeu te voldoen (kyk bladsy 11 en 65). Ruim voorsiening word ook gemaak vir geriewe en toeganklikheid.

Die grootste opgradering in die Universiteit se geskiedenis is twee jaar al aan die gang, op die Tygerbergkampus waar die eerste twee van vier fases ter waarde van R105 miljoen byna voltooi is. 'n Ondersoek na fasiliteite vir moderne onderrigmetodiek en -tegnologie het gelei tot 'n nuut toegeruste onderrigsimulator, Den Bosch, wat dosente vertroud maak met die jongste tegnologie.

### Universiteitshuisvesting versterk studentesukses

Daar is onteenseglik bewys dat inwonende studente oor die algemeen meer suksesvol is as pendelstudente. Die beskikbare beddens op die kampus het egter, veral in die afgelope dekade, nie met die groeiende studentetal tred gehou nie. As 21ste-eeuse instelling onderweg na 2030, is een van fasiliteitsbestuur se doelstellings om teen 2015 nog 2 500 beddens by die huidige 7 600 te voeg, wat die verhouding tussen beddens en ingeskrewe studente van 29,5% na 36,1% sal opstoot. In November 2012 is begin met vier huisvestingsbouprojekte ter waarde van R204 miljoen, wat 772 beddens byvoeg.

### Transformasie- en diversiteitstrewes

Fasiliteitsbestuur se personeelplan maak voorsiening vir 'n volgehoue verbetering in diversiteit – veral op bestuursvlakke. 'n Groot deurbraak op hierdie gebied was die aanstel van die Universiteit se eerste swart, vroulike direkteur as Direkteur: Eiendomsdienste.

Fasiliteitsbestuur was toonaangewend betrokke by verskeie inisiatiewe en projekte wat transformasie by die US in die breë ondersteun:

- die herontwerp van lesingsale en die skep van interaktiewe leerruimtes;
- die vergestalting van die naaf-konsep;
- die Kampusmeesterplan;
- die Mobiliteit-, Parkeer-, Fietsry- en Voetgangerplanne;
- omgewingsvolhoubaarheidsinisiatiewe; en
- die infasering van nuwe ruimte- en meubelnorme.

### Volhoubaarheid

Fasiliteitsbestuur se werksaamhede het 'n uitwerking op die volhoubaarheid van die US se kernbedrywighede deur die skep en instandhouding van werk-, leer- en leefplekke, én ook op omgewingsvolhoubaarheid. Verskeie omgewingsvolhoubaarheid-projekte is in 2012 verder uitgerol en die US Energiewerkgroep is geïnisieer. Dié werksgroep koördineer reeds projekte in verskeie omgewings. Nuwe geboue wat in 2012 voltooi is, spog almal met volhoubaarheidselemente soos herwinbare materiale, gevorderde lugreëlingtegnologie en energiebesparende beligtingsoplossings, as enkele voorbeelde.

Fasiliteitsbestuur het in 2012 'n 'eerste in SA'-deurbraak gemaak met ontwerpinsette vir padwaardige en doelgemaakte elektriese voertuie om petrolaangedrewe motors en bakkies te vervang. Ses sulke motors en tien instandhoudingsvoertuie word al gebruik, met 'n loopkoste van sowat 25% van dié van petrolvoertuie en, op die koop toe, sonder uitlaatgasse.

### Geïntegreerde beplanning en sakeplanne

Fasiliteitsbestuur het in 2012 'n ten volle geïntegreerde en gedesentraliseerde diensleweringsmodel voltooi. Die dienste word ondersteun deur 'n operasionele sentrum vanwaar 'n 24-uur-hulplyn as eenstopdiens bedryf word en meganiese/elektriese installasies, alarms en sekuriteitskameras sentraal gemoniteer word. In die afgelope drie jaar is Fasiliteitsbestuur se eens uiteenlopende operasionele funksies, prosesse en planne geïntegreer in 'n gekonsolideerde eenheid met strategieë wat gerig is op voortreflike diens, koste-effektiwiteit en operasionele uitnemendheid.

Dié planne word opgeneem in Fasiliteitsbestuur se sakeplan wat jaarliks hersien en in oorleg met onder andere die Advieskomitee vir Fasiliteitsbestuur deurgewerk word. Die sakeplan word aangepas by die fakulteite en ander steunomgewings s'n, en by dié van die Institusionele Beplanningsforum. 'n Geïntegreerde befondsingsmodel vir fisiese fasiliteite, ontwikkel in samewerking met die Afdeling Finansies, dien as basis vir beplanning, finansiële verslagdoening en deursigtigheid.

## INFORMASIETEGNOLOGIE

Die Afdeling Informasietegnologie se dienste is daarop ingestel om al die Universiteit se afdelings, personeel en studente na behoefte te ondersteun met informasie- en kommunikasietegnologie om die visie van 'n 21ste-eeuse universiteit te verwesenlik.

Die volgende stappe is die afgelope jaar in dié verband geneem:

**Ontwikkeling van 'n Netwerkmeesterplan:** Omdat 'n hoëbandwydte-netwerk vir die tegniese verryking van alle prosesse onontbeerlik word, is 'n omvattende Netwerkmeesterplan ontwikkel. Die hoër netwerkbandwydte skep geleenthede om inligtingstelsels aan die kampus doeltreffender te lewer en om sommige prosesse in navorsing en in onderrig en leer te transformeer. Die Netwerkmeesterplan behels die opgradering van die netwerkkern van een na tien gigagreep, met beter deurvoerkapasiteit tussen alle geboue.

**Verlaging van internettariewe:** Danksy toegang tot die Seacom-ondersese kabelverbinding, die verbinding aan SANREN (Suid-Afrikaanse Nasionale Navorsingsnetwerk) en nougesette bestuur kon internetkoste die afgelope jaar van tien tot twee sent per megagreep data verlaag word. Terselfdertyd is internetbandwydte vir internasionale toegang van 145 tot 290 megagrepe per sekonde verdubbel.

**Integrering van telekommunikasiedienste:** Die sowat drieduisend Telkom-telefone wat uitgefaseer en met internet-telefone vervang is, het al meer as R40 miljoen in die afgelope drie jaar bespaar. Om meer gebruikersvriendelike en rekenaartegnologie-geïntegreerde telekommunikasiedienste te bied, is 'n Microsoft Lync-kommunikasiestelsel geïnstalleer. Die voordeel hiervan is dat die modernste internetmetodiek benut kan word om geïntegreerde spraak-, data- en video-kommunikasie op die kampus beskikbaar te stel.

**Indiensstelling van 'n drukkerbestuurstelsel:** 'n Gesofistikeerde drukkerbestuurstelsel, bestaande uit 230 multifunksionele eenhede wat druk-, skandeer-, kopieer- en faksdienste integreer, is die afgelope jaar in diens gestel om verouderde tegnologie in algemene

rekenaargebruikersareas (RGA's), koshuise en biblioteke te vervang. Só is baie drukkoste reeds bespaar en heelwat meer word in die vooruitsig gestel.

**Registrasie van studenterekenaars:** Meer as tienduisend studenterekenaars (meestal skootrekenaars) is in die verslagjaar op die kampus geregistreer omdat al hoe meer studente hul eie rekenaartegnologie kampus toe bring. Dié neiging verlaag die druk op rekenaars in rekenaargebruikerareas én tegnologie kan ook meer geïntegreerd en interaktief in die klaskamer gebruik word. Die Afdeling het begin om die aankoop van draagbare en tablet-rekenaars en e-lesers te fasiliteer, om koste-effektiwiteit, standaarde en kwaliteit te verseker. Namate dié tegnologie meer bekostigbaar raak, kan klasnotas in elektroniese formaat voorsien word, wat die handboek- en drukwerkkoste aansienlik kan besnoei.

**Opgradering van knapkaartstelsel:** 'n Gesofistikeerde knapkaartstelsel wat toegangsbeheer asook mikrofinansiële transaksies (soos drukwerk, of etes aan studente) fasiliteer, is verder opgegradeer om meer funksies te bied en om gebruikersvriendeliker en stabieler te wees.

**Installering van sekuriteitstelsel:** Die eerste fase van 'n omvangryke sekuriteitstelsel, met meer as honderd kameras – onder meer by alle koshuise – is voltooi en word opgevolg deur 'n tweede fase wat teen 2014 afgehandel sal wees. Die gebruik van tegnologie vir beter sekuriteit demonstreer die Universiteit se verbintenis tot verantwoordelike veiligheids- en risikobestuur rakende die studente.

**Vestiging van projekbestuur:** Die Afdeling se projekbestuurkantoor prioritiseer en skeduleer projekte en sorg dat hulpbronne optimaal aangewend word. Om te verseker dat die argitektuur van alle IT-projekte en -stelsels volhoubaar en geïntegreerd op die kampus ontwikkel, is 'n IT-argiteksforum gevestig wat alle afdelings koördineer.

**Verdere uitbou van inligtingstelsels:** Die Universiteit se selfontwikkelde inligtingstelsels is verder uitgebou om meer aanlyn-selfhelpdienste aan studente en personeel te bied vir navorsing, gemeenskapsinteraksie en administrasie. Kommunikasie aan studente is verder verbeter deur meer papierbriewe met e-posbriewe te vervang. 'n Selfhelpdiens vir die voorlopige verklaring van studiekoste deur die web is ingestel. 'n Fietsverhuring-bestuurstelsel versterk die Mobiliteitprojek.

'n Nuwe tegniese platform waarop alle bestuursinligtingstelsels ontwikkel sal word, voorsien in die behoefte aan gebruikersvriendeliker, omvangryker bestuursinligting. Die uitbreiding en aanpassings aan bestuursinligting kan nou vinniger en makliker gedoen word.
Om papiergebruik te verminder, beter tred te hou met dokumente en beter aan wetgewing te kan voldoen, is metodiek ontwikkel en kundigheid gevestig vir elektroniese inhoudsbestuur. Dit behels die strategieë, metodes en gereedskap om dokumente en inhoud wat verband hou met organisatoriese prosesse vas te lê, te bestuur, te stoor en af te lewer. 'n Aantal omgewings het begin om hul dokumente slegs elektronies te stoor en te bestuur in 'n strewe na 'n papierlose kantoor.

Om te verseker dat die Universiteit se studente- en finansiële inligtingstelsels gerat is om die Universiteit se dienste en prosesse optimaal te verryk en te transformeer, is begin met 'n ondersoek na verdere vernuwing.

## AFDELINGS SKEP WAARDE UNIVERSITEITSWYD

Uit bostaande afdelingsverslae binne Bedryf en Finansies blyk die waarde wat dié afdelings tot die uitvoer van die US se oorhoofse strategieë toegevoeg het. Sprekende voorbeelde hiervan is bepaalde projekte om die US se koolstofvoetspoor te verminder en om regdeur meer omgewingsvriendelike praktyke te gebruik. Die daarstelling van opgegradeerde fisiese fasiliteite en 'n begroting wat agter die strategie ingeswaai is, is nog voorbeelde van dié betrokke verantwoordelikheidsentrum se waardetoevoeging.

In dié verband lewer die Afdeling Telematiese Dienste onontbeerlike dienste aan projekte wat daarop gemik is om pandemiese armoede te bestry, terwyl die Afdeling Informasietegnologie groot finansiële besparings vir die Universiteit bewerkstellig het. InnovUS het entrepreneurskap onder personeel en studente bevorder, en 'n prominente rol in tegnologie-oordrag gespeel. Die Afdeling Finansies het waarde toegevoeg deur die nodige finansiële bestuursinligting te voorsien en deur te help om die begroting volhoubaar agter die US se strategieë in te swaai.

# VERSLAG INSAKE RISIKOBLOOTSTELLING, -EVALUERING EN -BESTUUR

## PROF LEOPOLDT VAN HUYSSTEEN

Die Universiteit is verbind tot 'n omvattende en gestruktureerde risikobestuursprogram ter ondersteuning van die institusionele strategiese bestuursprosesse. Risikobestuur is in alle afdelings veranker om die risiko's te identifiseer, en sover as moontlik daar waar dit ontstaan, te bestuur.

Dié program, wat sedert 2008 jaarliks verfyn is, word gevolg om strategiese bestuursprosesse toenemend op 'n risikobestuursgrondslag te vestig en terselfdertyd uitvoering te gee aan die rapporteringsvoorskrifte van die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding. Die verfyning spruit voort uit die geformaliseerde interaksie tussen die Risikobestuurskomitee aan die een kant en die Oudit- en Risikokomitee van die Raad aan die ander kant.

Risikobestuur dien as steunbasis vir institusionele bestuursprosesse deurdat operasionele risiko's deurlopend in die Universiteit se elektroniese risikoregister vasgelê word ter wille van rekordhouding en bestuursoorsig. Operasionele risiko's word aan oorhoofse strategiese fokusse gekoppel ter bevordering van 'n strategie-ondersteunende risikobestuursprogram. Dié koppeling is ook bevorderlik vir matriks-(risiko)bestuursdinamika tussen die hoofde van die onderskeie verantwoordelikheidsentra (by name Leer en Onderrig, Navorsing en Innovasie, Gemeenskapsinteraksie en Personeel, en Bedryf en Finansies).

Daar is 'n volgehoue fokus op die vorming van beleide om die Universiteit teen blootstelling te beskerm. 'n Beleid oor die beskikbaarstelling en verhuring van Universiteitsfasiliteite vir groot byeenkomste is in 2012 goedgekeur.

Hoërorderisiko's, waaronder gebrekkige vordering met diversifisering en risiko's verwant aan die US se beeld, sowel as finansiële en sistemiese volhoubaarheidsrisiko's, is gedurende die verslagjaar by die Risikobestuurskomitee en die Oudit- en Risikokomitee aangemeld en hanteer. Die relatiewe blootstelling aan hoërorderisiko's word sedert 2012 deur middel van 'n 'risikotermokaart' voorgestel wat as bylaag en bestuurshulpmiddel by die risikoregister gevoeg word.

Die sterk bestuursfokus op voldoening aan die Wet op Beroepsgesondheid- en Veiligheid is gedurende 2012 volgehou. Die stand van veiligheidsaanstellings en statutêre opleiding van veiligheidspersoneel is gedurende 2012 by elke Risikobestuurskomitee gerapporteer, waarna bestuursintervensies geïnisieer is om leemtes reg te stel. Rapportering oor die stand van beroepsgesondheid en veiligheid, asook oortredings in terme van die etiese kodes, het gedurende 2012 as staande punte op die Oudit- en Risikokomitee se agenda gedien.

Soos in 2011, het ons weer met 'n beduidende aantal risiko's op die risikoregister van die Oudit- en Risikobestuurskomitee vordering gemaak.



PROF L VAN HUYSSTEEN
UITVOERENDE DIREKTEUR: BEDRYF EN FINANSIES

# SENAATSVERSLAG AAN DIE RAAD

Die Senaat het as statutêre liggaam gedurende 2012 'n belangrike bydrae gelewer om die Universiteit Stellenbosch as volwaardige 21ste-eeuse universiteit te posisioneer. Bydraes deur die verskillende senaatskomitees, te wete die fakulteitsrade, Uitvoerende Komitee van die Senaat, Aanstellingskomitee, Akademiese Beplanningskomitee, Biblioteekkomitee, Eregradekomitee, Gemeenskapsinteraksiekomitee, Navorsingskomitee en Komitee vir Leer en Onderrig, is tydens vanjaar se vier senaatsvergaderings bespreek met spesifieke aanbevelings aan die Raad.

Sake wat in die senaatsvergaderings aandag geniet het, was die aanbeveling van 'n aantal nuwe akademiese programme vir goedkeuring deur die Raad, die goedkeuring van doktorale onderwerpe vir navorsing, die aanbeveling van 'n aantal beleide by die Raad, en die bespreking van onderrigaktiwiteite en gemeenskapsaktiwiteite wat met die akademie verband hou. Die volgende programme is in 2012 deur die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding goedgekeur en deur die Raad vir Hoër Onderwys geakkrediteer:

- Nagraadse Diploma in Intellektuele Eiendomsreg
- Nagraadse Diploma in Ontwikkelingsfinansies
- Nagraadse Diploma in Omgewingsbestuur
- Nagraadse Diploma in Toekomsstudies
- HonsBSc in Menslike Anatomie
- HonsBSc in Toegepaste Plantfisiologie
- LLM in Intellektuele Eiendomsreg
- MSc in Infeksievoorkoming en -beheer
- PhD in Oudiologie
- PhD in Spraak-Taalterapie

**Die Senaat van die Universiteit Stellenbosch bestaan uit:**

- die Rektor en Visekanselier (Voorsitter);
- die drie viserektore;
- die Uitvoerende Direkteur: Bedryf en Finansies;
- twee lede van die Raad (deur die Raad benoem);
- die Registrateur (Sekretaris);
- al die vol professore aan die Universiteit;
- alle departementele voorsitters wat nie vol professore is nie;
- vyf medeprofessore;
- vier lede van die Studenteraad;
- twee lede van die akademiese personeel wat nie professore of medeprofessore is nie;
- twee lede van die administratiewe personeel;
- twee lede van die tegniese personeel;
- dekane en visedekane wat nie vol professore is nie; en
- die volgende bykomende persone wat deur die Raad tot lede van die Senaat verklaar is: Studentedekaan; Hoofdirekteur: Strategiese Inisiatiewe en Menslike Hulpbronne; Hoofdirekteur: Finansies; Hoofdirekteur: Fasiliteitsbestuur; Senior Direkteur: Informasie-tegnologie; Senior Direkteur: Akademiese Steun; Senior Direkteur: Institusionele Navorsing en Beplanning; Senior Direkteur: Biblioteek- en Inligtingsdiens; Senior Direkteur: Navorsing; Direkteur: Sentrum vir Onderrig en Leer; en Direkteur: Nagraadse en Internasionale Kantoor.

Ten slotte kan met reg gesê word dat die Senaat in die verslagperiode 'n omvattende en kundige bydrae gelewer het tot die portefeuljes van Leer en Onderrig, Navorsing en Innovasie en ook Gemeenskapsinteraksie en Personeel.

PROF HR BOTMAN
VOORSITTER VAN DIE SENAAT

# FAKULTEITSVERSLAE

Die Universiteit Stellenbosch geniet groot agting in die internasionale akademiese gemeenskap vir sy hoogstaande onderrig en navorsing. Die Universiteit is trots daarop dat hy een van die hoogste persentasies nagraadse studente in die land het waarvan byna 10% internasionale studente is.

Die Universiteit het tien fakulteite, waarvan agt – AgriWetenskappe, Ingenieurswese, Lettere en Sosiale Wetenskappe, Natuurwetenskappe, Opvoedkunde, Regsgeleerdheid, Teologie en die grootste deel van Ekonomiese en Bestuurswetenskappe – op die hoofkampus op Stellenbosch geleë is en die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe op die Tygerbergkampus. Die Bellvilleparkkampus is die tuiste van die Universiteit van Stellenbosch Bestuurskool en die USB Bestuursontwikkeling Beperk, terwyl die Fakulteit Krygskunde op die kusdorp Saldanha geleë is.

Uitvoerige inligting oor die voorgraadse en nagraadse onderrigprogramme wat deur hierdie fakulteite aangebied word en nadere inligting oor die fakulteite is verkrygbaar op die Universiteit se webwerf by www.sun.ac.za.

PROF MOHAMMAD KARAAN
DEKAAN: FAKULTEIT AGRIWETENSKAPPE

# FAKULTEIT AGRIWETENSKAPPE

In 2012 het die Fakulteit weer eens goed gepresteer met betrekking tot die Universiteit se strategiese bestuursaanwysers. Die klem val vir ons steeds op gehalte-onderrig en toegepaste navorsing in landbouwetenskappe en verwante terreine. Om dit te kon volhou, moes ons ons onlangse toename in studentetal inperk om op gehalte-uitset ten opsigte van die sukseskoers van ons studente en die bevordering van nagraadse prestasie te konsentreer. Ons het daarin geslaag om akademiese uitset te handhaaf terwyl ons finansiële volhoubaarheid inkrementeel verbeter het. Daarbenewens het ons ook belangrike bydraes tot die HOOP Projek gelewer deur die Universiteit Stellenbosch Voedselsekerheidsinisiatief en die Standard Bank Sentrum vir die Ontwikkeling van Agribesigheidsleierskap en Mentorskap.

Die Fakulteit AgriWetenskappe bestaan uit die volgende 11 departemente: Agronomie, Bewaringsekologie en Entomologie, Bos- en Houtkunde, Genetika, Grondkunde, Hortologie, Landbou-ekonomie, Plantpatologie, Veekundige Wetenskappe, Voedselwetenskap (kyk bladsy 70), en Wingerd- en Wynkunde. Verskeie navorsingsinstitute, -sentra en leerstoele ressorteer onder hierdie departemente.

Ons navorsingsprofiel vorder voortdurend namate ons baat uit ons verhoudinge met nywerheidsliggame en die regering. Ons Fakulteit het nou vier regeringsbefondsde SARChI-leerstoele – in naoestegnologie, plantbiotegnologie, vleiswetenskap en wynbiotegnologie. Die versnelde uitsette wat in bewaringsekologie, voedselwetenskap, veekundige wetenskappe en plantpatologie verkry is, is bewys van ons vooruitgang in tradisionele en opkomende studieterreine. Ons groter aandag aan nagraadse studie het 'n ongeëwenaarde getal meesters- en doktorale afgestudeerdes meegebring.

Ons handhaaf steeds produktiewe verhoudinge met die openbare sektor, waaronder die Departement van Wetenskap en Tegnologie, die Departement van Handel en Nywerheid, die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye, die Landbounavorsingsraad en verskeie ander liggame. Ons derdegeldstroominkomste groei dus stelselmatig. Ons handhaaf ook steeds goeie betrekkinge met landbounywerhede, wat ruim bydra tot navorsingsprogramme of staatsbefondsing in ons Fakulteit ewenaar.

Ons strategiese verbintenis met die Elsenburg Landboukollege het van krag tot krag gegaan. Ons Fakulteit het nou sitting in die Elsenburg-raad. Ons het sodoende gegroei tot die rol om akademiese gehalte te bevorder deur verskeie vorms van akademiese en professionele uitruiling sonder aantasting van hul outonomie. Ons samewerking met die Wes-Kaapse Departement van Landbou bly 'n prioriteit.

Ons diversiteitsprofiel toon 'n geleidelike verbetering ten opsigte van studente en akademiese personeel. Swart studente maak nou meer as 20% van ons voorgraadse studentetal uit en by nagraadse studente is 30% swart. Personeelaanstellings uit die aangewese groepe het ook ons diversiteitsprofiel verbeter, maar meer kan nog op senior vlakke bereik word. Ons pogings om leerders na die landbouwetenskappe te lok deur skoolvennootskappe begin vrugte afwerp omdat ons meer studente uit die aangewese groepe werf. Nagraadse studente uit ander Afrikalande het 'n beduidende komponent van ons studenteliggaam geword en brei ook ons Afrika-betrokkenheid uit.

AgriWetenskappe is verbind tot die ontwikkelingsuitdagings van ons tyd en skenk baie aandag aan gemeenskapsinteraksie-inisiatiewe. Dit hou verband met armoedeverligting, voedselsekerheid, biodiversiteit, volhoubaarheid, die landelike ekonomie, naoestegnologie, peste en siektes, waterbestuur, voedselprosessering, landelike ontwikkeling en die hele agribedryf. Verskeie nasionale en internasionale vergaderings en konferensies is op ons kampus aangebied en ondersteun deur personeel in die verskillende landboudissiplines.

Ons bemarkingspogings in die verslagjaar behels bedryfskakelings, 'n dinamiese eerstejaar-verwelkomingsprogram, skoolprogramme, werwingsaksies, beurse toegeken, fondswerwings-geleenthede, alumnibyeenkomste, studenteprestasieseremonies en 'n jaarlikse personeeldag vir al ons gewaardeerde werknemers. Studentesteun is 'n groot prioriteit en studente met leer-, taal-, sosiale en persoonlike uitdagings geniet spesiale aandag. Deur klaskamer- en breër betrokkenheid bly ons administratiewe en akademiese personeel op die uitkyk vir studente se spesiale behoeftes.

Die Fakulteit het sy wêreldwye samewerkingsnetwerk uitgebrei na meer universiteite en navorsingsinstitute in verskeie Afrikalande en die Ooste, waar ons akademiese belange verder gegroei het. Ons personeel en studente het geweldig gebaat by hierdie internasionale uitruilooreenkomste. Gevierde vakkundiges uit die buiteland besoek steeds ons kampus en verryk ons akademiese omgewing. Verskeie internasionale personeelaanstellings het ook ons akademiese aanbod en internasionale uitruilooreenkomste verbeter.

Ons personeel en studente bly ons grootste bates. Baie van ons senior personeel speel strategiese en deurslaggewende rolle deur aan die landboubedrywe en openbare sektor denkleiding te gee en sodoende kennis- en maatskaplike grense te verskuif. Ons studente word aangemoedig om hierdie tradisie voort te sit.

**PROF JOHANN DE VILLIERS**
DEKAAN: FAKULTEIT EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE

# FAKULTEIT EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE

Vir die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe was die erkenning van ons kundigheidsbasis van die hoogtepunte van 2012. Die Universiteit van Stellenbosch Bestuurskool is deur die *Association to Advance Collegiate Schools of Business* (AACSB) geakkrediteer en die prestasies van die Navorsingsleerstoel in Sosiale Beleid in die Departement Ekonomie is deur die Nasionale Navorsingstigting (NNS) erken deurdat ondersteuning hiervoor hernu is. Die Fakulteit se studente presteer steeds uitstekend in eksterne eksamens. Transformasie was hoog op die Fakulteit se agenda en die program BComm (Bestuurswetenskappe) word nou in Afrikaans en Engels aangebied om dit toeganklik vir meer studente te maak.

Met die akkreditasie van die AACSB het die Bestuurskool een van slegs 60 bestuurskole in die wêreld en die eerste uit Afrika geword wat akkreditasie ontvang het van al drie die belangrikste internasionale akkreditasie-liggame.

Die hernuwing van die NNS se ondersteuning vir die Navorsingsleerstoel in Sosiale Beleid in die Departement Ekonomie was verdere erkenning vir ons kundigheidsbasis. Onder die leiding van professor Servaas van den Berg het daar oor die afgelope vyf jaar 'n navorsingsgroep tot stand gekom wat onder meer die effek van die internasionale ekonomiese krisis op kinderarmoede, die doeltreffendheid van besteding op vroeë kinderontwikkeling, die fiskale volhoubaarheid van die Nasionale Gesondheidsversekeringsplan, en die doeltreffendheid van munisipale dienslewering ondersoek het. Benewens die NNS is navorsing ook befonds deur plaaslike en nasionale owerhede, die privaat sektor, en internasionale instellings (wat die Wêreldbank en Verenigde Nasies insluit).

Die Skool vir Publieke Leierskap huisves die TsamaHub-inisiatief. Deur middel van die iShack-projek ondersoek TsamaHub geskikte tegnologie om informele nedersettings geleidelik mee op te gradeer. Die Enkanini-nedersetting in Stellenbosch is die vernaamste fokus van die studie. In 2012 het hierdie projek erkenning van die Bill en Melinda Gates-stigting ontvang, wat R1,8 miljoen tot verdere navorsing en ontwikkeling bygedra het.

Die sukses van ons studente in eksterne eksamens dien ook as erkenning van ons kundigheidsbasis. Vier van ons studente (Arno de Wet, Mellusca Farnham, Andrea van Lille, en Cornelius Zeeman) het in 2012 Deel I van die kwalifiserende eksamen van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Geoktrooieerde Rekenmeesters met lof geslaag. Tim Acker, 'n oudstudent, het aan die einde van 2011 die eerste plek in die Deel II: Ouditkunde-eksamens behaal. In die internasionale eksamens van die *Chartered Institute of Management Accountants* het twee van ons oudstudente die hoogste punte in spesifieke vraestelle behaal (Nicolas Heyns in Finansiële Strategie en Robert Meintjies in die Gevallestudie-vraestel van Bestuursrekeningkunde).

Ten einde studentesukses te verseker, wil die Departement Rekeningkunde nie net fokus op studente wat reeds op Stellenbosch is nie, maar wil hulle ook 'n bydrae maak om skoolonderrig te verbeter. Die Onderwyserverrykingsprogram is 'n projek wat die Departement Rekeningkunde in samewerking met die Suid-Afrikaanse Instituut vir Geoktrooieerde Rekenmeesters en die Wes-Kaapse Onderwysdepartement aanbied. Die doel daarvan is om onderwysers se kennis en vaardighede in Rekeningkunde verder te ontwikkel. Hierdie program is in 2012 uitgebrei en deur middel van telematiese uitsendings aan onderwysers in skole oor die hele Wes-Kaap en selfs tot in die Noord-Kaap beskikbaar gestel.

Transformasie en diversiteit is vir die Fakulteit belangrik en in 2012 was die vernaamste inisiatief om dit te bevorder die instelling van die nuutgekurrikuleerde BComm (Bestuurswetenskappe)-program. Dit is tans die enigste program aan die Universiteit wat volledig in beide Afrikaans en Engels aangebied word. Met hierdie aanbod wil die Fakulteit ons onderrig meer toeganklik maak vir 'n breër groep studente en wil ons terselfdertyd studentesukses bevorder deurdat die taal van aanbieding nie meer 'n struikelblok vir die prestasie van 'n groter groep studente sal wees nie.

Die Fakulteit word gekenmerk deur groot studentegetalle en in 2012 het 4 265 voorgraadse en 3 038 nagraadse studente hier studeer. Danksy die groot studentetal en hoë dosent-student-verhoudings is die onderrigprogramme van die Fakulteit finansieel volhoubaar en maak die Fakulteit 'n aansienlike bydrae tot die finansiële volhoubaarheid van die Universiteit.

Hierbenewens wil die Fakulteit deur die toepassing van ons kennis 'n bydrae lewer tot die volhoubaarheid van die breë gemeenskap. Die inisiatief van Corrinna Kirsten, 'n dosent in Bestuursrekeningkunde, is 'n belangrike voorbeeld van so 'n bydrae. Sy het as deel van 'n program wat deur die SEED Trust namens die Kaapse Wynland Distriksmunisipaliteit aangebied is, saam met kollegas Zack Enslin, Riaan Rudman, Gretha Steenkamp, Judith Terblanche en Ellané Van Wyk, 'n opleidingskursus vir eienaars van klein sakeondernemings ontwikkel. Die kursus is gedurende 2012 in Stellenbosch, Paarl, Mbekweni, Robertson, Worcester en Ceres aangebied en deur 46 entrepreneurs bygewoon. Dit is opgevolg deur 'n mentorprogram deur rekenmeesters uit die praktyk. Terugvoering oor die program was baie positief en daar word oorweeg om dit ook na ander areas uit te brei.

**PROF JIMMY VOLMINK**
DEKAAN: FAKULTEIT GENEESKUNDE EN GESONDHEIDSWETENSKAPPE

# FAKULTEIT GENEESKUNDE EN GESONDHEIDSWETENSKAPPE

Die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe se HOOP Projek-inisiatiewe het ryklik in die verslagjaar bygedra tot sy akademiese sukses en prestasies. Die Ukwanda-sentrum vir Landelike Gesondheid het sy tiende bestaansjaar gevier met die inwyding van 'n R65 miljoen kliniese skool in Worcester met ultramoderne, omgewingsvriendelike fasiliteite. Die Desmond Tutu TB-sentrum is vereer met die internasionale StopTB Kochon-prys vir sy navorsing oor kinder-TB en sy baanbrekerwerk in gemeenskapsgebaseerde sorg. Voorts weerspieël ons studente en personeel al hoe meer die Suid-Afrikaanse samelewing se diversiteit en verskeie ondersteuningsinisiatiewe is ingestel om hulle sukses en groei te verseker.

Die jaar 2012 was weer eens produktief vir ons Fakulteit. In Mei het ons amptelik ons naam verander na die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe (FGGW). Hierdie nuwe naam gee die bydrae van die volledige reeks gesondheidsorgdissiplines weer terwyl dit terselfdertyd ons Fakulteit onderskei van gesondheidswetenskapfakulteite in Suid-Afrika wat nie mediese opleiding verskaf nie.

Na baie jare van onderhandeling is 'n belangrike mylpaal bereik met die ondertekening van die multilaterale ooreenkoms (MLO) tussen die Provinsiale Regering van die Wes-Kaap en die vier Wes-Kaapse universiteite. Hierdie MLO vorm die raamwerk vir die ontwikkeling van 'n bilaterale ooreenkoms wat toekomstige interaksies oor sake van gesondheidswetenskappe-onderrig, -navorsing en -kliniese diens sal rig.

Die visie van die FGGW is om 'n dinamiese, mensgerigte en inklusiewe omgewing te wees wat internasionaal erken word vir ons voortreflike navorsing, onderrig en kliniese opleiding in geneeskunde en gesondheidswetenskappe en vir die bydrae wat ons lewer tot die verbetering van gesondheid en gesondheidsorg in Suid-Afrika en daarbuite. Ons is tans besig met 'n finale interne konsultasieproses ten opsigte van ons nuwe strategiese plan vir 2013 tot 2018. Die plan verskaf die rigtinggewende raamwerk vir die implementering van hierdie visie.

Omdat ons studente en personeel al meer die volle diversiteit van die Suid-Afrikaanse samelewing toon, verskerp ons ons pogings om te verseker dat die Fakulteit 'n wellewende en koesterende omgewing vir almal voorsien.

Die FGGW het steeds een van die beste sukseskoerse onder voorgraadse studente aan die Universiteit. Ons sterk studentesteun-inisiatiewe, soos die tutor-mentorprogram vir eerstejaars, wat deur senior studente georganiseer en bestuur word, en verskeie opvoedkundige vernuwings is bevorderlik vir hierdie prestasie. In 2012 is die potgooi van lesings vir die eerste maal vir MB,ChB II-studente ingestel. Dit blyk dat dit baie gewild was, met studente wat die uitbreiding van dekking na alle studiejare versoek het.

Ons veeltaligheidsprojek, wat oor die afgelope drie jaar beplan is, het goeie vordering gemaak. Alle studente in Dieetkunde, Arbeidsterapie en Spraak-Taal- en Gehoorterapie ontvang tans tydens hul kliniese opleiding intensiewe kleingroeponderrig in Xhosa en Afrikaans om hul kommunikasie met pasiënte te verbeter. Hierdie projek sal uiteindelik vir al vyf voorgraadse programme, met ongeveer 1 800 studente, beskikbaar gestel word.

Die ontwikkeling van ons doserende personeel geniet ook groot prioriteit. Dit word ondersteun deur geteikende werksessies en kortkursusse, 'n magistergraad en doktorsgraad in Gesondheidsberoepsopleiding, 'n voordoktorale akademie en PhD-steungroepe. Hierbenewens bevorder ons personeeldeelname aan verskeie ontwikkelingsgeleenthede wat deur die Sentrum vir Onderrig en Leer aangebied word.

'n Eksterne beoordeling van ons navorsing is tans aan die gang. Hierdie beoordeling is 'n belangrike evaluerings- en standaardi-seringsoefening. Daar word verwag dat dit nuttige inligting vir die verdere versterking van ons navorsing sal lewer. Ons navors-ingsuitsette het ook aansienlik gegroei in omvang en gehalte en ons het daarin geslaag om hoë vlakke van navorsingsinkomste te handhaaf ondanks die ongunstige wêreldwye ekonomiese toestande.

Ons navorsers ontvang steeds internasionale erkenning as navorsings-leiers op die gebiede van TB, MIV, moeder-en-kind-gesondheids-kwessies en geestesgesondheid, waaronder middelmisbruik. Die Desmond Tutu TB-sentrum het byvoorbeeld onlangs die internasionale StopTB Kochon-prys vir sy navorsing oor kinder-TB en vir sy pionierswerk in gemeenskapsgebaseerde benaderings tot TB- en MIV-sorg ontvang. Hierdie jaar het ons Fakulteit ook drie van die ses SARChI-leerstoele van die Nasionale Navorsingstigting ontvang wat aan die Universiteit Stellenbosch toegeken is – almal op die terrein van tuberkulosenavorsing. Ons unieke Sentrum vir Bewysgebaseerde Gesondheidsorg bevorder die oordeelkundige gebruik van navorsingsbewyse by die neem van gesondheidsorgbesluite deur die regering, nieregeringsorganisasies en die privaat sektor.

Die tienjarige bestaan van die Ukwanda Sentrum vir Landelike Gesondheid is gevier met die bekendstelling van ons nuwe

Ukwanda Landelike Kliniese Skool (LKS) van R65 miljoen en die Worcester-kampus (kyk bladsy 11). Hierdie nuwe kampus bestaan uit sowel 'n ultramoderne, omgewings-vriendelike akademiese gebou en studentekoshuis as 'n gevorderde telematiese infrastruktuur.
Die LKS is die hoogtepunt van jare se beplanning en innovering met die ontwikkeling van kliniese opvoedkundige modelle vir die opleiding van studente in landelike omgewings. Die fasiliteit sal help om ons toekomstige gesondheidsberoepspersone voor te berei vir werk in landelike gebiede. Alles dui daarop dat dit die waarskynlikheid vergroot dat hierdie gesondheidswerkers vir landelike en onderbediende gebiede behoue sal bly.

**PROF HANSIE KNOETZE**
DEKAAN: FAKULTEIT INGENIEURSWESE

# FAKULTEIT INGENIEURSWESE

Die Fakulteit het in 2012 steeds met groot ywer tot die US se HOOP Projek bygedra. Danksy R55 miljoen aan saaikapitaal wat die Fakulteit vir drie inisiatiewe Energie en die Omgewing, Kommunikasie en Inligtingstelsels, en Voedselsekerheid tussen 2009 en 2011 van die Universiteitsraad ontvang het, het hy sy teikens vir M- en D-inskrywings, asook vir publikasie-uitsette, ver oortref. Die kumulatiewe derdegeldstroominkomste vir hierdie inisiatiewe is reeds meer as R120 miljoen, en het die Fakulteit in staat gestel om in 2012 die hoogste aantal navorsingsuitsette in sy geskiedenis te behaal. Die derdegeldstroominkomste stel die Fakulteit in staat om met die drie inisiatiewe volhoubaar verder te gaan.

Ingenieurswese het die afgelope ses jaar beduidend gegroei tot die vierde grootste fakulteit by die Universiteit. Die groei is in 'n mate aangespoor deur versoeke van owerheidskant dat ingenieursfakulteite meer gegradueerdes moet lewer om die land se nypende ingenieurstekort te verlig.

Jare se deeglike strategiese beplanning en suksesvolle uitvoering het in 2012 vrugte afgewerp in die vorm van groeiende studentetalle, hoë slaagkoerse, beter toeganklikheid deur meertaligheid, uitstekende navorsingsuitsette, asook grootskaalse vernuwing van infrastruktuur. Die Fakulteit se reusebydrae ten opsigte van navorsingsinisiatiewe onder die vaandel van die HOOP Projek is voortgesit.

Goeie prestasie ten opsigte van die Universiteit se vier strategiese fokusse is in 2012 gehandhaaf. Op die gebied van kundigheid is die Fakulteit Ingenieurswese hoër as die universiteitsgemiddeld vir gedoktoreerde akademici, NNS-geëvalueerdes, M- en D-graaduitsette, innovasie en gemeenskapsinteraksie. Die verhouding van nagraadse studente teenoor voorgraadse studente is ook bokant die universiteit se teiken inaggenome dat die BIng se finale jaar eintlik op honneursvlak lê. Die afgelope jaar het die Fakulteit 'n baie besondere mylpaal bereik met 100 publikasie-eenhede.

Wat studentesukses betref bly die voorgraadse moduleslaagkoers hoog ten spyte van bekommernisse oor die hedendaagse skoolopleiding in Wiskunde en Fisiese Wetenskappe. Danksy streng keuring, hoogs gestruktureerde programme en onderrig- en assesseringsprosedures wat deur die Professionele Ingenieursraad (ECSA) gemoniteer word, is die modulesukseskoers van 85,3% hoër as die universiteitsgemiddeld. Die Fakulteit hou egter deurlopend sy vinger op die pols met voorkomende maatreëls om studentesukses te verseker. Twee maatreëls is vroeë identifikasie van eerstejaars wat sukkel, asook die instel van 'n verlengde graadprogram vir onderwysbenadeelde studente om hulle voor te berei vir die eise van die BIng-hoofstroomprogram. 'n Goed gevestigde mentorstelsel sedert 2005 lewer waarskynlik ook 'n beduidende bydrae tot die Fakulteit se hoë retensiekoers van eerstejaars, wat uiteindelik tot 'n hoë gradueringspersentasie lei.

Ingenieurswese ontwikkel die afgelope paar jaar planmatig sy voorgraadse programaanbod om meertalig te wees en tegelykertyd die Afrikaanse lesingsaanbod te handhaaf. Eerste- en tweedejaarmodules word in Afrikaans én Engels aangebied deur middel van parallelle sessies of intydse tolking. Die voortou is in 2011 geneem met 'n opvoedkundige tolkingloodsprojek wat in 2012 verder na derdejaarmodules in Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese uitgebrei is. Na hierdie suksesvolle proeflopie sal alle derdejaarmodules vanaf 2013 getolk word. Die Fakulteit strewe daarna om binne praktiese haalbaarheid en bekostigbaarheid die totale BIng-program meertalig te maak.

In 2012 is 'n loodsprojek oor buigsame assessering in die meeste derdejaarmodules van stapel gestuur. Die een minder assessering waarop dit neerkom, sal die dosentelading verlig sonder enige nadelige gevolge en studente help om met hulle studie op datum te bly.

Die Fakulteit is uniek ten opsigte van omvangryke voorgraadse en nagraadse werwing, wat self gedoen word deur bemarkers in die dekaansafdeling in samewerking met die Fakulteit se bestuur. Geteikende bemarking het waarskynlik daartoe bygedra dat keuringsdrempels aansienlik verhoog kon word om sodoende studente met die beste matriekresultate na Ingenieurswese te lok.

Afgestudeerdes van die Fakulteit word hoog in die bedryf aangeslaan, soos weer eens deur die Adviesraad tydens hul jaarlikse vergadering bevestig is. Konkrete bewys hiervan is dat 'n Matie-ingenieurstudent, Hans-Jürgen Gadinger, die Eskom-voorsitterstoekenning ontvang het vir die beste universiteitstudent in die land.

Voorgraadse werwing word intensief onder leerders uit die aangewese groepe gedoen om diversiteit te verhoog. Die BIng-programme het van die heel swaarste kredietbeladings op die hoofkampus en ingenieurstudente moet buitenstyd lank in rekenaargebruikersareas werk. Om studente uit voorheen benadeelde omgewings te ondersteun, het die Fakulteit beding dat bruin, swart en Indiërstudente verseker is van koshuisplasing. Hierdeur spaar hulle baie pendeltyd en kan hulle na klastyd deelneem aan groepwerk.

Die Fakulteit het sedert 2006 gegroei en met die gepaardgaande skaalbesparings is sy kostedoeltreffendheid drasties verbeter in belang van volhoubaarheid. 'n Paar faktore, soos 'n groter studentelading vir akademici, verhoogde vloerarea-heffings, tweejaar-sloering van die staatsubsidie en die befondsingskategorie van toepassing op ingenieursfakulteite, kan egter volhoubaarheid striem.

Die sentrums en institute van die Fakulteit is finansieel gesond en sorg vir beduidende ekstra inkomste waarmee duur toegepaste navorsingsprogramme bekostig kan word. Befondsing van die Departement Hoër Onderwys en Opleiding het bygedra tot die uitbreiding van infrastruktuur en fasiliteite. Die Kennissentrum, met 'n ultramoderne biblioteek, goed toegeruste lesinglokale en twee navorsingsentrums, is in die verslagjaar in gebruik geneem. Groot aanbouings is ook by die Departement Prosesingenieurswese gemaak (kyk bladsy 65).

Na twee termyne as dekaan is prof Arnold Schoonwinkel aangestel as Viserektor (Leer en Onderrig). In September het hy die leisels aan prof Hansie Knoetze oorgegee.

**PROF SAM TSHEHLA**
DEKAAN: FAKULTEIT KRYGSKUNDE

# FAKULTEIT KRYGSKUNDE

Die ondertekening van die nuwe ooreenkoms tussen die Universiteit Stellenbosch en die Departement van Verdediging was 'n hoogtepunt van die verslagjaar in die Fakulteit Krygskunde. Hierdie ooreenkoms verstewig die langdurige verhouding tussen die Universiteit en die Departement en verseker die Fakulteit se volhoubaarheid. Deur ons HOOP-inisiatief SIGLA@ Stellenbosch dra ons by tot die verdieping van die demokrasie en die bevordering van vrede en sekuriteit.

In Mei het prof Russel Botman, die Universiteit se Rektor en Visekanselier, en dr Sam Gulube, die Sekretaris vir Verdediging, gesamentlik 'n nuwe memorandum van verstandhouding onderteken wat onder andere die parameters dek waarbinne gekontekstualiseerde tersiêre militêre onderrig aan die offisiere van die SANW en die SAOG-streek voorsien word (kyk bladsy 65).

Ons doelstellings is om op 'n multidissiplinêre vlak met ons medefakulteite saam te werk om vir die hele Afrika gekoördineerde leierskapsopleiding van hoë gehalte aan te bied, tot die opbou van kennis en bestuur by te dra, goeie beheer en bestuur en leierskap te verbeter en resultaatgebaseerde samewerkende reëlings met die sekuriteitsektor op die vasteland te bevorder en te benut. Ons ondersteun veral twee temas van die Universiteit se ontwikkelingsagenda, te wete die verdieping van die demokrasie en die bevordering van vrede en sekuriteit. Die medium vir hierdie tipe projekte is ons betrokkenheid by SIGLA@ Stellenbosch. Die huidige direkteur, me Siphokazi Ndudane, speel 'n deurslaggewende rol in die fasilitering van sulke projekte. Die Sentrum vir Militêre Studie (CEMIS) het sy nasionale en internasionale betrokkenheid bewys deur die lewering van twee boeke, *Reflections on War: Preparedness* en *Transition to Democracy and Changing Security Paradigms* (in samewerking met die Roemeense Verdedigingsakademie).

Ons doel is om goed opgevoede en holisties ontwikkelde jong offisiere vir die Departement van Verdediging te lewer wat in staat is om met selfvertroue, vaardighede en kennis globaal as effektiewe leiers op te tree. In die verslagjaar het die Fakulteit 51 HSMS'e (Hoër Sertifikaat in Militêre Studie), 30 BMil-grade (een cum laude), 12 HonsBMil-grade en een MMil (cum laude) toegeken. Twee meestersgraadstudente in die Departement Militêre Fisika, kapt Alfred Sehone en lt Vusi Malaza, het die plakkaatkompetisie by die jaarlikse fisikakonferensie in Pretoria gewen. Op sportgebied het kapt Sehone en lt Audrey Lawrence in September by die Afrika-kampioenskap in Madagaskar albei silwermedaljes in skopboks gewen.

Die kennisbasis van die Fakulteit is uitgebrei na sy Weermag-sustereenhede soos die Oorlogskollege. Die Fakulteit se Skool vir Verdedigingsorganisasie en Hulpbronbestuur het vir die eerste maal die Senior Militêre Bestuursprogram vir 80 senior offisiere (luitenant-kolonels) van die SANW aangebied. Die Fakulteitspersoneel gee studieleiding aan leerders van die Verdedigingskollege vir hulle navorsingsreferate.

Twee lede van die Fakulteit het doktorsgrade ontvang: dr Abraham Prins in Wiskunde van die Universiteit van Wes-Kaapland, en lt-kol (dr) Michelle Nel 'n LLD-graad van die Universiteit van Suid-Afrika. Dr Nel het sodoende die eerste vrou in die geskiedenis van die Fakulteit Krygskunde geword wat oor 'n LLD beskik.

Ons nagraadse studente het die geleentheid gehad om aan nasionale en internasionale konferensies deel te neem deur onafhanklik of saam met hul studieleiers referate te lewer. Die Program-advieskomitee van die Fakulteit is baie besig met die moontlike implementering van 'n PhD-program in 2014.

Ons internasionale navorsingsinteraksie bly sterk en ons het 'n jaarlikse uitruilprogram met die Franse Departement van Verdediging, wat vir drie maande drie of vier Franse kadette van die Franse Militêre Akademie, *St Cyr*, stuur om 'n nagraadse navorsingsmodule by die Skool vir Veiligheid- en Afrikastudie te voltooi. Hierbenewens skakel ons met ons Roemeense vennote deur middel van die Suid-Afrikaans-Roemeense Bilaterale Ooreenkoms oor Samewerking in Wetenskap en Tegnologie. Ons het ook 'n uitruilooreenkoms met die Koninklike Deense Verdedigingskollege.

Die Fakulteit help die Universiteit van Namibië, en in besonder die Namibiese Ministerie van Verdediging, met die vestiging van 'n voorgraadse kwalifikasie vir hulle offisiere. Die Departement Fisika in die Fakulteit se Skool vir Wetenskap en Tegnologie is deel van die Gesamentlike Instituut vir Kernnavorsing (SA/JINR) vir samewerking tussen Suid-Afrika en Rusland. Suid-Afrika hanteer die sogenaamde studentepraktyk van die JINR-navorsingsveld. Dit het gelei tot die suksesvolle voltooiing van 'n MMil Fisika (Kernwetenskap)-graad cum laude deur kapt Malaza, wat nou as 'n dosent in Fisika aan die Fakulteit verbonde is.

Hierbenewens het die Fakulteit, in sy strewe na transformasie, drie nuwe doseerpersoneellede getrek, waaronder twee vroue. Die volhoubaarheid van die transformasieprofiel van die Fakulteit is afhanklik van die goedkeuring van die beroepspesifieke bedeling, wat 'n prioriteit van die Gesamentlike Adviesraad bly.

Ten slotte betuig ons ons dank teenoor belanghebbendes wat ons gehelp het om in 2012 ons missie te volvoer.

**PROF HENNIE KOTZÉ**
DEKAAN: FAKULTEIT LETTERE EN SOSIALE WETENSKAPPE

# FAKULTEIT LETTERE EN SOSIALE WETENSKAPPE

Die hoop het nie beskaam nie. Die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe se inisiatief vir die HOOP Projek, die Nagraadse Skool, het daartoe bygedra dat 'n rekordtal van 56 doktorsgrade in 2012 toegeken is – soos aanvanklik beloof in die Fakulteit se HOOP-aansoek. Goeie ondersteuning en monitering het deels bygedra tot verhoogde studentesukses (minimum tydperk tot graduering). Deur die Nagraadse Skool se Afrika-vennootskappe en die Fakulteit se ander HOOP-inisiatief oor geografiese inligtingstegnologie is sterk bydraes gelewer tot kapasiteitsbou, plaaslik en op die vasteland. Dit is 'n voorreg om 'n tweede termyn as dekaan op so 'n hoë noot af te sluit.

Een van die redes vir die beduidende toename in PhD-gegradueerdes is die finansiële steun en navorsingsopleiding wat deur middel van die Nagraadse Skool deur die Fakulteit verskaf is, die deskundige kennis en uitstekende leiding wat deur ons studieleiers voorsien is en die harde werk en toewyding van ons PhD-kandidate.

Hierdie afgestudeerdes toon hoe ons, met behoorlike finansiering, navorsingsopleiding en toesighoudende steun, in staat is om in die minimumtyd van twee tot drie jaar tot studentesukses op die nagraadse vlak by te dra, ons studente-inname te diversifiseer en ons doelwit van 'n toename in PhD-gegradueerdes op die Afrika-vasteland te bereik.

Die Nagraadse Skool is deel van 'n drieledige akademiese inisiatief in ons Fakulteit wat die netwerk Vennootskap vir Afrika se Volgende Generasie Akademici (PANGeA) en die Afrika Doktorale Akademie (ADA) insluit. Hierdie inisiatief vorm deel van die Universiteit se HOOP Projek. Die Skool koördineer navorsingstemas afgestem op die ontwikkeling van Afrika, administreer doktorale programme en voltydse doktorale studiebeurse, werf en registreer doktorale studente uit Afrika, stel promotors aan en moniteer en evalueer werksaamhede om kwaliteit te verseker. Hierteenoor dien ADA as 'n ondersteuningstruktuur wat gevorderde vakkundigheid en navorsing bevorder. (Besoek gerus www.sun.ac.za/graduateschool.)

'n Groot deel van ons tyd is hierdie jaar gewy aan die bespreking van die plaaslike uitbreiding van die PANGeA-netwerk met instansies in Suid-Afrika. Dit is 'n voortdurende proses en ons hoop dat ons pogings in die toekoms op die betrokkenheid van meer Suid-Afrikaanse universiteite as vennote sal uitloop.

Op die oomblik maak die PANGeA-netwerk voorsiening vir middelvlak-personeellede by sewe Afrika-universiteite – Stellenbosch, Botswana, Makerere (Uganda), Malawi, Dar es Salaam (Tanzanië), Nairobi (Kenia) en Ghana – om aansoek te doen vir 'n driejaar- voltydse studiebeurs wat deur die Nagraadse Skool aangebied word. Na voltooiing van hul grade in die voorgeskrewe drie jaar sal hierdie akademici na hul onderskeie instellings terugkeer om hulle werk daar voort te sit. Hierdie geleenthede dien as teenvoeter vir die uitwerking van die Afrika-intellektrek. Die belangrikste is dat ons die volhoubaarheid en verdere ontwikkeling van Afrika-instellings verseker.

Ons kan op hoëvlak- nagraadse navorsing konsentreer hoofsaaklik omdat ons akademici trek en aanstel wat leiers in hulle vakgebiede is en wie se navorsing op sowel die Suid-Afrikaanse samelewing as die buiteland s'n 'n enorme invloed het. Voorbeelde is onder andere prof Lindy Heinecken, wat onlangs 'n internasionale toekenning ontvang het vir haar navorsing oor die rol van vrouesoldate in vredestigtingsinisiatiewe in Afrika, en prof Mark Tomlinson, aan wie 'n internasionale organisasie R5 miljoen toegeken het vir studie oor die langtermynimpak van 'n intervensie om die vroeë moeder-kind-verhouding in arm gemeenskappe te verbeter.

Om relevant te wees tot die behoeftes van 'n ontwikkelende gemeenskap bly ons deskundiges op hoogte van ontwikkeling in hulle vakterreine en voldoen hulle aan geldende nywerheidstandaarde. Gedagtig hieraan het prof Adriaan van Niekerk, die direkteur van die Sentrum vir Geografiese Analise in die Departement Geografie en Omgewingstudie, onlangs as 'n professionele Geografiese Inligtingswetenskaplike (GISc) by die Suid-Afrikaanse Raad vir Professionele en Tegniese Opmeters (PLATO) geregistreer. As programkoördineerder van die program HonsBSc (Geoinformatika) stel dit hom in staat om as studieleier op te tree vir nagraadse studente aan Stellenbosch wat professionele registrasie probeer verkry.

Die Wilcocks-gebou, waarin aansienlike skade aangerig is tydens 'n groot brand in 2010, is weer oopgestel vir gebruik. Hoewel hierdie brand groot verwoesting aangerig en ongerief veroorsaak het in die lewens van personeel en studente van die Departemente Geskiedenis en Sielkunde, is daar met die opknapping van die gebou voorsiening gemaak vir die toevoeging van 'n ekstra verdieping, sodat dit nou moontlik is om meer personeellede in oopplan-kantore te huisves en om ons lesingsale op te gradeer.

Die dag-tot-dag-bestuur van hierdie Fakulteit is 'n gesamentlike onderneming. As dekaan word ek in hierdie taak ondersteun deur drie visedekane, wat onderskeidelik vir Kunste, Tale en Sosiale Wetenskappe verantwoordelik is, en die fakulteitsbestuurder. Ons ontmoet weekliks om belangrike sake in verband met die 18 departemente en 10 sentra in ons omgewing te bespreek – net een voorbeeld van hoe ons 'n geïntegreerde bestuurstyl gebruik om die langtermyn-volhoubaarheid van die Fakulteit te verseker en verder te ontwikkel.

**PROF DOUG RAWLINGS**
DEKAAN: FAKULTEIT NATUURWETENSKAPPE
(WAARNEMEND)

# FAKULTEIT NATUURWETENSKAPPE

Die beste waarborg vir die Fakulteit Natuurwetenskappe se toekoms is die uitbreiding van ons vakkundige basis en in dié verband het ons in 2012 verskeie uitstekende aanstellings gemaak. Die Fakulteit se volhoubaarheid is verder versterk deurdat ons die meeste ooit navorsingsuitsette, asook 'n ongekende hoeveelheid doktorale graduandi, in 2012 gelewer het. Daar was 'n onverwagse afname in ons eerstejaarstal. Dit het verligting gebring in terme van die hantering van groot getalle en het waarskynlik bygedra tot 'n verbetering in die slaagsyfer vir eerstejaars. Ons het 'n afname in die diversiteit van nuwe voorgraadse studente ervaar en 'n klein toename in die diversiteit van ons personeel. Groter studentediversiteit bly een van die Fakulteit se hoofdoelwitte vir die toekoms.

Dis 'n voorreg om by 'n gradeplegtigheid te mag uitkyk oor 'n see van studente wat almal hul grade in natuurwetenskappe ontvang en te weet dat elkeen van die graduandi by uitnemendheid toegerus is om 'n verskil te maak aan die wetenskaplike vooruitgang van ons land.

Ons sien die afgelope twee jaar beslis reeds die vrugte van ons insentiefstelsel waardeur ons doktorale studente aanmoedig om hul navorsingsprojekte binne drie jaar te voltooi. Die 63 doktorsgrade in natuurwetenskappe wat in die verslagjaar toegeken is, bou voort op 'n steeds groeiende korps PhD-studente wat in ons Fakulteit gekweek word.

Finansies bly egter alte dikwels een van die hoofbelemmerings wat in die suksespad van studente staan. Daarom het die Fakulteit vanjaar beurse ter waarde van R1,8 miljoen aan al ons honneursgraadstudente verleen, sodat hulle verdere studie kan oorweeg en uiteindelik volhoubaar ons nagraadse programme kan voed. 'n Uitgebreide werwingsbeursprogram vir 2013 is ook in gereedheid gebring vir voorgraadse diversiteitskandidate.

Ons staatsubsidies en ander inkomstestrome word nie net ondersteun deur die beduidende getal nagraadse studente wat afstudeer nie, maar ook deur die besondere getal navorsingsartikels in toonaangewende vaktydskrifte wat ons kundiges jaarliks lewer. Al hierdie suksesse word moontlik gemaak deur die doelgerigtheid van ons studente en hul studieleiers, wat die voorreg het om te kan werk op 'n kampus wat streef na die verskaffing van die beste moontlike geriewe en navorsingstoerusting.

Vennootskappe met plaaslike en internasionale instellings en befondsers dra verder by tot die uitbou van ons kundigheid. So het die eerste vaktydskrifartikel ooit deur een van ons doktorale studente, Bjorn von der Heyden, en sy studieleier, prof Alakendra Roychoudhury van die Departement Aardwetenskappe, in November in *Science*, een van die wêreld se voorste vaktydskrifte, verskyn, danksy onder meer samewerking met Princeton Universiteit, die Universiteit van Kalifornië (Berkeley) en die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad (WNNR).

Dié groep geochemici se publikasie is so te sê die kersie op die koek van 'n jaar waarin die Fakulteit Natuurwetenskappe weer eens een van die toonaangewende fakulteite in die land ten opsigte van publikasie-uitsette was. Daarby het ons posisie op die internasionale *QS World University*-ranglys vir fakulteite in die natuurwetenskappe beduidend van die 331ste tot die 285ste plek verbeter.

Ander uitsonderlike prestasies sluit in eerbewyse aan mikrobioloog prof Leon Dicks, wenner van 'n toekenning van die Nasionale Wetenskap- en Tegnologieforum (NSTF), indringerbioloog prof Dave Richardson (John FW Herschel-medalje van die *Royal Society* van Suid-Afrika) en prof Jannie Hofmeyr (WIKO-genootskap van die Berlynse Instituut vir Gevorderde Navorsing).

Ons voormalige dekaan, prof Eugene Cloete, dien sedert Oktober as die US se Viserektor (Navorsing en Innovasie). Ons vertrou dat die Universiteit ook op dieselfde wyse sal baat by dié innoverende leier as wat op fakulteitsvlak die geval was – tot voordeel van die groter instelling.

Ander skuiwe sluit in die aanwysing van prof Dave Richardson as nuwe direkteur van die Sentrum van Uitnemendheid vir Indringerbiologie. Biochemikus prof Jacky Snoep is aangestel as die bekleër van die Suid-Afrikaanse Navorsingsleerstoel-inisiatief (SARChI) se leerstoel in Meganistiese Modellering van Gesondheid en Epidemiologie, wat gekoppel is aan die Suid-Afrikaanse Sentrum vir Uitnemendheid in Epidemiologiese Modellering en Analise (SACEMA) in ons Fakulteit. Op sy beurt is prof Anotida Madzvamuse aangestel in die nuwe SARChI-leerstoel vir Wiskundige en Teoreties-fisiese Biowetenskappe, wat die Fakulteit met die *African Institute for Mathematical Sciences* (AIMS) deel.

Ons personeel is leiers in hul velde en hul kundigheid word plaaslik en internasionaal in akademiese kringe, navorsingsgeledere en op beleidsvlak geag.

Noemenswaardig is onder meer die verkiesing van sportwetenskaplike prof Liz Bressan as lid van 'n kommissie van die Verenigde Nasies se Opvoedkundige, Wetenskaplike en Kulturele Organisasie (UNESCO), en dié van fisioloog prof Kathy Myburgh tot die kennerspaneel van die Gatorade Sportwetenskapinstituut in Amerika.

Daarby het ons departemente onder meer saamgestaan om nasionale konferensies vir wiskundiges en fisioloë te reël en simposiums vir kernfisici van Rusland, China en Suid-Afrika te hou. Ons biobrandstofkenners het weer gesprekke oor biobrandstof en voedselsekerheid tussen kundiges van Afrika gefasiliteer.

Gemeet aan die hoeveelheid top-aansoeke wat ons vir vakante betrekkinge ontvang, is ons Fakulteit 'n gewilde keuse vir voorste akademici om by te kom werk – en ons studentetal wys dit ook. Dit voorspel net goed vir die toekoms.

**PROF MAUREEN ROBINSON**
DEKAAN: FAKULTEIT OPVOEDKUNDE

# FAKULTEIT OPVOEDKUNDE

Die Fakulteit Opvoedkunde het op talle maniere tot die vier fokusse bygedra (kyk voorin). Ons kundigheidsbasis is deur gereelde seminare en toenemende navorsingsuitsette uitgebrei. Werwing met die oog op groter studentediversiteit is daadwerklik aangepak deur die *HOPE@Maties*-projek, wat 300 skoolleerders in tien sentrums regoor die provinsie betrek het. Die tutoriale program ondersteun steeds studentesukses, net soos aktiwiteite rakende veeltaligheid en die gebruik van tegnologie in leer en onderrig. SciMathUS, ons inisiatief vir die HOOP Projek in die Fakulteit, bly 'n vlagskipaktiwiteit wat daarop ingestel is om leerdertoegang tot hoër onderwys te verhoog.

Die visie van die Fakulteit Opvoedkunde is om as 'n toonaangewende en betrokke, navorsingsgedrewe opvoedkundefakulteit erken en gerespekteer te word. Dit impliseer dat die Fakulteit te alle tye betrokke wil wees by opvoedkundige uitdagings wat, veral in Suid-Afrika, in die openbare belang is om navorsing, onderrig, leer en gemeenskapsinteraksie te integreer en hoëgehaltenavorsing oor deurslaggewende opvoedkundige sake te bevorder.

Die vier departemente van die Fakulteit is Kurrikulumstudie, Opvoedkundige Sielkunde, Opvoedingsbeleidstudie en Sportwetenskap. Gesamentlik skep die departemente vir die Fakulteit die geleentheid om op kennisontwikkeling en opleiding in die onderwys te konsentreer vir skoolonderwys sowel as vir hoër, verdere en volwassene-onderwys en opleiding in beleidsake, sport en opvoedkundige sielkunde.

Twee van hierdie departemente is in 2012 ekstern beoordeel. In albei gevalle het die beoordelaars groot waardering uitgespreek vir die werkstandaard wat hulle waargeneem het en die hoë vlakke van professionalisme en toewyding onder personeellede.

In 2012 het die Fakulteit 'n voorgraadse slaagsyfer van 93% gehandhaaf, heelwat hoër as die Universiteit se gemiddelde. Personeeldiversiteit was ook aansienlik bo die Universiteit se norm. Terwyl 'n gesonde diversiteit van studente by nagraadse programme waargeneem is, het die inskrywing van swart studente vir voorgraadse programme relatief laag gebly. Die Fakulteit se werwingstrategie gee aktiewe aandag aan hierdie aspek, onder andere deur middel van beurse en 'n Saterdagskool vir belowende Graad 11-leerders. Die Funza Lushaka-beursskema van die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding (DHOO) het R35,706 miljoen aan befondsing voorsien vir onderwysstudente in spesifieke prioriteitsterreine, waarvan 'n klein bedrag aan studente, wat onderwys na hul graad wil doen, in ander fakulteite toegedeel is. Die Fakulteit se Taalplan is hersien en planne is ontwikkel om 'n veeltalige benadering tot onderrig en leer te bevorder.

Verdere pogings is aangewend om navorsing in die Fakulteit te bevorder. Navorsingsuitsette het van 2007 tot 2012 gegroei van 45.78 tot 64.88, personeel met doktorsgrade van 62% tot 76% en NNS-geëvalueerde personeel van 20,9% tot 32,6%. Die Fakulteit is ook verantwoordelik vir vyf vaktydskrifte en 'n verskeidenheid navorsingsprojekte met befondsing.

'n Gereelde program van nagraadse seminare is aangebied, met entoesiastiese deelname deur personeel en nagraadse studente. Dit is aangevul deur besoekende akademici van onder andere Australië, Zimbabwe, Brittanje en Chili. 'n Hoogtepunt was die seminaarreeks wat deur proff Marie Brennan en Lew Zipin van Victoria Universiteit, Melbourne, aangebied is oor die metodologie van maatskaplike geregtigheid- pedagogiese werk, wat gebaseer is op projekwerk in samewerking met onderwys-, magister- en doktorale studente en lede van gemeenskappe in minderbevoorregte stedelike gebiede. In aansluiting by sy deelname aan 'n UNESCO-netwerk oor onderwyseropleiding is 'n streekseminaar in samewerking met die *Wits School of Education* aangebied oor navorsingsgebaseerde praktyk in die onderwys, met dr Beatrice Avalos van die Universiteit

van Chili as respondent. Die Sentrum vir Hoër en Volwassene-onderwys het sy tweede leierskapsimposium vir 70 huidige en toekomstige leiers van VOO-kolleges (Verdere Onderwys en Opleiding) regdeur die land aangebied. Dit is deel van 'n verbintenis met die Universiteit van Texas in Austin.

Met die DHOO se instelling van nuwe minimumvereistes vir onderwysopleidingskwalifikasies is omvattende werk gedoen met die herontwerp van die BEd-program en die Nagraadse Onderwyssertifikaat. Hierdie werk is voorafgegaan deur ernstige besinning oor hoe afgestudeerdes van hierdie programme ondersteun kan word om uitstekende onderwysers te word wat in staat en gewillig is om oor 'n verskeidenheid sosiale kontekste in Suid-Afrika skool te hou.

In 2012 het die Fakulteit ondersoek ingestel na maniere om universiteit-skool-vennootskappe vir student- en onderwyserleer te bevorder. Daar is ooreengekom dat die twee grootste uitreikprojekte in die Fakulteit gekombineer sal word tot 'n nuwe sentrum wat 'n meer gekoördineerde en holistiese benadering teenoor drie werkterreine sal kan volg: professionele onderwyserleer, skoolgebaseerde intervensies en universiteitsvoorbereidingsprogramme. Die doel van hierdie sentrum is om die werk van voordiens- en indiens-onderwysers nader aan mekaar te bring, tot albei se voordeel, en om outentieke en vrugbare leerplekke tot stand te bring.

Onderliggend aan hierdie aktiwiteite is 'n stel waardes en aspirasies wat die dryfkrag agter en die raamwerk om die Fakulteit uitmaak. Dit is tydens die 2012- strategiese beplanningsproses verwoord en behels beduidendheid, diepgang en noulettendheid, reflektiewe aksie, koördinasie en integrasie, betrokkenheid en inklusiwiteit. Hierdie waardes vind regstreeks aansluiting by die Universiteit se HOOP Projek. Met hierdie basis sien die Fakulteit daarna uit om in 2013 selfs groter hoogtes te bereik.

**PROF SONIA HUMAN**
DEKAAN: FAKULTEIT REGSGELEERDHEID

# FAKULTEIT REGSGELEERDHEID

Die Fakulteit se HOOP-inisiatief het formeel tot 'n einde gekom gedurende 2011. Dié inisiatief het die grondslag gelê vir die Nagraadse Projek in Menseregte en Konstitusionele Demokrasie, asook vir die *Socio-Economic Rights and Administrative Justice Project*. Dié projekte en die onderskeie leerstoele wat in die Fakulteit gevestig is, speel sleutelrol in die uitbou van kundigheid en dra grootliks by tot nagraadse studentesukses.

Die Fakulteit plaas 'n hoë premie op die ontwikkeling van ons kundigheidsbasis, waardeur uitnemende onderrig aan ons studente verleen kan word. 65% van die personeel beskik oor doktorsgrade en 25% beskik oor 'n NNS-evaluering. Die loopbaanontwikkeling van jong akademici om optimale vordering tot akademiese rypheid te verseker is van kardinale belang. Die aanwending van afgetrede kollegas as navorsingsgenote of buitengewone professore lewer 'n sinvolle bydrae tot die kundigheidsbasis. Afgesien van voortgesette navorsingsuitsette en nagraadse studieleiding, is hul mentorskap aan jonger kollegas van wesenlike belang.

Die SARChI-leerstoel in Sakereg is vir 'n verdere vyf jaar verleng. Die daarstelling van 'n LLM en 'n Nagraadse Diploma in Intellektuele Eiendomsreg onder die vaandel van die Anton Mostert-leerstoel in Intellektuele Eiendomsreg en die uitbreiding van die module-aanbod in die gestruktureerde LLM-program deur middel van 'n module in Mediese Reg en 'n module in Kollektiewe Arbeidsreg verhoog nie net die navorsingsprofiel van die Fakulteit nie, maar verbreed ook die kennisbasis daarvan.

Ons dosente presteer deurlopend uitstekend. Professor Geo Quinot het die gesogte Nasionale Uitnemendheid in Onderrig en Leer-toekenning van HELTASA (*Higher Education Learning and Teaching Association of Southern Africa*) ontvang. Die aantal boekpublikasies die afgelope jaar toon 'n ryk en diep verskeidenheid en bevestig die akademiese uitnemendheid waarmee die Fakulteit geassosieer word. Die Fakulteit se webwerf illustreer die wye betrokkenheid van dosente by nasionale en internasionale konferensies. Die Regshulpkliniek funksioneer as 'n vlagskip vir kliniese opleiding en dienslewering aan die gemeenskap.

Daar word deurlopend daaraan gewerk om die sukseskoers van voorgraadse studente te verhoog. Die voortsetting van 'n ondersteuningsprogram vir studente in hul eerste jaar is maar een van die strategieë om deurvloei te verhoog. Die eerste fase in die ontwikkeling van skryf- en navorsingsvaardighede is reeds met groot sukses tydens 2012 geïmplementeer. Die aanstelling van

'n Koördineerder: Skryfvaardighede verleen verdere momentum aan hierdie inisiatief. Die gebruik van skryfkonsultante, doseer- en navorsingsassistente en tutors gaan hand aan hand met studentesukses.

Die verbreding van personeel uit die aangewese groepe skep besondere uitdagings. Die onderskeie leerstoele, die Nagraadse Projek in Menseregte en Konstitusionele Demokrasie, asook die *Socio-Economic Rights and Administrative Justice Project* skep die geleentheid vir die kultivering van eie studente met akademiese potensiaal. Vordering is nietemin stadig aangesien die migrasie van personeel uit hierdie groepe hoog is en die beskikbare poel klein. Gesprekke oor die skep van 'n verwelkomende kultuur in die konteks van transformasie is hoog op die agenda. Die aanwending van *Legacy*-fondse speel ook 'n belangrike rol in die daarstel van markverwante vergoedingstrategieë.

Die keuringsbeleid skep die geleentheid om die institusionele mikpunt vir studentediversiteit te behaal. Werwingspogings kan nou ingeskerp word met behulp van fondse wat deur die Ciucci-familie beskikbaar gestel is. Die Stonehage-werwingsbeursskema speel 'n sleutelrol in die diversifisering van die studentekorps. Hierdie skema is verder gekonsolideer en uitgebou deur die Ciucci Regsontwikkelingsinisiatief in vennootskap met die Dekaansfonds waardeur 'n verdere tien werwingsbeurse aan eerstejaarstudente uit voorheen benadeelde gemeenskappe beskikbaar gestel word.

Op nagraadse vlak toon die Fakulteit 'n daling in die persentasie bruin, swart en Indiër-studente. Ook hier is die Fakulteit bewus daarvan dat werwing van kritieke belang is, gerugsteun deur befondsing, ten einde suksesvol te kan meeding om die beperkte aanbod van studente in die land en internasionaal wat belangstel en wat kwalifiseer. Ruim befondsing deur die Ciucci Regsontwikkelingsinisiatief asook befondsing deur die *Claude Leon Foundation* rugsteun die werwingspoging.

Die Fakulteit se 'besigheid' bestaan daarin dat, in belang van die regspleging en die land, uitnemende regstudente opgelei word en die regswetenskap deur relevante navorsingsuitsette van gehalte bevorder word. Dat akademiese uitnemendheid nie maar net intrinsiek is tot die akademiese projek nie, maar ook onlosmaaklik vervleg is met finansiële volhoubaarheid, blyk daaruit dat akademiese werksaamhede befonds word deur 'n staatsubsidie op ingeskrewe en afgestudeerde studente en navorsingsuitsette – en dat studente- en navorsingsukses op sigself weer 'n werfkrag vestig wat studente lok en derdegeldstroominkomste genereer.

Teen die bogenoemde agtergrond behels die Fakulteit se strategie ses elemente:

- Die opbou en handhawing van die vlak van navorsingsuitsette.
- Nagraadse groei met die oog op veral voltydse navorsings-M- en -D-studente.
- Streng inskrywingsbestuur ten einde by inskrywingsteikens te hou en die bevordering van voor- en nagraadse studentesukses.
- Die uitbou van die derdegeldstroominkomste, veral ten opsigte van alumnibydraes tot die Fakulteit se Dekaansfonds.
- Optimale beskikbaarheid van fasiliteite en toerusting, insluitend biblioteekgeriewe.
- 'n Versigtige bestuur van die personeel-student-verhouding deur middel van die keuringstelsel.

**PROF NICO KOOPMAN**
DEKAAN: FAKULTEIT TEOLOGIE

# FAKULTEIT TEOLOGIE

Die Fakulteit Teologie is altyd op pad – om dit wat ons doen, immer beter te doen. En daar is geen beter rigtingwysers op hierdie pad as die vier sentrale fokusse van die breër Universiteit nie, naamlik die uitbou van kundigheid, studentesukses, diversiteit en sistemiese volhoubaarheid. Hierdie vier fokusse vorm die grondslag van die Fakulteit, maar is ook ineengestrengel, interafhanklik. Die Fakulteit se aandag aan een van die HOOP Projek se ontwikkelingstemas, die bevordering van menswaardigheid, skakel nou hierby in.

Die kern van 'n opvoedkundige instansie se taak is die soeke na kennis én die oordra en toepassing daarvan. Vir die realisering hiervan is opvolgbestuur en die gepaste versterking van kundigheid gebiedend noodsaaklik. Die volgende personeel is aangestel: dr Henry Mbaya (Missiologie) en dr Marius Nel (Nuwe Testament) as senior lektore, me Nadia Marais vir 'n driejaar-kontraktermyn as dosentassistent in die Dissiplinegroep Sistematiese Teologie en Ekklesiologie en dr Nadine Bowers-Du Toit met behulp van *Legacy*-befondsing in Gemeenskapsontwikkeling.

Ons werk nou saam met die Sentrum vir Leer en Onderrig en die Afdeling Navorsingsontwikkeling van die Universiteit aan 'jonger' akademiese personeellede se professionele ontwikkeling.

Die kundigheid van ons personeelkorps word weerspieël deur hul prestasies in die verslagjaar. Ons navorsingsuitsette per persoon bly die hoogste op die kampus en talle personeellede dien in leidende posisies in internasionale navorsingsliggame, die plaaslike en internasionale akademie, die breër samelewing en kerklike liggame (soos die *World Communion of Reformed Churches*).

Studentesukses is die belangrikste toetssteen van 'n fakulteit se sukses. Hoewel ons studente deurgaans akademies en in leierskapshoedanigheid goed presteer, is dit belangrik om akademies en finansieel toeganklik te bly.

Die Fakulteit Teologie het 'n unieke profiel met sowat 70% van ons meer as 500 studente wat nagraads is. Sedert 2010 word inskrywing, deurvloei en afstudering van nagraadse studente, en veral ook akademiese begeleiding van voorgraadse studente, fyner bestuur. Dr Len Hansen is in Julie vanjaar vas aangestel om navorsingsteun aan studente te bied. Sy pos was aanvanklik 'n HOOP-werksaamheid, wat nou geïntegreer is in die Fakulteit se kernwerksaamhede en deur die Fakulteit befonds word.

'n Nuwe kurrikulum is in 2012 ingefaseer en voorgraadse inskrywings, veral vir die korter driejarige programme, het toegeneem. 'n Skerp toename in die aantal nuweling-eerstejaarstudente in die Verlengde Graadprogram (VGP) stel nuwe eise, veral ten opsigte van die ondersteuning van dié studente. Ons werk aan nuwe maatreëls om hierdie studente te help om suksesvol te studeer.

Met groter getalle en meer diverse studente neem finansiële nood by studente toe. Al meer beursfondse word gevestig om studentesukses te ondersteun. 'n Deel van die Fakulteit se strategiese fonds word as hefboom aangewend om beursfondse te versterk.

Die Fakulteit werk hard om 'n teologie, etos, institusionele kultuur, epistemologie, asook 'n beleid en praktyke vir transformasie en diversiteit te bevorder. 'n Strategiese beplanningsessie oor transformasie en diversiteit word juis vroeg in 2013 gehou.

Voor- en nagraadse studente verteenwoordig 'n al groter verskeidenheid van kerke en tradisies – die vier amptelike vennote (die Nederduitse Gereformeerde Kerk, die Verenigende Gereformeerde Kerk, die Presbiteriaanse Kerk en sedert Maart 2012 ook die Anglikaanse Kerk) en talle ander kerke in Suid-Afrika en ander Afrika-lande. Sentrums soos Ekklesia en die *Network for African Congregational Theology* (NetACT) doen ook uitstekende werk om kerkleiers van talle denominasies en agtergronde te bedien.

Die Fakulteit werk nou saam met kerklike vennote om ons eie menspotensiaal te ontwikkel met die oog op die verdere diversifisering van die personeelkorps. Die groei in gender-diversiteit is verblydend, veral in 'n fakulteit wat nog tot relatief onlangs slegs manstudente gehad het. In sommige voorgraadse groepe is die getal vroue meer as die mans. Die vrug van die opleiding van studente in 'n diverse konteks word reeds gesien in die mooi verhoudings tussen verskeie alumni wat eenheid, versoening en geregtigheid bevorder vanuit hul leiersrolle in uiteenlopende geloofsgemeenskappe.

Alles kom tot niks as dit nie volhoubaar is nie. Ter wille van finansiële, ekologiese en sosiale volhoubaarheid word deurlopend aandag gegee aan personeel- en studentewelwees. Me Helette van der Westhuizen is vanjaar voltyds aangestel om die Fakulteit se bemarking en skakeling, onder meer onder alumni, te bevorder. Hierdie aanstelling vloei ook uit ons HOOP-werksaamhede.

Met dié vaste fondamente sien ons as Fakulteit uit na 2013, wat die belofte inhou om nog 'n opwindende jaar te wees deur die genade van die Heer.

# NUWE GEBOUE EN 'N WAARDEVOLLE VENNOOTSKAP

## INGENIEURSWESE KRY NUWE KENNISSENTRUM

Die nuwe Ingenieurswese Kennissentrum huisves die moderne Ingenieurs- en Bosboubiblioteek asook twee groot lesingsale, die MIH Media-laboratorium en die Sentrum vir Hernubare en Volhoubare Energiestudies. Daar is bykans 60 rekenaarstasies, 'n interaktiewe elektroniese klaskamer en twee seminaarkamers.

## WEERMAG EN US VERSTEWIG VENNOOTSKAP

Die Sekretaris vir Verdediging en Militêre Veterane, dr Sam Gulube (links voor) en prof Russel Botman, Rektor en Visekanselier van die US, het 'n memorandum van verstandhouding onderteken, vir die voortgesette verskaffing van tersiêre onderrig aan die SA Nasionale Weermag en ook die Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap se offisiere. Die nuwe ooreenkoms verstewig 'n lang verhouding – en verseker die Fakulteit Krygskunde se volhoubaarheid. Ook by die ondertekening was (van links agter) prof Julian Smith, Viserektor (Gemeenskapsinteraksie en Personeel), maj-genl Manfred Mabusa, Bevelvoerende Generaal: Opleidingsbevel, lt-genl Themba Nkabinde, Hoof: Menslike Hulpbronne, prof Sam Tshehla, Dekaan van die Fakulteit Krygskunde, en kol Mthuthuzeli Vena, Waarnemende Kommandant van die Militêre Akademie in Saldanha, waar dié fakulteit gesetel is.

## AFRIKA SENTRUM VIR MIV- EN VIGSBESTUUR

Die Afrika Sentrum vir MIV en VIGS-bestuur se nuwe gebou, met sy lae koolstof-voetspoor, het kantoorruimtes, 'n lesinglokaal en 'n vergaderlokaal met internettoegang. Daar is ook werkstasies vir besoekende studente en navorsers van regoor Afrika. Die Sentrum se programme is toegespits op MIV en vigs en benader sosiale kwessies interdissiplinêr. Die studente is almal nagraads, is 99% swart en 60% van hulle is vroue.

## PROSESINGENIEURSWESE KAN NÓG MEER OPLEI

Danksy 'n bykomende gebou met laboratoriums, klaskamers en kantore kan die Departement Prosesingenieurswese nou meer studente oplei.

# VERSLAG VAN DIE INSTITUSIONELE FORUM

## MNR LE ROUX BURROWS

Die Institusionele Forum (IF) is 'n adviesliggaam wat, ingevolge die Wet op Hoër Onderwys (Artikel 31(1) van Wet 101 van 1997), die Universiteitsraad van advies dien oor beleidsaangeleenthede, met inbegrip van die toepassing van die bepalings van hierdie wet en die nasionale beleid op hoër onderwys.

Die bedrywighede van die IF bestaan uit sowel vergaderings waar advies aan die Universiteitsraad oorweeg word as gespreksgeleenthede tussen die Uitvoerende Komitee van die IF en die Rektor en sy Bestuurspan. Die IF gebruik van tyd tot tyd drie taakgroepe, naamlik Diversiteit en Billikheid, Institusionele Beplanning en Institusionele Kultuur, om sy werksaamhede vinniger af te handel. Lede dien vrywillig in die taakgroep(e) van hul keuse. Die taakgroepe word, wanneer nodig, aangevul deur ad hoc-groepe. Die taakgroepe het die bevoegdheid om sake wat aan hulle toegewys is, deeglik te ondersoek en dan by die IF daaroor verslag te doen sodat die IF daarna weldeurdagte advies aan die Raad kan lewer.

### SAMESTELLING

Die Statuut van die Universiteit bepaal die samestelling van die IF – 32 lede, agt uit elk van die vier groeperinge, te wete beheer- en bestuur, personeel, studente en gemeenskap. Die samestelling van elke groepering word ook voorgeskryf. Die IF kan 'n Raadsverteenwoordiger uit die onverbonde lede van die gemeenskapsektor aanstel. Dit bring mee dat die IF so 'n persoon uit hoogstens ses persone moet aanwys – 'n aanwysing wat nie gedoen is nie, aangesien die posisie gaan verdwyn met die voorgestelde wysigings aan die Statuut.

### WERKSAAMHEDE

Die IF voer sy gebruiklike pligte uit deur die Raad van advies oor beleidsdokumente te dien en kommentaar op die Universiteitsbestuur se toepassing van die bogenoemde wet te lewer. Verder het die IF ook gedurende die jaar gepoog om nie meer net streng by sy wetlik voorgeskrewe pligte en verantwoordelikhede te hou nie, maar om ook op spesifieke sake, soos van tyd tot tyd bepaal, te fokus met die doel om proaktief advies aan die Raad deur te stuur vir oorweging en verdere ondersoek.

#### Wysiging van die Statuut

Die IF het die voorgestelde wysigings aan die Statuut met sekere aanbevelings aan die Raad vir oorweging deurgestuur. Die belangrikste is dat die IF nie meer 'n Raadsverteenwoordiger kan aanwys nie.

#### Voorgestelde beleide

In die vorm van formele rapporte het die IF hoofsaaklik advies oor nuwe beleide gelewer. Universiteitsbeleide wat ter sprake gekom het, was die Reglement insake Aanstelling van Viserektore; die Reglement insake die Aanstelling van Voltydse Dekane; die Beleid oor Studente met Spesiale Leerbehoeftes/gestremdhede; die Beleid ten opsigte van die Hantering van Aansoeke om Verlengde Skryftyd (en Ander Toegewings) tydens Toetse en Eksamens; die Beleid vir die Verhuring en/of Aanwending van US-fasiliteite vir Byeenkomste; die Beleid van die US oor Gesamentlike en Dubbelgrade op Magister- en Doktorale Vlak met Buitelandse Universiteite en die US se Gehalteversekeringsraamwerk en -beleid.

#### Aanstelling van viserektore en dekane

Die IF het, ooreenkomstig die US Reglement insake die Aanstelling van Viserektore, verteenwoordigers aangewys om in die keurkomitees vir die aanstelling van 'n viserektor (leer en onderrig) en 'n viserektor (navorsing en innovasie) te dien. Verder is daar ook verteenwoordigers in terme van die Reglement insake die Aanstelling van Voltydse Dekane aangewys om in die keurkomitees van 'n dekaan vir die Fakulteit Ingenieurswese en vir die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe te dien.

#### IF-kommentaar oor beleide en formele versoeke

Die advies aan die Raad rakende die voorgestelde wysigings aan die reglemente vir die aanstelling van viserektore en voltydse dekane was dat die wysigings heroorweeg moet word. Daar bestaan vrae oor hoe om die nuwe voorgestelde prosedure te regverdig uit hoofde van die Statuut. Dit is eenvoudig onduidelik hoe die voorgestelde reglement sal lei tot beter besluitneming en universiteitsbestuur.

Die IF steun die oorhoofse bedoeling van die beleide oor studente met spesiale leerbehoeftes/gestremdhede en oor die hantering van aansoeke om verlengde skryftyd. Met die beleid oor die verhuring van fasiliteite is die IF oor die algemeen tevrede, maar hulle het geadviseer dat daar beklemtoon moet word dat fasiliteite primêr beskikbaar is vir die Universiteit se kernbesigheid, naamlik akademiese gebruik. Die Beleid van die US oor Gesamentlike en Dubbelgrade op Magister- en Doktorale Vlak met Buitelandse Universiteite is sonder enige wysigings vir aanvaarding aanbeveel. Die kommentaar oor die US se Gehalteversekeringsraamwerk en -beleid was dat die dokumente saamgevat moet word in een groot dokument en dat die dokument nie tydsgebonde moet wees met verwysing soos "2011–2016" nie.

**MNR LR BURROWS**
VOORSITTER: INSTITUSIONELE FORUM

# DIE INSTITUSIONELE FORUM

Die Institusionele Forum is saamgestel volgens die voorskrifte van die Institusionele Statuut van die Universiteit. Die termyn van die 32 lede is drie jaar, behalwe dié van die studentelede, wie se termyn een jaar is, en die Registrateur (of sy verteenwoordiger) wat 'n vaste lid is.

### Lede van die Raad deur die Raad verkies
Me E le Roux
Mnr PJ le Roux

### Lede van die Senaat deur die Senaat verkies
Prof N Beyers
Prof JE du Plessis
Prof JH Knoetze

### Senior Direkteur: Gemeenskapsinteraksie
Dr JA Slamat

### Aangewys om namens Direkteur: Diensbillikheid te dien
Prof JF Smith

### Die Registrateur (vaste lid)
Mnr JA Aspeling

### Lede uit eie geledere deur permanente nieprofessorale akademiesie personeel verkies
Mnr L Burrows (Voorsitter)
Dr KM Huddlestone
Dr HE Prozesky

### Lede uit eie geledere deur administratiewe en akademiese ondersteuningspersoneel verkies
Mnr WP Davidse
Dr C Nel

### Lede uit eie geledere deur tegniese ondersteuningspersoneel verkies
Me L Bredekamp (Sekretaris)
Mnr AG Cupido

### Lede uit eie geledere verkies deur personeel wat kwalifiseer om lid van die werknemersvereniging te wees
Mnr AM Petersen

### Lede uit die Studenteraad deur die Studenteraad verkies
Mnr MY Carelse
Mnr S Crous

### Lede uit die Primkomitee deur die Primkomitee verkies
Me ME Beck
Mnr CJ Jacobs

### Lid deur die Verenigingsraad verkies
Mnr TC Jaftha

### Lede uit die Akademiese Belangeraad deur die Akademiese Belangeraad verkies
Mnr LS van Hillegondsberg
Mnr H Klink

### Lid uit die Studente-Unie deur die Studenteraad aangewys
Me C Hanekom

### Deur die President van die Konvokasie aangewys
Adv J du Preez
Dr DA Scholtz (Ondervoorsitter)

### Deur verteenwoordigende liggame van die burgerlike samelewing benoem
Mnr MAC Bolton (Stellenbosch Munisipaliteit)
Mnr JRV Burger (Wes-Kaapse Onderwysdepartement)
Ds HJ Goosen (Raad vir Interkerklike Samewerking)
Mnr GG Groenewald (Stellenbosse Belastingbetalersvereniging)
Me PM Rossouw (Stellenbosch Welsyns- en Ontwikkelings-koördineringskomitee)
Vakant (Plaaslike Gesondheidsnetwerk – nuwe vereniging moet aangewys word)

# EERBEWYSE DEUR DIE UNIVERSITEIT

## EREGRADE

Die Universiteit het in die verslagjaar ses eredoktorsgrade toegeken – aan dr Bernard (Bernie) Lewis Fanaroff, me Gill Marcus en prof Lionel Henry Opie in Desember 2012 en aan dr James Laing Barnard, dr Joaquim Chissano en prof Wieland Gevers in Maart 2013.

In Desember 2012 is eredoktorsgrade verleen aan (van links af) me Gill Marcus, dr Bernard Lewis Fanaroff en prof Lionel Henry Opie. (Foto: Anton Jordaan)



Prof Russel Botman, Rektor en Visekanselier (regs), by prof Wieland Gevers, dr James Laing Barnard en dr Joaquim Chissano, die drie ontvangers van eredoktorsgrade in Maart 2013. (Foto: Anton Jordaan)

**Bernard Lewis Fanaroff** het merkwaardige bydraes op twee uiteenlopende terreine gelewer – die radiosterrekunde en die ontwikkelende vakbondbeweging van die 1970s. Ná 1994 vervul hy 'n toonaangewende rol as gerespekteerde regeringsamptenaar en -adviseur tot voordeel van die Suid-Afrikaanse samelewing. Vir sy onberispelike reputasie as wetenskaplike en sy gedugte vaardighede as organiseerder en onderhandelaar wat tot Suid-Afrika se suksesvolle bod vir die SKA gelei het, ontvang hy die graad Doktor in die Ingenieurswese, *honoris causa*.

**Gill Marcus** presteer buitengewoon as politikus, sakeleier, monetêre beleidmaker en besorgde Suid-Afrikaanse landsburger. As hoof van Inligting en Publisiteit vir die ANC het sy 'n groot rol gespeel in die aanloop tot die 1994-verkiesing. Onder haar leierskap het die Gesamentlike Staande Komitee vir Finansies een van die gedugste parlementêre komitees geword. Sy word die Suid-Afrikaanse Reserwebank se eerste vroulike president. Die Universiteit vereer haar met die graad Doktor in die Handelswetenskappe, *honoris causa*.

**Lionel Henry Opie** ontvang die graad Doktor in die Natuurwetenskappe, *honoris causa*, vir sy bydraes as internasionaal gevierde kardioloog, sy indrukwekkende en bykans ongeëwenaarde navorsingsuitsette, sy baanbrekerswerk oor die energiemetabolisme van die hart en sy buitengewone talent om as skrywer en dosent komplekse wetenskaplike begrippe in verstaanbare terme oor te dra. Hy was 'n stigterslid van die Mediese Navorsingsraad se *Cape Heart Centre* en het die grondslag van 'n hartnavorsingsgroep, wat steeds bestaan, help lê.

**James Laing Barnard** het 'n ekonomiese, biologiese rioolwatersuiweringsproses ontdek en ontwikkel – die mees beduidende innovasie ter wêreld op dié terrein die afgelope halfeeu. Chemiese behandeling of stygende soutvlakke is uitgesluit en afvalstowwe kan herbenut word. Sy toewyding aan die bevordering en deel van kennis oor die suiweringsproses hou onberekenbare voordele in vir waterbronbeskerming, die lewensgehalte van mense, koste-effektiwiteit en 'n verminderde impak op die omgewing. Hiervoor ontvang hy die graad Doktor in die Natuurwetenskappe, *honoris causa*.

**Joaquim Alberto Chissano**, stigterslid van Frelimo en tweede president van Mosambiek, het 'n kernrol vervul in die onderhandelings wat gelei het tot Mosambiek se onafhanklikheid van koloniale oorheersing. As president voer hy politieke hervormings deur, beëindig deur onderhandelings die ontwrigtende burgeroorlog en lei sy land tot ekonomiese groei. Vir sy goeie staatsmanskap en sy voortgesette rol as vredesonderhandelaar in Afrika, vereer die Universiteit hom deur die toekenning van die graad Doktor in die Wysbegeerte, *honoris causa*.

**Wieland Gevers** ontvang die graad Doktor in die Natuurwetenskappe, *honoris causa*, vir sy lewenslange werklik uitsonderlike bydrae tot die bevordering en vooruitgang van die wetenskap en die ontwikkeling van navorsingskapasiteit in Suid-Afrika. Hy behaal as Rhodes-beurshouer 'n doktorsgraad in geneeskundige biochemie aan Oxford onder toesig van die Nobelpryswenner sir Hans Krebs en werk nadoktoraal nog vier jaar onder Nobelpryswenner dr Fritz Lipmann. Hierna word sy loopbaan gekenmerk deur sterk leierskap in die totstandkoming en leiding van talle akademiese en wetenskaplike bestuurstrukture.

## KANSELIERSMEDALJE

Megan Kim North, wenner van die Kanseliersmedalje in die verslagjaar, het in Desember 2012 BScAgric met lof verwerf. Dié medalje, vir uitmuntende akademiese prestasie, word jaarliks aan 'n finalejaar- of nagraadse student toegeken.

Prof Eugene Cloete, Viserektor (Navorsing en Innovasie) by me Kim North, die Kanseliersmedalje-wenner van 2012. (Foto: Anton Jordaan)

Me North,'n voltydse student in die Fakulteit AgriWetenskappe die afgelope vier jaar, het BScAgric, met Veekunde as hoofvak, met lof ontvang. As toegewyde, geesdriftige student het sy al haar vakke *cum laude* geslaag, met gemiddeld 88,4% oor die vier studiejare.

Prof Ken Dzama, hoof van die Departement Veekunde, beskryf haar as een van die beste studente wat die Departement Veekunde in jare opgelewer het. Sy het in 2012 die Rektorstoekenning vir Uitnemende Akademiese Prestasie ontvang, was in 2009 onder die Universiteit se boonste 32 eerstejaarstudente en deur die loop van haar studieloopbaan was sy onder die hoogste 15% akademiese presteerders. Sedert 2010 is sy 'n ontvanger van die Steenberg Trust-beurs.

Dit is egter nie net op akademiese gebied wat me North uitblink nie. As begaafde hondehanteerder is sy sedert 2002 'n geregistreerde lid van die Suid-Afrikaanse Honderatsheidvereniging en 'n afrigter by die Wes-Kaapse Hondeklub. In 2007 is sy na die vierde IFCS Honderatsheid-wêreldkampioenskappe genooi. Sy is 'n natuurliefhebber wat ook seiljagvaart, voetslaan en bergfietsry geniet.

## UNIVERSITEIT STELLENBOSCH VEREER UITSTYGERS

Die drie ontvangers van Uitstygtoekennings, me Elizma van Lill, me Tanya Mabank en me Vida Ryan, saam met dr Japie van Zyl en prof Russel Botman by die oorhandigingseremonie. (Foto: Justin Alberts)

Die Universiteit het met die jaarlikse Rektorstoekennings vir Uitnemende Prestasie erkenning gegee aan 76 Maties wat uitgeblink het in akademie, sport, kultuurbeoefening, gemeenskapsinteraksie, dienslewering en leierskap. Die toekennings is op 'n seremonie in Oktober aan hulle oorhandig.

Drie merkwaardige Matie-vroue het in 2012 die Universiteit se Uitstygtoekenning vir studente wat onder moeilike omstandighede presteer, ontvang – met beursgeld van R70 000 vir elkeen om hulle te help voortbou op hul akademiese sukses.

Die drie dames is me Tanya Mabank, 'n PhD-student in Chemie en 'n lid van die Organiese en Medisinale-navorsingsgroep, me Vida Ryan, wat in 2013 met haar MEd-Graad in Kurrikulumstudies sal begin, en me Elizma van Lill, 'n Fisioterapiestudent in haar derde jaar.

Die Studenteraad het ook by dié geleentheid die SR-toekenning vir Uitsonderlike Alumni oorhandig aan dr Japie van Zyl, mededirekteur van projekformulering en strategie by NASA se Straalaandrywingslaboratorium in Amerika. Hy is 'n oudstudent van die US se Departement Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese.

## DEPARTEMENT KRY OP SESTIG 'N NUWE GEBOU

Die Departement Voedselwetenskap, nou in sy 60ste bestaansjaar, spog met 'n rekordgetal van 65 eerstejaarstudente en 'n nuwe gebou met gesofistikeerde laboratoriums en werkruimtes. Dit is opgerig met finansiering deur die Universiteit se HOOP Projek en die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding.

# VERSLAG OOR DIE GEKONSOLIDEERDE FINANSIËLE JAARSTATE 2012

## INHOUD


Universiteitsraad se verklaring oor korporatiewe bestuur 72

Universiteitsraad se verantwoordelikheid vir finansiële verslagdoening 76

Onafhanklike ouditeursverslag aan die Raad van die Universiteit Stellenbosch 77

Rekeningkundige beleid 79

Gekonsolideerde staat van finansiële posisie 84

Gekonsolideerde inkomstestaat 85

Gekonsolideerde staat van omvattende inkomste 86

Gekonsolideerde staat van veranderings in fondse 87

Gekonsolideerde staat van kontantvloeie 88

Aantekeninge by die gekonsolideerde finansiële jaarstate 89

# UNIVERSITEITSRAAD SE VERKLARING OOR KORPORATIEWE BESTUUR

Die Universiteit Stellenbosch het in 1918 ontstaan toe die Victoria Kollege ingevolge Wet 13 van 1916 in 'n universiteit omskep is.

## Die Universiteitsraad en subkomitees van die Raad

Die Universiteitsraad (hierna die Raad genoem) bestaan uit akademiese en nieakademiese lede, behoorlik volgens die Statuut van die Universiteit aangestel en genomineer, van wie die meerderheid nie personeel of huidige studente van die Universiteit is nie. Die rol van die Voorsitter van die Raad is van die rol van die Rektor en Visekanselier van die Universiteit geskei. Sake wat vir oorweging en besluitneming aan die Raad toegewys is, word in die Statuut van die Universiteit, hetsy deur gevestigde praktyke of ingevolge die Wet op Hoër Onderwys, 1997, uiteengesit. Die Raad moet aan sy onderskeie belangegroepe verantwoording doen. Die Raad sien toe dat die Universiteit op verantwoordelike en deursigtige wyse bestuur word en is tot gesonde bestuursbeginsels verbind. Die Raad, wat minstens vier keer per jaar vergader, bestaan uit 31 lede, met 27 poste wat gevul is. Die name van die lede verskyn op bladsy 9. Die Raad het strukture geskep om toe te sien dat sy verpligtings te alle tye teenoor alle belangegroepe behoorlik nagekom word. Die volgende raadskomitees speel 'n direkte rol by die effektiewe funksionering van die Universiteit: die Uitvoerende Komitee van die Raad; die Menslikehulpbron-komitee van die Raad; die Vergoedingskomitee van die Raad; die Oudit- en Risikokomitee van die Raad en die Beleggingskomitee van die Raad. Die komitees is almal formeel gekonstitueer met skriftelike mandate en bestaan hoofsaaklik uit lede van die Raad wat nie personeel of huidige studente van die Universiteit is nie.

Die Uitvoerende Komitee van die Raad, wat minstens vyf keer per jaar vergader, neem namens die Raad binne sy gedelegeerde magte besluite, handel sake namens die Raad af, adviseer die Raad oor beleidsbesluite en skakel in die tydperk tussen Raadsvergaderings met die senior bestuur oor sake wat die funksies van die Raad raak. Die Uitvoerende Komitee van die Raad bestaan uit sewe lede, wat ook lede van die Raad is. Tans is al sewe poste gevul. Die komitee vervul ook namens die Raad 'n moniterings- en kontrolefunksie deurdat dit aanbevelings ten opsigte van die Universiteit se HOOP Projek en transformasiemikpunte vir 2015 doen en die implementering daarvan moniteer, aanbevelings ten opsigte van die jaarlikse bedryfs- en kapitaalbegrotings doen en die vordering ooreenkomstig die goedgekeurde begrotings en die resultate kontroleer. Die komitee is ook verantwoordelik om toe te sien dat die Universiteit finansieel gesond en 'n lopende saak is.

Die Oudit- en Risikokomitee van die Raad, waarvan die Voorsitter en lede ook lede van die Raad is of ander eksterne persone is wat oor die nodige finansiële kundigheid beskik om die komitee met die doeltreffende uitvoering van sy pligte by te staan, funksioneer sedert 31 Oktober 2005 en bestaan uit ses lede, soos op bladsy 9 uiteengesit word. Tans is al ses poste gevul. Die komitee vergader minstens twee keer per jaar en die vergaderings word deur die interne en eksterne ouditeure en die lede van die senior bestuur van die Universiteit bygewoon. Die interne en eksterne ouditeure se onbeperkte toegang tot die Oudit- en Risikokomitee verseker hulle onafhanklikheid. Die Oudit- en Risikokomitee funksioneer ooreenkomstig 'n skriftelike mandaat van die Raad en doen verantwoording aan die Raad oor die volgende:

- Die beskerming van bates.
- Die werking van geskikte stelsels van interne beheer.
- Risikobestuurs- en -beheermaatreëls.
- Interne en eksterne oudit.
- Voldoening aan statutêre vereistes.
- Rekeningkundige beleid.
- Finansiële verslagdoening.
- Die stand van die Universiteit as lopende saak.

Die Menslikehulpbron-komitee van die Raad is vir oorweging van sake soos personeelvergoeding en byvoordele en aanbevelings daaroor aan die Raad verantwoordelik. Die komitee doen ook aanbevelings aan die Raad oor sake rakende algemene personeelbeleid, dienskontrakte, pensioenfondse, bonusse, prestasiebeoordelingsraamwerke, aanstellings en bevordering van senior bestuurslede, ens. Die komitee bestaan uit vyf lede, soos op bladsy 9 uiteengesit word. Tans is al vyf poste gevul.

Die Vergoedingskomitee van die Raad is saamgestel uit die Voorsitter van die Raad (nie as voorsitter van die Vergoedingskomitee nie), twee Raadslede wat nie werknemers van die US is nie, die Rektor en Visekanselier en twee ex officio-lede (sonder stemreg), naamlik die Hoofdirekteur: Strategiese Inisiatiewe en Menslike Hulpbronne en die Bestuurder: Vergoeding en Voordele.

## Verslagdoening ingevolge King III

Die *King Code of Governance Principles* (King III) is sedert 1 Maart 2010 op alle besigheidsentiteite, insluitende universiteite, van toepassing. Die Universiteit het in Augustus 2010 'n onafhanklike interne oudit van die graad van nakoming van die toepaslike King III-beginsels laat doen. Die Universiteit het in daardie stadium reeds aan die oorgrote meerderheid van die beginsels voldoen en het sedertdien 'n volledige aksieplan met die oog op die implementering van die uitstaande toepaslike beginsels opgestel.

Gedurende 2012 is veral aandag geskenk aan die volgende:

- Die inwerkingstelling van 'n evalueringsproses van die Raad en raadskomitees.
- Die formalisering van 'n gedokumenteerde risikobestuursbeleid en -plan.
- Die bywerking van reglemente van die onderskeie raadskomitees.
- Die goedkeuring en implementering van die Universiteit se delegasiemagte en -beleid.

Die Universiteit onderskryf die filosofie van leierskap, volhoubaarheid en korporatiewe burgerskap soos vervat in King III. King III vereis dat besigheidsentiteite wat verklaar dat daar aan die beginsels voldoen word, moet verduidelik waar voldoening nie moontlik was nie. Die Universiteit voldoen soos op 31 Desember 2012 nie aan die onderstaande nie:

| Gebied | Verduideliking |
|---|---|
| Statuut van die Universiteit | Waar die gewysigde Statuut, wat aan die Wet op Hoër Onderwys voldoen, nie aan die vereistes van King III voldoen nie, sal kompenserende maatreëls ingestel word om aan die doel van die riglyne te voldoen. |
| Geïntegreerde verslagdoening | Dit was vir die Universiteit nog nie moontlik om vir die jaar geëindig 31 Desember 2012 'n volledig geïntegreerde verslag uit te reik nie. Daar bestaan daadwerklike planne om teen 30 Junie 2016 'n geïntegreerde verslag uit te reik wat aan King III sowel as die *Global Reporting Initiative*-raamwerk voldoen. |
| Opvolgbeplanning en talentbestuur van raadslede | Gegewe die feit dat raadslede op grond van spesifieke kundigheid deur verskillende belangegroepe aangestel word, is talentbestuur nie moontlik nie. Opvolgbeplanning word gedoen deur die onderskeie belangegroepe wat vir die aanstelling van hulle verteenwoordigers in die Raad verantwoordelik is. |
| Raadskomitees | King III vereis dat die onderskeie Raadskomitees hulle reglemente jaarliks hersien en dat daar twee keer per jaar 'n selfbeoordeling van die komitee plaasvind. Met inagneming van die feit dat die aard van sommige komitees slegs halfjaarlikse vergaderings vereis, wat die jaarlikse hersiening van hierdie reglemente onprakties maak, word die reglemente hersien en aangepas soos nodig. Om bostaande rede is selfbeoordeling twee keer per jaar ook nie moontlik nie. |
| Vergoedingsopenbaring | In afwagting van die gewysigde Handleiding vir Jaarlikse Verslagdoening deur Hoër Onderwysinstellings wat ook openbaarmaking van vergoeding voorskryf, word daar tans nie aan die King III-vereistes voldoen nie. |
| Opleidingsregister van Oudit- en Risikokomiteelede | Gegewe die kundigheid van die lede en die posisies wat hulle beklee, word bykomende opleiding van Oudit- en Risikokomiteelede nie nodig geag nie. Daar sal van die lede verwag word om op 'n gereelde grondslag hulle deurlopende professionele opleiding en ontwikkeling te bevestig. |
| Gekombineerde ouditversekeringsraamwerk en verslagdoening | 'n Gekombineerde ouditversekeringsraamwerk word deur die Oudit- en Risikokomitee ontwikkel en sal gedurende 2013 gefinaliseer word. |
| Beleid van nieouditdienste | Die beleid sal gedurende 2013 opgestel en formeel goedgekeur word. |
| Versekering van voldoening aan wetgewing | Bestaande prosesse vir die versekering van voldoening aan wetgewing word hersien, om te besluit op 'n toepaslike raamwerk, opstel van wetlike nakomingsriglyn en model van die implementering. Aan die einde 2012 is 'n skedule van die vernaamste toepaslike wetgewing met 'n basiese risiko profiel asook toewysing van institusionele operasionele nakoming aan die RBS voorgelê vir goedkeuring en daarna aan senior bestuurders voorgelê vir oorweging en insette. |

Die Universiteit is ook tans besig om 'n Sosiale en Etiekkomitee op die been te bring.

## Finansiële en korporatiewe bestuur

Effektiewe, doeltreffende en deursigtige finansiële bestuur- en interne beheerstelsels word gebruik om die akkuraatheid van die Universiteit se rekeningkundige rekords en die integriteit van die data wat vir die opstel van finansiële state gebruik word, te verseker.

Daar is inherente beperkings op die doeltreffendheid van enige interne beheerstelsel, met inbegrip van die moontlikheid van menslike foute en die omseiling of omverwerping van beheermaatreëls. Gevolglik kan selfs 'n doeltreffende interne beheerstelsel slegs redelike gerusstelling ten opsigte van finansiële inligting verskaf.

Die interne en eksterne ouditeure evalueer die effektiwiteit, doeltreffendheid en betroubaarheid van die finansiële bestuur- en interne beheerstelsels. Gebreke in die stelsels word onder die aandag van die bestuur en, waar toepaslik, van die Oudit- en Risikokomitee gebring. Stappe word getrou gedoen om beheergebreke reg te stel en bied geleenthede om die stelsel te verbeter na gelang gebreke geïdentifiseer word. Die Universiteit het ook 'n formele prosedure vir die aanmelding van moontlike ongerymdhede of bedrog.

Die Universiteit funksioneer volgens 'n waardestelsel wat in sy Strategiese Raamwerk uiteengesit word en deur die universiteitsgemeenskap aanvaar is. Finansiële bestuur berus op 'n stel beginsels wat die Raad op 19 Mei 2003 aanvaar het. Die Universiteit het ook 'n Beleid vir die Versekering en Bevordering van Eties-verantwoordbare Navorsing. Hierdie beleid word deur drie etiekkomitees (een elk vir navorsing met betrekking tot mensdeelnemers, die sorg vir en gebruik van diere, en omgewings- en bioveiligheid) toegepas om te verseker dat navorsers in elke verhouding met subjekte en objekte waarin hulle tydens wetenskaplike navorsing betrokke raak, in ooreenstemming met die tersaaklike etiese norme optree. Die etiese norme wat in die beleid uiteengesit word, geld reeds vanaf die evaluering van die doel van die bepaalde navorsing en die formulering van die onderwerp van navorsing, en is ook bindend ten opsigte van finansieringsbronne; kliënte; die gemeenskap; die fisiese, biologiese en sosiale omgewing; die veiligheid van navorsers en medewerkers; en die navorser se persoonlike verantwoordelikheid.

## Volhoubaarheid

Die Universiteit het sy verbintenis tot volhoubaarheid reeds onomwonde uitgespreek. Dit is veranker in die

Universiteit se kernfunksies van leer en onderrig, navorsing en gemeenskapsinteraksie, soos vereis deur die Beleid vir die Geïntegreerde Bestuur van Volhoubaarheid, wat in November 2010 deur die Universiteitsraad aanvaar is. Voorts fokus die Universiteit binne die Millenniumontwikkelingsdoelwitte op volhoubaarheid deur vir hom die bevordering van 'n volhoubare omgewing en 'n mededingende bedryf as doelwit te stel. Verskeie akademiese inisiatiewe gee uitvoering aan volhoubaarheid, bv. die Sentrum van Uitnemendheid vir Indringerbiologie; die Sentrum vir Kruisdissiplinariteit, Volhoubaarheid, Beoordeling, Modellering en Ontleding (TsamaHub); die Sentrum vir Hernubare en Volhoubare Energiestudies en die Volhoubaarheidsinstituut. Verskeie steundiensomgewings is ook met volhoubaarheidsaksies gemoeid, met veral Fasiliteitsbestuur en Inligtingstegnologie wat reeds 'n groot bydrae lewer om die Universiteit se ekologiese voetspoor te verklein.

## Gemeenskapsinteraksie

Gemeenskapsinteraksie (GI) word by die Universiteit Stellenbosch as 'n kernfunksie erken en word doelbewus met die ander kernfunksies van leer en onderrig, en navorsing geïntegreer. Die institusionele infrastruktuur vir GI by die Universiteit sluit in 'n GI-beleid; 'n Senaatskomitee wat oor GI-aangeleenthede waak; 'n sentrale steundiensafdeling vir GI; 'n elektroniese, institusionele databasis van GI-projekte; 10 uitgesoekte GI-vlagskipprojekte wat sentraal ondersteun word; 'n Rektorstoekenning vir Uitnemendheid in GI en 'n Viserektor verantwoordelik vir GI en Personeel.

GI en onderrig en leer word in die vorm van diensleer en ander soorte ervaringsleer geïntegreer. Tans is daar reeds meer as 30 diensleermodules oor al 10 fakulteite van die Universiteit versprei. GI word ook in die vorm van gemeenskapsgebaseerde navorsing, deelnemende navorsingsmetodologieë, kontraknavorsing en deur die teikening van spesifieke maatskaplike probleme met navorsing geïntegreer. By die Universiteit word kennis veral binne die raamwerk van die HOOP Projek beskou as 'n werktuig wat in die soeke na oplossings vir ernstige maatskaplike probleme deurslaggewend is. Die kennismodel van die US word deur hierdie benadering verbreed en verdiep. Universiteitskoshuise en -studenteverenigings ondersteun plaaslike gemeenskapsorganisasies deur vrywilligerdiens te verrig. Op elke dag van die universiteitskalender verrig ongeveer 1 000 studentevrywilligers diens by US se vennootorganisasies. In 2012 het die US se personeelvrywilligerprogram ook verder gegroei en het ten minste vier universiteitsafdelings vaste vennootskappe met gemeenskapsorganisasies gesluit.

Die Universiteit is dus 'n instelling wat in ooreenstemming met sy missie, visie en waardes asook sy verbintenis tot selfvernuwing met 'n groot verskeidenheid vennote op verskillende vlakke verhoudings het. Die Universiteit is ook 'n lid van die Talloires Network, 'n internasionale vereniging van maatskaplik verantwoordelike universiteite. Hierdie vennote sluit munisipaliteite, skole, kerke, staatsdepartemente en burgerlike bewegings in.

## Menslikehulpbron-bestuur

Toepaslike bestuur van menslike hulpbronne is vir die Universiteit 'n kernbelangrike en integrerende komponent van korporatiewe bestuur. Dit vereis dat daar op 'n gebalanseerde en dialektiese manier deurlopend kennis geneem moet word van die vereistes wat die snelveranderende politieke, ekonomiese, sosiale, maatskaplike en demografiese omgewing aan die Universiteit stel. Verder behels dit ook dat die Universiteit hierdie omgewingstimuli proaktief, geïntegreerd en toepaslik hanteer. Gedurende 2012 is daar nougeset hieraan aandag gegee en daar was geen konflik wat diensonderbreking meegebring het nie. Personeelwelwees word as een van die Universiteit se prioriteite beskou, en personeel- en ander bronne is toegewys om aan hierdie belangrike kwessie aandag te skenk en gedurende die jaar verder uit te bou.

'n Verdere prioriteit op die gebied van menslike hulpbronne is toepaslike talentbestuur om te verseker dat die Universiteit te alle tye, nou en in die toekoms, oor die regte personeel beskik om in 'n komplekse en snelveranderende omgewing suksesvol te funksioneer. In hierdie verband is daar gedurende 2012 groter klem geplaas op werkmag- en opvolgbeplanning, afrigting en mentorskappe, takseersentrums en geïndividualiseerde loopbaanbeplanning. Terselfdertyd word daar deurlopend aan die optimalisering van die Universiteit se prestasiebestuurstelsel aandag geskenk.
Baie aandag is ook bestee aan die verskillende beleidsraamwerke waarbinne werknemers se dinamiese interaksie met die Universiteit gereguleer word. Hierdie beleidsraamwerke is uiteraard omvattend, maar is wesenlik om te verseker dat die Universiteit oor die nodige beleide en prosedures beskik om voldoende prosedurele en statutêre beskerming aan die werkgewer sowel as die werknemer te bied. Hierdie beleide en prosedures is vir die werkgewer asook die werknemer toeganklik en sluit toegang tot 'n onafhanklike ombudspersoon in indien personeellede of studente van mening is dat hulle onregverdig behandel word.

'n Verdere manifestasie van die Universiteit se verbintenis tot gesonde korporatiewe bestuur, wat nie net op voldoening aan arbeidsregtelike voorskrifte gerig is nie, is die hantering van noodsaaklike herstruktureringsprosesse. Hier word veral deurlopend op arbeidsregtelike korrektheid, noodsaaklikheid en billikheid asook deursigtige hantering van alle geaffekteerde personeel, met die nodige inspraak van sodanige personeel en werknemerstrukture, gelet.

Gedurende 2012 is daar ook deurlopend aan die opleiding van alle lynbestuurders aandag geskenk om hulle in staat te stel om beleide en prosedures wat personeel raak, in die onderskeie universiteitsomgewings gepas en korrek toe te pas. Dit is verder versterk deur die ontwikkeling en suksesvolle implementering van takseersentrums, wat die Universiteit in staat stel om doelgerigte ontwikkelingsplanne vir sleutelwerknemers beskikbaar te stel. Hierdie aksie is met sukses bekroon, soos duidelik blyk uit die etiese en prosedureel korrekte manier waarop lynbestuur komplekse personeelkwessies hanteer.

Die Universiteit onderskryf die beginsels van 'n deelnemende en deursigtige bestuurstyl. Drie vakbonde, te wete die National Educational Health and Allied Workers Union (NEHAWU), Solidariteit en die South African Parastatal and Tertiary Institutions Union (SAPTU), is in wisselende mate op die kampusse van die Universiteit aktief en geniet organisatoriese regte. Erkenningsooreenkomste is met NEHAWU sowel as SAPTU aangegaan. Personeelverenigings soos die Dosentevereniging, Administratiewe Personeelvereniging, Tegniese Vereniging en Werknemersvereniging word saam met die Vroueforum en erkende vakbonde oor 'n wye spektrum menslikehulpbron-aangeleenthede geraadpleeg. Personeelverenigings se verteenwoordigers geniet ook lidmaatskap van besluitnemingstrukture soos die Gesondheidsorgkomitee, die Raad van Trustees van die US Aftredefonds en die Oorkoepelende Diensbillikheidsforum. 'n Gespreksforum met personeelverenigings is reeds in 2005

geformaliseer, wat met die sluit van ’n memorandum van verstandhouding met die Universiteitsbestuur gepaard gegaan het.

Diensbillikheid is vir die Universiteit nie onderhandelbaar nie, wat ook blyk uit die oorsigstrukture wat hiervoor gevestig is. Die Oorkoepelende Diensbillikheidsforum moniteer alle diensbillikheidsaangeleenthede. Beleide ten opsigte van Persone met Gestremdhede en ten opsigte van Seksuele Teistering is reeds geïmplementeer en daar word nougeset op die gebalanseerde samestelling van alle keuringspanele gelet. Prestasiebestuur met persoonlike ontwikkelingsplanne en individuele werkskontrakte word vir alle permanente personeel as vereiste gestel.

## Studentedeelname

Die deelname van studente aan besluitneming is vir die Universiteit belangrik, soos ook in die Strategiese Raamwerk uiteengesit word.

Op makrovlak het studente sitting in die hoogste formele gesagstrukture, soos die Studenteraad-verteenwoordiging in die Raad, die Senaat en die Institusionele Forum. Studente is ook lede van die fakulteitsrade, die Akademiese Beplanningskomitee van die Senaat, die Studentegeldekomitee, die Eregradekomitee, die Gemeenskapsinteraksiekomitee en die keuringskomitees vir die aanwys van die Rektor en Viserektore. Verder dien studente in verskeie belangrike werkskomitees, soos die Komitee vir Beurse en Lenings, die Sentrale Dissiplinêre Komitee, die Gehaltekomitee, die Biblioteekkomitee, die Studentegeldekomitee en die Studentehuisvestingskomitee. Vanuit die fakulteite word studenteverteenwoordigers aangewys wat die Akademiese Belangeraad (ABR) vorm, waarvan die Voorsitter en Ondervoorsitter verskeie verteenwoordigingsfunksies in die sfeer van die Viserektor (Leer en Onderrig) vervul. Hulle dien onder andere in die Akademiese Beplanningskomitee en die Komitee vir Leer en Onderrig.

Verskeie adviesforums – byvoorbeeld vir studente met spesiale leerbehoeftes of MIV/Vigs of wat geteister word of middele misbruik – maak ook van studente se vaardighede en kennis gebruik. Die Bekendstellings- en Moniteringswerkgroep wat die verwelkoming van nuwelingstudente bestuur, bestaan uit verskeie studenteverteenwoordigers en al die monitors op een na kom uit studentegeledere. Die Universiteit van Stellenbosch se Adviesforum vir Studente-ondersteuningsdienste (USASO) sluit ook studenteverteenwoordigers in.

Die Studenterade van Stellenbosch, Tygerberg en die Militêre Akademie help studente om as leiers te ontwikkel. Leierskapontwikkelingsgeleenthede vir alle posisionele leiers (ook van koshuise en privaatstudentewyke) sowel as nieposisionele leiers word deur die Frederik van Zyl Slabbert Instituut vir Studenteleierskapsontwikkeling binne die Sentrum vir Studentesake aangebied. Die grondwet van die Verenigingsraad maak daarvoor voorsiening dat studenteverenigings, onder leiding van ’n Studenteraadslid, ’n meer gestruktureerde rol in die uitbouing van ’n diverse en gesonde studentegemeenskap speel.

Die Studenteraadsvoorsitter en die ABR-voorsitter het sitting in die Bestuurspan van die Viserektor (Leer en Onderrig). Daarbenewens vergader die Uitvoerende Komitee van die Studenteraad maandeliks met die Rektor se Bestuurspan om algemene bestuurskwessies te bespreek.

Voldoening aan korporatiewe bestuursbeginsels word deurlopend geëvalueer. Nakoming van die vereistes van King III is ’n proses, waar die teikendatum as 30 Junie 2016 gestel is.

# UNIVERSITEITSRAAD SE VERANTWOORDELIKHEID VIR FINANSIËLE VERSLAGDOENING

Die Universiteitsraad aanvaar verantwoordelikheid vir die integriteit, objektiwiteit en betroubaarheid van die gekonsolideerde finansiële jaarstate van die Universiteit Stellenbosch. Die verantwoordelikheid vir die voorbereiding en aanbieding van die finansiële jaarstate is aan die bestuur gedelegeer.

Die Raad is van mening dat die Universiteit Stellenbosch, insluitende die filiale, geassosieerde maatskappye en trusts wat by die gekonsolideerde state ingesluit word, as lopende saak bedryf word, en die gekonsolideerde finansiële jaarstate is gevolglik op hierdie grondslag voorberei.

Die eksterne ouditeur is daarvoor verantwoordelik om op grond van sy oudit 'n onafhanklike mening oor die redelike voorstelling van die gekonsolideerde finansiële jaarstate uit te spreek. Hy het onbeperkte toegang tot alle finansiële rekords en verwante data, insluitende die notules van vergaderings van die Raad en alle Raadskomitees, gehad.

Die Oudit- en Risikokomitee het bevestig dat daar voldoende interne finansiële beheerstelsels bestaan en dat daar gedurende die jaar geen wesenlike gebreke in die funksionering van die interne finansiële beheerstelsels was nie.

Die Raad is tevrede dat die gekonsolideerde finansiële jaarstate die finansiële stand, die resultate van bedrywighede, veranderings in fondse en kontantvloeie redelik weergee in ooreenstemming met die toepaslike rekeningkundige beleide wat op *International Financial Reporting Standards* (IFRS) gegrond word.

Tussen die jaareinde en die datum van hierdie verslag het geen wesenlike feite aan die lig gekom of omstandighede ontstaan wat die finansiële posisie van die Universiteit Stellenbosch wesenlik beïnvloed nie.

Die gekonsolideerde finansiële jaarstate op bladsy 79 tot 107 is deur die Raad goedgekeur en onderteken deur:

**MNR GM STEYN**
VOORSITTER VAN DIE UNIVERSITEITSRAAD

**PROF HR BOTMAN**
REKTOR EN VISEKANSELIER

**PROF DP DU PLESSIS**
VOORSITTER VAN DIE OUDIT- EN RISIKOKOMITEE

**PROF L VAN HUYSSTEEN**
UITVOERENDE DIREKTEUR: BEDRYF EN FINANSIES

29 April 2013

# ONAFHANKLIKE OUDITEURSVERSLAG AAN DIE RAAD VAN DIE UNIVERSITEIT STELLENBOSCH

Ons het die gekonsolideerde finansiële jaarstate van die Universiteit Stellenbosch, soos uiteengesit op bladsye 79 tot 107, geoudit. Hierdie finansiële state bestaan uit die gekonsolideerde staat van finansiële stand soos op 31 Desember 2012, en die gekonsolideerde inkomstestaat, staat van omvattende inkomste, veranderings in fondse, en kontantvloeie vir die jaar wat op daardie datum geëindig het, en die aantekeninge, wat bestaan uit 'n opsomming van beduidende rekeningkundige beleid en ander verduidelikende inligting.

## Raad se verantwoordelikheid vir die finansiële state

Die Universiteit Stellenbosch se Raad is verantwoordelik vir die opstel en redelike voorstelling van hierdie gekonsolideerde finansiële state ooreenkomstig 'International Financial Reporting Standards' en die vereistes van die Wet op Hoër Onderwys van Suid-Afrika, en vir sodanige interne beheer as wat die Raad nodig ag om die opstel van gekonsolideerde finansiële state, wat vry is van wesenlike wanvoorstelling, hetsy weens bedrog of foute, in staat te stel.

## Ouditeur se verantwoordelikheid

Dit is ons verantwoordelikheid om op grond van ons oudit 'n mening oor hierdie gekonsolideerde finansiële state uit te spreek. Ons het ons oudit ooreenkomstig 'International Standards on Auditing' uitgevoer. Daardie standaarde vereis dat ons voldoen aan etiese vereistes en die oudit beplan en uitvoer om redelike gerusstelling te verkry of die finansiële state vry is van wesenlike wanvoorstelling.

'n Oudit behels die uitvoer van prosedures om ouditbewyse te verkry oor die bedrae en openbaarmaking in die finansiële state. Die prosedures wat gekies word hang af van die ouditeur se oordeel, insluitend die beoordeling van die risiko's van wesenlike wanvoorstelling van die finansiële state, hetsy weens bedrog of foute. Tydens daardie risikobeoordeling oorweeg die ouditeur interne beheer relevant tot die entiteit se opstel en redelike voorstelling van die finansiële state, ten einde ouditprosedures te ontwerp wat in die omstandighede toepaslik is, maar nie met die doel om 'n mening uit te spreek oor die effektiwiteit van die entiteit se interne beheer nie. 'n Oudit sluit ook 'n evaluering van die toepaslikheid van rekeningkundige beleid wat gebruik is en die redelikheid van rekeningkundige ramings wat deur bestuur gemaak is in, asook 'n evaluering van die algehele voorstelling van die finansiële state.

Ons glo dat die ouditbewyse wat ons verkry het, toereikend en toepaslik is om 'n grondslag vir ons ouditmening te bied.

## Mening

Na ons mening is die gekonsolideerde finansiële state, in alle wesenlike opsigte, 'n redelike voorstelling van die gekonsolideerde finansiële stand van die Universiteit Stellenbosch soos op 31 Desember 2012, en van sy gekonsolideerde finansiële prestasie en gekonsolideerde kontantvloeie vir die jaar wat op daardie datum geëindig het, ooreenkomstig 'International Financial Reporting Standards' en die vereistes van die Wet op Hoër Onderwys van Suid-Afrika.

## VERSLAG OOR ANDER WETLIKE EN REGULATORIESE VEREISTES

Ons lewer verslag oor die volgende bevindinge relevant tot die Universiteit Stellenbosch se prestasie teenoor voorafbepaalde doelwitte, nakoming van wette en regulasies en interne beheer ooreenkomstig die vereistes van die Wet op Openbare Oudit en die gepaardgaande Algemene Kennisgewing, maar nie vir die doel om 'n mening daaroor uit te spreek nie.

## Voorafbepaalde doelwitte

Ons het prosedures uitgevoer ten einde bewyse te verkry aangaande die betroubaarheid van die inligting soos uiteengesit in Tabel 3 oor die ministeriële inskrywings- en effektiwiteitsteikens vir 2013 op bladsy 17 van die Jaarverslag.

Die gerapporteerde prestasie teenoor voorafbepaalde doelwitte is geëvalueer teenoor die oorhoofse kriteria van betroubaarheid. Die betroubaarheid van die inligting met betrekking tot die geselekteerde doelwitte is beoordeel om vas te stel of dit genoegsaam die feite reflekteer.

Daar was geen wesenlike bevindinge oor die betroubaarheid van die inligting in Tabel 3 nie.

### Nakoming van wette en regulasies

Ons het prosedures uitgevoer ten einde bewyse te verkry dat die Universiteit Stellenbosch voldoen het aan toepaslike wette en regulasies aangaande finansiële aangeleenthede, finansiële bestuur en ander tersaaklike aangeleenthede. Ons bevinding ten opsigte van wesenlike nie-nakoming van spesifieke vereistes van die Wet op Hoër Onderwys is as volg:

Geen formele beleid was in plek gedurende die jaar onder oorsig ten opsigte waarvan werknemers 'n besigheid moes verklaar het wat kan lei tot 'n konflik of moontlike konflik van belange met die Universiteit Stellenbosch nie. 'n Formele beleid is egter in 2013 goedgekeur.

### Interne beheer

Ons het die relevante interne beheer in ag geneem tydens ons oudit van die finansiële state, die inligting in Tabel 3 en die nakoming van wette en regulasies.

Ons het nie enige wesenlike gebrekke in interne beheer geïdentifiseer wat ingesluit hoef te word in hierdie verslag nie.

## ANDER VERSLAE

### Ooreengekome prosedures verslae

38 Ooreengekome prosedure verslae is gedurende die jaar onder oorsig deur ons uitgereik wat periodes dek wat strek van 1 Februarie 2009 tot 31 Maart 2013. Geen verslae was in proses ten tyde van die teken van hierdie verslag nie.

### Donateur befondsing verslae

7 Donateur befondsing verslae is gedurende die jaar onder oorsig deur ons uitgereik wat periodes dek wat strek van 1 Oktober 2008 tot 31 Desember 2012. Een verslag was in proses ten tyde van die teken van hierdie verslag.

PricewaterhouseCoopers Geïnk.

PricewaterhouseCoopers Geïnk.
Direkteur: D Adriaans
Geregistreerde Ouditeur
Stellenbosch
22 Mei 2013

pwc

# REKENINGKUNDIGE BELEID

Die vernaamste rekeningkundige beleide wat by die voorbereiding van hierdie gekonsolideerde finansiële jaarstate toegepas word, word hieronder uiteengesit. Die beleide word konsekwent toegepas vir alle tydperke wat in hierdie gekonsolideerde finansiële jaarstate gedek word.

## 1. Voorbereidingsgrondslag

Die gekonsolideerde finansiële jaarstate van die Universiteit Stellenbosch word in ooreenstemming met *International Financial Reporting Standards* (IFRS) opgestel. Die gekonsolideerde finansiële jaarstate word opgestel op die historiesekoste-grondslag, soos deur die herwaardasie van beleggings beskikbaar vir verkoop, skenkings en beleggingseiendom gewysig.

Daar word by die voorbereiding van hierdie gekonsolideerde finansiële jaarstate in ooreenstemming met IFRS op 'n aantal kritieke rekeningkundige ramings gesteun. Die Bestuur moet by die toepassing van die Universiteit se rekeningkundige beleide sy diskresie gebruik. Gevalle wat 'n hoë mate van diskresie verg, en gebiede wat beduidende veronderstellings en ramings vereis, word in aantekening 1 by die gekonsolideerde finansiële jaarstate bespreek.

### Standpunte, vertolkings en wysigings van gepubliseerde standpunte wat nog nie effektief is nie

Sekere nuwe standpunte, wysigings en vertolkings ten opsigte van bestaande standpunte wat verpligtend is vir rekeningkundige tydperke wat op of ná 1 Januarie 2013 of later begin en wat die Universiteit nog nie toegepas het nie, is gepubliseer. Die Universiteit sal hierdie wysigings in die toepaslike tydperk toepas, indien van toepassing. Die standpuntwysigings en -vertolkings is soos volg:

| | |
|---|---|
| IFRS 1 (Wysiging) | – *First-time Adoption of International Financial Reporting Standards* (effektief vanaf 1 Januarie 2013) |
| IFRS 7 (Wysiging) | – *Disclosures – Offsetting Financial Assets and Financial Liabilities* (effektief vanaf 1 Januarie 2013) |
| IFRS 9 | – *Financial Instruments* (effektief vanaf 1 Januarie 2015) |
| IFRS 10 | – *Consolidated Financial Statements* (effektief vanaf 1 Januarie 2013) |
| IFRS 10, IFRS 12 en IAS 27 (Wysigings) | – *Investment entities* (effektief vanaf 1 Januarie 2014) |
| IFRS 11 | – *Joint Arrangements* (effektief vanaf 1 Januarie 2013) |
| IFRS 12 | – *Disclosures of Interests in Other Entities* (effektief vanaf 1 Januarie 2013) |
| IFRS 13 | – *Fair-value Measurement* (effektief vanaf 1 Januarie 2013) |
| IAS 1 (Wysiging) | – *Presentation of Items of Other Comprehensive Income* (effektief vanaf 1 Julie 2012) |
| IAS 19 (Wysiging) | – *Employee Benefits* (effektief vanaf 1 Januarie 2013) |
| IAS 27 (Wysiging) | – *Separate Financial Statements* (effektief vanaf 1 Januarie 2013) |
| IAS 28 (Wysiging) | – *Investments in Associates and Joint Ventures* (effektief vanaf 1 Januarie 2013) |
| IAS 32 (Wysiging) | – *Offsetting Financial Assets and Financial Liabilities* (effektief vanaf 1 Januarie 2014) |
| 2011 IFRS | – *Improvements to IFRS's 2011* (effektief vanaf 1 Januarie 2013) |
| IFRIC 20 | – *Stripping Costs in the Production Phase of a Surface Mine* (effektief vanaf 1 Januarie 2013) |

Die Bestuur is van mening dat veranderings in bostaande standpunte, wysigings en vertolkings nie in die volgende jaar 'n wesenlike uitwerking op die Universiteit se gekonsolideerde finansiële jaarstate gaan hê nie.

## 2. Konsolidasiegrondslag

### Filiale

Alle entiteite waarin die Universiteit direk of indirek 'n belang van meer as die helfte van die stemreg hou, of ten opsigte waarvan hy andersins oor die vermoë beskik om beheer oor die werksaamhede uit te oefen, word in die gekonsolideerde finansiële jaarstate ingesluit. Die aankoopmetode word vir die teboekstelling van die verkryging van filiale gebruik. Die koste van 'n verkryging word as die billike waarde van bates oorgedra en laste aanvaar soos op die transaksiedatum, insluitende enige transaksiekoste, gemeet. Identifiseerbare bates verkry en laste en voorwaardelike aanspreeklikhede aanvaar in 'n besigheidskombinasie word aanvanklik teen billike waarde gemeet.

Die surplus van die koste van verkryging bo die billike waarde van die groep se deel van die identifiseerbare netto bates word as klandisiewaarde verantwoord. Die resultate van filiale gedurende die jaar aangekoop word ingesluit vanaf die datum waarop effektiewe beheer verkry is. Konsolidasie word gestaak vanaf die datum waarop effektiewe beheer eindig.
Tussengroeptransaksies, -saldo's en ongerealiseerde wins op transaksies tussen die Universiteit en sy filiale word uitgeskakel. Ongerealiseerde verliese word ook uitgeskakel en word as 'n moontlike waardedalingsaanwyser van die onderliggende bate gehanteer. Die rekeningkundige beleide van filiale word, waar nodig, tydens konsolidasie aangepas.

### Geassosieerde maatskappye

'n Geassosieerde maatskappy is 'n maatskappy, behalwe 'n filiaal, waarin die Universiteit 'n belegging het en ten opsigte waarvan hy vanweë die aard en die omvang van sy belegging die vermoë het om 'n beduidende invloed daarop te kan uitoefen. Die resultate van geassosieerde maatskappye word deur middel van die ekwiteitsmetode verantwoord. Die ekwiteitsmetode behels die erkenning van die Universiteit en sy filiale se belang in die naverkrygingswins en -verlies van geassosieerde maatskappye in die gekonsolideerde inkomstestaat en die naverkrygingsbewegings in reserwes in die gekonsolideerde staat van omvattende inkomste.

Die kumulatiewe naverkrygingsbewegings word teen die drabedrag van die belegging in die geassosieerde maatskappy aangepas. Die erkenning van die Universiteit en sy filiale se aandeel in verliese van geassosieerde maatskappye word tot die belang in die geassosieerde maatskappy beperk. Bykomende verliese word net erken in die mate waarin die Universiteit en sy filiale die skuld van die geassosieerde maatskappy gewaarborg het.

Tussengroeptransaksies, -saldo's en ongerealiseerde wins op transaksies tussen die Universiteit en sy geassosieerde maatskappye word na gelang van die Universiteit se belang in die geassosieerde maatskappye uitgeskakel. Ongerealiseerde verliese word ook uitgeskakel en word as 'n moontlike waardedalingsaanwyser van die onderliggende bate gehanteer. Die rekeningkundige beleide van geassosieerde maatskappye word, waar nodig, by die toepassing van die ekwiteitsmetode aangepas.

## 3. Buitelandse valuta

### Funksionele en aanbiedingsgeldeenheid

Items wat in die gekonsolideerde finansiële jaarstate ingesluit word, word gemeet deur gebruik te maak van die geldeenheid van die primêre ekonomiese omgewing waarin die Universiteit bedrywig is (die funksionele geldeenheid). Die gekonsolideerde finansiële jaarstate word aangebied in Suid-Afrikaanse rand, wat die Universiteit se funksionele en aanbiedingsgeldeenheid is.

### Transaksies en saldo's

Valutatransaksies word verantwoord teen die wisselkoers wat op die transaksiedatum geld. Wins en verlies wat ontstaan by die vereffening van sulke transaksies en die omskakeling van monetêre bates en laste wat in buitelandse valuta gedenomineer is, word in die gekonsolideerde inkomstestaat erken. Laasgenoemde saldo's word teen jaareindwisselkoerse omgeskakel.

## 4. Eiendom, boeke en toerusting

Grond en geboue bestaan hoofsaaklik uit erwe, lesingslokale, laboratoriums, koshuise en administratiewe geboue. Grond en geboue word teen historiese koste minus opgehoopte waardevermindering getoon, met uitsluiting van skenkings van grond en geboue wat soos op die datum van die skenking deur beëdigde waardeerders teen billike waarde gewaardeer word. Die Universiteit het die vrystelling van IFRS 1 toegepas om die markwaarde van geboue soos op die datum van omskakeling (1 Januarie 2004) as kosprys te ag.

Historiese koste sluit direkte koste met betrekking tot die verkryging van die item in. Naverkrygingskoste word net by die oorspronklike kosprys getel, of as 'n afsonderlike bate erken, indien die vloei van bykomende toekomstige ekonomiese voordele uit die item na die Universiteit waarskynlik is en die koste betroubaar gemeet kan word. Alle ander herstel- en instandhoudingskoste word in die inkomstestaat erken in die tydperk waarin dit aangegaan word.

Boeke en toerusting word teen kosprys getoon, met uitsluiting van skenkings van boeke en toerusting wat soos op die datum van die skenking teen billike waarde deur beëdigde waardeerders gewaardeer word.

Geen waardevermindering word ten opsigte van grond erken nie, omdat dit 'n onbeperkte leeftyd het. Die waardevermindering van ander bates word volgens die reguitlynmetode bereken om die koste of herwaardeerde bedrae oor die nutsduur van die bates tot die reswaarde af te skryf.

Reswaardes en waardeverminderingskoerse is soos volg:

| | Reswaarde 2012 % | Waardevermindering 2012 % | Reswaarde 2011 % | Waardevermindering 2011 % |
|---|---|---|---|---|
| Grond | 100 | - | 100 | - |
| Geboue | - | 1,3 – 20,0 | - | 1,3 – 20,0 |
| Rekenaartoerusting | - | 33,3 | - | 33,3 |
| Ander toerusting en voertuie | 0 – 40 | 5 – 25 | 0 – 40 | 5 – 25 |
| Biblioteekboeke | - | 100 | - | 100 |

Die nutsduur van eiendom, boeke en toerusting word jaarliks hersien en, indien nodig, aangepas.

Indien die drabedrag van 'n bate groter as die realiseerbare waarde daarvan is, word dit na die realiseerbare waarde afgeskryf.

Wins en verlies by die vervreemding van bates word in die gekonsolideerde inkomstestaat erken en verteenwoordig die verskil tussen die opbrengs en die drabedrag soos op die datum van die verkoop.

## 5. Ontasbare bates

Aangekoopte rekenaarsagtewarelisensies word gekapitaliseer teen die koste aangegaan om die spesifieke sagteware te verkry en in gebruik te neem. Hierdie koste word oor die verwagte nutsduur van die sagteware geamortiseer. Die sagteware wat aan die jaareinde binne hierdie kategorie val, se verwagte nutsduur is 10 jaar. Naverkrygingskoste wat vir die instandhouding van rekenaarsagteware aangegaan word, word as 'n uitgawe erken in die tydperk waarin dit aangegaan word. Ontasbare bates sluit slegs rekenaarsagtewarelisensies in.

## 6. Finansiële instrumente

Finansiële instrumente sluit in kontant en kontantekwivalente, beleggings, debiteure en lenings, handels- en ander krediteure, lenings en korttermynskuldinstrumente. Finansiële instrumente word aanvanklik teen billike waarde, transaksiekoste ingesluit, erken. Die konvensionele koop en verkoop van finansiële bates word soos op die verhandelingsdatum erken.

Die Universiteit klassifiseer finansiële bates volgens die volgende kategorieë: debiteure en lenings; beleggings beskikbaar vir verkoop; en finansiële instrumente teen billike waarde gedra, met aanpassings deur wins en verlies in die inkomstestaat. Die klassifikasie word bepaal deur die doel waarvoor die bate verkry is. Die Bestuur bepaal die klassifikasie by aanvanklike erkenning.

### Debiteure en lenings

Debiteure en lenings is nie-afgeleide finansiële instrumente met vaste of bepaalbare terugbetalings wat nie in 'n aktiewe mark gekwoteer word nie. Debiteure en lenings word aanvanklik teen billike waarde gemeet. Indien die bedrae eers ná 12 maande vanaf die jaareinde betaalbaar is, word dit by niebedryfsbates ingesluit, andersins by bedryfsbates.

Debiteure en lenings word teen die geamortiseerde koste getoon deur van die effektiewerentekoers-metode gebruik te maak, en ná voorsiening vir waardedaling van die uitstaande bedrag. 'n Voorsiening vir waardedaling word geskep indien daar objektiewe bewyse bestaan dat uitstaande bedrae nie volgens die oorspronklike bepalings ingevorder sal word nie. Die bedrag van die voorsiening is die verskil tussen die drabedrag en die verhaalbare bedrag, wat die teenswoordige waarde van die verwagte kontantvloei, verdiskonteer teen die effektiewe rentekoers, verteenwoordig.

Beduidende finansiële probleme en die wanbetaling van uitstaande skuld word as aanwysers van waardedaling beskou. Die drabedrag van die bate word verminder deur van 'n voorsieningsrekening gebruik te maak. Die bedrag van die waardedaling word in die gekonsolideerde inkomstestaat as bedryfsuitgawes erken. Wanneer die debiteur of lening oninvorderbaar is, word dit teen die voorsieningsrekening afgeskryf. Die latere verhaling van enige bedrae wat voorheen afgeskryf is, word teen bedryfsuitgawes op die gekonsolideerde inkomstestaat gekrediteer.

Handels- en ander debiteure, met uitsluiting van valutatermynkontrakbates, word as debiteure en lenings geklassifiseer.

Kontant en kontantekwivalente, wat as debiteure en lenings geklassifiseer word, bestaan uit kontant voorhande, daggeld-deposito's, beleggings in geldmarkinstrumente en bankoortrekkings.

### Beleggings beskikbaar uir verkoop

Beleggings word as beskikbaar vir verkoop geklassifiseer en word deur die gebruik van toepaslike waardasiemetodes teen billike waardes getoon. Beleggings word by niebedryfsbates ingesluit, behalwe as die Universiteit beoog om die belegging binne 12 maande ná jaareinde te vervreem. Aankope en verkope van beleggings word soos op die verhandelingsdatum erken, dit wil sê die datum waarop die Universiteit hom tot die aankope en verkope verbind. Veranderings in billike waardes word in die staat van omvattende inkomste getoon. Die verskil tussen die netto verkoopsopbrengs en die kosprys van die belegging word by vervreemding van die billikewaarde-reserwe na die gekonsolideerde inkomstestaat oorgedra.

Beleggings word onterken wanneer die reg op kontantvloei verval het of oorgedra is, of die Universiteit die beduidende risiko's en voordele wat met eienaarskap gepaard gaan, oorgedra het.

Daar word onderskei tussen waardeveranderings weens wisselkoersveranderings en billikewaarde-veranderings by instrumente wat in 'n buitelandse valuta gedenomineer en wat as beskikbaar vir verkoop geklassifiseer is. Wisselkoerswins en verliese word in die gekonsolideerde inkomstestaat erken. Bewegings in die billike waardes van hierdie beleggings word in die staat van omvattende inkomste erken.

Die billike waarde van genoteerde beleggings word op huidige markpryse gegrond. Die Universiteit bepaal die billike waarde van

ongenoteerde beleggings en beleggings waarvoor daar nie 'n aktiewe mark is nie, deur van toepaslike waardasietegnieke gebruik te maak.

Die Universiteit bepaal teen elke jaareinde, indien daar objektiewe bewyse bestaan, of 'n finansiële bate se waarde gedaal het. 'n Beduidende afname in die billike waarde van die belegging oor 'n tydperk na laer as die kosprys daarvan is 'n aanduiding dat die belegging se waarde gedaal het. Indien sulke bewyse vir beleggings beskikbaar vir verkoop bestaan, word die kumulatiewe verlies van die billikewaarde-reserwe na die gekonsolideerde inkomstestaat oorgedra.

Die kumulatiewe verlies word bereken as die verskil tussen die verkrygingskoste en die huidige billike waarde ná aftrekking van enige waardedalings wat in vorige tydperke erken is. Waardedalingsverliese wat in die gekonsolideerde inkomstestaat erken is, word nie in die gekonsolideerde inkomstestaat teruggeskryf indien daar latere verhalings is nie.

### Afgeleide instrumente

Afgeleide instrumente, insluitende valutatermynkontrakte, word as 'teen billike waarde met aanpassings deur die inkomstestaat' geklassifiseer. Hierdie instrumente word erken teen billike waarde soos op die datum waarop die afgeleide kontrak aangegaan word. In die daaropvolgende tydperke word dit teen billike waarde herwaardeer. Wins en verliese op afgeleide instrumente word in die gekonsolideerde inkomstestaat erken.

### Handels- en ander krediteure en korttermynskuldinstrumente

Handels- en ander krediteure, valutatermynkontraklaste uitgesluit, word aanvanklik teen billike waarde gemeet. Daarna word dit teen geamortiseerde koste getoon deur van die effektiewerentekoers-metode gebruik te maak.

### Rentedraende lenings

Lenings word aanvanklik teen billike waarde erken, met inagneming van enige transaksiekoste wat aangegaan is. Lenings word ná aanvanklike erkenning teen geamortiseerde koste gedra. Verskille tussen die aanvanklik erkende bedrag en die aflossingsbedrag word oor die duur van die lening in die gekonsolideerde inkomstestaat erken deur van die effektiewerentekoers-metode gebruik te maak. Lenings word as bedryfslaste getoon, behalwe indien die Universiteit 'n onvoorwaardelike reg het om betaling vir minstens 12 maande na die jaareinde uit te stel, in welke geval dit as niebedryfslaste getoon word.

## 7. Navorsings- en ontwikkelingskoste

Navorsings- en ontwikkelingskoste word as 'n uitgawe erken in die jaar waarin dit aangegaan word, aangesien albei inherent aan die gewone werksaamhede van 'n universiteit is.

## 8. Skenkings

Skenkings word teen die billike waarde soos op die datum van die skenking, gegrond op eksterne waardasies, getoon.

## 9. Voorraad

Voorraad, wat hoofsaaklik uit verbruiksgoedere en skryfbehoeftes bestaan, word getoon teen die kosprys, op die grondslag van gemiddelde koste, of die netto realiseerbare waarde, wat ook al die laagste is.

Die kosprys sluit finansieringskoste uit. Netto realiseerbare waarde is die geraamde verkoopsprys in die normale gang van sake, minus verkoopskoste.

## 10. Waardedaling van niefinansiële bates

Bates met 'n onbepaalde nutsduur is nie aan waardevermindering en amortisasie onderworpe nie en word jaarliks vir waardedaling getoets. Bates wat aan waardevermindering en amortisasie onderworpe is, word vir moontlike waardedaling getoets indien 'n gebeurtenis of verandering in omstandighede aandui dat die drabedrag van die bate moontlik nie verhaalbaar is nie. 'n Waardedalingsverlies word erken vir die bedrag waarmee die drabedrag van die bate die verhaalbare bedrag daarvan oorskry. Die verhaalbare bedrag is die bates se billike waarde, minus enige verkoopskoste, of die gebruikswaarde daarvan, wat ook al die hoogste is. In die toets vir waardedaling word bates gegroepeer op die kleinste vlak waarvoor daar afsonderlik identifiseerbare kontantvloei is (kontantgenererende eenhede). Niefinansiële bates met vorige waardedalings word aan elke jaareinde hersien vir 'n moontlike omswaaiing van die waardedaling wat reeds erken is.

## 11. Inkomste-erkenning

Inkomste word erken teen die billike waarde van die bedrae of goedere wat ontvang is.

Studente- en inwoningsgeld word erken na gelang die diens gelewer word.

Sentrale owerheidsbewilligings word erken in die tydperk waarvoor dit ontvang word. Owerheidsbewilligings word erken wanneer daar redelike sekerheid is dat die toekenning ontvang sal word en dat die Universiteit sal voldoen aan al die voorwaardes wat daaraan gekoppel word.

Navorsingstoekennings word oor die termyn van die navorsing en op grond van die bepalings van die individuele kontrakte erken.

Rente-inkomste word op 'n tydtoedelingsgrondslag erken deur die effektiewerentekoers-metode toe te pas. Wanneer 'n waardedaling van 'n debiteur geskied, verminder die Universiteit die drabedrag na die verhaalbare bedrag. Die verhaalbare bedrag verteenwoordig die toekomstige kontantvloei teen die oorspronklike effektiewe rentekoers

verdiskonteer. Hierdie diskonto word oor tyd as rente erken. Rente-inkomste ten opsigte van lenings waarvoor 'n waardedaling erken is, word teen die oorspronklike effektiewe rentekoers erken.

Tussendepartementele inkomste word uitgeskakel.

Ander inkomste wat deur die Universiteit verdien word, word op die volgende grondslae erken:

- Dividendinkomste – wanneer die aandeelhouer se reg om 'n dividend te ontvang vestig, dit wil sê op die laaste dag vir registrasie ten opsigte van genoteerde aandele en, in die geval van ongenoteerde aandele, wanneer dividende verklaar word.
- Huurinkomste – ontvangste ten opsigte van bedryfshuurkontrakte word oor die tydperk van die huurtermyn op 'n reguitlyngrondslag in die gekonsolideerde inkomstestaat erken.
- Toevallige verkope en dienste – in die tydperk waarin dit toeval.

## 12. Huur

Indien die verhuurder die beduidende risiko's en voordele van eienaarskap van 'n gehuurde item behou, word dit as 'n bedryfshuur geklassifiseer. Betalings ten opsigte van bedryfshuurkontrakte word oor die huurtermyn op 'n reguitlyngrondslag in die gekonsolideerde inkomstestaat erken.

## 13. Beleggingseiendomme

Beleggingseiendomme word gehou om huurinkomste te genereer en om kapitaalgroei te bewerkstellig. Eienaargeokkupeerde eiendomme word vir administratiewe, onderrig- en navorsingsdoeleindes gehou. Die verskil in gebruik onderskei eienaargeokkupeerde eiendomme van beleggingseiendomme.

Beleggingseiendomme word as langtermynbeleggings beskou en gedra teen billike waarde wat jaarliks deur eksterne beëdigde waardeerders bepaal word. Beleggingseiendomme is nie aan waardevermindering onderworpe nie. Enige verandering in waarde word direk in die gekonsolideerde inkomstestaat erken.

Eienaargeokkupeerde eiendomme word ooreenkomstig die rekeningkundige beleid vir eiendom, boeke en toerusting erken en gemeet.

## 14. Voorsienings

Voorsienings word erken wanneer die Universiteit 'n huidige wettige of afgeleide verpligting het as gevolg van 'n verpligtende gebeurtenis wat in die verlede plaasgevind het en wat waarskynlik tot 'n uitvloei van hulpbronne in die vorm van ekonomiese voordele sal lei om die verpligting te vereffen, en 'n redelike raming van die bedrag van die verpligting gemaak kan word. Voorsienings word gemeet teen die huidige waarde van die verwagte toekomstige uitgawes om die verpligting te vereffen, verdiskonteer teen die markverwante koers vir soortgelyke voorsienings. Veranderings in die waarde van voorsienings as gevolg van tydsverloop word as rente erken.

## 15. Personeelvoordele

### Na-aftrede mediese voordele en groeplewens-versekeringskema

Na-aftrede mediese voordele word aan afgetrede werknemers verskaf. Toegang tot hierdie voordeel word beperk tot werknemers wat voor 1 Junie 2002 aangestel is. Alle werknemers word verplig om aan die groeplewensversekeringskema deel te neem. Die verwagte koste van hierdie voordele word oor die dienstydperk erken. Die verpligting ten opsigte van die na-aftrede mediese voordele is die teenswoordige waarde van die verpligting soos aan die jaareinde, minus die billike waarde van planbates en enige aanpassings vir aktuariële wins of verlies en verstreke dienskoste. Die verpligting word minstens elke drie jaar aktuarieel deur 'n onafhanklike aktuaris bereken. Aktuariële wins en verliese word onmiddellik in die gekonsolideerde inkomstestaat erken.

### Pensioenuerpligtings

Bydraes word maandeliks aan die US Aftredefonds, 'n vastebydrae-plan vir permanente werknemers van die Universiteit, gedoen. 'n Vastebydrae-plan is 'n pensioenplan waar die Universiteit vaste bydraes aan 'n eksterne fonds doen.

### Langdiensuoordele

Ná 25 jaar dienslewering kwalifiseer werknemers vir 'n geskenk met 'n waarde gelykstaande aan 50% van die werknemer se maandelikse salaris (met 'n minimum waarde van R400 en 'n maksimum waarde van R5 000). Die Universiteit erken 'n las en die gepaardgaande uitgawe na gelang die verpligting oploop.

## 16. Uitgestelde belasting

Uitgestelde belasting word volgens die aanspreeklikheidsmetode voorsien. Uitgestelde belasting verteenwoordig die belastinguitwerking van tydelike verskille tussen die belastingbasisse van bates en van laste en die drawaardes daarvan vir finansiële verslagdoeningsdoeleindes. Huidige belastingkoerse word gebruik om uitgestelde belasting te bepaal. Uitgesteldebelasting-bates word slegs erken in die mate dat die verhaalbaarheid daarvan waarskynlik is. Uitgestelde belasting word nie voorsien indien dit uit die aanvanklike erkenning van bates en laste as gevolg van ander transaksies as besigheidskombinasies spruit nie en soos op die transaksiedatum nie rekeningkundige wins of verlies of belasbare inkomste of vasgestelde verlies beïnvloed nie.

# GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE OP 31 DESEMBER 2012

| | Aantekeninge | 2012 R000 | 2011 R000 |
|---|---|---|---|
| **BATES** | | | |
| **NIEBEDRYFSBATES** | | 9 018 184 | 7 350 603 |
| Eiendom, boeke en toerusting | 4 | 3 842 338 | 3 630 459 |
| Ontasbare bates | 5 | 1 797 | 3 189 |
| Langtermynbeleggings | 6 | 4 930 234 | 3 491 862 |
| Beleggingseiendomme | 7 | 66 270 | 57 380 |
| Belegging in geassosieerde maatskappye | 8 | 10 308 | 9 742 |
| Langtermyngedeelte van handels- en ander debiteure | 9 | 157 824 | 150 179 |
| Bedryfshuurbate | 12 | 9 413 | 7 792 |
| **BEDRYFSBATES** | | 526 190 | 1 340 961 |
| Voorraad | 11 | 2 567 | 2 638 |
| Handels- en ander debiteure | 9 | 222 541 | 223 453 |
| Kontant en kontantekwivalente | 25 | 301 082 | 1 114 870 |
| **TOTALE BATES** | | **9 544 374** | **8 691 564** |
| **FONDSE EN AANSPREEKLIKHEDE** | | | |
| **FONDSE BESKIKBAAR** | | 8 534 396 | 7 805 075 |
| Onbeperkte fondse | 2 | 525 540 | 538 930 |
| Beperkte fondse | 2 | 4 541 518 | 4 245 068 |
| Billikewaarde-reserwe | 2 | 928 372 | 481 897 |
| | | 5 995 430 | 5 265 895 |
| Eiendomsherwaardasiereserwe | 2 | 2 538 731 | 2 538 731 |
| Niebeherende belange | 2 | 235 | 449 |
| **NIEBEDRYFSLASTE** | | 577 362 | 510 594 |
| Rentedraende lenings | 3 | 93 030 | 99 413 |
| Personeelvoordele | 27 | 484 332 | 411 181 |
| **BEDRYFSLASTE** | | 432 617 | 375 895 |
| Handels- en ander krediteure | 13 | 419 527 | 358 842 |
| Uitgestelde belasting | 10 | 592 | 324 |
| Korttermyngedeelte van rentedraende lenings | 3 | 5 123 | 10 457 |
| Korttermyngedeelte van bedryfshuurlas | 12 | 5 223 | 4 061 |
| Korttermynskuldinstrumente | | 2 152 | 2 210 |
| **TOTALE FONDSE EN AANSPREEKLIKHEDE** | | **9 544 374** | **8 691 564** |

# GEKONSOLIDEERDE INKOMSTESTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 DESEMBER 2012

| | Aan-teke-ninge | Opvoedkundig en algemeen Onbeperk R000 | Opvoedkundig en algemeen Beperk R000 | Opvoedkundig en algemeen Totaal R000 | Studente- en personeel-huisvesting Beperk R000 | 2012 Totaal R000 | 2011 Totaal R000 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **TOTALE INKOMSTE** | | **1 726 414** | **1 675 503** | **3 401 917** | **239 666** | **3 641 583** | **3 446 090** |
| HERHALENDE ITEMS | | | | | | | |
| Owerheidstoekennings | | 975 028 | 324 541 | 1 299 569 | - | 1 299 569 | 1 248 939 |
| Studente-, inwonings- en ander gelde | | 548 231 | 80 100 | 628 331 | 234 528 | 862 859 | 785 715 |
| Privaat skenkings, toekennings en kontrakte | | 55 791 | 1 001 020 | 1 056 811 | - | 1 056 811 | 990 739 |
| Verkope van dienste en produkte | | 239 | 67 392 | 67 631 | - | 67 631 | 67 019 |
| Subtotaal | | 1 579 289 | 1 473 053 | 3 052 343 | 234 528 | 3 286 871 | 3 092 412 |
| Rente en dividende verdien | 19 | 76 406 | 132 586 | 208 992 | 5 138 | 214 129 | 196 319 |
| Wins by vervreemding van eiendom, boeke en toerusting | | - | 4 345 | 4 345 | - | 4 345 | 4 257 |
| Gerealiseerde wins by vervreemding van beleggings | 20 | 64 096 | 67 854 | 131 950 | - | 131 950 | 136 297 |
| Ekwiteitswins in geassosieerde maatskappye | 8 | - | 567 | 567 | - | 567 | 3 865 |
| Valutawins | | 6 623 | (2 903) | 3 720 | - | 3 720 | 12 940 |
| | | 1 726 414 | 1 675 503 | 3 401 917 | 239 666 | 3 641 583 | 3 446 090 |
| **TOTALE UITGAWES** | | **1 364 054** | **1 795 948** | **3 160 002** | **198 735** | **3 358 737** | **2 908 047** |
| HERHALENDE ITEMS | | | | | | | |
| Personeelkoste | 15 | 987 980 | 503 418 | 1 491 398 | 19 575 | 1 510 973 | 1 331 682 |
| Akademies professioneel | | 516 878 | 158 931 | 675 809 | - | 675 809 | 593 023 |
| Ander | | 471 102 | 344 488 | 815 589 | 19 575 | 835 164 | 738 660 |
| Ander bedryfsuitgawes | 17 | 319 882 | 1 124 805 | 1 444 687 | 177 651 | 1 622 338 | 1 383 109 |
| Waardevermindering en amortisasie | 17 | 56 172 | 143 826 | 199 999 | 1 285 | 201 283 | 179 686 |
| Subtotaal | | 1 364 034 | 1 772 050 | 3 136 084 | 198 511 | 3 334 595 | 2 894 477 |
| Verlies by vervreemdingvan eiendom, boeke en toerusting | | 19 | - | 19 | 225 | 244 | 237 |
| Verlies by onterkenning van filiaal | 30 | - | 10 225 | 10 225 | - | 10 225 | - |
| Finansieringskoste | | - | 13 673 | 13 673 | - | 13 673 | 13 333 |
| | | 1 364 054 | 1 795 948 | 3 160 002 | 198 735 | 3 358 737 | 2 908 047 |
| TOEDELING NA/(VAN) RESERWES | | - | 26 143 | 26 143 | (26 143) | - | - |
| OORPLASING (VAN)/NA RESERWES | | (223 961) | 238 749 | 14 788 | (14 788) | - | - |
| | | (223 961) | 264 891 | 40 931 | (40 931) | - | - |
| **SURPLUS VIR DIE JAAR** | | **138 400** | **144 446** | **282 846** | **-** | **282 846** | **538 044** |
| Toeskryfbaar aan houer | | 138 400 | 144 660 | 283 060 | - | 283 060 | 537 789 |
| Toeskryfbaar aan niebeherende belang | | - | (214) | (214) | - | (214) | 255 |
| **SURPLUS VIR DIE JAAR** | | **138 400** | **144 446** | **282 846** | **-** | **282 846** | **538 044** |

# GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 DESEMBER 2012

| | Opvoedkundig en algemeen | Studente- en personeel-huisvesting | Filiaal-maatskappye | Lenings-fondse | Skenkings-fondse | Vastebate-fondse | Niebeheren-de belange | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | R000 | R000 | R000 | R000 | R000 | R000 | R000 | R000 |
| **31 DESEMBER 2011** | | | | | | | | |
| Surplus vir die jaar | 537 789 | - | - | - | - | - | 255 | 538 044 |
| ANDER OMVATTENDE INKOMSTE | | | | | | | | |
| Billikewaarde-reserwe | | | | | | | | |
| - Realisasie na inkomstestaat | (34 401) | (2 586) | - | - | (92 201) | (7 109) | - | (136 297) |
| - Aanpassing vir die jaar | 67 574 | 4 908 | (646) | - | 90 197 | 14 590 | - | 176 622 |
| Toedeling (van)/na reserwes | (549 342) | 21 627 | 1 854 | 2 073 | 214 123 | 309 664 | - | - |
| Oorplasing na/(van) reserwes | 56 726 | (15 160) | - | 9 257 | (35 899) | (14 925) | - | - |
| **TOTALE OMVATTENDE INKOMSTE** | **78 347** | **8 789** | **1 209** | **11 330** | **176 220** | **302 219** | **255** | **578 369** |
| **31 DESEMBER 2012** | | | | | | | | |
| Surplus vir die jaar | 283 060 | - | - | - | - | - | (214) | 282 846 |
| ANDER OMVATTENDE INKOMSTE | | | | | | | | |
| Billikewaarde-reserwe | | | | | | | | |
| - Realisasie na inkomstestaat | (36 394) | (2 515) | - | - | (86 127) | (6 914) | - | (131 950) |
| - Aanpassing vir die jaar | 170 672 | 11 057 | 489 | - | 365 809 | 30 400 | - | 578 426 |
| Toedeling (van)/na reserwes | (201 057) | 40 726 | 913 | (3 687) | 131 939 | 31 165 | - | - |
| Oorplasing (van) /na reserwes | (131 953) | (26 143) | - | 17 090 | (35 347) | 176 353 | - | - |
| **TOTALE OMVATTENDE INKOMSTE** | **84 328** | **23 125** | **1 402** | **13 403** | **376 274** | **231 004** | **(214)** | **729 322** |

# GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN VERANDERINGS IN FONDSE VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 DESEMBER 2012

| | Opvoedkundig en algemeen | Studente- en personeel-huisvesting | Filiaal-maatskappye | Lenings-fondse | Skenkings-fondse | Vastebate-fondse | Niebeheren-de belange | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | R000 | R000 | R000 | R000 | R000 | R000 | R000 | R000 |
| **SALDO SOOS OP 1 JANUARIE 2011** | 2 201 418 | 65 497 | 383 | 217 118 | 1 483 992 | 3 258 102 | 194 | 7 226 706 |
| Surplus vir die jaar | 537 789 | - | - | - | - | - | 255 | 538 044 |
| Ander omvattende inkomste vir die jaar | (459 442) | 8 789 | 1 209 | 11 330 | 176 220 | 302 220 | - | 40 325 |
| **SALDO SOOS OP 31 DESEMBER 2011** | **2 279 765** | **74 286** | **1 592** | **228 448** | **1 660 212** | **3 560 322** | **449** | **7 805 075** |
| **SALDO SOOS OP 1 JANUARIE 2012** | 2 279 765 | 74 286 | 1 592 | 228 448 | 1 660 212 | 3 560 322 | 449 | 7 805 075 |
| Surplus vir die jaar | 283 060 | - | - | - | - | - | (214) | 282 846 |
| Ander omvattende inkomste vir die jaar | (198 732) | 23 125 | 1 402 | 13 403 | 376 274 | 231 004 | - | 446 476 |
| **SALDO SOOS OP 31 DESEMBER 2012** | **2 364 094** | **97 411** | **2 994** | **241 852** | **2 036 486** | **3 791 324** | **235** | **8 534 396** |

# GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN KONTANTVLOEIE VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 DESEMBER 2012

| | Aantekeninge | 2012 R000 | 2011 R000 |
|---|---|---|---|
| **KONTANTVLOEI UIT BEDRYFSAKTIWITEITE** | | | |
| Kontant ontvang uit owerheidstoekennings | | 1 299 569 | 1 248 939 |
| Kontant ontvang uit studente-, inwonings- en ander gelde | | 857 625 | 755 828 |
| Kontant ontvang uit privaat skenkings, toekennings en kontrakte | | 1 056 811 | 990 739 |
| Kontant ontvang uit verkope van dienste en produkte | | 85 141 | 5 562 |
| Kontant betaal vir personeelkoste | | (1 455 742) | (1 269 190) |
| Kontant betaal vir voorrade en dienste | | (1 567 095) | (1 335 282) |
| Kontant deur bedrywighede voortgebring | 24 | 276 310 | 396 597 |
| Plus: Rente ontvang | 21 | 123 561 | 147 026 |
| Dividende ontvang | 22 | 70 181 | 50 935 |
| Min: Rente betaal | 23 | (14 066) | (13 491) |
| Netto kontantinvloei uit bedryfsaktiwiteite | | 455 985 | 581 068 |
| **KONTANTVLOEI UIT BELEGGINGSAKTIWITEITE** | | (1 258 056) | (535 040) |
| Toevoeging tot beleggings[1] | | (989 155) | (240 710) |
| Gerealiseerde surplusse op beleggings | | 129 207 | 144 797 |
| Toevoeging tot eiendom, boeke en toerusting | | (417 807) | (458 339) |
| Opbrengs uit die verkoop van eiendom, boeke en toerusting | | 19 699 | 19 212 |
| **KONTANTVLOEI UIT FINANSIERINGSAKTIWITEITE** | | | |
| Afname in rentedraende lenings | | (11 717) | (3 693) |
| **NETTO (AFNAME)/TOENAME IN KONTANT- EN KONTANTEKWIVALENTE** | | (813 788) | 42 335 |
| **KONTANT EN KONTANTEKWIVALENTE AAN DIE BEGIN VAN DIE JAAR** | | 1 114 870 | 1 072 535 |
| **KONTANT EN KONTANTEKWIVALENTE AAN DIE EINDE VAN DIE JAAR** | 25 | **301 082** | **1 114 870** |

[1] Toevoeging tot beleggings sluit die skuif van R750 miljoen uit die korttermyn-kontantbeleggingsfondse (geldmark) na die langtermyn-beleggingsfondse in, soos deur die Beleggingskomitee van die Raad besluit is.

# AANTEKENINGE BY DIE GEKONSOLIDEERDE FINANSIËLE JAARSTATE VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 DESEMBER 2012

## 1. KRITIEKE REKENINGKUNDIGE RAMINGS EN OORDEEL

Die Bestuur se ramings en oordeel word deurlopend geëvalueer en word gegrond op vorige ondervinding en ander faktore, wat toekomstige verwagtings insluit en vir die gegewe omstandighede as redelik geag word.

Die Bestuur maak ramings en veronderstellings oor die toekoms. Gevolglik sal die rekeningkundige ramings wat in die gekonsolideerde finansiële jaarstate gebruik word, nie noodwendig met die werklike uitkoms in daaropvolgende tydperke strook nie. Die onderstaande ramings en veronderstellings kan 'n wesenlike invloed op die drabedrae van bates en laste hê.

### Personeelvoordele

'n Aantal aannames word in die voorsiening vir personeelvoordele gemaak. Verwys na aantekening 27 vir die aannames.

Die hoofaanname is 'n gesondheidsorginflasiekoers van 8,2% (2011: 7,9%). Die uitwerking van 'n verandering van 1% in die gesondheidsorginflasie op die 2012 gekonsolideerde finansiële jaarstate sal soos volg wees:

| | |
|---|---|
| TOENAME VAN 1% | – 11,3% (2011: 10,9,%) styging in die verstrekediens-verpligtings<br>– 12,5% (2011: 12,1%) styging in die diens- en rentekoste (net kontraktuele verpligting) |
| AFNAME VAN 1% | – 9,4 % (2011: 9,8%) daling in die verstrekediens-verpligtings<br>– 10,3% (2011: 10,8%) daling in die diens- en rentekoste (net kontraktuele verpligting) |

Die Universiteit se beleid oor aftreeouderdom bepaal dat werknemers op 60 jaar aftree. Na ouderdom 60 kan diens tot maksimum ouderdom 65, gegrond op deurlopende bevredigende prestasie, voortgesit word. Vir berekeningsdoeleindes word die normale en verwagte aftreeouderdom dus as 65 geag.

### Waardedaling van uitstaande studentegelde en -lenings

Die jaarlikse voorsiening vir die waardedaling van studentelenings word gegrond op die aanname dat studente teen gemiddeld prima minus 2% lenings in die mark kan aangaan. Hierdie aanname word op navrae by verskeie finansiële instellings gegrond. Voorsiening vir waardedaling van uitstaande studentegelde word op historiese tendense gegrond.

### Waardedaling van beleggings

Die Universiteit bepaal die beduidendheid van 'n afname in die billike waarde na laer as die markwaarde met inagneming van die volatiliteit van die waarde van die spesifieke instrument. 'n Afname na laer as die markwaarde wat langer as 12 maande duur, word geag beduidend te wees.

### Nutsduur en reswaardes van eiendom, boeke en toerusting

Die nutsduur van grond word as onbepaald geag. Gevolglik word geen waardevermindering ten opsigte van grond erken nie. Die nutsduur van ander bates word op grond van ondervinding in die verlede en die eienskappe van die spesifieke items geraam.

Die reswaardes van bates, behalwe van grond, word op grond van ondervinding in die verlede en die eienskappe van die spesifieke items geraam.

### Markwaarde van geboue

Twee metodes word toegepas om die markwaarde van geboue te bepaal. Die eerste is die direk vergelykbare metode, waarvolgens waarde met verwysing na die werklike verkoopsprys van vergelykbare eiendom vasgestel word. Die tweede is om 'n waardasie op die potensiële verhuringsinkomste, met inagneming van die unieke aard van die Universiteit se eiendomme en okkupasiekoerse, te grond.

Die herwaardasie van geboue soos op 1 Januarie 2004 ingevolge IFRS 1, *First-time adoption of International Financial Reporting Standards*, word gegrond op die volgende sleutelaannames:

- Die geboue sal onder normale marktoestande in die mark geplaas en verhandel word.
- Al die eiendomme van die Universiteit Stellenbosch sal nie gelyktydig in die oop mark geplaas word nie.
- Waar daar titelbeperkings teen eiendomme geregistreer is wat die verkope daarvan beperk of verhoed, sal sodanige titelbeperkings, waar moontlik, by wyse van die Wet op Opheffing van Beperkings, no. 84 van 1967, opgehef word voordat die eiendomme in die mark geplaas word.

### Verlofvoorsiening

Werknemers is geregtig om hulle jaarlikse verlof binne 12 maande (2011: sewe maande) na die einde van die betrokke verlofjaar te neem. Werknemers wat voor 1 Januarie 2008 aangestel is, is verder geregtig om 'n aantal dae, op hulle posvlak gegrond, te laat oploop of te laat uitbetaal. Die restant verval na 12 maande (2011: sewe maande). In die geval van werknemers wat na 1 Januarie 2008 aangestel is, verval alle jaarlikse verlof wat nie geneem is nie, na 12 maande (2011: sewe maande). Werknemers ouer as 60 jaar se verlof word egter tot hulle posvlak op 60 jarige ouderdom beperk. Geen verlof mag na die ouderdom van 60 opgeloop word nie. Historiese tendense ten opsigte van die aantal dae wat verval het, word by die berekening van die verlofvoorsiening gebruik.

## 2. FONDSSALDO'S

Die opgehoopte saldo's soos op 31 Desember is soos volg:

| | Beperk R000 | Onbeperk R000 | Eiendoms-herwaarda-siereserwe R000 | Billikewaarde-reserwe R000 | Niebeherende belange R000 | Totaal R000 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **2012** | | | | | | |
| Opvoedkundig en algemeen | 2 064 940 | 43 419 | - | 255 735 | - | 2 364 094 |
| Studente- en personeel-huisvesting | 79 739 | - | - | 17 673 | - | 97 411 |
| Filiaalmaatskappye | 1 825 | - | - | 1 169 | - | 2 994 |
| Leningsfondse | 241 852 | - | - | - | - | 241 852 |
| Skenkingsfondse | 949 155 | 482 121 | - | 605 210 | - | 2 036 486 |
| Vastebate-fondse | 1 204 007 | - | 2 538 731 | 48 586 | - | 3 791 324 |
| Niebeherende belange | - | - | - | - | 235 | 235 |
| | **4 541 518** | **525 540** | **2 538 731** | **928 372** | **235** | **8 534 396** |
| **2011** | | | | | | |
| Opvoedkundig en algemeen | 2 065 631 | 92 679 | - | 121 457 | - | 2 279 766 |
| Studente- en personeel-huisvesting | 65 155 | - | - | 9 131 | - | 74 286 |
| Filiaalmaatskappye | 912 | - | - | 680 | - | 1 592 |
| Leningsfondse | 228 449 | - | - | - | - | 228 449 |
| Skenkingsfondse | 888 432 | 446 252 | - | 325 529 | - | 1 660 212 |
| Vastebate-fondse | 996 489 | - | 2 538 731 | 25 100 | - | 3 560 321 |
| Niebeherende belange | - | - | - | - | 449 | 449 |
| | **4 245 068** | **538 930** | **2 538 731** | **481 897** | **449** | **7 805 075** |

Beperkte en onbeperkte fondse beskikbaar word teen boekwaarde in die staat van finansiële posisie getoon. Die markwaarde van die fondse beskikbaar, indien die billikewaarde-reserwe toegedeel word, is soos volg:

| | 2012 R000 | 2011 R000 |
|---|---|---|
| Beperkte fondse | 4 963 306 | 4 398 553 |
| Onbeperkte fondse | 1 032 124 | 867 342 |
| Geoormerkte reserwes | 515 166 | 495 400 |
| Ongeoormerkte reserwes | 516 958 | 371 942 |
| **Fondse teen markwaarde beskikbaar** | **5 995 430** | **5 265 895** |

## 3. RENTEDRAENDE LENINGS

| | 2012<br>R000 | 2011<br>R000 |
|---|---|---|
| Een lening by die staat met 'n vaste rentekoers in gelyke halfjaarlikse betalings eindigende 2018 terugbetaalbaar | 596 | 758 |
| Verskeie lenings by versekeringsmaatskappye met verskillende rentekoerse en termyne in halfjaarlikse betalings terugbetaalbaar | 33 | 361 |
| Verskeie lenings by ander finansiële instellings met verskillende rentekoerse en termyne in halfjaarlikse betalings terugbetaalbaar | 56 381 | 65 371 |
| Bankfasiliteit vir die finansiering van die Universiteit se verskillende motorskemas | 41 143 | 43 380 |
| | 98 153 | 109 870 |
| Min: Gedeelte binne een jaar terugbetaalbaar | (5 123) | (10 457) |
| | **93 030** | **99 413** |
| Die aflosdatums van rentedraende lenings is soos volg: | | |
| Binne een jaar | 33 | 6 796 |
| Tussen twee en vyf jaar | 57 678 | 57 079 |
| Na vyf jaar | 40 442 | 46 056 |
| | **98 153** | **109 931** |

Die gemiddelde rentekoers ten opsigte van lenings beloop soos aan die jaareinde 8,8% (2011: 9,4%).

Motorlenings ter waarde van R4,6 miljoen (2011: R7,0 miljoen), waarvoor motorvoertuie beswaar is (verwys na aantekening 4), word by rentedraende lenings ingesluit. Motorlenings deur werknemers verskuldig word by handels- en ander debiteure (verwys na aantekening 9) ingesluit. Al die lenings, met uitsondering van die motorskemas, het vaste rentekoerse. Die rentekoerse van motorskemas is aan die prima koers gekoppel.

## 4. EIENDOM, BOEKE EN TOERUSTING

| | 2012 | | | 2011 | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Kosprys<br>R000 | Opgehoopte waardever-mindering<br>R000 | Netto drawaarde<br>R000 | Kosprys<br>R000 | Opgehoopte waardever-mindering<br>R000 | Netto drawaarde<br>R000 |
| Grond | 15 679 | - | 15 679 | 15 679 | - | 15 679 |
| Geboue | 3 965 660 | 583 078 | 3 382 582 | 3 729 108 | 514 796 | 3 214 312 |
| Rekenaartoerusting | 291 776 | 219 200 | 72 576 | 265 246 | 197 871 | 67 375 |
| Ander toerusting en voertuie | 697 765 | 326 264 | 371 501 | 633 856 | 300 763 | 333 093 |
| Biblioteekboeke | 417 449 | 417 449 | - | 398 386 | 398 386 | - |
| | **5 388 329** | **1 545 991** | **3 842 338** | **5 042 275** | **1 411 816** | **3 630 459** |

## 4. EIENDOM, BOEKE EN TOERUSTING (vervolg)

| | Grond R000 | Geboue R000 | Rekenaar-toerusting R000 | Ander toerusting en voertuie R000 | Biblioteek-boeke R000 | Totaal R000 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **2012** | | | | | | |
| Rekonsiliasie van die drabedrag: | | | | | | |
| Kosprys aan die begin van die jaar | 15 679 | 3 729 108 | 265 246 | 633 856 | 398 386 | 5 042 275 |
| Opgehoopte waardevermindering aan die begin van die jaar | - | (514 796) | (197 871) | (300 763) | (398 386) | (1 411 816) |
| Netto begindrawaarde | 15 679 | 3 214 312 | 67 375 | 333 093 | - | 3 630 459 |
| Netto toevoegings en vervreemdings | - | 239 117 | 48 010 | 79 414 | 45 231 | 411 772 |
| Waardevermindering per inkomstestaat | - | (70 847) | (42 808) | (41 006) | (45 231) | (199 892) |
| **Netto einddrawaarde** | **15 679** | **3 382 582** | **72 576** | **371 501** | **-** | **3 842 338** |
| **2011** | | | | | | |
| Rekonsiliasie van die drabedrag: | | | | | | |
| Kosprys aan die begin van die jaar | 15 679 | 3 458 893 | 230 052 | 559 387 | 357 016 | 4 621 027 |
| Opgehoopte waardevermindering aan die begin van die jaar | - | (450 964) | (178 796) | (280 194) | (357 016) | (1 266 970) |
| Netto begindrawaarde | 15 679 | 3 007 929 | 51 256 | 279 193 | - | 3 354 057 |
| Netto toevoegings en vervreemdings | - | 272 377 | 49 771 | 86 778 | 45 771 | 454 697 |
| Waardevermindering per inkomstestaat | - | (65 994) | (33 652) | (32 878) | (45 771) | (178 295) |
| **Netto einddrawaarde** | **15 679** | **3 214 312** | **67 375** | **333 093** | **-** | **3 630 459** |

Die register met volledige besonderhede van grond en geboue is by die kantore van die Universiteit beskikbaar.

Voertuie met 'n drawaarde van R4,6 miljoen (2011: R7,0 miljoen) wat ingevolge personeelmotorskemas by die onderskeie banke (verwys na aantekening 3) beswaar is, word by ander toerusting en voertuie ingesluit.

Eiendom op Stellenbosch waarop 'n notariële verband ter waarde van R191,6 miljoen geregistreer is, word by grond ingesluit. Die regte ingevolge die verhuringsooreenkoms is aan die finansierder gesedeer.

Werk in proses ter waarde van R87,4 miljoen (2011: R154,9 miljoen) word by die koste van geboue ingesluit. Geen waardevermindering word ten opsigte van werk in proses erken nie.

## 5. ONTASBARE BATES

| | 2012 | | | 2011 | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Kosprys R000 | Opgehoopte amortisasie R000 | Netto drawaarde R000 | Kosprys R000 | Opgehoopte amortisasie R000 | Netto drawaarde R000 |
| Oracle HRMS | 13 913 | 12 116 | 1 797 | 13 913 | 10 724 | 3 189 |

| | 2012 R000 | 2011 R000 |
|---|---|---|
| Rekonsiliasie van die drabedrag: | | |
| Netto begindrawaarde | 3 189 | 4 580 |
| Amortisasie per inkomstestaat | (1 391) | (1 391) |
| **Netto einddrawaarde** | **1 797** | **3 189** |

## 6. LANGTERMYNBELEGGINGS

Die billike waardes van langtermynbeleggings op 31 Desember is soos volg:

| | 2012 R000 | 2011 R000 |
|---|---|---|
| Staatseffekte | 340 656 | 192 070 |
| Aandele | 3 786 851 | 2 633 962 |
| Genoteerde aandele | 3 785 094 | 2 631 428 |
| Ongenoteerde aandele | 1 757 | 2 534 |
| Vaste deposito's | 627 815 | 458 669 |
| Ander | 174 912 | 207 161 |
| | **4 930 234** | **3 491 862** |

'n Volledige beleggingsregister is vir belanghebbers by die kantore van die Universiteit beskikbaar.

Die gemiddelde rentekoers wat soos aan die jaareinde op staatseffekte van toepassing was, is 6,6% (2011: 6,6%) en op vaste deposito's 9,0% (2011: 9,0%).

Die Universiteit se beleggingsportefeuljes word deur professionele batebestuurders onder die toesig van die Beleggingskomitee van die Raad bestuur.

## 7. BELEGGINGSEIENDOMME

| | 2012 R000 | 2011 R000 |
|---|---|---|
| Netto begindrawaarde | 57 380 | 55 408 |
| Herwaardasie gedurende die jaar | 8 890 | 1 972 |
| **Netto einddrawaarde** | **66 270** | **57 380** |

Alle beleggingseiendomme is op 22 Januarie 2013 (2011: 20 Januarie 2012) teen waardes soos op 31 Desember 2012 gewaardeer deur 'n beëdigde waardeerder wat met die herwaardasie van geokkupeerde woonstelgeboue bekend is. Inkomste ontvang uit beleggingseiendomme het R1,7 miljoen (2011: R3,8 miljoen) beloop.

## 8. BELEGGING IN GEASSOSIEERDE MAATSKAPPYE

| Naam | Getal aandele | Belang | Effektiewe stemreg |
|---|---|---|---|
| Unistel Geneeskundige Laboratoriums (Edms) Bpk | 350 | 35,0% | 35,0% |
| Sun Space and Information Systems (Edms) Bpk | 112 500 | 7,8% | 26,0% |
| USB Bestuursontwikkeling Bpk | 9 000 000 | 48,8% | 48,8% |

Daar was gedurende die jaar geen beweging in die Universiteit en sy filiale se belang in die geassosieerde maatskappye nie.

### 8.1 Unistel Geneeskundige Laboratoriums (Edms) Bpk

| | 2012 R000 | 2011 R000 |
|---|---|---|
| Saldo aan die begin van die jaar | 2 593 | 2 402 |
| Netto aandeel in wins van geassosieerde maatskappy | 191 | 191 |
| Deel van voorbelaste wins | 1 002 | 1 002 |
| Deel van belasting | (286) | (286) |
| Dividende verdien | (525) | (525) |
| Saldo aan die einde van die jaar | 2 784 | 2 593 |

Die hoofdoelstelling van die maatskappy is die verskaffing van genetiese, diagnostiese en toetsingsdienste vir mense en diere.

### 8.2 Sun Space and Information Systems (Edms) Bpk

| | 2012 R000 | 2011 R000 |
|---|---|---|
| Saldo aan die begin en einde van die jaar | - | - |

Die hoofdoelstelling van die maatskappy is die ontwikkeling en vervaardiging van mikrosatelliete en satellietsubstelsels. Die maatskappy ondergaan tans besigheidberedding.

### 8.3 USB Bestuursontwikkeling Bpk

| | 2012 R000 | 2011 R000 |
|---|---|---|
| Saldo aan die begin van die jaar | 7 149 | 3 475 |
| Netto aandeel in wins van geassosieerde maatskappy | 375 | 3 674 |
| Deel van voorbelaste wins | 677 | 5 103 |
| Deel van belasting | (122) | (1 429) |
| Dividend verdien | (180) | - |
| Saldo aan die einde van die jaar | 7 524 | 7 149 |
| **Totale belegging in geassosieerde maatskappye** | **10 308** | **9 742** |

Die hoofdoelstelling van die maatskappy is die ontwikkeling en aanbieding van bestuursontwikkelingprogramme en die verskaffing van konsultasiedienste.

## 8. BELEGGING IN GEASSOSIEERDE MAATSKAPPYE (vervolg)

### 8.4 Bates, laste en wins van Unistel Geneeskundige Laboratoriums (Edms) Bpk

| | 2012 R000 | 2011 R000 |
|---|---|---|
| Aanleg en toerusting | 2 319 | 2 528 |
| Ontasbare bates | 1 163 | 1 076 |
| Bedryfsbates | 6 135 | 5 913 |
| Totale bates | 9 617 | 9 517 |
| Langtermynlaste | 252 | 365 |
| Bedryfslaste | 1 046 | 1 742 |
| Totale laste | 1 298 | 2 107 |
| Inkomste | 15 337 | 15 337 |
| Wins | 2 198 | 2 198 |

### 8.5 Bates, laste en verlies van Sun Space and Information Systems (Edms) Bpk

| | 2012 R000 | 2011 R000 |
|---|---|---|
| Aanleg, toerusting en voertuie | 143 | 217 |
| Niebedryfsbates | 10 373 | 11 093 |
| Bedryfsbates | 19 019 | 25 313 |
| Totale bates | 29 535 | 36 623 |
| Langtermynlaste | - | 24 887 |
| Bedryfslaste | 130 702 | 75 866 |
| Totale laste | 130 702 | 100 753 |
| Inkomste | 6 271 | 14 764 |
| Verlies | (30 256) | (33 304) |

### 8.6 Bates, laste en wins van USB Bestuursontwikkeling Bpk

| | 2012 R000 | 2011 R000 |
|---|---|---|
| Niebedryfsbates | 2 634 | 1 336 |
| Bedryfsbates | 19 875 | 24 695 |
| Totale bates | 22 509 | 26 031 |
| Niebedryfslaste | 158 | - |
| Bedryfslaste | 8 716 | 8 503 |
| Totale laste | 8 874 | 8 503 |
| Inkomste | 84 169 | 79 879 |
| Wins | 1 139 | 7 402 |

## 9. HANDELS- EN ANDER DEBITEURE

| | 2012 R000 | 2011 R000 |
|---|---|---|
| Studentegelde | 74 553 | 71 284 |
| Studentegelde verskuldig | 117 184 | 106 661 |
| Min: Voorsiening vir waardedaling van studentegelde | (42 631) | (35 377) |
| Studentelenings | 107 866 | 113 125 |
| Studentelenings verskuldig | 155 403 | 151 980 |
| Min: Waardedaling weens niemarkverwante rentekoerse | (13 588) | (12 718) |
| Min: Voorsiening vir waardedaling van studentelenings | (33 949) | (26 137) |
| Handelsdebiteure | 75 201 | 85 740 |
| Handelsdebiteure verskuldig | 76 963 | 99 830 |
| Min: Voorsiening vir waardedaling van handelsdebiteure | (1 762) | (14 090) |
| Owerheidsdebiteure | 8 521 | 4 570 |
| Motorlenings | 39 460 | 38 941 |
| Rente en dividende op beleggings ontvangbaar | 20 985 | 6 425 |
| Valutatermynkontrakbate | - | 2 468 |
| Ander | 53 779 | 51 079 |
| | 380 365 | 373 632 |
| | (157 824) | (150 179) |
| Min: Langtermyngedeelte van motorlenings | (28 108) | (28 464) |
| Min: Langtermyngedeelte van studentelenings na inagneming van voorsiening vir waardedaling | (129 716) | (121 715) |
| | **222 541** | **223 453** |

Verwys na aantekening 29 vir bedrae uitstaande deur verwante partye wat hierbo ingesluit is.

Alle niebedryfsdebiteure is binne vyf jaar vanaf die finansiële jaareinde ontvangbaar.

## Studentegelde

Die grootste komponent van uitstaande studentegelde is deur voormalige studente verskuldig. Die skuld word op grond van historiese invorderingsukses beoordeel. Die waarskynlikheid van invordering word oorweeg en 'n waardedaling word op grond daarvan erken. Die waarskynlikheid vir die invordering van skuld word kleiner na gelang die skuld ouer raak en gevolglik word 'n groter waardedaling vir ouer skuld erken. 'n Hoër persentasie word toegepas op skuld wat vir invordering aan die prokureur oorhandig is.

Die ouderdomsontleding van uitstaande studentegelde ten opsigte waarvan 'n waardedaling erken is, is soos volg:

| | 2012<br>R000 | 2011<br>R000 |
|---|---|---|
| - Een jaar | 55 713 | 56 421 |
| - Tussen een en drie jaar | 28 584 | 24 919 |
| - Drie jaar en ouer | 3 806 | 2 861 |
| - Oorhandig | 29 081 | 22 460 |
| **Totaal** | **117 184** | **106 661** |

Die beweging in die voorsiening vir waardedaling in studentegelde is soos volg:

| | 2012<br>R000 | 2011<br>R000 |
|---|---|---|
| Saldo aan die begin van die jaar | 35 377 | 30 960 |
| Verhoging in voorsiening vir die jaar | 8 150 | 6 932 |
| Bedrae gedurende die jaar as onverhaalbaar afgeskryf | (896) | (2 515) |
| **Saldo aan die einde van die jaar** | **42 631** | **35 377** |

Die verhoging in die voorsiening vir die jaar asook onverhaalbare skuld afgeskryf word in die gekonsolideerde inkomstestaat onder 'Ander bedryfsuitgawes' getoon.

## Studentelenings

Studentelenings word teen laer as markverwante rentekoerse toegestaan. 'n Waardedaling ten opsigte van uitstaande studentelenings word by erkenning van die lening bereken. Studente word as delgingspligtig of niedelgingspligtig gekategoriseer. 'n Voorsiening vir waardedaling van hulle lenings word gegrond op historiese inligting volgens die kategorie waarin die student val. Soos aan die jaareinde het studente wat nie delgingspligtig was nie, se lenings R71,5 miljoen (2011: 79,3 miljoen) beloop en geen verdere waardedaling word ten opsigte van hierdie groep nodig geag nie. Studente wat delgingspligtig was, se lenings het R83,9 miljoen (2011: R72,6 miljoen) beloop, waarvan R44,9 miljoen (2011: R44,0 miljoen) nie agterstallig was nie, en gevolglik word geen waardedaling nodig geag nie. Agterstallige studentelenings het R39,0 miljoen (2011: R28,6 miljoen) beloop. Die agterstallige studentelenings word jaarliks vir moontlike waardedaling oorweeg.

Die beweging in die voorsiening vir waardedaling in studentelenings is soos volg:

| | 2012<br>R000 | 2011<br>R000 |
|---|---|---|
| Saldo aan die begin van die jaar | 26 137 | 18 847 |
| Verhoging in voorsiening vir die jaar | 7 989 | 8 355 |
| Bedrae gedurende die jaar as onverhaalbaar afgeskryf | (177) | (1 065) |
| **Saldo aan die einde van die jaar** | **33 949** | **26 137** |

Die verhoging in die voorsiening vir die jaar sowel as onverhaalbare skulde afgeskryf word in die gekonsolideerde inkomstestaat onder 'Ander bedryfsuitgawes' getoon.

## Handels- en ander debiteure

Soos aan die jaareinde beloop handelsdebiteure en ander debiteure wat ten volle presteer, R98,4 miljoen (2011: R93,3 miljoen).

Ander debiteure sluit 'n aantal kleiner debiteure in wat nie 'n beduidende geskiedenis van wanbetaling toon nie en waarvan die kredietwaardigheid goed is. Weens die aard van inkomste gehef, wat hoofsaaklik bestaan uit navorsingsverwante inkomste waarvoor kontrakte bestaan, word debiteure jonger as vier maande nie vir waardedaling oorweeg nie. Die ouderdomsontleding van agterstallige debiteure is soos volg:

| | 2012<br>R000 | 2011<br>R000 |
|---|---|---|
| - Tussen een en vier maande | 23 757 | 33 970 |
| - Ouer as vier maande | 8 592 | 23 562 |
| **Totaal** | **32 349** | **57 532** |

## 9. HANDELS- EN ANDER DEBITEURE (vervolg)

Debiteure ouer as vier maande word vir waardedaling oorweeg. Die beweging in die voorsiening vir waardedaling in debiteure is soos volg:

| | 2012 R000 | 2011 R000 |
|---|---|---|
| Saldo aan die begin van die jaar | 14 090 | 2 223 |
| Verhoging in voorsiening vir die jaar | 2 455 | 12 301 |
| Bedrae gedurende die jaar as onverhaalbaar afgeskryf | (14 783) | (434) |
| **Saldo aan die einde van die jaar** | **1 762** | **14 090** |

### Owerheidsdebiteure

Hierdie bedrae is deur die staat verskuldig en geen waardedaling word nodig geag nie.

### Motorlenings

Die invorderbaarheid van motorlenings wat deur werknemers verskuldig is, word as hoogs waarskynlik geag en gevolglik word geen waardedaling ten opsigte van hierdie kategorie voorsien nie (verwys na aantekening 3).

### Rente en dividende op beleggings ontvangbaar

Die bedrae is van die Universiteit se beleggingsbestuurders ontvangbaar. Die Universiteit se beleggingsportefeuljes word deur professionele batebestuurders bestuur en die bedrae word dus as ten volle invorderbaar beskou.

## 10. UITGESTELDE BELASTING

Die beweging in die uitgesteldebelasting-rekening is soos volg:

| | 2012 R000 | 2011 R000 |
|---|---|---|
| Saldo aan die begin van die jaar | (324) | (218) |
| Beweging gedurende die jaar: | | |
| Tydelike verskille ten opsigte van eiendom, boeke en toerusting | (268) | (106) |
| **Saldo aan die einde van die jaar** | **(592)** | **(324)** |
| Die uitgesteldebelasting-saldo bestaan uit die volgende: | | |
| Tydelike verskille ten opsigte van eiendom, boeke en toerusting | (592) | (324) |
| | **(592)** | **(324)** |

'n Uitgesteldebelasting-bate word vir belastingverliese erken slegs in die mate wat verhaling waarskynlik is.

Filiale van die Universiteit het uitgesteldebelasting-bates van R2,5 miljoen (2011: R2,5 miljoen) wat as gevolg van onsekerheid oor die verhaalbaarheid daarvan nie in die gekonsolideerde finansiële jaarstate en dié van die filiale erken word nie. Die beweging in belasting vir die jaar word by 'Ander bedryfsuitgawes' ingesluit.

## 11. VOORRAAD

Voorraad bestaan uit die volgende items:

| | 2012 R000 | 2011 R000 |
|---|---|---|
| Skryfbehoeftes | 366 | 186 |
| Verbruikbare material | 2 201 | 2 452 |
| | **2 567** | **2 638** |

## 12. BEDRYFSHUURBATE/(-LAS)

Die netto bedryfshuurbate is soos volg saamgestel:

| | 2012 R000 | 2011 R000 |
|---|---|---|
| Bedryfshuurlas | (5 223) | (4 061) |
| Bedryfshuurbate | 9 413 | 7 792 |
| | **4 190** | **3 731** |

Die verwagte beweging in die netto bedryfshuurbate is soos volg:

| | 2012 R000 | 2011 R000 |
|---|---|---|
| Saldo aan die einde van die jaar | 4 190 | 3 731 |
| Binne een jaar betaalbaar | 5 223 | 4 061 |
| Binne twee tot vyf jaar betaalbaar | (5 266) | 1 736 |
| Na vyf jaar betaalbaar | (4 147) | (9 528) |
| | - | - |

## 13. HANDELS- EN ANDER KREDITEURE

| | 2012 R000 | 2011 R000 |
|---|---|---|
| Handelskrediteure | 16 731 | 11 457 |
| Studentegelde vooruit ontvang | 61 795 | 54 215 |
| Opgelope vergoedingskoste | 38 295 | 33 689 |
| Opgelope uitgawes | 65 952 | 47 346 |
| Opgelope verlofverpligting | 111 756 | 95 512 |
| Studente en ander opvraagbare deposito's | 757 | 953 |
| Inkomste vooruit ontvang | 24 311 | 10 362 |
| Ander | 99 930 | 105 310 |
| | **419 527** | **358 842** |

Verwys na aantekening 29 vir bedrae betaalbaar aan verwante partye wat hierbo ingesluit is.

## 14. VERPLIGTINGS

Die volgende verpligtings het soos op 31 Desember met betrekking tot geboue, biblioteekboeke en tydskrifte bestaan ten opsigte van kapitaalkontrakte goedgekeur of bestellings geplaas:

| | 2012 R000 | 2011 R000 |
|---|---|---|
| Geboue | 109 902 | 79 675 |
| Biblioteekboeke en -tydskrifte | 940 | 633 |
| | **110 842** | **80 308** |

Wesenlike niekanselleerbare huurkontrakte sluit die huur van studentehuisvesting en die huur van kleiner toerusting in. Hierdie kontrakte het verskillende termyne.

Die volgende bedrae is soos aan die jaareinde ingevolge niekanselleerbare bedryfshuurkontrakte betaalbaar:

| | 2012 R000 | 2011 R000 |
|---|---|---|
| Binne een jaar | 9 582 | 8 633 |
| Binne twee tot vyf jaar | 10 636 | 20 218 |
| | **20 218** | **28 851** |

## 15. PERSONEELKOSTE

| | 2012 R000 | 2011 R000 |
|---|---|---|
| Vergoeding en byvoordele | 1 437 822 | 1 287 604 |
| Toename in die voorsiening vir personeelvoordele | 72 953 | 43 879 |
| Toename in die voorsiening vir langdiensvoordele | 198 | 199 |
| | **1 510 973** | **1 331 682** |

Die gemiddelde getal voltydse, permanente werknemers is 2 972 (2011: 2 795).
Die gemiddelde getal voltydse, niepermanente werknemers is 1 376 (2011: 1 501).

## 16. PERSONEELKOSTE: UITVOERENDE BESTUUR

Die volgende inligting ten opsigte van bedrae wat werklik gedurende die finansiële jaar toegeval het, word verskaf om aan die Wet op Hoër Onderwys (no. 101 van 1997, soos gewysig) en die Regulasies vir Jaarlikse Verslagdoening deur Hoër Onderwysinstellings (afdeling 7.8) te voldoen.

| Naam | Amp | Aard | Totale waarde 2012 R000 | Tydperk | Totale waarde 2011 R000 | Tydperk |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Prof HR Botman | Rektor en Visekanselier | Vergoeding uitbetaal<br>Bonus uitbetaal<br>Bonus uitbetaal<br>Verlof uitbetaal | 2 823<br>215<br>-<br>- | Jan – Des 2012<br>Jan – Des 2012 | 2 252<br>272<br>253<br>209 | Jan – Des 2011<br>Jan – Des 2011<br>Jan – Des 2010<br>Jan – Des 2011 |
| Prof JF Smith | Viserektor (Gemeenskapsinteraksie en Personeel) | Vergoeding uitbetaal<br>Bonus uitbetaal | 1 725<br>128 | Jan – Des 2012<br>Jan – Des 2012 | 1 598<br>84 | Jan – Des 2011<br>Jan – Des 2011 |
| Prof M Fourie-Malherbe | Viserektor (Onderrig) | Vergoeding uitbetaal<br>Bonus uitbetaal<br>Verlof uitbetaal | 1 293<br>128<br>141 | Jan – Sept 2012<br>Jan – Sept 2012<br>Jan – Sept 2012 | 1 598<br>84<br>71 | Jan – Des 2011<br>Jan – Des 2011<br>Jan – Des 2011 |
| Prof WL van der Merwe | Viserektor (Onderrig) | Vergoeding uitbetaal | 938 | Feb – Aug 2012 | - | Jan – Des 2011 |
| Prof A Schoonwinkel | Viserektor (Leer en Onderrig) | Vergoeding uitbetaal<br>Bonus uitbetaal | 694<br>85 | Aug – Des 2012<br>Aug – Des 2012 | -<br>- | Jan – Des 2011<br>Jan – Des 2011 |
| Prof A van Zyl | Viserektor (Navorsing) | Vergoeding uitbetaal<br>Bonus uitbetaal<br>Verlof uitbetaal | 437<br>-<br>36 | Jan – Mrt 2012<br>Jan – Mrt 2012<br>Jan – Mrt 2012 | 1 620<br>84<br>76 | Jan – Des 2011<br>Jan – Des 2011<br>Jan – Des 2011 |
| Prof TE Cloete | Viserektor (Navorsing en Innovasie) | Vergoeding uitbetaal<br>Bonus uitbetaal | 690<br>85 | Aug – Des 2012<br>Aug – Des 2012 | -<br>- | Jan – Des 2011<br>Jan – Des 2011 |
| Prof L van Huyssteen | Uitvoerende Direkteur: Bedryf en Finansies | Vergoeding uitbetaal<br>Bonus uitbetaal<br>Verlof uitbetaal | 1 725<br>128<br>103 | Jan – Des 2012<br>Jan – Des 2012<br>Jan – Des 2012 | 1 598<br>84<br>238 | Jan – Des 2011<br>Jan – Des 2011<br>Jan – Des 2011 |

Betaling aan Raadslede vir die bywoning van Raads- en komiteevergaderings:

| Betaal aan | Getal lede | Bywoning van vergaderings Gemiddelde waarde R000 | Terugbetaling van uitgawes Totale waarde R000 |
|---|---|---|---|
| Raadsvoorsitter<br>Raadslede | 1<br>30 | -<br>- | -<br>160 |

Geen vergoeding word vir die bywoning van Raads- en komiteevergaderings aan Raads- of komiteelede betaal nie.

## 17. TOTALE UITGAWES

Totale uitgawes sluit die volgende in:

| | 2012 R000 | 2011 R000 |
|---|---|---|
| **WAARDEVERMINDERING** | | |
| Geboue | 70 847 | 65 994 |
| Rekenaartoerusting | 42 808 | 33 652 |
| Ander toerusting en voertuie | 41 006 | 32 877 |
| Biblioteekboeke | 45 231 | 45 771 |
| | **199 892** | **178 294** |
| **AMORTISASIE VAN ONTASBARE BATES** | **1 391** | **1 392** |
| **ANDER BEDRYFSUITGAWES** | | |
| Beurse | 481 813 | 420 916 |
| Huur | 41 048 | 40 494 |
| - Geboue | 32 064 | 31 859 |
| - Toerusting | 8 984 | 8 635 |
| Instandhouding en herstelwerk | 82 411 | 64 817 |
| Ouditeursvergoeding | 4 740 | 3 378 |
| Vir statutêre oudit | | |
| - Voorsiening vir huidige jaar | 1 687 | 1 544 |
| - Ondervoorsiening in vorige jaar | 332 | 124 |
| Vir ander ouditdienste | 2 086 | 1 346 |
| Vir ander konsultasiedienste | 635 | 364 |
| Interne oudit | 2 015 | 1 134 |
| Verhoging in voorsiening vir waardedaling van studentegelde, studentelenings en debiteure | 2 738 | 23 574 |
| Waardedaling van studentelenings | 870 | 891 |
| Ander uitgawes | 1 006 703 | 827 905 |
| | **1 622 338** | **1 383 109** |

## 18. HUUR ONTVANG

Die volgende bedrae is soos aan die jaareinde ingevolge niekanselleerbare bedryfshuurkontrakte ontvangbaar:

| | 2012 R000 | 2011 R000 |
|---|---|---|
| Binne een jaar | 5 043 | 5 236 |
| Binne twee tot vyf jaar | 11 044 | 8 356 |
| Na vyf jaar | 1 388 | 1 866 |
| | **17 475** | **15 458** |

Wesenlike huurkontrakte wat niekanselleerbaar is, sluit verhuring van winkels en huise in. Die kontrakte het verskillende termyne.

## 19. RENTE EN DIVIDENDE VERDIEN

| | 2012 R000 | 2011 R000 |
|---|---|---|
| Rente ontvang - bedryfsbeleggings | 54 004 | 69 098 |
| - niebedryfsbeleggings | 58 480 | 52 625 |
| - ander | 31 546 | 23 579 |
| Dividende ontvang | 70 099 | 51 017 |
| | **214 129** | **196 319** |

## 20. GEREALISEERDE WINS BY VERKOOP VAN BELEGGINGS

| | 2012 R000 | 2011 R000 |
|---|---|---|
| Wins uit billikewaarde-reserwe gerealiseer | **131 950** | **136 297** |

## 21. RENTE ONTVANG

| | 2012 R000 | 2011 R000 |
|---|---|---|
| Bedrag aan die begin van die jaar ontvangbaar | 516 | 2 240 |
| Bedrag in inkomstestaat | 144 030 | 145 302 |
| Bedrag aan die einde van die jaar ontvangbaar | (20 985) | (516) |
| | **123 561** | **147 026** |

## 22. DIVIDENDE ONTVANG

| | 2012 R000 | 2011 R000 |
|---|---|---|
| Bedrag aan die begin van die jaar ontvangbaar | 82 | - |
| Bedrag in inkomstestaat | 70 099 | 51 017 |
| Bedrag aan die einde van die jaar ontvangbaar | - | (82) |
| | **70 181** | **50 935** |

## 23. FINANSIERINGSKOSTE BETAAL

| | 2012 R000 | 2011 R000 |
|---|---|---|
| Bedrag aan die begin van die jaar betaalbaar | 2 750 | 2 908 |
| Bedrag in inkomstestaat | 13 673 | 13 333 |
| Bedrag aan die einde van die jaar betaalbaar | (2 357) | (2 750) |
| | **14 066** | **13 491** |

## 24. REKONSILIASIE VAN SURPLUS MET KONTANTVLOEIE

| | 2012 R000 | 2011 R000 |
|---|---|---|
| Surplus volgens die gekonsolideerde inkomstestaat | 282 846 | 538 044 |
| Aanpassings vir: | | |
| Gerealiseerde wins by vervreemding van beleggings | (131 950) | (136 297) |
| Rente en dividende verdien | (214 129) | (196 319) |
| Finansieringskoste | 13 673 | 13 333 |
| Wins by die vervreemding van eiendom, boeke en toerusting | (4 345) | (4 257) |
| Verlies by onterkenning van filiaal | 10 225 | - |
| Verhoging in voorsiening vir verlofgratifikasie | 16 245 | 2 656 |
| Verhoging in voorsiening vir personeelvoordele | 73 151 | 44 078 |
| Verhoging in voorsiening vir waardedaling van studentegelde, -lenings en debiteure | 17 718 | 24 465 |
| Waardevermindering en amortisasie | 201 283 | 179 686 |
| Valutawins | (3 720) | (12 940) |
| Toename in belegging in geassosieerde maatskappye | (567) | (3 865) |
| Verlies by die vervreemding van eiendom, boeke en toerusting | 244 | 237 |
| Skenking van eiendom, boeke en toerusting | (4 645) | (12 130) |
| Bedryfsinkomste voor bedryfskapitaalveranderings | 256 029 | 436 691 |
| Verandering in bedryfskapitaal | 20 281 | (40 094) |
| Toename in handels- en ander debiteure | (18 514) | (70 266) |
| Min: Afname in debiteure vir uitstaande beleggingsinkomste | (21 501) | (14 411) |
| Afname/(Toename) in voorraad | 71 | (32) |
| Toename in handels- en ander krediteure | 60 685 | 48 024 |
| Afname in bedryfshuurlas | (459) | (3 408) |
| **Kontant deur bedrywighede gegenereer** | **276 310** | **396 597** |

## 25. KONTANT EN KONTANTEKWIVALENTE

| | 2012 R000 | 2011 R000 |
|---|---|---|
| Gunstige banksaldo's | 102 565 | 108 851 |
| Korttermynbeleggings in kontant | 198 517 | 1 006 019 |
| | **301 082** | **1 114 870** |

Die gemiddelde rentekoers vir 2012 ten opsigte van kontant en kontantekwivalente beloop soos aan die jaareinde 5,3% (2011: 6,5%).

| | 2012 R000 | 2011 R000 |
|---|---|---|
| Die Universiteit se fasiliteite by banke wat jaarliks hersien word | **133 000** | **133 000** |

Soos aan die jaareinde was net 'n gedeelte van die fasiliteit vir motorlenings opgeneem. Die gedeelte wat opgeneem is, word by rentedraende lenings ingesluit. Verwys na aantekening 3.

## 26. FINANSIËLE RISIKOBESTUUR

Die Universiteit se aktiwiteite stel hom aan sekere besigheids- en finansiële risiko's, naamlik markrisiko, kredietrisiko en likiditeitsrisiko, bloot. Die Universiteit se oorhoofse risikobestuursprogram fokus op die geïdentifiseerde bedryfsrisiko's sowel as die onvoorspelbaarheid van finansiële markte en poog om die potensieel nadelige uitwerking op die Universiteit te minimaliseer.

### 26.1 Besigheidsrisiko's

Die hoofbesigheidsrisiko's van die Universiteit, soos deur die Bestuur geïdentifiseer, sien as volg daaruit:

- Die pas van transformasie en toeganklikheid.
- Die groeiende druk op die staatstoekennings aan universiteite.
- Ruimtetekorte en die hoë koste van deurlopende instandhouding van fasiliteite.

Hierdie risiko's word deurlopend gemoniteer en die gepaste stappe gedoen om dit ten beste te bestuur.

### 26.2 Markrisiko

Die aktiwiteite van die Universiteit stel hom aan verskeie markrisiko's, insluitende valutarisiko, prysrisiko en rentekoersrisiko, bloot.

### 26.2 (a) Valutarisiko

As gevolg van internasionale transaksies in ander geldeenhede as die Suid-Afrikaanse rand (die Universiteit se funksionele geldeenheid), word die Universiteit aan valutarisiko blootgestel. Hierdie risiko spruit uit toekomstige finansiële transaksies asook erkende bates en laste, wat veral in VS-dollar, pond en euro gedenomineer is. Valutarisiko van toekomstige finansiële transaksies word bestuur deur vooruitdekking deur middel van valutatermynkontrakte uit te neem.

Indien die wisselkoers soos op 31 Desember met 5,0% verstewig/verswak het, met alle ander faktore konstant, sou die surplus vir die jaar soos volg vergroot/(verklein) het:

| | 2012<br>R000 | 2011<br>R000 |
|---|---|---|
| CAD | 7 | 2 |
| DKK | - | 1 |
| CNY | 1 | - |
| EURO | 81 | 1 |
| GBP | - | 12 |
| SEK | 13 | 28 |
| USD | 204 | (690) |
| | **306** | **(646)** |

Valutatermynkontrakte word aangegaan om die blootstelling aan wisselkoersskommelings ten opsigte van sekere transaksies te bestuur. 'n Omsigtige benadering met betrekking tot vooruitdekking word gehandhaaf. Die vervaldatums van oop valutatermynkontrakte soos op 31 Desember was binne ses maande na die jaareinde.

Die randbedrae betaalbaar en die gekontrakteerde wisselkoerse ten opsigte van oop valutatermynkontrakte soos aan die jaareinde was:

| | 2012<br>R000 | 2011<br>R000 |
|---|---|---|
| USD (teen gemiddelde koerse 2011: R7,0304 = $1) | - | 13 857 |
| EURO (teen gemiddelde koerse 2011: R9,9400 = €1) | - | 3 910 |
| | **-** | **17 767** |

## 26. FINANSIËLE RISIKOBESTUUR (vervolg)

### 26.2 (a) Valutarisiko (vervolg)

Die volgende bedryfsbates en -laste ten opsigte van buitelandse valutatransaksies, soos in die gekonsolideerde staat van finansiële posisie getoon, word nie deur valutatermynkontrakte vooruit gedek nie:

| | Valuta 2012 000 | Randwaarde 2012 R000 | Valuta 2011 000 | Randwaarde 2011 R000 |
|---|---|---|---|---|
| **HANDELSKREDITEURE** | | | | |
| DKK | - | - | 11 | 16 |
| EUR | - | - | 5 | 58 |
| USD | - | - | 5 | 38 |
| **Netto valutaverpligting** | | **-** | | **112** |
| **HANDELSDEBITEURE** | | | | |
| CAD | 15 | 131 | 5 | 38 |
| SEK | 200 | 273 | - | - |
| EURO | 141 | 1 613 | 402 | 4 105 |
| GBP | - | - | 20 | 245 |
| NOK | - | - | 500 | 559 |
| USD | 470 | 4 073 | 287 | 2 259 |
| CNY | 20 | 27 | - | - |
| **Netto valutabate** | | **6 117** | | **7 206** |

### 26.2 (b) Prysrisiko

Die Universiteit word aan prysrisiko ten opsigte van genoteerde beleggings beskikbaar vir verkoop blootgestel. Indien die plaaslike sekuriteitebeurs soos op 31 Desember 2012 met 10,0% geklim/geval het en alle ander faktore konstant gebly het, sou die billikewaarde-reserwe vir genoteerde aandele met R378,5 miljoen (2011: R282,6 miljoen) vermeerder/verminder het. 'n 10% styging/daling op die sekuriteitebeurs soos op 31 Desember 2012 sou 'n toename/afname van R34,1 miljoen (2011: R19,2 miljoen) in die billikewaarde-reserwe vir rentedraende genoteerde instrumente tot gevolg gehad het.

Die Universiteit word nie aan kommoditeitsprysrisiko blootgestel nie.

### 26.2 (c) Rentekoersrisiko

Die rentekoerseienskappe van nuwe en bestaande lenings word deurlopend hersien. Die Universiteit het vir die jare geëindig 31 Desember 2012 en 2011 geen ooreenkomste met betrekking tot rentekoersafgeleide instrumente gesluit nie.

Indien die rentekoers ten opsigte van saldo's by banke soos aan die jaareinde met 100 basispunte gestyg/gedaal het, sou die surplus vir die jaar met R3,0 miljoen (2011: R11,1 miljoen) toegeneem/afgeneem het.

Indien die rentekoers ten opsigte van rentedraende beleggings soos aan die jaareinde met 100 basispunte toegeneem/afgeneem het, sou die surplus vir die jaar met R3,4miljoen (2011: R2,6 miljoen) toegeneem/afgeneem het.

Indien die rentekoers ten opsigte van die bankfasiliteit vir die finansiering van die Universiteit se onderskeie motorskemas soos aan die jaareinde met 100 basispunte gestyg/gedaal het, sou die surplus vir die jaar met R0,4 miljoen (2011: R0,4 miljoen) afgeneem/toegeneem het.

### 26.3 Likiditeitsrisiko

Deursigtige likiditeitsrisikobestuur impliseer die handhawing van voldoende kontant en bemarkbare sekuriteite, asook die beskikbaarheid van kredietfasiliteite. Voldoende fasiliteite is beskikbaar om die langtermynbeleggings op kort termyn te realiseer.

Gedurende 2012 het die Beleggingskomitee van die Raad 'n bedrag van R750 miljoen van die korttermyn-kontantbeleggingsfondse (geldmark) na die langtermyn-beleggingsfondse geskuif en dit het onder meer tot die groot afname in die Universiteit se bedryfsbates soos aan die jaareinde bygedra.

| | 2012 R000 | 2011 R000 |
|---|---|---|
| Bedryfsbates | 526 190 | 1 340 961 |
| Bedryfslaste | 432 617 | 375 895 |
| % laste tot bates | 82,2% | 28,0% |

## 26.4 Kredietrisiko

Kredietrisiko ontstaan hoofsaaklik as gevolg van uitstaande studentegelde en -lenings, handelsdebiteure en kontantmiddele. Die grootste komponent van uitstaande studentegelde is deur voormalige studente verskuldig. Handelsdebiteure bestaan uit 'n groot hoeveelheid klante en hulle kredietwaardigheid word deurlopend deur die Universiteit geëvalueer. Kontantsurplusse word slegs by finansiële instellings met goeie kredietwaardigheid belê. Geen wesenlike kredietrisiko bestaan soos op 31 Desember 2012 en soos op 31 Desember 2011 waarvoor daar nie voldoende voorsiening gemaak is nie. Handels- en ander debiteure word na aftrekking van enige voorsiening vir waardedaling getoon.

## 26.5 Raming van billike waarde

Die billike waardes van genoteerde beleggings beskikbaar vir verkoop word op die gekwoteerde markpryse soos aan die jaareinde gegrond. Die gekwoteerde markprys verwys na die sluitingsprys op die laaste sakedatum voor die jaareinde. Die billike waardes van ongenoteerde beleggings wat nie in 'n aktiewe mark verhandel word nie, word deur middel van toepaslike waardasiemetodes, gegrond op marktoestande soos aan die jaareinde, bepaal. Billike waardes van die res van die finansiële instrumente word op grond van verdiskonteerde kontantvloei-modelle bepaal. Handels- en ander debiteure en -krediteure en rentedraende lenings se nominale waardes minus waardedalings word geag die billike waardes daarvan te wees. Korttermynskuldinstrumente verteenwoordig skenkingsfondse waar die skenker die aanwending en die tydstip van aanwending kan bepaal, en word teen billike waarde gemeet.

Die Universiteit Stellenbosch pas vanaf 1 Januarie 2009 die aanpassing aan IFRS 7 toe vir finansiële instrumente wat teen billike waarde in die staat van finansiële posisie getoon word. Hierdie aanpassing vereis dat billikewaarde-metings volgens onderstaande hiërargie geopenbaar word:

*Vlak 1* *Gekwoteerde pryse volgens aktiewe markte vir identiese bates en laste.*
*Vlak 2* *Ander insette as gekwoteerde pryse wat direk (pryse) of indirek (afgelei vanaf pryse) verkry word.*
*Vlak 3* *Insette vir bates en laste wat nie op beskikbare markdata gegrond word nie.*

Bates soos op 31 Desember 2012 teen billike waarde getoon:

| | Vlak 1 R000 | Vlak 2 R000 | Vlak 3 R000 | Totaal R000 |
|---|---|---|---|---|
| Staatseffekte | 340 656 | - | - | 340 656 |
| Aandele | | | | |
| - Genoteerde aandele | 3 785 094 | - | - | 3 785 094 |
| - Ongenoteerde aandele | - | 1 757 | - | 1 757 |
| Vaste deposito's | 627 815 | - | - | 627 815 |
| Ander | 174 912 | - | - | 174 912 |
| | **4 928 477** | **1 757** | **-** | **4 930 234** |

Die billike waarde van genoteerde beleggings, staatseffekte, vaste deposito's en ander beleggings word op huidige markpryse gegrond. Ander beleggings bestaan hoofsaaklik uit kontantinstrumente wat deel van die Universiteit se langtermynbeleggingspoel uitmaak. Die Universiteit bepaal die billike waarde van ongenoteerde beleggings en beleggings waarvoor daar nie 'n aktiewe mark is nie, deur van toepaslike waardasietegnieke gebruik te maak. Soos op 31 Desember 2011 was staatseffekte, genoteerde aandele, vaste deposito's en ander beleggings as vlak 1 geklassifiseer en ongenoteerde aandele as vlak 2.

Die billike waarde van finansiële instrumente wat nie op die sekuriteitebeurs verhandel word nie, word deur middel van toepaslike waardasietegnieke bepaal. Hierdie tegnieke neem hoofsaaklik beskikbare markdata in ag. Die gebruik van entiteitspesifieke ramings word beperk. Indien insette net uit beskikbare markdata bestaan, word die instrument op vlak 2 getoon. Spesifieke waardasietegnieke sluit die gebruik van gekwoteerde of handelaarspryse van soortgelyke instrumente in, met inagneming van risikofaktore.

Indien enige van die insette nie op beskikbare markdata gegrond word nie, word die item op vlak 3 getoon.

## 26. FINANSIËLE RISIKOBESTUUR (vervolg)

### Finansiële laste

| | Drawaarde R000 | Kontraktuele kontantvloei R000 | < 1 jaar R000 | 1 – 5 jaar R000 | > 5 jaar R000 |
|---|---|---|---|---|---|
| **31 DESEMBER 2012** | | | | | |
| Rentedraende lenings | 98 153 | 156 220 | 13 059 | 81 981 | 61 180 |
| Bedryfshuurlas | 5 223 | 5 223 | 5 223 | - | - |
| Handels- en ander krediteure | 419 527 | 419 527 | 419 527 | - | - |
| Korttermynskuldinstrumente | 2 152 | 2 152 | 2 152 | - | - |
| **Totale finansiële laste** | **525 055** | **583 122** | **439 961** | **81 981** | **61 180** |
| **31 DESEMBER 2011** | | | | | |
| Rentedraende lenings | 109 870 | 177 953 | 19 495 | 87 686 | 70 772 |
| Bedryfshuurlas | 4 061 | 4 061 | 4 061 | - | - |
| Handels- en ander krediteure | 358 842 | 358 842 | 358 842 | - | - |
| Korttermynskuldinstrumente | 2 210 | 2 210 | 2 210 | - | - |
| **Totale finansiële laste** | **474 983** | **543 066** | **384 608** | **87 686** | **70 772** |

### 26.6 Bestuur van beskikbare fondse

Die Universiteit Stellenbosch bestuur sy fondse ten einde te verseker dat hy as lopende saak sal voortbestaan. Fondse bestaan uit beperkte en onbeperkte fondse. Beperkte fondse bestaan uit bedryfs-, lenings-, skenkings- en vastebate-fondse met bepaalde voorwaardes vir aanwending. Onbeperkte fondse is daardie fondse wat die Raad diskresionêr kan aanwend.

## 27. PERSONEELVOORDELE

### Bydraes tot die Pensioenfonds vir Geassosieerde Inrigtings (PGI)

Die fonds word deur die staat geadministreer en derhalwe word 'n aktuariële waardasie nie deur die Universiteit vereis nie.

### Bydraes tot die Universiteit Stellenbosch Aftredefonds (USAF)

Werknemers wat nie lede van die PGI is nie, moet aansluit by USAF, wat op 1 November 1994 ontstaan het.

USAF, wat deur die Wet op Pensioenfondse van 1956 (soos gewysig) beheer word, is 'n vastebydrae-plan vir permanente werknemers van die Universiteit. Die fonds word minstens elke drie jaar deur 'n onafhanklike aktuaris gewaardeer. Die aktuariële tekort wat met die oorskakeling van PGI ontstaan het, is deur die loop van 2002 deur die werkgewer uitgewis. Die ledetal van USAF beloop soos op 1 Januarie 2013 altesaam 3 118 (2012: 2 981). Ledebydraekoerse wissel tussen 10% en 20% van pensioengewende verdienste. Die aktuaris het verklaar dat die fonds finansieel gesond is. Totale bydraes betaal het R122,3 miljoen (2011: R107,4 miljoen) beloop.

### Ander voordele

Na-aftrede mediese voordele word aan sekere afgetrede werknemers verskaf. Toegang tot hierdie voordeel word beperk tot werknemers wat voor 1 Junie 2002 aangestel is.

Die groeplewensversekeringskema voorsien lewensversekering by die dood van die lid. Lidmaatskap van die skema is vir alle permanente werknemers van die Universiteit verpligtend.

Die verpligtings word minstens elke drie jaar deur die onafhanklike aktuaris aktuarieel bereken en op 'n jaarlikse grondslag hersien. 'n Volledige aktuariële waardasie is soos op 31 Desember 2012 gedoen. Die volgende aktuariële waardasie sal nie later nie as 1 Januarie 2016 gedoen word.

Die aktuariële waardasiemetode is die geprojekteerde-eenheidskrediet-metode. Die hoof aktuariële aannames is die volgende:

| | 2012 | 2011 |
|---|---|---|
| Verdiskonteringskoers | 8,2% | 8,7% |
| Mediese inflasie | 8,2% | 7,9% |
| Salarisinflasie | 7,7% | 7,4% |
| Aftreeouderdom | 60,0 | 60,0 |
| Verwagte gemiddelde aftreeouderdom | 65,0 | 65,0 |
| Ouderdomsverskil tussen hooflid en gade: voortgesit | Werklik | Werklik |
| Ouderdomsverskil tussen hooflid en gade: aktief | 4,0 | 4,0 |
| Inkomste by aftrede | 75,0% | 75,0% |
| Proporsie by aftrede getroud | 75,0% | 75,0% |
| Maksimum ouderdom vir weeskindbydraes | 21,0 | 21,0 |
| Voortsetting by aftrede | 100,0% | 100,0% |

Rekonsiliasie van die drabedrag:

| | 2012 | | | 2011 | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Mediese verpligting R000 | Groeplewens-versekering R000 | Totaal R000 | Mediese verpligting R000 | Groeplewens-versekering R000 | Totaal R000 |
| Verpligting aan die begin van die jaar | 373 847 | 35 082 | 408 929 | 339 223 | 25 827 | 365 050 |
| Aanpassings in die gekonsolideerde inkomstestaat: | | | | | | |
| - Huidige dienskoste | 4 615 | 1 992 | 6 607 | 4 134 | 1 339 | 5 473 |
| - Rentekoste | 31 566 | 2 965 | 34 531 | 27 975 | 2 130 | 30 105 |
| - Aktuariële verlies | 54 969 | 923 | 55 892 | 22 702 | 7 345 | 30 047 |
| - Verwagte bydraes deur die werkgewer betaalbaar | (22 063) | (2 014) | (24 077) | (20 187) | (1 559) | (21 746) |
| | **442 934** | **38 948** | **481 882** | **373 847** | **35 082** | **408 929** |

Die aktuariële verlies is aan die volgende faktore toeskryfbaar:

| | 2012 R000 | 2011 R000 |
|---|---|---|
| Verandering in die waardasie-metodologie | (379) | - |
| Verandering in die aktuariële grondslag | (39 755) | (17 259) |
| Verhoging in bydraes | (10 637) | (11 177) |
| Verandering in ledetalle en -besonderhede | (5 121) | (1 611) |
| | **(55 892)** | **(30 047)** |

Die verpligting aan die einde van die jaar is soos volg:

| | 2012 R000 | 2011 R000 |
|---|---|---|
| Voortgesette lede | 323 520 | 280 127 |
| Indienslede | 158 362 | 128 802 |
| | **481 882** | **408 929** |

Die verwagte toename in die verpligting vir die volgende 12 maande vir indienslede is R19,7 miljoen (2012: R15,7 miljoen).

## Langdiensuoordele

Na 25 jaar dienslewering kwalifiseer werknemers vir 'n geskenk met 'n waarde gelykstaande aan 50% van die werknemer se maandelikse salaris, met 'n minimum waarde van R400 en 'n maksimum waarde van R5 000.

Die verpligting aan die einde van die jaar is soos volg:

| | 2012 R000 | 2011 R000 |
|---|---|---|
| Aktiewe lede | 2 450 | 2 252 |
| | **2 450** | **2 252** |

## Totale personeeluoordele

| | 2012 R000 | 2011 R000 |
|---|---|---|
| Na-aftrede mediese voordele en groeplewensversekering | 481 882 | 408 929 |
| Langdiensvoordele | 2 450 | 2 252 |
| **Totale verpligting** | **484 332** | **411 181** |

Die geskiedenis van personeelvoordele is soos volg:

| | 2012 R000 | 2011 R000 | 2010 R000 | 2009 R000 | 2008 R000 |
|---|---|---|---|---|---|
| Huidige waarde van verpligting | 484 332 | 411 181 | 367 103 | 331 850 | 322 500 |
| Aktuariële verlies/(wins) as gevolg van ondervinding | 39 755 | 17 259 | 28 344 | (13 825) | (9 545) |

## 28. INKOMSTEBELASTING

Die Universiteit word ingevolge artikel 10(1)(cA)(i) van die Inkomstebelastingwet van normale inkomstebelasting vrygestel. Sommige van die filiale van die Universiteit is wel belastingpligtig. Verwys na aantekening 10.

## 29. VERWANTEPARTY-TRANSAKSIES

### 29.1 Onderstaande instansies word geag verwante partye van die Universiteit te wees.

| Party | Verwantskap |
|---|---|
| Stellenbosch Trust | Universiteit is alleenbegunstigde |
| Stellenbosch Ontwikkelingstrust | Universiteit is alleenbegunstigde |
| US Beleggingstrust | Universiteit is alleenbegunstigde |
| InnovUS Tegnologie Oordrag (Edms) Bpk | Volfiliaal |
| Unistel Eiendomme (Edms) Bpk | Volfiliaal |
| Unistel Tegnologie (Edms) Bpk | Volfiliaal van InnovUS Tegnologie Oordrag |
| Stellenbosch Universiteit Sportprestasie-instituut (Edms) Bpk | Volfiliaal van InnovUS Tegnologie Oordrag |
| Stellenbosch Wind Energy Technologies (Edms) Bpk | Geassosieerde maatskappy van InnovUS Tegnologie Oordrag |
| Stellenbosch Nanofiber Company (Edms) Bpk | Geassosieerde maatskappy van InnovUS Tegnologie Oordrag |
| Unistel Geneeskundige Laboratorium (Edms) Bpk | Geassosieerde maatskappy van US Beleggingstrust |
| Sun Space and Information Systems (Edms) Bpk | Geassosieerde maatskappy van US Beleggingstrust |
| Aquastel (Edms) Bpk | Volfiliaal van US Beleggingstrust |
| Sun Media Stellenbosch (Edms) Bpk | Filiaal van US Beleggingstrust |
| USB Bestuursontwikkeling Bpk | Geassosieerde maatskappy van die Universiteit |

Uitvoerende bestuurslede word ook geag verwante partye van die Universiteit te wees. Verwys na aantekening 16 vir 'n lys van die uitvoerende bestuurslede en betalings aan hulle gedurende die jaar.

### 29.2 Transaksies met verwante partye

Transaksies met verwante partye sluit in die betaling vir administratiewe dienste en finansieringskoste asook beleggingsinkomste wat verdien is.

Belanghebbers het gedurende die jaar geen wesenlike belang gehad in enige wesenlike ooreenkoms van die Universiteit of enige van sy filiale wat tot 'n botsing van belange aanleiding kan gee nie.

Transaksies tussen die Universiteit Stellenbosch en sy filiale word by konsolidasie uitgeskakel.

Die volgende verwanteparty-transaksies het tussen die Universiteit en verwante partye plaasgevind:

#### 29.2.1 Inkomste

Vanaf filiale:

| | 2012 R000 | 2011 R000 |
|---|---|---|
| Bydraes ontvang | 196 472 | 188 241 |
| Dienste | 1 335 | 5 038 |
| Rente | 791 | 601 |
| | **198 598** | **193 880** |

Vanaf geassosieerde maatskappye:

| | 2012 R000 | 2011 R000 |
|---|---|---|
| Dienste | 12 191 | 7 606 |
| Huur | 765 | 672 |
| | **12 956** | **8 278** |

#### 29.2.2 Uitgawes

Aan filiale:

| | 2012 R000 | 2011 R000 |
|---|---|---|
| Dienste | 13 571 | 13 819 |
| Toekenning aan Stellenbosch Universiteit Sportprestasie-instituut (Edms) Bpk uit die gebeurlikheidsreserwe | 7 063 | - |
| Rente | 209 | 357 |
| | **20 843** | **14 176** |

Aan geassosieerde maatskappye:

| | 2012 R000 | 2011 R000 |
|---|---|---|
| Dienste | 1 775 | 740 |
| Rente | - | 163 |
| | **1 775** | **903** |

### 29.2.3 Bedrae soos aan die jaareinde uitstaande

Ontvangbaar van:

| | 2012 R000 | 2011 R000 |
|---|---|---|
| Filiale | 4 340 | 8 572 |
| Geassosieerde maatskappye | - | 391 |
| | **4 340** | **8 963** |

Betaalbaar aan:

| | 2012 R000 | 2011 R000 |
|---|---|---|
| Filiale | 5 385 | 2 600 |
| | **5 385** | **2 600** |

### 29.2.4 Lenings aan verwante partye toegestaan

| | 2012 R000 | 2011 R000 |
|---|---|---|
| Stellenbosch Universiteit Sportprestasie-instituut (Edms) Bpk | 4 626 | 5 484 |
| Unistel Tegnologie (Edms) Bpk | 4 970 | 4 970 |
| InnovUS Tegnologie Oordrag (Edms) Bpk | 2 323 | 2 323 |
| | **11 919** | **12 777** |

Die lening aan Stellenbosch Universiteit Sportprestasie-instituut (Edms) Bpk dra rente wat aan die prima koers gekoppel is, en het vaste terugbetalingsbepalings.

Die lenings aan Unistel Tegnologie (Edms) Bpk en InnovUS Tegnologie Oordrag (Edms) Bpk dra rente wat aan die prima koers gekoppel is, en is volgens onderlinge ooreenkoms terugbetaalbaar.

## 30. ONTERKENNING VAN FILIAAL

Vanaf 1 Januarie 2012 funksioneer die Stellenbosch Instituut vir Gevorderde Navorsing onafhanklik (STIAS) van die Universiteit. Gevolglik word die belegging in die filiaal soos op daardie datum onterken en die resultate nie verder by die Universiteit se gekonsolideerde finansiële state ingesluit nie.

Die uitwerking daarvan op die gekonsolideerde finansiële jaarstate was soos volg:

| | 2012 R000 | 2011 R000 |
|---|---|---|
| Toename in verlies by onterkenning van filiaal | 10 225 | - |
| Toename in krediteure | 10 225 | - |

## 31. VOORWAARDELIKE AANSPREEKLIKHEDE

Die Universiteit waarborg 'n persentasie van die uitstaande bedrag ten opsigte van verbandlenings van kwalifiserende werknemers. Die maksimum blootstelling soos aan die jaareinde beloop R430 398 (2011: R430 398).

Die Universiteit het onderneem om, waar nodig, finansiële ondersteuning aan sommige filiale en geassosieerde maatskappye te verskaf.

## Geïntegreerde verslagdoening in die konteks van die US Jaarverslag

Die King III-verslag vereis geïntegreerde verslagdoening. Dit handel oor die ontwikkeling van 'n effektiewe geïntegreerde bestuurs- en verslagdoeningsproses vir die Universiteit in sy geheel. Dit stel die bestuur en andere se blik op die toekoms, op wesenlike sake, op betrokkenheid met ons belanghebbers en op die insluiting van jaarlikse finansiële state en regulatoriese, korporatiewe beheer-en-bestuurs-, volhoubaarheids- en bestuursverslaggewing in een verslag, waarin die verhaal van hoe die Universiteit waarde skep, vertel word. In Suid-Afrika leer die ervaring dat dit tipieserwys 'n reis oor drie of vyf jaar sal wees. Daarom het Stellenbosch besluit om nou met die proses te begin en die eerste ten volle geïntegreerde verslag in 2016 vir die verslagjaar 2015 te lewer.


## Gepubliseer deur Kommunikasie en Skakeling

Universiteit Stellenbosch
Victoriastraat
Stellenbosch
Privaat Sak X1, Matieland 7602
Tel.: 021 808 4977 / Faks: 021 808 3800
Webwerf: www.sun.ac.za
E-pos: webinfo@sun.ac.za
ISBN: 978-0-7972-1413-2

## Redaksionele span:

Mattie van der Merwe (redakteur), Susan van der Merwe (kreatiewe bestuur), Faiza Majiet en Annemi Murray (finansiële verslag). Redigering en vertaling: Bittie Smook (finansiële verslag), Marisa Honey (Engels) en Willemien Klinger (Afrikaans). Redigering: Walter Winckler en Hans Oosthuizen. Fotoreëlings: Dorothy van Kerwel en Mariana Vermeulen

Ontwerp en uitleg: G Studio Branding Agency
Drukker: Paarl Media
Fotografie: Werner Roux, Erhardt Thiel (Ou Hoofgebou)
Ouditeur: PricewaterhouseCoopers Geïnk.